

DIE GESKIEDSKRYWING OOR PAUL KRUGER

deur

PIETER DE KLERK, Honns.-B.A.

Verhandeling ingelewer ter gedeeltelike
nakoming van die vereistes vir die
graad

MAGISTER ARTIUM
in Geskiedenis

aan die
Potchefstroomse Universiteit
vir
Christelike Hoër Onderwys

Leier: Prof. dr. J.S. du Plessis

Potchefstroom
Februarie 1969

DANKBETUIGING

Graag wil ek my dank uitspreek teenoor elkeen wat op een of ander wyse hulp verleen het by die totstandkoming van hierdie verhandeling.

Dank kom veral toe aan my studieleier, prof. J.S. du Plessis, en aan die personeel van die Ferdinand Postma-biblioteek van die P.U. vir C.H.O. wat daarvoor gesorg het dat ek 'n groot aantal werke wat ek vir hierdie studie benodig het ter insae kon kry.

P. de Klerk.

INHOUD

B1.

<u>INLEIDING</u>	1
<u>Hoofstuk I. BEPALENDE EN BEPERKENDE FAKTORE IN DIE</u> <u>GESKIEDSKRYWING OOR PAUL KRUGER: BRONNEMATERIAAL,</u> <u>METODE EN GESKIEDBESKOUING</u>	6
A. Bronnemateriaal	6
1. Oorblyfsels en weergawes van Kruger se eie uitlatinge	6
2. Ander amptelike dokumente	9
3. Ander getuienisse	10
4. Oorblyfsels uit Kruger se omgewing	11
5. Slot	12
B. Historiese metode	13
C. Geskiedbeskouing	16
1. Die 19de eeu	17
2. Die 20ste eeu	20
D. Slot	23
<u>Hoofstuk II. DIE GEDENKSCHRIFTEN EN DIE GROTER</u> <u>BIOGRAFIEË VAN PAUL KRUGER</u>	24
A. Algemene kenmerke van die biografie en die outobiografie	24
1. Die biografie	24
2. Die outobiografie	29
B. Die <u>Gedenkskriften van Paul Kruger</u>	30
1. Die ontstaan en outentisiteit van die werk	30
2. Die algemene aard van die werk	34
3. Die beeld van Kruger in die werk	36
4. Slotbeskouing	37
C. J.F. van Oordt: <u>Paul Kruger en de opkomst der</u> <u>Zuid-Afrikaansche republiek</u>	38
D. F.R. Statham: <u>Paul Kruger and his times</u>	44
E. J.P. la G. Lombard: <u>Paul Kruger. Die volksman</u>	48

	B1.
F. Marjorie Juta: <u>The pace of the ox</u>	53
G. M. Nathan: <u>Paul Kruger. His life and times</u>	57
H. D.W. Krüger: <u>Paul Kruger</u>	61
I. Slot	67

Hoofstuk III. ANDER WERKE WAARIN PAUL KRUGER UITGE=

<u>BEELD WORD</u>	69
A. Kort biografiese werke	71
1. H.P.N. Müller: <u>Oom Paul</u>	71
2. F.A. Mackenzie: <u>Paul Kruger. His life story</u>	74
3. Anon.: <u>Der Burenpräsident</u>	75
4. C. Peters: <u>Paul Krüger</u>	77
5. J. Froembgen: <u>Ohm Krüger</u>	78
6. F. Postma: <u>Paul Kruger. Die Christen-volksman</u> <u>en -staatsman</u>	80
7. S. Cloete: <u>African portraits</u>	83
B. Lewensbeskrywings vir die jeug	87
1. W. Brouwer: <u>Paul Kruger</u>	87
2. J.F. van Oordt: <u>Van schaapwachter tot president</u>	88
3. M. Boey: <u>Paul Kruger</u>	90
4. P.J. de Zeeuw: <u>Paul Kruger. De leeuw van Zuid-</u> <u>Afrika</u>	91
5. J.I. Rademeyer: <u>Paul Kruger</u>	92
C. Romans	94
1. P. Hagen: <u>Buren-tragödie. Ohm Krügers letzte</u> <u>Reise</u>	95
2. J. Barckhausen: <u>Ohm Krüger</u>	97
3. W. Schmidt-Pretoria: <u>Ein präsi-dent. Der Roman</u> <u>Paul Krügers</u>	98
4. J.P.J. Coetzee: <u>Die lamp op die staander</u>	101
5. Anna M. Louw: <u>Die banneling - die lyfwag</u>	103
6. Anna M. Louw: <u>Die groot gryse</u>	105
D. Dramas	110
1. Sylva H. Moerdyk: <u>Paul Kruger</u>	111
2. D.C. Postma: <u>Oom Paul</u>	112

3. Marjorie Juta en H. Mortlake: Die president 114
4. G.J. Beukes: Laat die winde van u toorn 115
5. N.P. v. W. Louw: Paul Kruger breek die pad oop 116

Hoofstuk IV. GESKIEDSKRYWING OOR ASPEKTE VAN PAUL

<u>KRUGER SE LEWE EN WERK</u>	119
A. Kruger se afkoms, geboorte en jeug	119
B. Kruger se persoon en lewenswyse	123
C. Kruger as kerklidmaat	130
D. Beskouinge en beginsels van Kruger wat grond= liggend vir sy openbare optrede is	132
E. Kruger se openbare loopbaan voor 1877	137
F. Kruger se openbare optrede in die tydperk 1877-1883	144
G. Kruger se openbare optrede in die tydperk 1883-1899	150
a. Kruger se optrede t.o.v. weswaartse en noordwaartse uitbreiding, sy pogings om 'n eie hawe te verkry en sy spoorwegbeleid	150
b. Kruger se beleid teenoor die Uitlanders in Transvaal en die verhoudinge met die Britse regering in verband daarmee	156
c. Ander aspekte van Kruger se optrede as pre= sident	165
H. Kruger se openbare optrede na 1899 en sy laaste lewensjare	169
I. Slot	175

Hoofstuk V. DIE BEELD VAN PAUL KRUGER IN DIE GE=

<u>SKIEDSKRYWING</u>	177
A. Geskiedskrywing in die jare 1879-1885	177
1. Nederlands- en Afrikaanstalige werke	178
2. Engelstalige werke	181
B. Geskiedskrywing in die jare 1890-1905	183
1. Engelstalige werke	183
2. Nederlandstalige werke	193
3. Duitse werke	197
4. Franse werke	200

	B1.
C. Latere geskiedskrywing	201
1. Afrikaanse werke	201
2. Engelse werke	209
3. Ander werke	215
D. Slot	220
<u>SLOT</u>	221
A. Geskiedenis van die geskiedskrywing oor Paul Kruger	221
1. Die tydgenootlike geskiedskrywing	221
2. Die latere geskiedskrywing	225
B. Konkluderende waardering van die geskiedskrywing oor Paul Kruger	228
<u>BIBLIOGRAFIE</u>	231

INLEIDING

Wat is die doel van 'n studie van die geskiedskrywing?

Geskiedenis is die geestelike vorm waarin 'n kultuur hom rekenskap gee van sy verlede, het 'n bekende historikus verklaar.¹⁾ Die beeld wat in 'n geskiedwerk van die verlede gegee word, is, hoe wetenskaplik die geskiedskrywer ook al te werk gegaan het, nooit absoluut nie maar relatief tot tyd en omstandighede;²⁾ tot op sekere hoogte weerspieël dit die opvattinge, waardes en gebruike van die tyd waarin dit ontstaan het.³⁾ Daarom moet die geskiedenis steeds herskryf word; daarom lyk die geskiedskrywing dikwels na 'n nimmereindigende diskussie.⁴⁾ Tog is daar ook 'n element van vooruitgang in die geskiedskrywing: „Hoe meer wetenskaplik bearbeide gesigspunte daar is, hoe meer aspekte van die waarheid word vir ons kenbaar, en hoe ruimer en dieper word ons insig in die verlede”.⁵⁾

In 'n studie van die geskiedskrywing moet die relatiewiteit en die vooruitgang daarin dan ook belig word en gepoog word om aan te toon waarom die geskiedskrywing oor 'n sekere onderwerp juis bepaalde kenmerke vertoon. So kan dan insig verkry word in sowel die volk of gemeenskap se interpretasie van die eie verlede as in die onderwerp waarvan die historiografie bestudeer word.⁶⁾

- 1) Huizinga, J., Verzamelde werken, Haarlem, Tjeenk Willink, 1949-51, dl. VII, bl. 102.
- 2) Vgl. Van Jaarsveld, F.A., Lewende Verlede. Johannesburg, A.P.B., 1962, bl. 128.
- 3) Vgl. Krüger, D.W., Die relatiewiteit van die geskiedbeskouing (Koers, April 1946).
- 4) Vgl. Geyl, P., Napoleon. For and against. Londen, Cape, 1949. (Vertaling uit Ned.), bl. 15.
- 5) Van Jaarsveld, Die Afrikaner en sy geskiedenis. Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1959, bl. 34. Vgl. ook Butterfield, H., Man on his past. Cambridge, University Press, 1955, bl. 26.
- 6) Vgl. Van Jaarsveld, Lewende Verlede, bl. 130-133 en Butterfield, a.w., bl. 22-26.

In 'n studie van die geskiedskrywing oor Paul Kruger moet dit dus veral gaan om die beskrywing van die eie geskiedenis in Suid-Afrika. Tot dusver is daar nog nie besonder veel studie van die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing gemaak nie. Daar bestaan enkele werke oor Suid-Afrikaanse geskiedskrywers,⁷⁾ verskillende studies oor aspekte van die geskiedskrywing en oor die beskrywing van sekere onderwerpe en tydperke⁸⁾ en - benewens enkele kort artikels - een redelik beknopte oorsig oor die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing as geheel.⁹⁾ Daar is dus nog heelwat ruimte vir die behandeling van die geskiedskrywing oor 'n figuur in die Suid-Afrikaanse geskiedenis;¹⁰⁾ dit is eintlik 'n terrein waarby net in enkele opsigte op die werk van ander voortgebou kan word.

Dit is veral om lg. rede dat in hierdie verhandeling in die eerste plek gepoog word om 'n duidelik oorsig van die geskiedskrywing oor Paul Kruger te gee, waarby aangetoon word wat en hoe veel daar oor Kruger geskryf is en ook hoe Paul Kruger beskryf is m.a.w. wat die vernaamste kenmerke van die geskiedskrywing oor hom is.

- 7) Bosman, I.D., Dr. George McCall Theal as die geskiedskrywer van Suid-Afrika. Amsterdam, Swets & Zeitlinger, 1932; Du Plessis, J.S., Dr. Gustaaf Preller as historikus van die Groot Trek. Ongepubl. M.A.-verh., Unisa (P.U.K. vir C.H.O.), 1946; Babrow, Merle, A critical assessment of dr. George McCall Theal. Ongepubl. M.A.-verh., U.K., 1962.
- 8) Van Jaarsveld, F.A., Die tydgenootlike beoordeling van die Groot Trek, 1836-1842. Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika C36, Pretoria, 1962; Van Jaarsveld, F.A., Die beeld van die Groot Trek in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing 1843-1899. Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika C42, Pretoria, 1963; De Kock, Naomi M., Die geskiedskrywing van die Eerste Vryheidsoorlog in Transvaal (1880-1881). Ongepubl. M.A.-verh., U.P., 1962; Van Jaarsveld, F.A. e.a., Die hervertolking van ons geskiedenis. Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika B19, Pretoria, 1963; Cronjé, G. (red.), Aspekte van die Suid-Afrikaanse historiografie. Pretoria, Van Schaik, 1967; Steyn, J.J.P., Die historiese biografie in Afrikaans tot 1957. 'n Oorsig. Ongepubl. M.A.-verh., P.U. vir C.H.O., 1960.
- 9) Van Jaarsveld, F.A., Ou en nuwe weë in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing. Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika A16, Pretoria, 1961. (Na hierdie werk word vervolgens slegs verwys as Van Jaarsveld, Ou en nuwe weë.)
- 10) Vgl. Van Jaarsveld, e.a., Die hervertolking van ons geskiedenis, bl. 33.

Ten einde hierdie taak te kan uitvoer, is dit nodig om duidelikheid oor die begrip „geskiedskrywing oor Paul Kruger“ te hê. Die term „geskiedskrywing“ is vatbaar vir verskil in interpretasie; in hierdie studie word daaronder verstaan alles wat werklik beskrywing, verhaling van die geskiedenis genoem kan word. Dit is dus nie slegs werke van vakhistorici wat volgens sekere wetenskaplike metodes te werk gegaan het wat hier as geskiedskrywing beskou word nie, maar ook onwetenskaplike, populêre en literêre werke; dagboeke, briewe, notules, koerantberigte, en bronnepublikasies word egter slegs as bronne vir die geskiedskrywing beskou, nie as geskiedskrywing self nie.

Alle geskrifte waarin die naam van Kruger voorkom, hoef geen geskiedskrywing oor hom te wees nie; dit gaan daarom of daarin werklik oor Kruger of 'n bepaalde aspek van sy lewe en werk gehandel word.¹¹⁾ Natuurlik kan nie presies verklaar word wanneer iets wel en wanneer dit nie as geskiedskrywing oor Kruger beskou kan word nie. Dit is egter nodig om die mins belangrike geskrifte buite rekening te laat, want ook daarsonder is die geskiedskrywing oor Kruger beslis omvangryk; „oor Paul Kruger (is) ontsaglik veel gepubliseer“¹²⁾ en „die literatuur oor president Kruger is byna onoorsienbaar“,¹³⁾ het twee wetenskaplikes heel tereg verklaar.

Vir die doel van hierdie studie is sowat 600 werke en artikels nagegaan.¹⁴⁾ Ongelukkig kon sommige werke nie opgespoor word nie, terwyl ander heel moontlik aan die aandag ontglip het.

- 11) Ook geskrifte oor sy persoon en private lewe word as geskiedskrywing beskou. Daar word nie uitgegaan van die idee dat die biografiese nie van historiese belang is nie. Kyk bl.25.
- 12) Krüger, D.W., Paul Kruger. Johannesburg, Dagbreek en A.P.B., 1961 en 1963, dl. II, bl. 305.
- 13) Coetzee, P.C., „n Paar boeke oor president Kruger (Historiese studies, Oktober-Desember 1943).
- 14) Hoewel die geskrifte oor Kruger omvangryk is in vergelyking met dié oor ander figure uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis, is dit weinig in vergelyking met dié oor 'n figuur soos Napoleon waaroor daar 200,000 werke bestaan. Vgl. Presser, J., Napoleon. Historie en legende. Amsterdam, ens. Elsevier, 1963, dl. I, bl. 10.

Wat buitelandse werke betref, was dit veral moeilik om vas te stel watter werke van belang vir die geskiedskrywing oor Paul Kruger verskyn het, en is slegs Engelse, Duitse en Franse geskrifte bestudeer. Vir sover vasgestel kon word, het daar egter byna geen geskrifte wat uitsluitend oor Kruger handel oorspronklik in ander buitelandse tale tot stand gekom nie.¹⁵⁾

Dit is natuurlik nie moontlik om van al die geskrifte wat enigsins oor Kruger handel in hierdie verhandeling 'n breedvoerige beskrywing en analise te doen nie. Slegs by die werke wat in hul geheel oor Kruger handel, dus die biografiese werke, word redelik uitgebreid ingegaan op algemene sake soos die bronne wat gebruik is, die akkuraatheid van die feite en die objektiwiteit van die beoordeling; geen diepgaande ontleding word egter beoog nie. Ander werke word slegs behandel vir sover hul op Kruger betrekking het, waarby veral gelet word op die bydrae wat daarin tot die beskrywing van Kruger gelewer is, deur ontginning van die bronnemateriaal of deur nuwe interpretasie, en ook op die algemene beeld wat daarin van Kruger gegee word.

By die indeling van die verhandeling is gepoog om die verskillende aspekte van die geskiedskrywing oor Kruger duidelik en elk as eenheid te beskryf. Terwyl twee hoofstukke besprekings van die Gedenkschriften van Paul Kruger¹⁶⁾ en van die biografiese werke oor Kruger bevat, word in aparte hoofstukke onderskeidelik aandag gegee aan die beskrywing van aspekte van Kruger se lewe en werk, en van die vooruitgang daarin met verloop van tyd, en aan

- 15) Die bibliografie aan die einde van hierdie werk bevat nie alle geskrifte wat bestudeer is nie, maar slegs dié wat in die verhandeling vermeld is. As getrag sou word om alle geskrifte oor Kruger êrens te noem, sou die werk met vermelding van geskrifte oorlaai wees; die bedoeling is immers ook nie om 'n bibliografie van Kruger op te stel nie.
- 16) Gedenkschriften van Paul Kruger. (Gedigteerd aan H.C. Bredell en Piet Grobler.) Amsterdam, Nijhoff, 1902. (Hierna word in die vervolg slegs verwys as Gedenkschriften.)

die belangrikste trekke wat van die beeld van Kruger in die geskiedskrywing na vore kom. Soos met elke indeling die geval is, is dit geensins volmaak nie en 'n nadeel daarvan is veral dat verskillende geskrifte — egter nie die biografiese werke oor Kruger nie — in meer as een afdeling t.o.v. een of ander aspek aan die orde kom. Daarteenoor staan dat 'n eenheidsbeeld van die geskiedskrywing oor Paul Kruger by hierdie indeling makliker verkry kan word as deur 'n bloot kronologiese een waar elke geskrif in tydsvolgorde bespreek word.

Verder word in hierdie verhandeling ook probeer om die agtergrond aan te toon waarteen die geskiedskrywing oor Kruger gevorm is en die aard daarvan daaruit te begryp. Hoewel dit nie moontlik is om op hierdie aspek baie deeglik in te gaan nie, veral aangesien dit besonder uitgebreide studie vereis, word in die eerste hoofstuk kortliks gelet op die bepalende en beperkende faktore in die geskiedskrywing oor Kruger, soos dit in die bronnemateriaal, geskiedmetode en geskiedbeskouing na vore kom, en in die lig daarvan ook by afsonderlike werke aan hierdie aspek aandag gegee.

'n Studie wat alle aspekte van die geskiedskrywing oor Kruger volledig dek, is hierdie verhandeling dus nie; dit bied nie 'n diepgaande ontleding van alle geskiedwerke wat enigsins oor Kruger handel nie en ook nie van die beeld van Kruger in die geskiedskrywing nie;¹⁷⁾ as poging tot 'n bestekopname en algemene karakterisering van die geskiedskrywing oor Paul Kruger handel dit slegs oor 'n klein deel van 'n wye studieveld. Die skrywer hoop dat dit tog 'n bydrae sal wees, hoe gering ook al, tot die kennis van en insig in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing.

17) Enkele werke waarin die beeld van 'n figuur in die geskiedskrywing behandel is, is Geyl, a.w.; De Vries, P., Het beeld van Lodewijk XIV in de Franse geschiedschrijving. Amsterdam, Querido, 1948; Theissen, J.S., De prins van Oranje in de Nederlandsche geschiedschrijving (Prins Willem van Oranje (1533-1584) gedenkboek. Haarlem, Tjeenk Willink, 1933).

HOOFSTUK I

BEPALENDE EN BEPERKENDE FAKTORE IN DIE GESKIED= SKRYWING OOR PAUL KRUGER: BRONNEMATERIAAL, METODE EN GESKIEDBESKOUING

Tot op groot hoogte weerspieël 'n geskiedwerk die opvattinge en waardes van die tyd waarin dit ontstaan. Die tyd en omgewing stel ook sekere grense aan die historikus m.b.t. sy moontlikhede om sy geskiedwerk te vorm, o.m. deur die ontwikkel=heid van die historiese metode, die beskikbaarheid van bronnemate=riaal en die perspektief op die verlede in daardie tyd en omge=wing.¹⁾

In die eerste afdeling van hierdie hoofstuk word kortliks gelet op die bronnemateriaal oor Paul Kruger en die bekikbaarheid daarvan vir die geskiedskrywer van verskillende tye en omgewings. Voorts word aandag gegee aan die ontwikkeling van die geskiedskry=wingsmetode in Suid-Afrika sedert die vorige eeu en in die derde plek word enkele trekke geskets van die beskouing van die eie ge=skiedenis by die inwoners van Suid-Afrika, vanaf ongeveer die helf=te van die 19de eeu. So word dan getrag om 'n beeld te verkry van die bepalende en beperkende faktore in die geskiedskrywing oor Paul Kruger en daardeur ook van die wyses waarop tyd en omgewing hul in=vloed daarop kon laat geld.

A. Bronnemateriaal

Wat is die aard en omvang van die bronnemateriaal oor Paul Kruger? Watter bronne was vir die geskiedskrywers van ver=skillende tye en omgewings bekikbaar? Hierdie vrae moet, sonder om in besonderhede in te gaan, kortliks probeer beantwoord word.

1. Oorblyfsels en weergawes van Kruger se eie uitlatinge

„die man het heelwat geskryf, veral in sy jonger dae,

1) Vgl. Van Jaarsveld, Lewende Verlede, bl. 131.

en ontsaglik veel gepraat, is van Paul Kruger gesê.²⁾ Dit was hoofsaaklik in sy hoedanigheid as militêre leier en regeringslid dat Kruger in sy jonger jare verskeie briewe geskryf het. Van hierdie amptelike korrespondensie het heelwat bewaar gebly.³⁾ Hoewel Kruger as staatshoof nie meer self sy amptelike korrespondensie behartig het nie, het hy soms skrywes gedikteer, veral ten tye van die Tweede Vryheidsoorlog en ook tydens sy daaropvolgende verblyf in Europa.⁴⁾

Kruger het, ook in sy jonger jare, briewe aan die pers geskryf, waarvan verskillendes in gepubliseerde vorm bewaar gebly het.⁵⁾ Wat briewe van suiwer private aard betref, is eintlik net enkeles wat hy tydens sy laaste lewensjare in Europa aan sy familie gedikteer het, bekend.⁶⁾

Van Kruger se mondelinge uitlatinge is heelwat opgeteken. Openbare redevoeringe, toesprake in die Volksraad en gesprekke met staatsliede is dikwels in amptelike notules en verslae en in koe=

- 2) Krüger, D.W., Paul Kruger, dl. II, bl. 305.
- 3) Amptelike briewe wat in die jare 1851-1877 deur Kruger geskryf is, is gepubliseer: Engelbrecht, S.P. (red.), Paul Kruger's amptelike briewe. Pretoria, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1925.
- 4) Vgl. Krüger, D.W., Paul Kruger, dl. II, bl. 244, 294.
- 5) Kyk van Jaarsveld, F.A., Kruger se eerste pennestryd (Die Huisgenoot, 10 Oktober 1947) i.v.m. briewe van Kruger aan The Transvaal Argus en Lion Cachet, J. (red.), Gedenkboek van het 50-jarig bestaan der Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika. A.D. 1859-1909. Potchefstroom, Kooymans, 1909, bl. 89-91, waar 'n brief van Paul Kruger aan De Maandbode gepubliseer is.
- 6) Enkele van hierdie briewe is gepubliseer in Historiese Studies (Januarie 1948).

rante opgeneem.⁷⁾ Joernaliste en ander besoekers het weergawes van onderhoude met Kruger op skrif gestel; natuurlik nie altyd ewe noukeurig en volledig nie.⁸⁾ Ook van staaltjies en verhale uit sy eie lewe wat hy aan besoekers meegedeel het, word heelwat weergawes aangetref.⁹⁾ Teen die einde van sy lewe het Kruger, vir die doel van die Gedenkschriften se samestelling, sy lewensherinneringe vertel en laat opteken.

Hoewel daar dus heelwat van Kruger se mondelinge en skriftelike uitlatinge behoue gebly het, is dit uiteraard slegs 'n deel van wat hy alles geskryf en gesê het. Van gesprekke met vriende en familie het byna niks en van gesprekke met staatsliede en regeringsleiers maar weinig behoue gebly, terwyl sy uitlatinge in vergaderings van liggame soos die Uitvoerende Raad nie opgeteken is nie.¹⁰⁾ Heel moontlik het daar ook briewe wat deur Kruger geskryf is, verlore gegaan; dit is veral waarskynlik as in ag geneem word dat in die vroeë jare van die Z.A.R. dokumente nie altyd goed bewaar is nie.¹¹⁾

- 7) Amptelike publikasies van die Z.A.R. was die Staats-courant, waarin o.m. Volksraadsnotules van die jare 1860-1890 gepubliseer is; die Locale Wetten en die Groenboeke. In lg. verskyn o.m. verslae van samesprekings van Kruger met verteenwoordigers van buitelandse regerings, bv. tydens die Bloemfonteinkonferensie van 1899. Ouer Volksraadsnotules, sedert 1844, is gepubliseer in die reeks Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal no. 1-7, wat sedert 1949 verskyn het. 'n Aantal toesprake van Kruger is, in Afrikaans vertaal, gepubliseer in: Du Plessis, J.S. (red.), President Kruger aan die woord. Bloemfontein, Sacum, 1952.
- 8) Enkele goeie weergawes van onderhoude met Kruger is gegee deur Edmund Garrett (gepubliseer in: Cook, E.T., Edmund Garrett. A memoir. London, Arnold, 1909, bl. 220-221) en Henry des Houx (opgeneem in Leyds, W.J., Vierde versameling (Correspondentie 1900-1902). Dordrecht, Geuze, 1934, bl. 57-66).
- 9) 'n Voorbeeld is die herinneringe uit sy jeug, gepubliseer in Land en Volk, 10 Oktober 1888 (herdruk in Die Huisgenoot 16 Oktober 1953).
- 10) In notules van die Uitvoerende Raad is slegs besluite opgeteken. Vgl. Goldman, P.L.A., Beredeneerde inventarissen van die oudste archiefgroepen der Zuid-Afrikaansche Republiek. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1927, bl. 191.
- 11) Vgl. Pelzer, A.N., Probleme i.v.m. navorsing oor die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek. (Tydskrif vir wetenskap en kuns, April 1956.)

Die ouer Volksraadsnotules en die amptelike briewe van Kruger was nie maklik toeganklik vir die vroeëre geskiedskrywers nie, want die argiewe van die Z.A.R. was, tot in die eerste deka=des van hierdie eeu, ongeorden. Hulle kon slegs direk gepubli=seerde materiaal, soos koerante, boeke en amptelike publikasies geredelik bekom. Eers na die ordening van die argiewe en die pu=blikasie van argiefmateriaal in hierdie eeu kon latere navorsers oorspronklike dokumente wat Kruger se eie uitlatinge bevat, ge=bruik.¹²⁾

2. Ander amptelike dokumente

Aangesien Kruger veral op staatkundige gebied 'n figuur van betekenis was, is amptelike dokumente soos wette, proklamasies en regeringskorrespondensie belangrike bronne vir die geskiedskry=wer oor Paul Kruger. Dokumente van hierdie aard uit die tyd van Kruger se presidentskap is talryk en bykans volledig bewaar.¹³⁾ Aangesien hy tydens sy vroeër jare nog nie so 'n belangrike rol in staatsake gespeel het as in die jare na 1877 nie, is daar uit hier=die tyd minder staatsdokumente wat direk i.v.m. Paul Kruger staan. Daarbenewens is dokumente, veral dié van plaaslike owerhede, in hierdie tyd nie so noukeurig bewaar nie.¹⁴⁾

Vroeë navorsers oor Paul Kruger sou, ten spyte van die ongeordenheid van die Z.A.R. se staatsargiewe, tog heelwat doku=mente geredelik ter insae kon kry deurdat wette, proklamasies en heelwat buitelandse korrespondensie direk gepubliseer is.¹⁵⁾

12) Ibid. Kyk ook i.v.m. toestande in die argiewe van die Z.A.R.: Goldman, a.w., bl. 161; Preller, G.S., Piet Retief. Pre=torie, Volkstem, 1912 (8ste druk), bl. vii; Bosman, I.D., a.w., bl. 10; Du Plessis, J.S., Dr. Gustav Preller as his=torikus van die Groot Trek, bl. 1.

13) Vgl. Pelzer, Probleme i.v.m. navorsing oor die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek. (Tydskrif vir weten=skap en kuns, April 1956.)

14) Ibid.

15) O.m. in die Staats-courant, Groenboeke en Locale Wetten van die Z.A.R. en Blouboeke van die Britse regering.

Navorsers uit die eerste dertig jaar van hierdie eeu het met die probleem te kampe gehad dat belangrike argiefstukke tydens die Tweede Vryheidsoorlog uit die argiewe geneem en in die buiteland bewaar is. Hierdie stukke, tans bekend as die Leydsargief, is in 1930 weer na Suid-Afrika teruggebring.¹⁶⁾ 'n Verdere probleem vir die historikus is daarin geleë dat amptelike dokumente i.v.m. Paul Kruger oor die argiewe van verskillende sentra versprei is; nie alleen in die Transvaalse argiefbewaarplek in Pretoria nie, maar ook in ander provinsiale, oorsese, kerklike en private argiewe is daar materiaal oor hom te vinde. Deur sneller vervoermiddele en beter metodes om dokumente te kopieer, is dié struikelblok in nie geringe mate oorkom nie en in dié opsig het latere navorsers 'n heelwat makliker taak as hul kollegas uit vroeër dae.

3. Ander getuienisse

Geskrewe getuienisse, soos weergegee in pamflette, koerante en boeke, is ook belangrike bronne oor Paul Kruger. Hierin word dikwels gegewens meegedeel wat nie in amptelike dokumente te vinde is nie en word ook 'n tydgenootlike siening van Kruger en sy beleid gegee. Veral in die tyd van Kruger se presidentskap en tydens die Tweede Vryheidsoorlog, wat wêreldwye belangstelling gewek het, is daar veel oor hom geskryf. Persone wat Kruger besoek het, het hul indrukke oor hom op skrif gestel. Diegene wat self 'n rol in Transvaal gespeel het en soms met Kruger in aanraking was, het, dikwels jare later, hul herinneringe te boek gestel.¹⁷⁾ Daar bestaan egter weinig herinneringe van hierdie aard van mense wat Kruger goed geken het en lank saam met of onder hom gewerk het. Tog is daar 'n paar van hierdie persone wat dagboeke of private briewe nagelaat het en wat, omdat dit dikwels mededelings bevat

16) Vgl. Krüger, D.W., Bronne vir die studie van die Transvaalse geskiedenis. (Die Huisgenoot, 28 Junie 1938.)

17) As voorbeeld kan genoem word die herinneringe van die hoofregter van die Z.A.R.: Kotze, sir John G., Biographical memoirs and reminiscences. Kaapstad, Maskew Miller, 1934 en s.j. (twee dele).

wat nie vir openbare kennisname bedoel is nie, van groot waarde vir die geskiedskrywer kan wees.¹⁸⁾

Gepubliseerde getuienisse was altyd geredelik toeganklik. Vandag nog kan byna alle koerante, pamflette en boeke wat vir die geskiedskrywer oor Paul Kruger van belang kan wees in die groter biblioteke van Suid-Afrika gevind word. Aangesien publikasies wat herinneringe oor Kruger bevat bykans nog tot vandag toe verskyn,¹⁹⁾ het latere geskiedskrywers meer materiaal van hierdie aard tot hul beskikking gehad as dié uit die vorige eeu en die vroeë jare van hierdie eeu. Mondelinge getuienisse is 'n bronnesoort wat uiteraard die maklikste bekom kon word in die tyd toe Kruger geleef het. Toe, en ook in die eerste dekades daarna, is egter geen pogings aangewend om getuienisse van hierdie aard vir die nageslag te bewaar nie. Later is wel mondelinge getuienisse opgeteken, waaronder egter slegs enkeles van mense wat met hom in noue aanraking was.²⁰⁾

4. Oorblyfsels van Kruger se omgewing

Onder oorblyfsels uit Kruger se omgewing val o.m. sy eie besittings soos meubels, klere en gebruiksvoorwerpe wat bewaar ge-

18) Belangrik is veral die ongepubliseerde dagboek van H.C. Bredell, bewaar in die Transvaalse argief, Pretoria en die gepubliseerde private briewe van W.J. Leyds en G.A.A. Middelberg: (Leyds, W.J.), Onze eerste jaren in Zuid-Afrika, 1884-1889. Dordrecht, Geuze 1939 en Spies, F.J. du T. (red.), Briewe van G.A.A. Middelberg uit Transvaal, 1896-1899 (Hertzog-annale, Julie 1953, bl. 34-188).

19) Vgl. bl. 127-129.

20) Belangrike mondelinge herinneringe wat opgeteken en gepubliseer is, is o.m. De Kock, W.J., Dag na dag by Paul Kruger. Herinneringe van Kol. H.C. Bredell (Die Huisgenoot, 15 Desember 1944) en Vercuiel, S., Dogter onthou (Naweekpos, Oktober 1960); lg. artikel bevat herinneringe van Kruger se dogter Alida Barendina van der Walt.

bly het.²¹⁾ Die huise waarin hy gewoon het²²⁾ en die plase waar-
 op hy 'n groot gedeelte van sy lewe deurgebring het,²³⁾ is vandag
 nog te sien, al is dit natuurlik nie meer in presies dieselfde toe-
 stand as in Kruger se dae nie. In wyer sin is die gebruiksvoor-
 werpe, kleredrag en lewenswyse van die mense onder wie Kruger ge-
 lewe het, vir sover dit bewaar gebly het, ook bronne vir die ge-
 skiedskrywer oor Paul Kruger. Die navorser van die vorige eeu
 het ten opsigte van hierdie soort bronne eintlik 'n voorsprong ge-
 had op sy kollega van latere tyd, want hy het die geleentheid ge-
 had om Kruger in sy eie omgewing te sien, waar die latere navorser
 op oorblyfsels aangewys is.

5. Slot

Daar bestaan dus heelwat bronne oor Paul Kruger: van sy
 openbare optrede veral van sy optrede as president, is daar 'n mas-
 sa gegewens, terwyl die materiaal oor sy private lewe, hoewel van
 veel geringer omvang, geensings karig is nie. Dat daaroor Kruger
 se jare as kind en jongman en sy vroeë openbare optrede nie soveel

- 21) Veral in Kruger se huis in Pretoria, wat as museum ingerig is,
 is heelwat hiervan te vinde. Kyk hiervoor: De Kock, W.J.
Die Krügerhuis, Pretoria. 'n Aandenkingsbrosjyre Pretoria,
 Raad van Kruatore Transvaalse museum, 1949. Kyk ook:
 Kriel, L., Waar is al Kruger se besittings? (Die Brandwag,
 8 November 1946.)
- 22) Kruger se geboortehuis op die plaas Bulhoek, die presidents-
 woning in Pretoria en sy sterfhuis in Clarens, Switserland,
 is vandag historiese monumente. Kyk in verband met sy
 sterfhuis: De Wet, H.C., Kruger's last home (South Afri-
 can Panorama, Desember 1957) en Marshall, D., Villa Dubo-
 chet no. 17 (Die Huisgenoot, 14 Oktober 1966), en i.v.m.
 sy geboortehuis: Jordaan, J., Waar 'n president gebore is
 (Ruiter, 10 Oktober 1947).
- 23) Kruger se plaas Boekenhoutfontein is in 1968 aangekoop met
 die doel om dit as historiese monumente te bewaar. Kyk
 i.v.m. hierdie plaas: Strydom, J.S., Boekenhoutfontein,
 die woonplaas van president Paul Kruger (Landbouweekblad,
 16 September 1953) en Rex, H.M., Kruger-huis op Boekenhout-
 fontein nr. 336, distrik Rustenburg (Historia, Junie 1958).
 I.v.m. sy plaas Waterkloof kyk: Anon., Op hierdie plaas
 is geskiedenis gemaak: Waterkloof, die plaas wat die
 jeugdige Paul Kruger vir hom uitgesoek het (Landbouweek-
 blad, 26 Maart 1953).

bekend is as oor sy latere lewe en werk nie, is heel natuurlik; dit is eers toe Kruger in die openbare belangstelling gekom het dat oor hom geskryf is. Tog is die bronnemateriaal oor Kruger in die algemeen geensins onvolledig nie; daarvan getuig die opmerking van een van sy biograwe dat „die lewe van geen enkele groot figuur in die geskiedenis van Suid-Afrika so goed gedokumenteer is as dié van Paul Kruger nie”.²⁴⁾

Dit blyk ook uit voorafgaande dat die bronnemateriaal nie altyd maklik toeganklik was nie. So was veral ongepubliseerde dokumente, w.o. Kruger se amptelike briewe, moeilik bekombaar vir die 19de-eeuse en vroeg 20ste-eeuse historici. Latere navorsers kon amptelike bronnemateriaal oor Kruger makliker bekom en is daarby bo hul voorgangers bevoordeel deurdat steeds meer nie-amptelike getuïenisse oor hom bekend geword het. Aan die ander kant was die vroeë geskiedskrywer oor Paul Kruger in 'n beter posisie om deur persoonlike indrukke en deur die inwin van mondelinge getuïenisse kennis oor Kruger se lewe en werk te vorm.

B. Historiese metode

In die laaste dekades van die vorige eeu, toe die eerste geskiedwerke oor Paul Kruger geskryf is, was die wetenskaplike metode van geskiedskrywing soos dit vandag toegepas word in Europa reeds in 'n baie groot mate ontwikkel. In die werke van 19de-eeuse historici soos Leopold von Ranke en Theodor Mommsen is tydens genootlike bronne gebruik en volgens die filologies-kritiese metode ontleed. In hul geskiedwerke is die handelinge van figure gemotiveer en objektief beskryf. Veral ook weens sy toepassing van die historiese metode in sy werke is Ranke die grootste geskiedskrywer van die moderne tyd genoem.²⁵⁾

In die 19de eeu het die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing egter nog in sy kinderskoene gestaan; die periode voor 1920 kan

24) Krüger, D.W., Paul Kruger, d. II, bl. 305.

25) Vgl. Gooch, G.P., History and historians in the nineteenth century. Londen, Longmans, 1961 (2de uitgawe, 4de druk), bl. 97.

dan ook die voorwetenskaplike fase in die Suid-Afrikaanse geskied=
skrywing genoem word.²⁶⁾

Daar was in hierdie tyd, ook wat gebruik van die geskied=
metode betref, dus 'n groot agterstand by Europa. Om dië agter=
stand te begryp, moet die algmene ontwikkeling van Suid-Afrika in
daardie dae in gedagte gehou word: Suid-Afrika was nog in vier
staatkundige eenhede verdeel, die blanke bevolking was, vir die
grootste gedeelte van die eeu, betreklik klein en daar was eintlik
geen fasiliteite vir hoër onderwys nie.

Die Suid-Afrikaanse geskiedwerke van die vorige eeu was
dan ook die werk van amateurs, waarvan baie ook oor hul eie erva=
ringe en die gebeure van hul eie tyd geskryf het.²⁷⁾ Hul geskrif=
te is meesal vir 'n groot deel op eie indrukke gebaseer en waar
dokumente gebruik is, is dit direk weergegee, sonder om hulle te
verwerk of te interpreteer.²⁸⁾ Die vroeë geskrifte het sodoende
in hoofsaak 'n feitelike relaas van gebeure gegee, afgewissel met
kommentaar vanuit 'n persoonlike siening. Dit was boeke wat in=
ligting moes verskaf of 'n bepaalde standpunt propageer, soms eie
dade regverdig.²⁹⁾ 'n Enkele geskiedskrywer, soos G. McC. Theal,
het argiefnavorsing gedoen en onpartydig probeer skryf, maar ook
sy werke toon weinig interpretasie en sintese.³⁰⁾

In die vorige eeu het die Suid-Afrikaanse geskiedenis
nie die professionele aandag van Europese vakhistorici geniet nie,
maar die ontdekking van die Witwatersrandse goudveld en die bot=

26) Vgl. Van Jaarsveld, Ou en nuwe weë, bl. 5.

27) Vgl. Krüger, D.W., Gustav Preller as geskiedskrywer (Koers, Junie 1944); Scholtz, G.D., Die ontwikkeling en huidige stand van die Afrikaanse historiografie (Tydskrif vir wetenskap en kuns, November 1946); Van Jaarsveld, Ou en nuwe weë, bl. 3.

28) Vgl. De Kock, Naomi. M., a.w.; bl. 19.

29) Ibid., bl. 23-24.

30) Vgl. Bosman, a.w., bl. 101; Du Plessis, J.S., Dr. Gustav Preller as historikus van die Groot Trek, bl. 12; Van Jaarsveld, Ou en nuwe weë, bl. 22.

singe wat sou lei tot die Tweede Vryheidsoorlog het tog groot belangstelling in Suid-Afrika by die gewone publiek in Europa gebring. Die eerste werke van Europeërs oor Suid-Afrika was dië van besoekers, vir 'n groot deel op eie indrukke gebaseer en hoofsaaklik bedoel om in die behoefte aan inligting oor Suid-Afrika in Europa te voorsien. Saam met gegewens oor die land, sy inwoners en sy ekonomie, het die werke ook iets oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis meegedeel. Ook hierdie werke was dus oor die algemeen onwetenskaplik van aard.³¹⁾

Die wetenskaplike geskiedskrywing in Suid-Afrika sou eers in die 20ste eeu tot ontwikkeling kom. Vooruitgang t.o.v. onderwys en wetenskap het gevolg op die belangrike ekonomiese en staatkundige ontwikkelinge in Suid-Afrika aan die einde van die 19de en begin van die 20ste eeu en die eerste Suid-Afrikaners wat in die beoefening van die geskiedkunde 'n beroep wou vind, het na Europa gegaan waar hul die nuutste ontwikkelinge in die geskiedskrywing kon bestudeer. Terug in Suid-Afrika kon hul weer ander persone tot historici oplei. Ook deur die ordening van die staatsargiewe is wetenskaplike studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis in 'n belangrike mate bevorder.³²⁾

Daar was heelwat belangstelling, veral onder die Afrikaanssprekende historici, vir die geskiedenis van die Groot Trek en die Boererepublieke,³³⁾ dus ook vir die geskiedenis van Paul Kruger. Veral in proefskrifte is verskillende fasette van hierdie periode wetenskaplik beskryf. Hierby is dikwels klem gelê op die navorsing en analise van die bronnemateriaal, terwyl interpretasie en sintese, op grond van 'n studie wat 'n wye veld dek, nie altyd tot sy reg gekom het nie.³⁴⁾ Van Engelssprekende historici

31) Vgl. De Kock, Naomi M., a.w., bl. 26 en De Ru, Annemarie, Het beeld van de Zuid-Afrikaansche-geschiedenis in Nederland van 1899-1956. (Hertzog-annale, Desember 1960.)

32) Vgl. Van Jaarsveld, Ou en nuwe weë, bl. 22.

33) Ibid., bl. 24.

34) Vgl. Scholtz, G.D., Die ontwikkeling en huidige stand van die Afrikaanse historiografie (Tydskrif in wetenskap en kuns, November 1946); Spies, F.J. du Toit, Die uitwerking van enkele Europese geestesstrominge op ons geskiedskrywing (Historia, Desember 1960.)

het meer werke verskyn waarin heelwat interpretasie gedoen is.³⁵⁾ Ook enkele buitelandse geskiedskrywers het werke gelewer oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis en veral oor die verwickelinge teen die einde van die vorige eeu, waarin Paul Kruger 'n belangrike rol gespeel het.³⁶⁾

Sowel in Europa as in Suid-Afrika is die historiese metode steeds verfyn en verbeter. Bronne is nog noukeuriger bestudeer en daar is nog beter daarin geslaag om 'n helder en objektiewe beeld van die verlede te gee.

Naas die wetenskaplike werke het daar in hierdie eeu ook heelwat populêre werke oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis verskyn. Omdat hiervoor wetenskaplike werke as bronne gebruik kon word, staan hulle in die algemeen tog op 'n veel hoër peil as die 19de-eeuse werke.

Wat die gebruik van die historiese metode betref, kan daar dus 'n stygende lyn in die geskiedskrywing oor Paul Kruger verwag word.

C. Geskiedbeskouing

In die beskouing van die eie verlede speel opvattinge en gebeure van die eie tyd dikwels 'n belangrike rol. In hierdie afdeling word enkele trekke aangestip van die beskouing van die Suid-Afrikaanse geskiedenis en van die invloede wat tydsomstandighede hierop uitgeoefen het. Ook oor die beeld van die Suid-Afrikaanse geskiedenis by historici en inwoners van Europa word hier enkele opmerkings gemaak.

Daar kan, vir sowel die vorige as hierdie eeu, verskille in die beskouing van die Suid-Afrikaanse geskiedenis by die Afri-

35) Vgl. Van Jaarsveld, Ou en nuwe weë, bl. 37.

36) Enkele buitelandse werke oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis is: Dietzel, K.H., Die Südafrikanische Union. Ihre Entstehung und ihr Wesen. Berlyn, Kolonialen Rundschau, 1934; Lovell, R.I., The struggle for South Africa, 1875-1899. A study in economic imperialism. New York, MacMillan, 1934.

kaanse en by die Engelse bevolkingselemente onderskei word, selfs in so 'n mate dat van 'n Afrikaanse en 'n Engelse geskiedbeeld gepraat kan word.

1. Die 19de eeu

Die eerste trekke van 'n Afrikaanse geskiedbeeld kan reeds by die veeboerpioniers van die 18de en vroeë 19de eeu gevind word. Gewortel in die Suid-Afrikaanse bodem en geïsoleer van Europa, het gebeure buite Suid-Afrika hul eintlik nie diep in hul beskouing beïnvloed nie. Hulle opvattinge was primêr gegrond op hul Calvinistiese geloof en hul kennis van die Bybel. 'n Besef van 'n eie taak en roeping as beskaafde Christene in 'n heidense ongekultiveerde omgewing het by hulle posgevat.³⁷⁾ Al kan hierdie oortuiginge nie 'n geskiedbeeld genoem word nie, was dit tog 'n lewens- en wêreldbeskouing op grond waarvan hul eie lotgevalle sou interpreteer. Dit was dan tot op groot hoogte op grond van hierdie beskouing dat hulle vyandig teenoor die Britse bestuur en sy deels filantropies-georiënteerde natuurellebeleid gestaan het en in die Groot Trek was opgesluit die begeerte om hul eie beskouinge ongehinderd te kan uitleef. Die Voortrekkers en die pioniers in die Boererepublieke het, as hul op hul eie geskiedenis terugkyk het, in die Trek en in die stryd met die heidense Bantoestamme 'n parallel met die Israeliete se uittog uit Egipte en hul stryd teen die Kanaäniete gesien. Soos Israel van ouds was ook hulle verbondsvolk van God, met 'n besondere taak en roeping. Die eie geskiedenis is dus Bybels, Ou-Testamenties, geïnterpreteer.³⁸⁾

'n Sterk besef van volkseenheid was daar nog nie by die vroeë republikeine nie. Eintlik sou eers die Eerste Vryheidsoorlog werklik 'n samehorigheidsgevoel onder die Transvalers bring. Die Transvaalse vryheidstryd het daarby ook die Afrikaners in die Vrystaat en die Kaapkolonie aangegryp en 'n besef van nasionale

37) Vgl. Van Jaarsveld; F.A., Die Afrikaner en sy geskiedenis bl. 115.

38) Ibid., bl. 116.

eenheid aangewakker.³⁹⁾ Met die ontwaking van die nasionale bewussyn het ook die bewuswording van 'n gemeenskaplike verlede gepaard gegaan,⁴⁰⁾ en vir die eerste keer het Afrikaners oor hul eie geskiedenis geskryf.⁴¹⁾ Die stryd teen die Engelse van die eie tyd het die gedagtes laat teruggaan na stryd teen die Engelse van die verlede; die Britte is as die groot antagonist van die Afrikaners gesien en die hele geskiedenis is beskou as 'n „verhaal van stryd en lye om die „vryheid“".⁴²⁾ Die politieke spanninge na die Eerste Vryheidsoorlog in die tyd van Paul Kruger se presidentskap sou hierdie uitkyk op die geskiedenis nog verder aanmoedig en ook in daardie tyd het die Afrikaners hul eie verlede as „een eeu van onrecht“⁴³⁾ gesien. In die geskiedbeskouing was daar naas die Bybelse, Ou-Testamentiese element dus ook 'n anti-Engelse element aanwesig.⁴⁴⁾

Die Engelse geskiedbeeld van die Suid-Afrikaanse geskiedenis het in die 19de eeu ingrypend van dié van die Afrikaners verskil. Die Engelse koloniste was steeds sterk van hul herkoms uit 'n Europese land bewus; deurdat hul in Britse kolonies gewoon het, is die band met die moederland nie verbreek soos wat dit die geval met die Afrikaners was nie. Dit kan derhalwe begryp word dat Groot-Brittannië, en nie Suid-Afrika nie, in die sentrum van die geskiedbeskouing van die 19de-eeuse, veral die vroeë 19de-eeuse,

39) Kyk: Van Jaarsveld, F.A., Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn. Johannesburg. Voortrekkerpers, 1957.

40) Vgl. Van Jaarsveld, Lewende verlede, bl. 65-66.

41) Van die eerste geskiedwerke deur Afrikaners oor hul eie geskiedenis, wat ook trekke van hierdie beskouing toon, is: Weilbach, J.D. & du Plessis, C.N.J., Geskiedenis van de Emigranten-Boeren, en van den Vrijheidsoorlog. Kaapstad, Solomon, 1882; Bezuidenhout, C.P., De Geschiedenis van het Afrikaansche geslacht van 1688 tot 1882. Vergelyken met Psalm 80 vers 9 tot 16. Bloemfontein, Borckhagen, 1883.

42) Van Jaarsveld, Die Afrikaner en sy geskiedenis, bl. 115.

43) Titel van werk: Anon., Een eeu van onrecht. Bloemfontein, Het Volksblad, 1899.

44) Vgl. Spies, F.J. du T., Die republikeinse gedagte in die Suid-Afrikaanse historiografie. (Cronje, G. (red.) a.w., bl. 12.)

Britse koloniste gestaan het. In hul eerste werke het Engelse koloniste vertel dat die Britse bestuur 'n heilsame invloed aan die Kaap gebring het⁴⁵⁾ en 'n donker prentjie van die ou Kompanjiesbewind geskilder. Die Boere wat die kolonie verlaat het, het, volgens hulle, eintlik buite die beskawing en buite die gesigskring van die geskiedenis getree.⁴⁶⁾ Die Afrikaners binne die Kolonie moes in die Engelse kultuur ingelyf en dus ook die Engelse geskiedbeskouing deelagtig gemaak word. Dit is veral in die skole gedoen waar die Kaapse Geskiedenis as deel van die Engelse „Colonial History” behandel is.⁴⁷⁾ Die 19de-eeuse Engelse uitkyk op die geskiedenis was oor die algemeen Brits en liberaal-demokraties georiënteerd.

Namate die Engelse koloniste meer in Suid-Afrika gevestig geraak het, het hul belangstelling in Kaapse aangeleenthede sterker geword in vergelyking met dié in gebeure in die moederland. So het die uitkyk meer lokaal en Suid-Afrikaanse gerig geword. Ook is die Afrikaners in die Republieke meer simpatiek betrag en hul geskiedenis beskryf in die werke van 'n historikus soos Theal.⁴⁸⁾

In die laaste twee dekades van die 19de eeu het 'n herleefde imperialisme in die Britse beleid ook in Suid-Afrika sterk na vore gekom, wat o.m. blyk uit die anneksasie van Transvaal in 1877 en veral uit die optrede van Cecil Rhodes en sir Alfred Milner. By 'n deel van die Engelssprekendes het die besef van hul deelgenootskap aan die magtige Britse Ryk groter geword. Daarby het die ontdekking van goud aan die Witwatersrand baie Britse onderdane na Suid-Afrika gelok, sodat die Brits-imperiale element in Suid-Afrika versterk is. In geskiedwerke met 'n imperiale uitkyk soos dié van J. Nixon en A. Wilmot is die voordele van die Britse bestuur geprys en as sinoniem met ekonomiese welvaart gesien.⁴⁹⁾

45) Vgl. Van Jaarsveld, Lewende Verlede, bl. 61.

46) Vgl. Van Jaarsveld, Ou en nuwe weë, bl. 6.

47) Van Jaarsveld, Lewende Verlede, bl. 60-61.

48) Vgl. Van Jaarsveld, Ou en nuwe weë, bl. 8-9.

49) Ibid., bl. 11.

In die jare van die Eerste Vryheidsoorlog het daar ook in die buiteland groot belangstelling vir die Suid-Afrikaanse geskiedenis gekom.⁵⁰⁾ Die ekonomiese ontwikkelinge in Suid-Afrika sedert die ontdekking van diamante en goud was in 'n groot mate hiervoor verantwoordelik en het dan ook dikwels 'n kardinale posisie in die beskouing oor Suid-Afrika en sy geskiedenis beklee.⁵¹⁾ Terwyl besoekers uit Brittanje dikwels 'n Brits-imperiale uitkyk in hul beskouing van die Suid-Afrikaanse geskiedenis getoon het, is in Nederlandse en Duitse geskrifte die verwantskap met die Boerevolk beseft en soms beklemtoon.⁵²⁾ Die Tweede Vryheidsoorlog het groot belangstelling in en simpatie vir die Boere in verskillende lande van Europa gewek. Anders as die Afrikaners het die Europeërs die Suid-Afrikaanse geskiedenis met ontwikkelinge in Europa in verband gebring.

2. Die 20ste eeu

Na die Tweede Vryheidsoorlog het daar groot veranderings in die Engelse beeld van die Suid-Afrikaanse geskiedenis gekom. Terwyl die Brits-imperiale uitkyk verswak het, het die unifikasie van Suid-Afrika 'n Suid-Afrikaanse gesigspunt aangemoedig. Die Britse ryk het nog wel 'n belangrike rol in die geskiedbeskouing gespeel en Engelssprekende historici het veral die Britse beleid teenoor Suid-Afrika in die vorige eeu bestudeer en soms probeer regverdig.⁵³⁾ Anders as vir die Afrikaners was die verhoudinge tussen Afrikaans en Engels vir hulle nie altyd die kern van die Suid-Afrikaanse geskiedenis nie; aan die botsing blank-nie-blank is ook heelwat waarde geheg.⁵⁴⁾ In die algemeen het hulle die

50) Vgl. De Ru, a.w. (Hertzog-annale, Desember 1960).

51) Dit blyk reeds uit titels van werke soos: Beck, H.H., History of South Africa and the Boer-British war: blood and gold in Africa. Philadelphia, Globe Bible Publishing, (1900).

52) Dit kan afgelei word uit tiels van o.m.: Elk, H., Die Buren. Der Deutsche Bruderstamm in Südafrika. Bielefeld, 1899 (2de uitgawe) en Veth, P.J., Onze Transvaalse broeders. Amsterdam, Van Kampen, 1881.

53) Vgl. Van Jaarsveld, Ou en nuwe weë, bl. 38.

54) Vgl. Ibid., bl. 33 en Van Rooyen, T.S., Die Bantoe in die Suid-Afrikaanse historiografie (Cronjé (red.) a.w., bl. 134-160).

Suid-Afrikaanse geskiedenis met 'n gematigd liberale uitkyk betrag.⁵⁵⁾

Die Afrikaanse geskiedbeeld van die 20ste eeu was in 'n groot mate 'n voortsetting van dié van die 19de eeu. Die Tweede Vryheidsoorlog is beskou as 'n laaste groot onreg wat van die kant van die Britse regering ondervind is. Die nasionale gevoel is deur hierdie oorlog versterk en vir die eerste keer is nou werklik nasionale geskiedenis geskryf.⁵⁶⁾ In hierdie geskiedskrywing is dikwels op die geskiedenis van die Boererepublieke teruggekyk as die tyd van Afrikanervryheid. Soms is die periode gesien as 'n heroïese tyd⁵⁷⁾ en 'n geskiedbeskouing wat aan die Europese romantiek aan die begin van die vorige eeu herinner, het by 'n geskiedskrywer soos Gustav Preller na vore gekom.⁵⁸⁾ Uit die roemryke verlede moes krag geput word vir die hede, waar die vryheidstryd op politieke vlak nog steeds voortgegaan het.⁵⁹⁾ Gebeure soos die rebellie van 1914, die simboliese ossewatrek van 1938 en die woelinge in Suid-Afrika tydens die Tweede Wêreldoorlog het verdere stimulus verleen aan 'n interpretasie van die verlede waarin die stryd tussen Boer en Brit die toneel beheers het.⁶⁰⁾

Na die Tweede Wêreldoorlog het daar verskillende ingrypende veranderinge in Suid-Afrikaanse toestande gekom wat die in-

55) Vgl., Van Jaarsveld, Ou en nuwe weë, bl. 38.

56) Vgl. Du Plessis, J.S., Gustav Preller as historikus van die Groot Trek, bl. 14-15.

57) Vgl. Krüger, D.W., Gustav Preller as geskiedskrywer (Koers, Junie 1944).

58) Vgl. Oberholster, J.J., Die neerslag van die romantiek op ons geskiedskrywing-Gustav S. Preller. (Afgerol - intree=rede gehou op 6 Mei 1965, U.O.V.S., Bloemfontein.)

59) Vgl. Van Jaarsveld, Lewende Verlede, bl. 74.

60) Vgl. Spies, Die uitwerking van enkele Europese geestesstrominge op ons geskiedskrywing (Historia, Desember 1960) en Uys, C.J., Die huidige stand van die geskiedskrywing in Suid-Afrika (Historia, September 1957).

terpretasie van die eie geskiedenis moes beïnvloed. Die Afrika-
ner het die eindpunt van sy vryheidstrewe in sig sien kom en dit
uiteindelik bereik met die Republiekwording in 1961. Daarbene-
wens het die rasseverhoudinge steeds van groter belang in die Suid-
Afrikaanse politiek geword, ook deurdadig dit felle kritiek van bui-
telandse moondhede moes verduur, en veel meer as tevore het die
Suid-Afrikaner bewus geword van sy posisie in wêreldperspektief.
Hierdie faktore moes 'n hervertolking van die Suid-Afrikaanse ge-
skiedenis meebring⁶¹⁾; sowel in Afrikaanse as in Engelse geskied-
werke sou die blank-nie-blankverhouding groter aandag vereis, ter-
wyl, na dit wil voorkom, in die Afrikaanse geskiedbeskouing die
sentrale plek van die Brit-Boerverhouding begin wankel en in die
Engelse geskiedinterpretasie die Britsgerigtheid verder begin ver-
swak.

In enkele resente Engelse werk het 'n anti-Afrikaanse
houding, gestimuleer deur die sukses van die Afrikaanse vryheid-
strewe, sowel as 'n humanitêr-filantropiese uitkyk op die rasse-
verhouding na vore gekom. Hierin is die Suid-Afrikaanse geskie-
denis betrag as die verhaal van verdrukking van 'n nie-blanke
meerderheid deur 'n blanke minderheid.⁶²⁾ Aansluitend by hierdie
interpretasie is in enkele geskiedwerke van Bantoeskrywers wat in
die jongste tyd verskyn het die lotgevalle van die Bantoe as ver-
druk deur vreemdelinge wat die land ingeneem het, beskryf.⁶³⁾

In Europa het die belangstelling in die Suid-Afrikaanse
geskiedenis na die Tweede Vryheidsoorlog sterk afgeneem. Waar
daar nog aan Suid-Afrikaanse geskiedenis gedink is, het die herin-
nering aan die Tweede Vryheidsoorlog meesal die beheersende ele-
ment gevorm.⁶⁴⁾ Alleen in Brittanje was daar vir 'n lang tyd
konstitusionele bande wat die belangstelling in die Suid-Afrikaan-
se geskiedenis kon stimuleer. Na die Tweede Wêreldoorlog het die

61) Vgl. Van Jaarsveld e.a., Die hervertolking van ons geskiede-
nis (veral bl. 18-26).

62) Vgl. Van Jaarsveld, Ou en nuwe weë, bl. 43.

63) Ibid., bl. 48-51.

64) Vgl. De Ru, a.w. (Hertzog-annale, Desember 1960).

agitasie teen Suid-Afrika se rassebeleid buitelandse belangstelling in die Suid-Afrikaanse geskiedenis weer aangewakker.⁶⁵⁾

Dit blyk dus dat die beskouing van die Suid-Afrikaanse geskiedenis steeds deur opvattinge, gebeure en toestande van die tyd beïnvloed is. In watter mate hierdie invloede in die geskiedskrywing oor Paul Kruger deurgewerk het, moet o.a. in die volgende hoofstukke nagegaan word.

D. Slot

Enkele trekke van die agtergrond waarteen die geskiedskrywing oor Paul Kruger ontstaan het, is nou geskets. In die lig hiervan kan reeds enkele lyne gesien word van die patroon wat hierdie geskiedskrywing aanneem. Met dië lyne as rigsgnoer by die ondersoek van die historiografie oor Kruger in sy verskillende aspekte kan werke reeds vaagweg binne bepaalde kader geplaas word. In 'n slotbeskouing aan die einde van die werk sal getrag word om 'n beeld van die geskiedskrywing oor Paul Kruger te probeer skets teen die agtergrond van wat hier in enkele trekke aangedui is.

65) Ibid.

HOOFSTUK II

DIE GEDENKSCHRIFTEN EN DIE GROTER BIOGRAFIEË VAN PAUL KRUGER

Daar bestaan sewe werke waarin 'n min of meer uitvoerige beskrywing van Paul Kruger se lewe gegee word.¹⁾ Ten einde by die bespreking van hierdie werke te kan aantoon in hoeverre daarin aan die vereistes van die biografie en, in die geval van die Gedenkskriften, aan dié van die outobiografie²⁾ voldoen word, word eers kortliks gelet op die algemene kenmerke van hierdie twee soorte werke.

A. Algemene kenmerke van die biografie en die outobiografie

1. Die biografie

„Een biografie is het verhaal van een mensenleven”.³⁾ In hierdie algemene lig gesien, het die biografie 'n baie lang geskiedenis; dit is byna so oud soos die mensheid self.⁴⁾ Deur die eeue heen het die biografie steeds verandering in aard en vorm ondergaan. Ook in die huidige tyd is die verskille groot. As daar dan algemene kenmerke van die biografie beskryf word, kan dit alleen geskied deur die wye variasie moontlikhede steeds in gedagte te hou en, waar nodig, aan te toon.

'n Eerste probleem waarmee die historikus i.v.m. die biografie gekonfronteer word, is of dit wel as geskiedwerk, d.w.s. as 'n vorm van geskiedskrywing beskou kan word. Dat hierdie probleem werklik bestaan, blyk reeds daaruit dat 'n beoefenaar van die sg.

- 1) Nl.: die Gedenkskriften (kyk bl.4 voetnoot 16); Van Oordt, J.F., Paul Kruger en de opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek, Kaapstad, Dusseau, 1898; Statham, F.R., Paul Kruger and his times, Londen, Fischer Unwin, 1898; Lombard, J.P. la G., Paul Kruger. Die volksman, Pretoria, Van Schaik, 1925; Juta, Marjorie, The pace of the ox. The life of Paul Kruger, Londen, Constable, 1936; Nathan, M., Paul Kruger. His life and times, Durban, Knox, 1941; Krüger, D.W., Paul Kruger (kyk bl.3 voetn.12).
- 2) Hiermee wil nie gesê word dat die Gedenkskriften 'n outobiografie is nie. Om by die bespreking van die werk te bepaal of dit as outobiografie beskou kan word al dan nie, kan inleidende opmerkinge oor die aard van die outobiografie egter as hulp dien.
- 3) Dresden, S., De structuur van de biografie, Den Haag, Bakker, 1956, bl. 1.
- 4) Vgl. Romein, J., De biografie, Amsterdam, Querido, 1951, bl. 14.

moderne biografie of „vie romancée“, André Maurois, sy werk primêr as kunswerk wil beskou.⁵⁾ Slegs in 'n kunswerk, meen hy, kan 'n figuur werklik tot lewe gebring word.⁶⁾ As Maurois egter verklaar dat die biograaf, anders as die romanskrywer, nie sy fantasie kan gebruik om klein details in te vul waarvoor daar geen bronnegegewens bestaan nie,⁷⁾ blyk dog dat die biograaf ook die „moderne“ biograaf, in die eerste plek die werklikheid wil weergee. Die biograaf kan nie werklik skeppende verbeelding gebruik soos die skrywer van 'n historiese roman nie. Hierin lê m.i. die primêre verskil tussen die biografie en die biografiese roman; hoewel dit soms moeilik is om die verskil tussen 'n biografie in moderne styl en 'n biografie in romanvorm te sien, is dit slegs inlg. dat daar 'n element van fiksie kan voorkom. Daarom het die skrywer van die biografiese roman nog groter moontlikhede as die biograaf om van sy onderwerp werklik 'n lewende mens te maak.⁸⁾ Natuurlik is dit waar dat 'n biograaf met 'n kunstvolle aanbieding van sy stof die gehalte van sy werk aanmerklik kan verhoog.⁹⁾

Ook al beskou hulle die biografie as 'n wetenskaplike werk, meen sommige skrywers tog dat dit nog geen geskiedwerk is nie: „de biographie is veel meer dan de Geschiedenis een zaak van vleesch en bloed“. ¹⁰⁾ Die Nederlandse geskiedskrywer Jan Romein verklaar: „de historicus ziet door een verrekijker en de biograaf door een vergrootglas“. ¹¹⁾ Miskien veral om hierdie rede het

- 5) Vgl. Maurois, A., Aspects of biography. Cambridge, University Press, 1929, bl. 111.
- 6) Ibid.
- 7) Ibid., bl. 173.
- 8) Omdat dit, ten spyte van die element van verdigsel, dikwels tog die werklikheid probeer benader, het dit ook waarde vir die geskiedwetenskap. 'n Aantal historiese romans word in hoofstuk III t.o.v. hul belang vir die geskiedskrywing behandel.
- 9) Vgl. Romein, a.w., bl. 11 en Steyn, J.J.P., a.w., bl. 16.
- 10) Otten, J.F., De moderne biographie. Maastricht, Stols, 1932, bl. 10.
- 11) Romein, a.w., bl. 152.

twee Suid-Afrikaanse historici, M.C.E. van Schoor en J.J.P. Steyn, die „historiese biografie“ van ander biografieë onderskei.¹²⁾

Tog kan 'n biograaf moeilik die lewe van sy onderwerp beskryf sonder om dit ook in historiese verband te plaas; geen mens se lewe kan tog losgemaak word van die geskiedenis nie. Die biograaf moet let op die invloed van historiese gebeure op die lewe van sy onderwerp¹³⁾ en daarbenewens sy prestasies, dus sy bydrae tot die kultuur van sy tyd en so ook tot die geskiedenis, ondersoek; juis in die werk van die figuur lê sy historiese betekenis.¹⁴⁾ Hy kan die lewe ook nie los van die werke bestudeer nie; immers „het werk van zijn held ligt overal in het leven, zoals het leven getransformeerd in het werk te inden is“.¹⁵⁾ Die biograaf moet dus eintlik veral die verband tussen lewe en werk probeer aantoon. Natuurlik kom dié verband nie in alle biografieë ewe goed tot uiting nie; sommige skrywers is meer geïnteresseerd in die karakter van hul onderwerp, ander weer in sy optrede op een of ander gebied. Tog kan 'n biograaf wat werklik biograaf is nie anders nie as om aan te toon watter rol sy onderwerp in die geskiedenis gespeel het, en so kan 'n biografie m.i. nie anders as ook geskiedwerk wees nie. Daarom word in hierdie verhandeling die biografiese werke oor Paul Kruger as deel van die geskiedskrywing oor hom behandel.

12) Van Schoor; M.C.E., Die biografie in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing (Historia, Maart 1959); Steyn, J.J.P., a.w., bl. 26.

13) Vgl. Kuypers, K., Theorie der geschiedenis voornamelijk met betrekking tot de cultuur. Amsterdam, Paris, 1931, bl. 198. Kyk ook Steyn, J.J.P., a.w., bl. 19.

14) Hoewel die historiese betekenis van elke figuur nie ewe groot is nie, kan nie vasgestel word hoë groot dit eintlik is nie. Daarom is dit m.i. nie juis moontlik om op grond van die historiese betekenis van die onderwerp 'n biografie as 'n „historiese biografie“ al dan nie te beskou nie soos M.C.E. van Schoor in sy bg. artikel (Historia, Maart 1959) wil doen.

15) Dresden, a.w., bl. 229.

Terwyl die biograaf die verhouding tussen lewe en werk moet aantoon, is die aard van die werk, die prestasies van die beskryfde figuur, in 'n groot mate beheersend van die aard van die biografie self. Waar 'n biografie van Sokrates beheers word deur sy prestasies as filosoof en in so 'n werk veral wysgerige kwessies aangeroei sal word, sal 'n biografie van Paul Kruger sy prestasies as staatsman voorop behoort te stel en politieke sake behandel. 'n Biografie van Sokrates behoort veral 'n bydrae tot die geskiedenis van die filosofie en 'n biografie van Kruger 'n bydrae tot die staatkundige geskiedenis te wees.¹⁶⁾ Aangesien Paul Kruger egter nie alleen op staatkundige terrein beweeg het nie, behoort die goeie biograaf egter ook Kruger se optrede as bv. boer en kerklidmaat te beskryf. Die verhouding tussen die verskillende aspekte moet egter suiwer bewaar bly; die verband tussen die grote en die kleine in die lewe van die mens kan maklik uit proporsie geruk word.¹⁷⁾ Natuurlik is die weergee van anekdotes en klein voorvalletjies uit die lewe van die onderwerp, op die juiste wyse gedoen, ook 'n belangrike middel om 'n duidelike beeld van die onderwerp te gee, omdat „ieder detail de zin van het gehele leven bevat en kan uitdrukken”.¹⁸⁾

Uit vooraangaande opmerkinge blyk dit eintlik reeds dat 'n onderwerp teen die agtergrond van sy tyd en omgewing bestudeer behoort te word. Hierby moet die biograaf egter ook aan die gevaar ontkom om van sy werk 'n geskiedenis van sy onderwerp se tyd en omgewing te maak. Veral by die beskrywing van 'n persoon wat die geskiedenis van sy eie tyd tot 'n baie groot mate beheers het, is so 'n gevaar beslis nie denkbeeldig nie. 'n Lewensbeskrywing van Paul Kruger, van wie daar verklaar is „die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek is vrywel die geskiedenis van Paul Kruger en sy geskiedenis is haar geskiedenis”,¹⁹⁾ kan daarom maklik in 'n geskiedenis van Transvaal in die 19de eeu ontaard.

16) Vgl. Kuypers, a.w., bl. 199.

17) Vgl. Romein, a.w., bl. 1 en 2.

18) Dresden, a.w., bl. 100.

19) Engelbrecht, Paul Kruger's amptelike briewe, bl. 5.

Behoort 'n biografie 'n volledige beskrywing van die lewe en werk van sy onderwerp te gee? Absolute volledigheid is in elk geval onmoontlik, aangesien geen mens se lewensloop volkome in dokumentêre gegewens vasgelê is nie. Maar, ook al is daar 'n massa bronnemateriaal vir die biograaf beskikbaar, mag hy nie na volledigheid streef as dit geskied ten koste van die handhawing van die juiste proporsies en die suiwer weergawe van 'n totaalbeeld van die onderwerp nie. In 'n al te uitgebreide werk kan die beeld van 'n onderwerp maklik vervaag; Romein meen dat in sowat 200 bladsye 'n duidelike en suiwer beeld gegee kan word.²⁰⁾ 'n Baie beknopte werkjie, daarenteen, is meesal slegs 'n skets van hooflyne in 'n figuur se lewe en kan moeilik 'n helder beeld van die hele lewe van die onderwerp gee.²¹⁾ Wat al hierdie dinge betref, hang veel af van die aard van die figuur se werksaamhede en van die taak wat die biograaf aan homself stel.

Die gee van 'n suiwer beeld vereis van die biograaf nie alleen noukeurigheid in die bestudering van die gegewens nie, maar ook insig in die persoonlikheid van die figuur. Hy moet psilogiese deurdringingsvermoë besit om die karakter van sy onderwerp in al sy fasette te deurgrond. By die uitbeelding van die beskrewene se persoonlikheid moet daarteen gewaak word dat dit nie te gekompliseerd voorgestel word nie, maar ook weer nie oorvereenvoudig word nie.²²⁾ Daarby moet die karakterbeskrywing nie die werk oorheers nie; dit moet nie in 'n psilogiese analise ontaard nie.²³⁾

Juiste begrip van 'n karakter word dikwels verkry deur simpatie, selfs 'n gevoel van sielsverwantskap, met die persoon, maar die biograaf moet ook altyd objektief bly. Romein meen dan ook dat 'n mengsel van drie elemente, simpatie, antipatie en afsydigheid 'n goeie benadering van die biograaf tot sy onderwerp bied.²⁴⁾ In 'n sekere sin moet die biograaf en sy onderwerp by mekaar pas. Die skrywer mag egter ook nie blind vir sy figuur se foute

20) Romein, a.w., bl. 177.

21) Daarom ook is die „kort“ lewensbeskrywings deur Paul Kruger apart van die groter biografieë behandel. Aanv.g. werke word in hoofstuk III aandag gegee.

22) Vgl. Romein, a.w., bl. 8.

23) Ibid., bl. 160; vgl. ook Dresden, a.w., bl. 28.

24) Romein, a.w., bl. 142.

wees nie; intendeel, hy moet hulle onbevreesd aan die kaak stel en daarvoor is die element van antipatie noodsaaklik. 'n Te groot antipatie en 'n oordrewe soeke na die swakker sye van sy onderwerp, daarenteen, kan die beskrewe figuur tot slagoffer van sy biograaf maak. Afsydigheid is nodig om die juiste afstand te bewaar, maar groot afgetrokkenheid, koue afsydigheid, bemoeilik die taak van die biograaf om sy onderwerp werklik tot lewe te bring. In die algemeen kan gesê word dat objektiwiteit in die sin van onbevooroordeeldheid, „onbevangenheid”,²⁵⁾ noodsaaklik is. Met hierdie enkele opmerkinge is slegs 'n aanduiding gegee van die belangrikste vereistes waaraan die biografie getoets moet word. Steeds moet in gedagte gehou word dat elke biograaf met besondere probleme gekonfronteer word en dat biograwe se beskouing van die vereistes waaraan hul werke moet voldoen, uiteenlopend is.

'n Besondere soort biografie is dié van 'n nog lewende persoon. In so 'n geval kan die biograaf nie die lewe van sy onderwerp in sy geheel oorsien nie, sodat die beeld van die beskrewe figuur onvoltooid bly.

2. Die outobiografie

Die outobiografie kan beskou word as 'n besondere vorm van die biografie, eintlik as 'n besondere vorm van die biografie van 'n nog lewende persoon. Dit is egter uiters moeilik vir die outobiograaf om aan die vereistes van die biografie te voldoen. Afstand tot die onderwerp ontbreek geheel en al; die outobiograaf vorm die beeld van sy onderwerp, dus van homself, immers van binne uit. Hy kan sy eie karaktertrekke moeilik self juis beoordeel en sal ook moeilik spontaan sy eie eienaardighede en klein dinge-tjies uit sy lewe vertel ter wille van die getroue beeld.

Die moontlikhede van die outobiograaf om 'n suiwer, helder beeld te gee, is dus uiters beperk. Romein glo dan ook dat elke outobiografie óf apologeties van aard óf onbelangrik is.²⁶⁾

25) Ibid., bl. 257.

26) Ibid., bl. 205.

Die werklike waarde van 'n outobiografie lê meesal daarin dat die skrywer nuwe inligting verstrek of 'n eie kyk op sake weergee. Sodoende kan 'n outobiografie 'n belangrike bron vir die geskiedskrywer en veral vir die biograaf van die besondere figuur wees. Ook as herinneringe het die outobiografie beperkinge: wanneer iemand daartoe kom om 'n outobiografie te skryf, het hy die belangrikste deel van sy lewe meesal reeds agter die rug en sekere dinge het in sy geheue al vervaag, terwyl sommige gebeure met die tyd groter proporsies as in werklikheid aangeneem het; daarby is die kyk op vroeëre gebeure beïnvloed deur die indrukke wat latere dinge op hom gemaak het.²⁷⁾ En ten slotte: watter outobiograaf kan dit werklik vermy om apologeties oor sy eie dade te skryf?

B. Die Gedenkschriften van Paul Kruger

Die Gedenkschriften het eers na Van Oordt en Statham se werke oor Paul Kruger verskyn,²⁸⁾ maar as werk waarvan Kruger self as outeur genoem word, verdien dit prioriteit in die behandeling van geskiedwerke oor hom.

1. Die ontstaan en outentisiteit van die werk

Die Gedenkschriften is vir die eerste keer in 1902 gepubliseer. Hoewel die manuskrip in Nederlands geskryf is, het 'n Duitse uitgawe²⁹⁾ nog voor die Nederlandse een verskyn. Waar die manuskrip, wat opgestel is deur H.C. Bredell en P.G.W. Grobler, in die Duitse druk deur pastoor A. Schowalter vertaal en bewerk is, is die Nederlandse bewerking van die hand van Frederik Rompel. Aangesien lg. bewerking in dieselfde taal as die manuskrip is en daarby, volgens Rompel altans, die teks streng gevolg is,³⁰⁾ moet

27) Vgl. Maurois, a.w., bl. 133.

28) Kyk voetnoot 1 hierbo.

29) Im Kampf um Südafrika, Lebenserinnerungen des Präsidenten Paul Kruger. München, Lehmanns, 1902.

30) Rompel, F., Voorwoord tot Gedenkschriften bl. xii. Vgl. die beëdigde verklaring van H.C. Bredell, weergegee in die Afrikaanse bewerking van die Gedenkschriften: Gedenkskrifte van Paul Kruger... Pretoria, Van Schaik, 1947, bl. xii. Dit is nie duidelik wat die bewerking van Rompel dan wel ingehou het nie.

~~dit as die eintlike oorspronklike uitgawe beskou word.~~³¹⁾

Die Gedenkskriften is kort na die eerste verskyning verskillende ander tale uitgegee.³²⁾ Daar het ook latere uitgawes verskyn,³³⁾ waaronder een in die Afrikaanse taal.³⁴⁾

Wie was die sg. opstellers van die Gedenkskriften? Hermanus Christiaan Bredell (1865-1953) was 'n Kapenaar wat op Stellenbosch hoër onderwys ontvang het. Nadat hy 'n tydlang werksaam was in die polisie diens van die Z.A.R., is hy na die uitbreek van die oorlog deur Kruger gevra om hom met die behartiging van sy korrespondensie by te staan. Hy het daarna in Kruger se huis gebly en was daaglik met hom in aanraking. Ook met Kruger se reis na Europa het Bredell hom vergesel en ook daarna, as sy privaatsekretaris, steeds by hom gebly. Hy is later met 'n kleindogter van Kruger getroud en was in sy verdere lewe o.m. algemene sekretaris van die Suid-Afrikaanse Polisie.³⁵⁾

Pieter Gert Wessels Grobler (1873-1942) was die seun van 'n suster van Paul Kruger. Hy het sy hoër opleiding aan die Pretoriase Gimnasium ontvang en het daarna ondersekretaris van buitelandse sake van die Z.A.R. geword. Tydens die oorlog was hy o.m. werksaam in die behartiging van die diplomatieke sake van die Republiek in Nederland. Hy sou later 'n belangrike figuur in die Suid-Afrikaanse politiek word en etlike jare kabinetsminister in

31) Dit wil nie sê dat dit die beste van die verskillende uitgawes is nie. Dr. W.J. Leyds het verklaar dat die Duitse uitgawe s.i. beter is as die Nederlandse een. Vgl. Scholtz, G.D., Europa en die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902, Johannesburg, Voortrekkerpers, 1939, bl. 220.

32) Uitgawes van die Gedenkskriften in ander tale is o.m.: The memoirs of Paul Kruger... (2 dle.) Londen, Unwin, 1902; Les mémoires du président Kruger... Parys, Malherbe, 1902; Memorias do presidente Kruger... Lissabon, Typographia Universal, 1902; Paul Kruger's Lewerendringen... Kristiana, Tvedle, 1902. (Noorse uitgawe).

33) 'n Heruitgawe van die Gedenkskriften van 'n besondere aard het in Duitsland tydens die Tweede Wêreldoorlog verskyn. Dit bevat foto's uit 'n film van Paul Kruger met 'n voorwoord van die akteur Emil Jannings, wat die rol van Kruger in die film gespeel het.

34) Kyk voetnoot 30 hierbo.

35) Vgl. De Kock, W.J., Dag na dag by Paul Kruger. Herinneringe van kol. H.C. Bredell (Die Huisgenoot, 15 en 22 Desember 1944).

die Suid-Afrikaanse regering wees.³⁶⁾

Bredell en Grobler het Kruger, hoewel hoofsaaklik in sy latere jare, dus goed geken. Albei het ook 'n goeie opleiding geniet, hoewel geeneen van hulle as 'n geskoolde historikus beskou kan word nie.

In 1901, tydens Kruger se verblyf in Utrecht, Nederland, is begin om Kruger herinneringe op te teken³⁷⁾ nadat Bredell en Grobler hom daartoe oorgehaal het.³⁸⁾ Hulle het egter nie alleen opgeskryf wat Kruger uit sy geheue aan hulle meegedeel het nie, maar ook van enkele dokumente gebruik gemaak wat Kruger in sy besit gehad het. Nadat die manuskrip voltooi was, is dit aan Kruger voorgelees. Enkele wysigings is nog aangebring en daarna het Kruger toegestem dat dit gepubliseer kon word.³⁹⁾ Ook die bewerkers, Schowalter en Rempel, het Kruger ondervra oor sekere dinge in die Gedenkschriften wat afgewyk het van weergawes in ander werke.⁴⁰⁾ „Kruger echter hield vast aan zijn voorstelling die de ware was”.⁴¹⁾

Luidens die subtitel van die Gedenkschriften, is dit aan Bredell en Grobler „gedicteerd”; tog kan die werk moeilik as 'n letterlike diktaat beskou word. Daarvan getuig alreeds die gebruik van dokumente en latere wysiginge in die teks. Dit is ook onwaarskynlik dat Kruger werklik 'n presiese, in alle opsigte saamehangende relaas van sy lewe sou gegee het, wat net so as outobiografie gepubliseer kon word, veral as in gedagte gehou word dat hy toe reeds 75 jaar oud was. Die optekenaars het waarskynlik die struktuur van die werk bepaal en was ook in 'n groot mate verantwoordelik vir die taal en styl. Bredell het in 'n latere be-

36) Vgl. Rosenthal, R. (red.), South African dictionary of national biography. Londen, 1966, bl. 151.

37) Vgl. Krüger, D.W., Paul Kruger, dl. II, bl. 283.

38) Vgl. Bredell se beëdigde verklaring (voetnoot 30 hierbo).

39) Ibid.

40) Vgl. Nathan, Paul Kruger. His life and times, bl. 472; Gedenkschriften, bl. xii.

41) Gedenkschriften, bl. xii.

ëdigde verklaring ook nie gesê dat Kruger sy herinneringe gedikteer het nie, maar dat aan hulle vertel het.⁴²⁾

In die lig van voorgaande is dit begryplik waarom die werk dié besondere vorm aangeneem het: die opstellers was daarop uit om 'n geskiedwerk oor Kruger te lewer, wat direk gepubliseer kon word, nie om sy herinneringe in alle opsigte presies op te teken nie; daarom het dit onmoontlik geword om in die teks duidelik te sien waar die aandeel van Kruger ophou en dié van die optekenaars begin. Kruger kon op sy gevorderde leeftyd nie alles in besonderhede onthou nie en wou ook net dit wat na sy oordeel belangrik was, vermeld. Aangesien ook weinig dokumente gebruik is en die opstellers geen werklike historici was nie, het die Gedenkschriften as geskiedwerk heelwat tekortkominge.

Enkele Suid-Afrikaanse historici het later verklaar dat Kruger nie die outeur van die Gedenkschriften was nie.⁴³⁾ Die werk is selfs „a speculative venture on the part of the compilers” genoem.⁴⁴⁾ Dié geskiedskrywers is tot hierdie gedagte gebring deur die onduidelikheid oor die aandeel van die opstellers in die uiteindelijke aard van die werk, maar ook deur sekere foutiewe bewerings in die geskrif soos bv. dat Kruger in 1875 nog kommandant-generaal van die Z.A.R. was.⁴⁵⁾ Dit lyk egter nie onmoontlik nie dat, naas die opstellers se onkunde, die verswakking van Kruger se geheue en opmerkzaamheid vir die onjuisthede verantwoordelik was. Ook die gebruik van die derde persoon in die werk waarmee Kruger, behalwe in die eerste hoofstuk, aangedui word, hoef nie te beteken dat Kruger sy herinneringe nooit self vertel het nie. Rompel se se verklaring hiervoor nl. dat Kruger nie die ek-vorm wou gebruik nie omdat hy geglo het dat „zijn persoon verdwijnt zodra hij als

42) Kyk voetnoot 30 hierbo.

43) Engelbrecht, S.P., Thomas Francois Burgers: 'n Lewensskets. Pretoria, De Bussy, 1933, bl. 201; Uys, C.J., Paul Kruger. Van die wieg tot die graf. Kaapstad, Balkema, 1955, bl. 10.

44) Uys, C.J., In the era of Shepstone: being a study of British expansion in South Africa. Lovedale, Lovedale Press, 1933, bl. 203.

45) Gedenkschriften, bl. 68.

gevolmachtigde van zijn volk optreedt" en „het zou zelfverheffing teenover God zijn, als hij roemde in eigen daden"⁴⁶⁾ klink geen= sins onaanneemlik nie.

Gesien die totstandkoming van die werk kan die Gedenkschriften moeilik as 'n outobiografie, beskrywing van die eie lewe, beskou word. Tog bevat dit Kruger se eie herinneringe, al is dit nie in presies dieselfde vorm as wat hy dit meegedeel het nie. Wat die waarde van die herinneringe is, moet in 'n nadere betragting van die werk vasgestel word.

2. Die algemene aard van die werk

Die Gedenkschriften, waarvan die Nederlandse uitgawe 274 bladsye beslaan, gee 'n min of meer kronologiese weergawe van Kruger se optrede, behalwe vir die eerste hoofstuk waarin sy „jeugd en particulier leven"⁴⁷⁾ afgehandel word. Soos reeds gemeld is die bronne vir die werk Kruger se geheue en enkele dokumente. Laasgenoemde dateer veral uit die tyd van Kruger se latere optrede as president en is hoofsaaklik direk in die teks weergegee.⁴⁸⁾ Daar is weinig sprake van geskiedinterpretasie; die werk is bloot 'n kronologiese relaas van gebeure wat in verband met Kruger se lewe staan.

In die Gedenkschriften word slegs oor Kruger se openbare optrede gehandel; in die eerste hoofstuk, wat Kruger se private lewe moet dek, word nie veel meer nie as 'n aantal jagverhale van hom vertel en sy vrou word slegs een enkele maal genoem.⁴⁹⁾ Ook kan die werk nie as 'n volledige weergawe van Kruger se openbare optrede beskou word nie; slegs die vernaamste sake word behandel. So word in die hoofstuk „Regeering van president Burgers"⁵⁰⁾ na

46) Ibid., bl. xii.

47) Titel van hoofstuk I, bl. 1.

48) In die werk is ook 'n aantal toesprake van Kruger as bylaes opgeneem (bl. 219-274).

49) Gedenkschriften, bl. 8.

50) Ibid., bl. 65 e.v.

enkele opmerkinge oor Burgers se ampsaanvaarding en sy spoorweg=beleid direk oorgestap na die Sekoekoeni-oorlog en dan na die annexasie van 1877.

Hierbo is reeds vermeld dat die Gedenkskriften nie vry van onakkuraathede is nie. Benewens dinge soos die foutiewe datum van sy vertrek uit Kaapstad na Europa in 1883⁵¹⁾ is daar beweringe van Kruger, bv. oor die redes vir sy weiering om die oorlog teen Sekoekoeni te lei,⁵²⁾ wat deur historici in twyfel getrek word.⁵³⁾ Hierbenewens is Kruger se siening van gebeure dikwels eensydig en sy beoordeling van persone subjektief; terwyl Cecil Rhodes bv. bestempel word as „een der meest gewetenlooze personen... die ooit geleefd hebben“⁵⁴⁾ word F.W. Reitz beskryf as „een man van een voornaam en nobel karakter en zonder enige zelfzucht, wiens enig doel is het land nuttig te zijn.“⁵⁵⁾ Ook is 'n apologetiese element soms aanwesig en optredes van Kruger waarteen kritiek uitgespreek is, word in die werk verdedig. Hy verklaar bv. met klem dat die proklamasie van 1884 oor Stelland en Goosen geen intrige was nie, „maar een handeling, die Kruger ook heden nog als juist beschouwd“⁵⁶⁾ — hierdie bewering word dan nie juis verder gemotiveer nie.

Hoewel die uitkyk op die geskiedenis in die Gedenkskriften nie onbevooroordeeld is nie, bly dit tog in 'n groot mate vry van persoonlike gevoelens oor politieke teenstanders, ook ten spyte van die Tweede Vryheidsoorlog wat nog aan die gang was toe die werk tot stand gekom het. Terwyl Milner se optrede as openlik vyandig teenoor Transvaal voorgestel en gesê word dat Milner hom met 'n sekere saak bemoei het, „waarschijnlijk met geen ander doel dan om de Republiek te plagen“⁵⁷⁾ word niks onvriendeliks oor sy

51) Ibid., bl. 111 (September i.p.v. Oktober).

52) Ibid., bl. 68-69.

53) Uys, C.J., Paul Kruger. Van die wieg tot die graf, bl. 50, Engelbrecht, Thomas Francois Burgers, bl. 218. Vgl. ook Krüger, D.W., Paul Kruger, dl. I., bl. 112.

54) Gedenkskriften, bl. 121.

55) Ibid., bl. 124.

56) Ibid., bl. 109.

57) Ibid., bl. 171.

persoon, bv. i.v.m. Kruger se ontmoeting met hom by die Bloemfontein-konferensie, gesê nie. Van 'n ou politieke opponent, president T.F. Burgers, word selfs heelwat goeds meegedeel.⁵⁸⁾ Kruger se bepaalde siening van persone en sake is reguit en vir baie skokkend⁵⁹⁾, maar ook duidelik eerlik en sonder haatgevoelens.

Wat taal en styl betref, munt die Gedenkskriften nie uit nie. Dit is goed leesbaar, maar bly 'n eentonige, selfs droë weergawe van die een gebeurtenis na die ander.

3. Die beeld van Kruger in die werk

In die Gedenkskriften word eintlik nie 'n beeld van Kruger se lewe en werk gegee nie, maar slegs van die verloop van gebeure waarin hy 'n rol gespeel het. Daar word geswyg oor sy dade wat nie direk in verband staan met belangrike staatkundige kwessies nie en ook oor verhoudinge binne regeringskringe van die Z.A.R., waaruit sou kon blyk in hoeverre Kruger self vir optredes van die Transvaalse regering verantwoordelik was. Daarbenewens word sy beleid nie uiteengesit of gemotiveer nie. Die beskrywing van Kruger se optrede is dus in die algemeen oppervlakkig en beknop. Al gaan dit steeds om Kruger se optrede, lees ons oor homself, soos ook oor sy private lewe, eintlik maar weinig. Kruger se terughoudendheid om oor homself te praat, behalwe om enkele jag- en oorlogsavonture te vertel, blyk dan ook duidelik. Daarby gaan dit vir hom nie soseer daarom om 'n beeld van sy eie lewe te gee nie, maar om sy siening van die gebeurtenisse waarin hy in sy openbare loopbaan 'n rol gespeel het, weer te gee.

As daar iets van Kruger as mens uit die werk na vore kom, is dit nie uit die beskrywing self nie, maar uit die manier waarop sake gesien en vertel word. So kan gesien word dat Kruger hom nie veel ophou met allerlei details van 'n saak nie, maar reg-

58) Ibid., bl. 67.

59) Daar was veral verontwaardiging oor Kruger se opmerkings oor Rhodes. Kyk bv. Radziwill, prinses Catherine, Cecil Rhodes. Man and empire maker. Londen, Cassel, 1918; bl. 91-93.

uit deurdring na die kern en sy mening onomwonde stel. Veel van Kruger se karakter kan egter nie uit die Gedenkschriften afgelei word nie, veral ook omdat die struktuur, styl en taal daarvan in so 'n groot mate die werk van ander persone is.

4. Slotbeskouing

Dit blyk dus dat die Gedenkschriften geen duidelike beeld van Kruger gee nie. As geskiedwerk mis dit interpretasie en objektiwiteit; dit gee in hoofsaak Kruger se subjektiewe uitkyk op sake weer. As herinneringe van Kruger is dit ongetwyfeld wel van waarde, maar tog bevat dit nie besonder veel wat nie reeds bekend was nie, veral omdat die werk so 'n oorsigtelike beskrywing van gebeure gee. Ook is aan die waarde daarvan afbreuk gedoen deur die metode waarvolgens die optekenaars te werk gegaan het.

Dit is jammer dat die Gedenkschriften as weergawe van Kruger se herinneringe sulke groot tekortkominge het. Dit sou egter onbillik wees om die opstellers hiervoor te blameer; hulle het die werklike historiese waarde van die tekening van Kruger se herinneringe nie besef nie en daarby kon hulle slegs dit bied wat Kruger bereid was om te vertel en op skrif gestel te sien. Veeler moet dit waardeer word dat hul tog iets van Kruger se eie siening op die gebeure waaraan hy deelgehad het, vir die nageslag behoue laat bly het. Daardeur het die werk tog 'n belangrike bydrae tot die kennis oor Kruger geword.

Die Gedenkschriften het veral bygedra om wye bekendheid aan Paul Kruger te gee. Terwyl die meeste tydgenootlike geskrifte oor hom slegs in Engels, Nederlands of Duits gepubliseer is, het die Gedenkschriften in verskillende ander Europese tale verskyn.⁶⁰⁾ Dit sou ook die enigste geskrif oor Kruger in hierdie tale bly. Verder het die Gedenkschriften 'n groot invloed gehad op die latere geskiedskrywing oor Kruger omdat dit as weergawe van sy eie herinneringe deur byna elkeen wat iets oor hom geskryf het,

60) Kyk voetnoot 32 hierbo.

geraadpleeg moes word. Hiervan sal iets blyk by die bespreking van ander werke in hierdie verhandeling.

C. J.F. van Oordt: Paul Kruger en de opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek

Johan Frederik van Oordt (1856-1907) was 'n Nederlander van geboorte. Nadat hy in Nederland sy skoolopleiding geniet het, het hy onderwyser geword, maar in sy verdere lewe ook beroepe soos dié van prokureur en mynkommissaris uitgeoefen. Hy het, ten gevolge van sy swerwersnatuur en sy verslaafdheid aan drank, dit nooit lank op een plek uitgehou nie en dit ook nie ver in sy loopbaan gebring nie.⁶¹⁾ Tog was hy 'n man met 'n groot werkvermoë en skrywerstalent. Hy het 'n groot aantal historiese romans, meesal onder die skuilnaam D'Arbez, geskryf. Van die enkele geskiedwerke wat hy gelewer het, is sy Paul Kruger en de opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek verreweg die omvangrykste en belangrikste. 'n Klein biografie van Kruger, veral vir die jeug bedoel, het ook van sy hand verskyn.⁶²⁾

Hoewel Van Oordt steeds in Nederlands geskryf het, ook toe die Tweede Afrikaanse Taalbeweging al in volle gang was, word hy meesal as 'n voorloper van die Afrikaanse letterkunde beskou en sy werke tot die Afrikaanse kultuurerfenis gereken.⁶³⁾ Sy werke was populêr en hy was 'n belangrike skrywer in sy tyd, ook al is die literêre waarde van sy werk nie baie hoog nie.⁶⁴⁾

As historikus moet Van Oordt as 'n amateur beskou word. Dit wil egter nie sê dat sy uitgebreide werk oor Kruger⁶⁵⁾ nie op

61) Vgl. Nienaber, P.J., D'Arbez as skrywer, Pretoria, De Bussy, 1936, bl. 29-43, waar 'n redelik uitgebreide beskrywing van Van Oordt se lewensloop gegee word.

62) Van Oordt, J.F. (Onder skuilnaam D'Arbez), Van-schaapwachter tot president. Het leven van Paul Kruger, Kaapstad, Dussau, 1904. (Bespreek in hoofstuk III.)

63) Vgl. Dekker, G., Afrikaanse literatuurgeskiedenis, Nasou, bl. 118, (7de om- en bygewerkte druk); Steyn, J.J.P., a.w., bl. 27.

64) Vgl. Nienaber, a.w., bl. 27.

65) Dit beslaan in die Nederlandse uitgawe 904 bladsye.

wetenskaplike navorsing gebaseer is nie; hy het in 1896 spesiaal na Transvaal vertrek om studie oor Paul Kruger te doen.⁶⁶⁾ In 1898 het sy werk verskyn, wat ook in Nederland versprei en in 1900 in Duits vertaal is.⁶⁷⁾

In die voorwoord verklaar Van Oordt dat, hoewel dit vir hom daarom gaan om die lewe van Paul Kruger te beskryf, die geskiedenis van Kruger tegelykertyd die geskiedenis van Transvaal is; daarom moet die werk ook „eene min of meer uitvoerige schets van de geschiedenis der Transvaalsche Republiek" insluit.⁶⁸⁾ Van Oordt se oogmerk was dus wel 'n biografie van Paul Kruger, maar tegelykertyd wou hy ook die Transvaalse geskiedenis belig.

Van Oordt wou inligting van die vroeë geskiedenis verskaf en vir die nageslag bewaar. Hy het gesien dat daar in sy tyd reeds weinig kennis van hul eie geskiedenis by die Afrikaners was en het daarbenewens heel waarskynlik aan die groter wordende invloed van die Engelse kultuur gedink; sy werk was dan ook 'n poging om van die Afrikaner se bewustheid van eie geskiedenis te vergroot en by te dra tot die bewaring van die Afrikaanse erfenis teen die aanslae van die Britse kultuur.⁶⁹⁾

In sy werk wil die skrywer aan die nageslag toon wat Kruger se tydgenote van hom gedink het. Hy besef dat sy oordeel oor Kruger en oor die geskiedenis nie finaal is nie en dat hierdeur beperkinge aan sy werk gestel word; „slechts kan het eene bloote schets zijn van het geen hij was in de oogen van het hem omringend publiek".⁷⁰⁾ Ook wil hy Kruger vanaf 'n Transvaalse oogpunt be-
trag: „Om Paul Kruger thans uit enig ander gezichtspunt te beoor-
deelen, daarvoor is het minstens vijf-en-twintig jaar te vroeg.

66) Vgl. Nienaber, a.w., bl. 31.

67) Onder die titel: Kruger und die Entstehung der Südafrikanischen Republik. Basel, Benno Schwabe, 1900, (twee dele).

68) Van Oordt, Paul Kruger en de opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek, bl. 5.

69) Vgl. Van Jaarsveld, Ou en nuwe weë, bl. 18; Steyn, J.J.P., a.w., bl. 67.

70) Van Oordt, Paul Kruger, en de opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek, bl. 2.

Zelfs uit een algemeen Zuid-Afrikaansch oogpunt kan men geen oordeel vellen over zijne handelingen, om de eenvoudige reden dat dit standpunt, wegens de thans heerschende verschillen van meening in Zuid-Afrika zelf niet kan bepaald worden. Mij bleef dus de keuze om den Transvaalschen President te beschrijven of van een Transvaalsch of van een Engelsch standpunt. Kan men het mij, als Afrikaner die voor Afrikaners schrijft, kwalijk nemen dat ik er geen heil in zag, en ook weigeren zou, om het Engelsch idee van Paul Kruger aan te hangen? Eenig nationaal gevoel moet zelfs de meest onpartijdige geschiedschrijver hebben; of anders wordt hij een levenlooze pop, die tot niets anders in staat is dan machinaal gebeurtenissen op te teekenen — een kroniekschrijver".⁷¹⁾

Van Oordt behandel die lewe van Kruger tot 1897, die jaar waarin hy die werk geskryf het. Hoewel baie uitvoerig — dit is die mees uitgebreide werk wat oor Kruger bestaan — kan dit geensins volledig genoem word nie. Veral oor Kruger se optrede voor 1877 het die skrywer blykbaar weinig inligting gehad en wat hierdie tydperk betref, beskryf hy slegs die geskiedenis van die Z.A.R., waar Kruger as een van die belangrike figure van die tyd eintlik net genoem word. Van Oordt begin sy werk ook nie met besonderheede oor Kruger se ouers en sy geboorte nie, maar behandel eers die oorsake van die Groot Trek, waarna die hele geskiedenis van die Trekkers dan kortliks geskryf word. Namate die skrywer nader aan sy eie tyd kom, word hy steeds uitvoeriger; aan die Jamesoninval, wat in dié tyd pas agter die rug was, wy hy bv. etlike hoofstukke. In ag genome dat die geskiedenis van Kruger tydens sy presidentskap nou met die van Transvaal verband hou, handel hy tog uitgebreid oor sake wat van weinig belang vir Kruger se optrede is. Sy privaatilewe word eers in 'n hoofstuk aan die einde van die werk nader bekyk.

Van Oordt het heelwat gepubliseerde bronnemateriaal, waaronder nie net amptelike dokumente nie, maar ook koerante, pamflette en boeke geraadpleeg. Verder het hy, so verklaar hy self,

71) Ibid., bl. 7.

heelwat van mondelinge getuienisse gebruik gemaak.⁷²⁾ Hy meld egter nie of hy enige inligting van Kruger self bekom het nie. Behalwe wat lg. saak betref, het Van Oordt tog duidelik 'n baie volledige studie gedoen van die bronnemateriaal wat in sy tyd beskikbaar was. Verskeie dokumente, waarvan sommige meer as twaalf bladsye beslaan,⁷³⁾ is direk in die teks opgeneem. Engelse dokumente is vertaal terwyl ander dokumente nie oral presies aangehaal is nie.⁷⁴⁾ Ook is daar geen bronneverwysings in die werk nie. Waar heelwat materiaal oor die latere geskiedenis van Transvaal bekom kon word, was dit nie die geval met die vroeëre tydperk nie en dit skyn of Van Oordt hiervoor hoofsaaklik op sekondêre werke staat gemaak het, veral op die geskiedwerke van Theal.⁷⁵⁾

Soos reeds blyk uit sy veelvuldige direkte weergawe van dokumente, doen van Oordt nie werklik interpretasie van sy bronne nie; hy probeer nie om dieper motiewe agter gebeure te vind nie en doen geen sintese op grond van sy weergawe van feite nie. Van Oordt gee 'n relaas van gebeure, wat in die algemeen akkuraat en betroubaar is,⁷⁶⁾ en voeg dan kommentaar daarby. Hierin toon Van Oordt 'n oordeel wat, hoewel selfstandig en krities, tog meesal subjektief bly en nie deur die weergegewe feite gestaaf word nie. Waar sy oordeel oor Burgers en oor S.J. du Toit baie ongunstig is,⁷⁷⁾ maar nie sonder begrip vir hul optrede nie; toon hy hom openlik vyandig as dit kom by die beoordeling van die Engelse optrede

72) Ibid., bl. 4.

73) Bv. die weergawe van die Uitlandermanifest, bl. 629-642.

74) Vgl. Smit, F.P., Die staatsopvattinge van Paul Kruger. Pretoria, Van Schaik, 1951, bl. ix.

75) Vgl. Van Jaarsveld, Die beeld van die Groot-Trek in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing, 1843-1899, bl. 68 en Malan, J.H., Die opkoms van 'n Republiek. Bloemfontein, Nasionale Pers, 1929, bl. 468.

76) Vgl. Naude, J.D., Paul Kruger en die eerste annexasie van die Transvaal, 1877-1881. Ongepubl. M.A.-verhandeling, Unisa (P.U.K. vir C.H.O.), 1937, bl. vii.

77) Van Oordt, Paul Kruger en die opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek, bl. 174, 436.

teenoor Transvaal en laat hom dan deur sy gevoel eerder as deur 'n rasionele beskouing lei. Veral die gebeure van sy eie tyd, soos die Jamesoninval, beskryf hy met groot emosionele geladenheid. Van Rhodes en Chamberlain roep hy uit: „Zij zijn de Judassen van Zuid-Afrika!" Met byna kinderlike leedvermaak skryf hy dat Kruger se optrede teenoor die invallers van 1896 en 'n skrywe aan Chamberlain daarna „zich de slimmen Jou zich de haren heeft moeten doen uitrukken van machteloze woede en spijt." ⁷⁸⁾

Waar Van Oordt se uitkyk op die Engelse optrede duidelik bevooroordeeld is, ⁷⁹⁾ beïnvloed dit natuurlik ook sy siening van Kruger se optrede. Dinge soos die uitdeel van Bantoe kinders aan Boere na die Schoemansdal-ekspedisie van 1867 en die proklamasie t.o.v. Stellingland en Goosen in 1884 word wel gekritiseer, ⁸⁰⁾ maar vir Kruger se meeste dade as president het hy niks anders as lof nie. Hy sien hom steeds as die stoere Kruger wat die onafhanklikheid van sy Republiek met hand en tand verdedig teen die bese planne van die Engelse imperialiste: „Nog steeds ligt de Leeuw van Rustenburg, achter zijne marmeren klauw op de Onafhankelijkheid; nog steeds heeft hij het oor gevestigd op den Britschen Leeuw, die sluipend en glurend, dan eens van voren, nu weer op verraderlijke wijze van achteren (d.i. van uit Matabeleland) tracht hem de Onafhankelijkheid te ontrukken". ⁸¹⁾

Die oordrewe lofuitinge op Paul Kruger, ⁸²⁾ die retoriese uitroepe en die gekunstelde beeldspraak — waarvan iets in die aangehaalde fragment blyk — mag hinderlik wees. Tog is die styl van

78) Ibid., bl. 668, 756.

79) Selfs in 'n werk wat baie groot simpatie met die Boere toon en weinig met die Engelse word dit betreur dat Van Oordt soms „te veel heeft toegegeven aan zijn vooringenomenheid tegen alles wat van den kant van Engeland is gekomen". Andriessen, W.F. (red.); Gedenkboek van den oorlog in Zuid-Afrika. Amsterdam, H.A.U.M., 1904, bl. 36.

80) Van Oordt, Paul Kruger en de opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek, bl. 133, 436.

81) Ibid., bl. 361.

82) Vgl. Scholtz, Die ontwikkeling en huidige stand van die Suid-Afrikaanse historiografie (Tydskrif vir wetenskap en kuns, November 1946).

Van Oordt vloeiend en sy trant onderhoudend.⁸³⁾ Gebruike soos die direkte aanspreek van die leser telkens in die werk is van= dag ouderwets, maar was in populêre werke van die tyd geënsins on= gewoon nie.⁸⁴⁾

Watter beeld gee Van Oordt van Kruger? Volledig is dit beslis nie: oor sy loopbaan voor 1877 lees ons uiters weinig, oor sy daaglikse lewe word net enkele anekdotes genoem; sy karakter word net in enkele trekke geteken. „Hij was en bleef steeds Paul Kruger, de man die God vreesde, en geen mensch ontzag; een man wat geen grote boekgeleerdheid, maar begaafd met een uiters gezond ver= stand en ijzeren wil; een man die wist wat hij wil en niet rustte voor hij zijn doel bereikt had”.⁸⁵⁾ Kruger se moed en wylskrag word steeds beklemtoon en selfs besing. Hy meen dat Kruger „stijf= hoofdig”⁸⁶⁾ en „een beetje opvliegend van natuur”⁸⁷⁾ was, maar hier= die eienskappe versink eintlik in die niet by sy byna geheel edele persoonlikheid. Kritiek van andere op Kruger se karakter weerlê hy met klem.⁸⁸⁾ Hy gaan nie diep in op Kruger se karakter en sy innerlike nie en beskou hom byna kinderlik vererend en naïef: „het was hem om het even of hij een praatje hield met zijn buurman in het Rustenburgsche dan of hij in een van Englands kastelen met een Prins of Hertog stond te spreken over Zuid-Afrikaansche zaken”.⁸⁹⁾

Kruger se optrede as president sien Van Oordt geheel in die lig van sy stryd om die onafhanklikheid teen Britse aanslae. Hoewel hy Kruger se optrede in die verband deurgaans prys, kon hy

83) Vgl. Nienaber, a.w., bl. 27.

84) As P.C. Coetzee praat van die „sukkelgang van Van Oordt se deftige en halfamptelike Joernalees”, doen hy Van Oordt m.i. 'n onreg aan. Coetzee, P.C., „n Paar boeke oor president Kruger (Historiese Studies, Oktober-- Desember 1943).

85) Van Oordt, Paul Kruger en de opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek, bl. 185.

86) Ibid., bl. 801.

87) Ibid., bl. 814.

88) Bv. Ibid., bl. 797 e.v.

89) Ibid., bl. 185.

dit nie altyd heeltemal begryp nie, en soek hy motiewe daaragter wat waarskynlik met sy eie wense ooreenkom; hy glo bv. dat Kruger strewe na 'n vry, verenigde Suid-Afrika.⁹⁰⁾ Desnieteenstaande sien hy tog ook 'n voortsetting van Potgieter se isolasiepolitiek in Kruger se optrede⁹¹⁾ en meen selfs dat Kruger se stemregbeleid teenoor die Uitlanders daarop gemik is om van Transvaal 'n aristokratiese grondbesittersrepubliek te maak.⁹²⁾ Sy voorstelling van Kruger se beleid is dus eensydig en soms onjuis. Dit moet egter in ag geneem word dat in die tyd waarin Van Oordt geskryf het, nog voor die Tweede Vryheidsoorlog, hy Kruger se beleid nog nie in sy geheel kon oorsien nie en dus nie veel perspektief op Kruger se presidentsoptrede kon hê nie, waarby nog kom dat hy nie alle gegevens tot sy beskikking gehad het nie.

Die beeld van Kruger in die werk is dus onvolledig, vaag en ook geïdealiseer. Daarby is dit verswelg in die feitemassa. As biografie het hierdie werk derhalwe veel gebreke; terwyl dit as geskiedwerk ook geensins van hoë gehalte is nie. Sy werk staan heeltemal in die teken van die tyd waarin dit geskryf is; verontwaardiging oor die Britse optrede met die Jamesoninval beheers die skrywer se uitkyk. Dit bevat egter besonder veel feitemateriaal oor Paul Kruger en het in die dae van die Tweede Vryheidsoorlog in Nederland en in Duitsland feitlik die standaardwerk oor Kruger en selfs oor die geskiedenis van Transvaal geword. Ook lank daarna nog, eintlik tot die verskyning van Nathan se Krugerbiografie in 1941⁹³⁾, was dit die bes gedokumenteerde lewensbeskrywing van Kruger.

D. F.R. Statham: Paul Kruger and his times

'n Engelstalige biografie van Paul Kruger het in dieselfde jaar as die werk van Van Oordt, dus in 1898, verskyn. Die skrywer hiervan is Francis Reginald Statham (1844-1899); 'n Engels-

90) Ibid., bl. 815.

91) Ibid., bl. 371.

92) Ibid., bl. 453.

93) Kyk voetnoot 1 hierbo.

man wat van 1877 - 1895 in Suid-Afrika gewoon het en redakteur was van etlike koerante sowel in Natal, die Kaapkolonie as in Transvaal. Dikwels moes hy 'n redakteurskap neerlê a.g.v. 'n botsing met die beleid van die uitgewers. Hy het hom dan ook baie krities teenoor die Britse beleid in Suid-Afrika getoon en in die algemeen simpatiek teenoor die Boere se optrede gestaan, soos ook blyk uit enkele werke wat hy tydens sy verblyf in Suid-Afrika geskryf het.⁹⁴⁾ In 1895 is hy deur die regering van die Z.A.R. aangestel in 'n betrekking wat beskryf kan word as persattaché van die Republikeinse regering in Londen. Hy het in dié hoedanigheid verskeie artikels ten gunste van die Boeresak aan Engelse tydskrifte gerig,⁹⁵⁾ totdat hy na die uitbreek van die oorlog sy betrekkinge met die Transvaalse regering verbreek het. Benewens joernalis en skrywer was Statham ook 'n verdienstelike digter en komponis.⁹⁶⁾

Statham se Krugerbiografie, wat ook in Nederlands verskyn het,⁹⁷⁾ is geskryf tydens sy verblyf in Engeland en vorm eintlik deel van sy pogings om die Boeresak in Brittanje te verdedig. Sy doel was veral om inligting oor Kruger — en daarby ook oor die Transvaalse geskiedenis — te verskaf, waardeur Kruger se beleid in 'n beter lig as in die meeste Britse tydskrifte gestel sou word.

Die werk, wat sowat 300 bladsye beslaan, gee 'n kronologiese oorsig van Kruger se lewe tot die tyd waarin dit geskryf is. Soos Van Oordt deel Statham ook weinig oor Kruger se vroeë loopbaan mee en verhaal heelwat wat nie direk in verband met Kruger se

- 94) Nl. Blacks, Boers and British. A three-concerned problem. Londen, MacMillan, 1881 en South Africa as it is. Londen, Fisher Unwin, 1897.
- 95) O.a.: Paul Kruger: an apology and a defence (Fortnightly Review, 1898, bl. 468-578); Paul Kruger and his contemporaries (English illustrated magazine, 22 November 1899).
- 96) Kyk vir besonderhede oor sy lewe: Van der Vyver, W.B., Francis Reginald Statham (De Kock, W.J. (red.), Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek. Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1968, dl. I, bl. 803-804) en Statham, F.R., My life's record. A fight for justice. Londen, Gilby, 1901.
- 97) Onder die titel: Paul Kruger en zijn tijd. 's Gravenhage, 1899.

lewe staan nie.

Anders as Van Oordt het Statham egter nie besonder veel bronne geraadpleeg nie - iets wat hy eintlik nie kon doen tydens sy verblyf in Engeland nie, terwyl ook die beperktheid van sy kennis van die Nederlandse taal hom dalk in sy navorsing kon gestrem het. Naas sekondêre werkte soos dié van Theal en Jorissen⁹⁸⁾ het hy blykbaar hoofsaaklik van gepubliseerde dokumente gebruik gemaak. Met Kruger self het hy tevore slegs een onderhoud gehad.⁹⁹⁾ Dit skyn of hy toe reeds die skryf van 'n biografie oor Kruger in gedagte gehad het; in die voorwoord verklaar hy tenminste dat Kruger se „reluctance to talk either about himself or his career“¹⁰⁰⁾ een van die grootste probleme vir 'n biograaf van Kruger is.

Soos van Oordt gee Statham dokumente soms direk weer en maak aanhalings sonder om na die bronne verwys; Statham toon egter tog ook kritiese insig en interpretasie van sy gegewens. Ongelukkig, hoewel die eerste deel 'n aaneenlopende verhaal vorm wat die belangrikste lyne van die vroeë Transvaalse geskiedenis en van Kruger se lewe goed na vore bring, bestaan die gedeelte oor Kruger se presidentskap uit 'n samestelling van 'n aantal los gegewens met kommentaar. Die latere geskiedenis kon Statham duidelik nog nie goed oorsien en beheers nie.

Gebrek aan intieme kennis met Transvaalse omstandighede en ook aan deeglike studie van die bronne word verraai deur onakku-raathede; hy vertel bv. dat Kruger 'n voorstander van Burgers se presidentskandidatuur was¹⁰¹⁾ en verwar die Gereformeerde en Hervormde Kerke in Transvaal met mekaar.¹⁰²⁾ Tog toon hy ook groot begrip vir die vraagstukke waarmee Suid-Afrikaanse politici te kampe gehad het en het o.a. in president Burgers se probleme

98) Jorissen, E.J.P., Transvaalsche herinneringen, 1876-1896. Amsterdam, De Bussy, 1897.

99) Vgl. Statham; My life's record, bl. 151.

100) Statham; Paul Kruger and his times; Preface (ongenommerd).

101) Ibid., bl. 78.

102) Vgl. Ibid., bl. 51, 217.

neelwat insig.¹⁰³⁾ Hy hou steeds in gedagte dat hy vir die Britse publiek skryf en verduidelik Suid-Afrikaanse toestande.

Teenoor die Britse optrede in Suid-Afrika toon Statham hom, soos verwag kan word, baie krities. Die hele Britse koloniale beleid t.o.v. Suid-Afrika — waarin hy heelwat insig toon — was vir hom onverstandig.¹⁰⁴⁾ Chamberlain se optrede in besonder kritiseer hy skerp¹⁰⁵⁾ en Rhodes en die kapitaliste sien hy as 'n belangrike oorsaak vir al die moeilikhede in Suid-Afrika. Hy verdedig Kruger se optrede teenoor die Uitlanders en meen dat hy wel toegewings aan hulle sal doen as die Britse beleid teenoor Transvaal verander. Soms kritiseer hy Kruger se daade ook; so word sy toespraak met die verjaardag van die Duitse keiser veroordeel.¹⁰⁶⁾ Tog kan Statham, soos Van Oordt, nie anders as om in die gebeure van sy eie tyd geheel en al aan die kant van Kruger te staan nie. Terwyl hy die Uitlandergriewe een vir een weerlê deur logiese redenering, verdedig en bepleit hy, met oortuigende argumente, die Boere-saak soos 'n advokaat.

Aan die ander kant is Statham nie emosioneel en natuurlik ook nie anti-Engels soos Van Oordt nie. Die optrede van 'n Britse staatsman soos Carnarvon beoordeel hy bv. simpatiek.¹⁰⁷⁾ Hy bekysake egter nie van 'n Britse standpunt nie — ook nie van 'n Transvaalse standpunt soos Van Oordt wou doen nie — maar van 'n algemeen Suid-Afrikaanse gesigspunt. Hy is ten gunste van 'n verenigde Suid-Afrika, waarin Afrikaners en Engelse gelyke regte moet besit.

Statham se styl is sober en helder. Hoewel daar soms filosofiese bespiegeling, vergelykinge met die klassieke tyd en afdwalinge oor sake wat hom besonder interesseer, soos die Hugenote-name van Afrikaners,¹⁰⁸⁾ voorkom, is daar 'n logiese gang

103) Ibid., bl. 95.

104) In sy Blacks, Boers and British, bl. 216, bestempel hy die Britse departement van kolonies as die vloek van Suid-Afrika.

105) Vgl. Statham, Paul Kruger and his times, bl. 237, 299.

106) Ibid., bl. 230.

107) Ibid., bl. 104, 105.

108) Ibid., bl. 4, waar 'n lang lys van Hugenote-name gegee word.

in sy behandeling.

Dit is reeds gesê dat die werk oor Kruger se loopbaan voor 1877 baie onvolledig is. Ook t.o.v. sy optrede as president wys die skrywer slegs op die vernaamste sake. Oor Kruger se private lewe meld hy byna niks¹⁰⁹⁾ en van Kruger se karakter belig hy net enkele aspekte in verdediging teen aantygings wat daarteen geskied is. Hy beklemtoon bv. dat Kruger nie eng en bekrompe is nie, maar verdraagsaam teenoor andersdenkendes.¹¹⁰⁾ Ook toon hy aan hoedat Kruger se geloof in sy optrede tot uiting kom. Kruger het vir Statham 'n „energetic and decisive nature”,¹¹¹⁾ groot politieke vernuf en die versierende blik van 'n staatsman. Sy optrede as president teenoor die Britse bedreiging, „his tact, his firmness, his watchfulness from hour to hour over the course of public events”,¹¹²⁾ toon hom 'n ware staatsman. Statham glo dat, of Kruger se loopbaan in tragedie of in vrede eindig, hy in die toekoms bekend sal wees as historiese figuur van wie met groot agting gepraat sal word.¹¹³⁾

As biografie is hierdie werk nie baie geslaagd nie. Die beeld van Kruger is uiters onvolledig en ook ietwat vervaag in die beskrywing van gebeure. As geskiedwerk het dit, in ag genome die weinig bronne wat gebruik is, heelwat verdienste en hoewel dit eintlik 'n apologie vir die Boere is, toon dit tog historiese insig in 'n tyd toe veel groter perspektief op Kruger se rol in die geskiedenis eintlik nog nie moontlik was nie.

E. J.P. la G. Lombard: Paul Kruger. Die Volksman

J.P. la Grange Lombard is in 1878 in die toenmalige Zuid-Afrikaansche Republiek gebore. Na voltooiing van sy skoolopleiding het hy 'n joernalistieke loopbaan gevolg en was 'n tydlank redakteur van De Vriend des Volks.¹¹⁴⁾

109) Op bl. 77 in 'n voetnoot, „as this does not happen to be a family history”, word Kruger se twee huwelike genoem.

110) Statham, Paul Kruger and his times, bl. 92.

111) Ibid., bl. 98.

112) Ibid., bl. 310.

113) Vgl. Ibid., bl. 331.

114) Vgl. Nienaber, P.J., Hier is ons skrywers. Biografiese sketse van Afrikaanse skrywers. Johannesburg, A.P.B., bl. 211.

van Lombard is naas sy werk oor Paul Kruger ook nog 'n roman in Afrikaans gepubliseer.¹¹⁵⁾

Paul Kruger. Die Volksman het in 1925, honderd jaar na Kruger se geboorte, verskyn en is eintlik in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns geskryf.¹¹⁶⁾ Dit is dus 'n geleentheidswerk en is ook bedoel as 'n populêre beskrywing van Kruger se lewe, nie soseer om nuwe feite aan die lig te bring nie. Soos die titel aandui, wou hy veral Paul Kruger as volksman na vore laat kom.¹¹⁷⁾ Aangesien dit in 'n bestek van 241 bladsye tog 'n kronologiese beskrywing van Kruger se lewe gee, kan dit in dié sin tog 'n biografie genoem word.

As populêr bedoelde werk is dit nie die resultaat van oorspronklike navorsing nie. In sy voorwoord verwys die skrywer slegs na die Gedenkschriften en die biografie van Van Oordt as bronne wat geraadpleeg is. Van gegewens oor Kruger se vroeëre loopbaan wat in die werke van Engelenburg¹¹⁸⁾ en Engelbrecht¹¹⁹⁾ in 1925 gepubliseer is, na dit wil voorkom, geen gebruik gemaak nie. Met dié skamele bronnemateriaal as basis vir sy werk kon Lombard moeilik anders as onkrities teenoor die bronne ingestel wees. Foutiewe feite kom dan ook voor. Om 'n enkele te noem: in navolging van die Gedenkschriften meld hy dat Kruger in 1852 reeds die rang van kommandant gehad het en konkludeer dan op grond hiervan dat hy 'n verantwoordelike posisie op baie jeugdige leeftyd beklee het.¹²⁰⁾ Lombard gee kommentaar op gebeure vanuit sy eie standpunt en in die lig van latere gebeure. In 'n hoofstuk waarin Kruger se loopbaan teen 1850 behandel word, sê hy bv. dat dit beter sou gewees het as Piet Joubert nooit kommandant-generaal van die Z.A.R. geword het nie.¹²¹⁾ Oor Hendrik Potgieter vel hy

115) Lombard, J.P. la G., Bang plekke. Bloemfontein, Nasionale Pers. s.j.

116) Vgl. Schoonees, P.C., Die prosa van die Tweede Afrikaanse taalbeweging. Pretoria, De Bussy, 1939, bl. 566.

117) Vgl. Preller, G.S., Voorwoord tot Lombard, Paul Kruger. Die Volksman, bl. 8.

118) Engelenburg, F.V., 'n Onbekende Paul Kruger. Pretoria, Volkstem, 1925.

119) Engelbrecht, S.P., Paul Kruger's amptelike briewe.

120) Lombard, Paul Kruger. Die Volksman, bl. 49.

121) Ibid.

die vernietigende oordeel dat hy „nie bereken was vir sy groot posisie nie“. ¹²²⁾ Dit is geen wonder dat Gustav Preller in sy inleiding tot die werk verklaar het dat hy nie graag al die konklusies sou wil onderskryf waartoe die skrywer geraak het nie. ¹²³⁾ Tog, hoewel die kommentaar van die skrywer geensins van 'n historiese benadering getuig nie, toon dit soms wel oorspronklikheid waardeur Kruger se beeld verhelder word. So lei hy uit portrette van Kruger heelwat oor sy voorkoms en postuur af. ¹²⁴⁾

Lombard se lewensbeskrywing van Kruger is onvolledig, net soos die van die bronne wat hy geraadpleeg het. Van sy vroeë loopbaan gee hy 'n aaneenlopende verhaal, maar van sy optrede as president is die relaas onsistematies en verward, spring hy van die hak op die tak, soos hy self erken. ¹²⁵⁾ Eintlik word net die vernaamste feite gemeld en gee die skrywer persoonlike kommentaar by sake wat vir hom interessant is. Anders as was in die vorige twee bespreekte werke die geval is, wy hy egter nie baie uit oor sake wat nie direk in verband staan met Kruger nie.

Lombard is krities ingestel teenoor Kruger se optrede en meen bv. dat hy miskien bevooroordeeld was teen president Burgers. ¹²⁶⁾ Dié stelling word egter, net so min as vele ander bewerings, duidelik gemotiveer. In die stryd wat Kruger teen die Engelse optrede moes voer, staan Lombard heeltemal aan die kant van Kruger. Hy is selfs bitter oor die verlore stryd van die verlede: Milner is oorlaai met eerbewyse, het lord geword, maar Kruger moes op sy ou dag uit die land vlug. ¹²⁷⁾ Hy meen tog dat die stryd ook 'n goeie doel gehad het omdat dit die Afrikaners in een volk verenig het en spreek die hoop uit dat in die nuwe Suid-Afrika

122) Ibid., bl. 47.

123) Ibid., bl. 8.

124) Ibid., bl. 23.

125) Ibid., bl. 3.

126) Ibid., bl. 99.

127) Ibid., bl. 212.

wat na die stryd kon ontstaan, die Engelse element by die Afrikaanse volksdeel sal aansluit.¹²⁸⁾ Die skrywer toon hom as 'n patriot, wat egter ook die foute van sy volk raaksien en betreur, selfs daarvoor moraliseer; as hy die Transvaalse burgeroorlog behandel, merk hy bv. op dat Kruger se lidmaatskap van die Gereformeerde Kerk, „'n kolfie (was) na die hand van die Schoeman-party in 'n land as ons s'n, waar verdagmakery 'n geliefde en dikwels doeltreffende wapen vorm”.¹²⁹⁾

Lombard openbaar hom in sy werk as 'n goeie verteller. Hy skryf in 'n boeiende styl en in kernagtige Afrikaans.¹³⁰⁾ Hy gebruik dikwels plat uitdrukkings en gee soms, soos hy dit self noem, 'n „naturalistiese” beskrywing van gebeure.¹³¹⁾ Sy „sterk gekruide taal en vermelding van onsmaklike besonderhede”¹³²⁾ doen ook afbreuk aan die waarde van die werk.

Die beeld wat Lombard van Kruger se lewe gee, is, ten spyte van ander tekortkominge van die werk, veel duideliker as dié van die vroeëre Krugerbio-grawe. Sy beskrywing van Kruger se openbare optrede is wel baie onvolledig, maar dit verdwyn nie in 'n algemene beskrywing van die geskiedenis van Transvaal nie. Daarby vertel Lombard veel meer van Kruger se private lewe; waar daar nie baie besonderhede daarvoor beskikbaar was nie, vul hy dit aan deur aan sy eie verbeelding vrye teuels te gee. Hy wil veral die eenvoud van Kruger se lewe as dié van 'n doodgewone Afrikaner en in die primitiewe omstandighede van die Transvaalse pioniergemeenskap na vore bring. Hy toon aan, ook deur gebruik te maak van die verskeie jagstaaltjies, dat Kruger na aan die natuur gelewe het. As president was Kruger ook 'n eenvoudige, praktiese Afrikaner, wat in 'n toespraak by die ingebruikneming van 'n regeringsgebou die publiek gewaarsku het om nie op die pas gemesselde tree=

128) Ibid., bl. 219.

129) Ibid., bl. 73.

130) Vgl. Coetzee, P.C., a.w. (Historiese studies, Oktober - Desember 1943); Steyn, a.w., bl. 96; Schoonees, a.w., bl. 566.

131) Lombard, Paul Kruger. Die volksman, bl. 3.

132) Schoonees, a.w., bl. 566.

tjies te loop nie.¹³³⁾ In 'n slothoofstuk gee hy 'n groot verskeidenheid anekdotes oor Kruger weer, waarvan verskillende duidelik apokrief is. In die algemeen beeld Lombard beslis iets uit van die kleurvolheid van Kruger se persoonlikheid en veral van sy tipiese Afrikaansheid in sy eienskappe en lewenswyse.

Op Kruger se betekenis as staatsman gaan die skrywer nie baie diep in nie. Hy meen dat Kruger as president soms outokraties opgetree het, maar daar was geen ander figuur in die regering wat teen hom opgeweeg het nie. Daarby was Kruger 'n „sterk en hartstogtelike persoonlikheid“.¹³⁴⁾ Hy verwerp die mening dat Kruger hardkoppig was; intendeel, hy was steeds vatbaar vir ander oortuigings.¹³⁵⁾ Hy glo dat Kruger groot insig in diplomatieke sake gehad het en ook alles wat hy kon gedoen het om 'n oorlog te vermy. As Kruger gewankel het, „dan was dit heel waarskynlik klaarpraat met die Afrikaner“.¹³⁶⁾ Hy het die vermoë gehad om „selfs in die diepste duisternis, die lig van die vryheidster te sien blink“.¹³⁷⁾ In Paul Kruger is die vryheidsin van die Afrikaner verpersoonlik. Hy is die eintlike vader van die nuwe Suid-Afrika.¹³⁸⁾

Dit blyk dus dat Lombard se werk 'n boodskap vir sy eie tyd inhou. Die Krugerfiguur word as vryheidsimbool geteken om die Afrikaners in hul verdere vryheidstryd te besiel — dit is waarskynlik dan ook Lombard se dieper motief in sy lewensbeskrywing van Kruger.

As geskiedwerk staan hierdie boek geensins op 'n hoë peil nie. Dit was ook geen nuwe bydrae tot die kennis oor Kruger se lewe en werk nie, hoewel dit wel nuwe gedagtes oor die betekenis van sy optrede gebring het. Ook is die beeld van Kruger verhelder

133) Lombard, Paul Kruger. Die volksman, bl. 179.

134) Ibid., bl. 174.

135) Ibid., bl. 184.

136) Ibid., bl. 174.

137) Ibid.

138) Ibid., bl. 216.

deur hom as mens, as tipiese Afrikanermens, te teken. As biografie gaan dit mank aan groot onvolledigheid en eensydigheid in die uitbeelding van die onderwerp, maar het ook veel verdienste veral deur die groter helderheid en duidelikheid as in ander biografieë wat die beeld van Kruger het.

F. Marjorie Juta: The pace of the ox

Marjorie Juta, joernaliste en skryfster, kom uit 'n bekende Kaapse uitgewersfamilie¹³⁹⁾ wat ook 'n belangrike figuur in die Kaapse politiek soos sir Henry Juta opgelewer het. Haar werk oor Paul Kruger het in 1936 verskyn en is ook in Nederlands en Duits vertaal.¹⁴⁰⁾

Volgens die skryfster self was haar enkele oogmerk met die werk „to present a picture of a unique character against the background of his times”.¹⁴¹⁾ Die lewe van Paul Kruger, van sy jeug tot sy dood, word dan ook in 338 bladsye aaneenlopend beskryf. Juta skets sy optrede teen 'n breë agtergrond, hoewel sy nie soos Van Oordt trag om tegelykertyd ook die geskiedenis van Transvaal te beskryf nie.

Uit 'n bronneopgawe aan die einde van die werk blyk dat die skryfster heelwat navorsing gedoen het. Naas geskiedwerke en gepubliseerde dokumente het sy ook die Transvaalse argiewe en 'n aantal persone, waaronder familieleden van Kruger, geraadpleeg. Dit is egter duidelik geen uitputtende bronnestudie oor Kruger nie, al het Juta ook meer materiaal as die vorige biograwe gebruik; die werk is ook nie bedoel as 'n suiwer wetenskaplike geskrif nie. Sy gebruik verder heelwat fantasie om die beeld van Kruger te verhelder, maar wend dit in hoofsaak vir kleiner details aan.

139) Vgl. stofomslag van Juta, M., (South African edition).

140) Onderskeidelik onder die volgende titels: Oom Paul. De heldhaftige geschiedenis van Zuid-Afrika, s'Gravenhage, 1937; Trommeln am Vaal: das Abenteuer eines Volkes. Paul Litz, 1938.

141) Juta, The pace of the ox, bl. ix.

Daar is dan ook geen fiktiewe persone of gebeure nie, hoewel baie dinge oor Kruger se lewe in die verhaal geweef word wat wel legende is, maar nie deur dokumente gestaaf kan word nie. Juta vertel bv. dat Kruger se eerste vrou, met haar pas gestorwe baba in haar arms, ekstasies gesing het, terwyl sy die dood ingegaan het.¹⁴²⁾ Die werk kan ten spyte van die fantasie-element nie as 'n biografiese roman beskou word nie,¹⁴³⁾ maar wel as 'n „vie romancée," 'n sg. moderne biografie waarin 'n populêre, dikwels geromantiseerde lewensbeskrywing gegee word.

Juta se Krugerbioografie bevat verskillende onakkuraathede; daar word bv. in navolging van die Gedenkschriften vertel dat Kruger in 1877 nog kommandant-generaal was¹⁴⁴⁾ en Afrikaanse eienaam word dikwels verkeerd gespél. Die onjuisthede daargelaat, toon die werk tog dat die skryfster haar onderwerp wetenskaplik benader het: Juta gee nie, soos die vroeëre Krugerbiograwe, 'n feitelike relaas van gebeure afgewissel met persoonlike kommentaar nie, maar 'n verhaal waarin 'n genetiese verband tussen die gebeurtenisse gelê word. Sy vel ook geen oordele op grond van sieninge uit haar eie tyd nie; sy trag slegs om Kruger se optrede vanuit sy omgewing en karakter begryplik voor te stel. Dit wil nie sê dat sy die motiewe agter Kruger se politieke optrede diep ontleed nie;~ dit gaan vir haar om Kruger as mens, nie om Kruger as staatsman nie,

Die skryfster spreek nie veel kritiek uit nie. Sy veroordeel die Britse beleid teenoor Transvaal nie openlik nie, hoewel sy dit ook geensins regverdig nie.¹⁴⁵⁾ Kruger beskryf sy steeds simpatiek, sonder om sy handeling te wil goedpraat. Die botsing tussen Afrikaans en Engels in die tyd van Kruger sien sy eintlik as 'n tragedie wat nie voorkom kon word nie en waaruit 'n nuwe Suid-Afrikaanse nasie gebore is.¹⁴⁶⁾ Dit skyn asof Juta die on-

142) Ibid., bl. 46-47.

143) Vgl. G.S. Preller se bespreking van The pace of the ox (Die Brandwag, 27 Februarie 1937).

144) Juta, The pace of the ox, bl. 140.

145) Miskien is dit veral daarom dat die werk nie 'n baie gunstige bespreking in die Britse pers ontvang het nie. Vgl. Coetzee, P.C., a.w. en Preller se bespreking van The pace of the ox (Die Brandwag, 27 Februarie 1937).

146) Vgl. Juta, The pace of the ox, bl. x.

aangename in die verlede maar liefwer met 'n „deursigtige sluier oordek", om Gustav Preller se woorde te gebruik.¹⁴⁷⁾ Persone soos M.W. Pretorius en L.S. Jameson stel sy baie gunstig voor; Jameson word bv. beskryf as „a swift thinker, a man of action, a brave and determined soldier".¹⁴⁸⁾ Die skryfster romantiseer die verlede dus, stel dit mooier voor as wat dit werklik was.

Wat die letterkundige aspek van die werk betref: deur die gebruik van eenvoudige, maar skilderende prosa het Jutta veel daartoe bygedra dat haar beskrywing van Kruger se lewe soos 'n romanverhaal lees. Om 'n duidelike beeld van Kruger se persoon en lewensomstandighede te gee, was steeds die oogmerk van die skryfster. Om Kruger as jong man voor te stel, het sy heelwat fantasie gebruik: „Paul, broadened and toughened by his campaigns, fully grown to his six feet of height, was a magnificent figure of a young man. Fully matured, ardent, and vigorous, with a thatch of strong black hair, a thoughtful forehead, and dominant, heavy browed dark eyes, he was a man who stood out among his people".¹⁴⁹⁾ Sy lê ook klem op Kruger se diepe godsdienssin, waarin sy 'n mistieke element sien, en van 'n gebeurtenis soos sy verblyf op die Magaliesberge, gee sy 'n baie romantiese beskrywing. Besondere aandag word gegee aan Kruger se verbondenheid met die natuur en baie jagverhale van Kruger word weergegee. Die skryfster wou die sfeer van die Transvaalse natuur, waarin Kruger beweeg het, uitbeeld. Hierby beklemtoon sy nie die primitiwiteit, die ontberinge van die Transvaalse boere soos Lombard doen nie, maar bring die idilliese, aanloklike daarin na vore. Sy sien 'n ooreenkoms tussen die natuur, die geskiedenis van die Boere en die lewe van Kruger, leier en ook tipe van sy volk. Sy lewe herinner aan die stap van die os, „the sort of heavy, ponderous tempo, the long periods of contemplation, while wisdom seeped in from the air — the laying open of the spirit to the influences which are absorbed from the very air of Africa".¹⁵⁰⁾

147) Preller, bespreking van The pace of the ox.

148) Jutta, The pace of the ox, bl. 235.

149) Ibid., bl. 28.

150) Ibid., bl. 308.

Kruger het sy krag uit die Afrikaanse bodem geput: „he had lain on her broad bosom, and let his thoughts go full circuit round her boundless space, and back again, enriched and made whole”.¹⁵¹⁾

Kruger se politieke optrede word nie baie diepgaande behandel nie; die vernaamste sake word net aangeroer. Die skryfster gee nooit net aan politieke kwessies aandag waarby sy die mens Kruger uit die oog verloor nie. Sy vertel dat Kruger 'n natuurlike aanvoeling vir politieke sake gehad het¹⁵²⁾ en in alles opgetree het as die leier van sy volk. Sy geskiedenis het daarom ook die geskiedenis geword van die volk wat hy help vorm het en „carries with it the childhood of a nation”.¹⁵³⁾ Hy is eintlik die verpersoonliking van die patriargale, landelike kultuur van sy volk, wat bedreig word met die opkoms van moderne materialisme. Soos 'n Dawid van ouds het Kruger hierdie Goliath aangedurf.¹⁵⁴⁾ Hoewel Kruger die onderspit gedelf het, het die kultuur waarvoor hy geveg het, deel geword van die nuwe Suid-Afrika. Anders as Lombard sien Jutta Kruger nie as vryheidsheld wat 'n nasionale strewe verteenwoordig nie, maar as die verteenwoordiger van 'n landelike kultuur wat deur 'n vreemde beskawing bedreig word en wat na 'n stryd uiteindelik daarmee versmelt.

Die beeld wat Jutta van Kruger gee, is, vanuit hierdie uitkyk op sy lewe en optrede, natuurlik ietwat eensydig. Ook word die Krugerfiguur en sy geskiedenis geromantiseer, selfs geïdealiseer. Tog beeld sy Kruger se lewe in die omgewing waarin hy gelewe het duidelik en taamlik volledig uit, hoewel sy hom teken as in alles 'n buitengewone, maar tipiese Boer; individuele karaktertrekke word nie sterk belig nie. Die biografie van Jutta is egter geensins 'n „onbenuillige stukkie koerantskrywery”,¹⁵⁵⁾ soos 'n kritikus beweer het nie; sowel as geskiedwerk en biografie is dit 'n besliste verbetering op dié wat hierbo behandel is.

151) Ibid.

152) Ibid., bl. 134.

153) Ibid., bl. ix.

154) Ibid., bl. x.

155) Coetzee, P.C., a.w. (Historiese studies, Oktober 1945).

G. M. Nathan: Paul Kruger, his life and times

Manfred Nathan (1875-1945), 'n Engelssprekende Suid-Af-rikaner van Duits-Joodse afkoms, was 'n regsgeleerde; hy was advokaat aan die Witwatersrand nog voor die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog en het later regter geword.¹⁵⁶⁾ Van hom het, naas 'n aantal geskifte oor regsake, enkele geskiedwerke verskyn,¹⁵⁷⁾ w.o. sy biografie van Paul Kruger, wat in 1941 gepubliseer is. As geskiedskrywer was hy natuurlik 'n amateur.

Dit was veral belangstelling in die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat Nathan tot die skryf van 'n werk oor Kruger gebring het. Hy wou „a picture of Afrikaner ambitions and achievements during most of the historical period“¹⁵⁸⁾ gee. Dit maak die titel van die werk, waarin van Kruger se „life and times“ gewag gemaak word, begryplik. Nathan het, desnieteenstaande, tog grotendeels daarin geslaag om, ooreenkomstig sy eie woorde,¹⁵⁹⁾ die geskiedenis slegs te behandel in soverre dit op Kruger se daade betrekking het. Anders as in Van Oordt en Statham se werke staan Kruger in hierdie beskrywing van 510 bladsye feitlik steeds in die middelpunt; in dié sin kan dit werklik 'n biografie genoem word.

Nathan het heelwat bronne gebruik vir die skryf van hierdie werk, maar nie 'n volledige opgawe daarvan gedoen nie. Hy noem net die vernaamstes in sy bronnelys en dit blyk slegs 'n veertigtal sekondêre werke en enkele gepubliseerde dokumente te wees;¹⁶⁰⁾ na oorspronklike argiefnavorsing word nie verwys nie. Die bronnestudie van Nathan is, hoewel redelik uitgebreid, op verre na nie volledig nie, en al staan hy ook krities teenoor sy outoriteite, het hy hulle stellings nie deur oorspronklike navorsing ge-

156) Besonderhede oor sy lewe in Nathan, M., Not heaven itself. An autobiography. Durban, Knox, 1944.

157) O.m.: The Huguenots of South Africa. s.p., C.N.A. 1939; The Voortrekkers of South Africa. s.p., C.N.A., 1937.

158) Nathan, Not heaven itself, bl. 241.

159) Nathan, Paul Kruger. His life and times, Preface. (Onge- nommerd.)

160) Dit is te betwyfel of Nathan werklik veel meer bronne gebruik het as wat hy vermeld het, veral aangesien in die bronnelys werke voorkom wat slegs 'n enkele reël i.v.m. Kruger bevat, bv.: Barrington, Viscountess Charlotte, Through eighty years. The reminiscences of . . . Londen, 1936.

verifieer nie. Wat die feite betref, is die werk oor die algemeen akkuraat. Die skrywer doen sy afleidings hoofsaaklik van gewens wat in die werk meegedeel word en spreek soms kritiek op bronne in die teks self uit. Ook spekuleer hy hier en daar oor wat sou kon gebeur het as sake anders verloop het. Hy vel oordele op grond van die toestand van die tyd self, hoewel sy eie uitkyk hierby ook 'n groot rol speel. Die werk toon interpretasie en is nie net 'n relaas van feite nie, ook al vorm die hoofstukke nie altyd 'n aaneenlopende geheel nie en word 'n aantal losstaande sake dikwels na mekaar behandel. Anders as Juta maak Nathan nie van fantasie gebruik om die beeld van Kruger te verhelder nie.

Nathan het gepoog om 'n onpartydige beskrywing van Kruger se lewe te gee, soos hy self verklaar het.¹⁶¹⁾ Hy staan steeds krities teenoor Kruger se optrede en bestempel sy proklamasie van Stelland en Goosen bv. as „the first great blunder of his public career”.¹⁶²⁾ Hy weerlê egter kritiek op sy beleid wat volgens hom ongeregverdig is. Die Britse beleid teenoor Transvaal ontkom ook glad nie aan kritiek nie; so word die anneksasie van 1877 „an act of sheer brigandage” genoem.¹⁶³⁾ Van Chamberlain se optrede teenoor die Republiek sê hy: „he certainly conveyed the impression that he was strongly hostile to the Boers as a whole”,¹⁶⁴⁾ maar hy gee geen uitsluitel oor die vraag of hy werklik op oorlog afgestuur het nie.

Kruger word nie van alle blaam in die veroorsaking van die oorlog onthef nie, en hy meen dat Kruger na 1895 meer toegeeflik teenoor die Uitlanders moes gewees het, terwyl die perswet en ander maatreëls die posisie verander het. Ook betreur hy dit dat Kruger en Rhodes nie 'n middeweg kon vind om harmonie tussen Afrikaner en Engelsman te verseker nie.¹⁶⁵⁾ Hy skryf Kruger se hou-

161) Nathan, Paul Kruger. His life and times, Preface.

162) Ibid., bl. 219.

163) Ibid., bl. 119.

164) Ibid., bl. 436.

165) Ibid., bl. 368.

ding deels toe aan outokratiese neigings waardeur hy die vryhede van sy republiek se bevolking nie genoeg in ag geneem het nie.¹⁶⁶⁾ Nathan meen dat Kruger in die geskil met hoofregter Kotze die onafhanklikheid van die regbank wou aantast en spreek Kotze van alle skuld vry. In hierdie kwessie, wat Nathan self as jong advokaat in Transvaal meegemaak het, toon hy hom duidelik bevoordeeld.¹⁶⁷⁾ In die algemeen betrag hy Kruger se optrede uit 'n gematig-liberale en algemeen Suid-Afrikaanse standpunt.

Die styl van die biografie is vloeiend en die trant is vlot en onderhoudend, ook al is daar weinig sprake van kunsvolle uitbeelding.

Nathan se beskrywing van Kruger se lewe is, soos die beperktheid van sy bronnestudie reeds getuig, natuurlik nie volledig nie. Aangesien in sy tyd reeds heelwat oor Kruger se optrede geskryf was, is sy werk egter veel vollediger as dié wat hierbo bespreek is. Veral die politieke aspekte van Kruger se optrede, wat deur Van Oordt en Statham fragmentaries behandel is en by Lombard en Jutta nie veel aandag ontvang het nie, word goed beskryf. Hoewel Nathan die optrede van Kruger ook motiveer en ontleed, gee hy nie steeds 'n duidelik geheelbeeld daarvan waarin alle aspekte binne die juiste verhouding gesien word nie. Dit blyk reeds daaruit dat, terwyl selfs die belangrikste gebeure meesal kort en saaklik behandel word, aan 'n kleiner kwessie, die Nellmapiussaak, besondere aandag gegee word.¹⁶⁸⁾ Dit skyn of Nathan in Kruger se politieke optrede outokratiese neigings, gebrek aan buigsaamheid en die beperktheid van sy gesigskring ietwat oorbeklemtoon: tog blyk dit ook dat hy Kruger as 'n bekwame staatsman beskou.

Nathan poog om 'n duidelike beeld van Kruger se voorkoms en sy lewensomstandighede te gee. Aan Kruger se godsdiens wy hy 'n aparte hoofstuk en hy toon ook aan dat sy geloof 'n belangrike

166) Ibid., bl. 219.

167) Vgl. Ibid., bl. 225. In Not heaven itself, bl. 161 noem hy Kruger se optrede in die saak „indefensible“.

168) Nathan, Paul Kruger. His life and times, bl. 238-241.

rol in sy optrede gespeel het; die Bybel was vir Kruger 'n „guide and companion, ever influencing and directing him”.¹⁶⁹⁾

Dit is 'n verdienste van Nathan se werk dat getrag word aan te toon hoedat Kruger se persoonlikheid in die gebeure van sy tyd en omgewing gevorm is: uit die Burgeroorlog het Kruger na vore gekom as „a tried and tested man. He was now a seasoned campaigner and a skilled negotiator”;¹⁷⁰⁾ met die anneksasie „the iron had entered into Paul Kruger's soul”;¹⁷¹⁾ sy reise na Europa het sy gesigskring verbreed, en uiteindelik het die Tweede Vryheids=oorlog van Kruger „a man of sorrows” gemaak.¹⁷²⁾ Nathan probeer hom inleef in Kruger se omstandighede en wil sy optrede vanuit sy persoonlikheid verklaar, terwyl hy ook sy karakter probeer teken, ook deur die mededeling van anekdotes oor hom.

Hoewel Nathan hoofsaaklik op Kruger se politieke loopbaan ingaan en sy persoon en lewenswyse nie baie uitgebreid behandel nie, kom daar van tog heelwat tot uiting in die beskrywing van sy optrede. Kruger se historiese betekenis toon Nathan ook aan; hy was nie net 'n volksvader nie, maar 'n belangrike historiese figuur: „he not only wielded the fortunes of his country by his own strong and unshakable will, but whether for good or ill, he influenced and perplexed and distracted the leaders of Great Britain, the power to whom he was so many years opposed”.¹⁷³⁾ Ook glo hy dat Kruger sy eie mense bevry het van „narrowness of spirit” en „a wider conception of justice and humanity” gegee het.¹⁷⁴⁾ Kruger „remained the founder of the South African spirit. He gave his people a soul”.¹⁷⁵⁾

Nathan toon groot insig in Kruger se optrede en die betekenis daarvan hoewel hy sy daade bekyk vanuit 'n liberale oogpunt en hom kritiseer waar hulle nie „verlig” genoeg was nie;¹⁷⁶⁾ sy

169) Ibid., bl. 36.

170) Ibid., bl. 90.

171) Ibid., bl. 123.

172) Ibid., bl. 422.

173) Ibid., bl. 2.

174) Ibid., bl. 3.

175) Ibid.

176) Vgl. Ibid.

siening op Kruger se optrede is veral om dié rede dikwels aanvegbaar. Terwyl sy uitbeelding van Kruger se karakter en lewenswyse nie baie diepgaande genoem kan word nie, is ook die beskrywing van sy politieke optrede slegs algemeen van aard en gebrekkig in sowel groter sintese as dieper ontleding. Tog kom Nathan se werk veel nader aan die vereistes van wetenskaplike biografie as enige van die voriges.

H. D.W. Krüger: Paul Kruger

D.W. Krüger (geb. 1906) is vanaf 1957 senior lektor en sedert 1946 professor in Geskiedenis, eers aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. en tans aan die Universiteit van Suid-Afrika. Hy is dus 'n vakhistorikus en het verskillende wetenskaplike studies oor aspekte van die Suid-Afrikaanse geskiedenis gelewer.¹⁷⁷⁾ Sy biografie van Paul Kruger het in twee dele, gepubliseer in 1961 en 1963, verskyn. Hierdie Kruger-biografie is dus die eerste, en tot dusver die enigste, wat geskryf is deur 'n geskoolde historikus.

Die werk getuig dan ook van 'n vakwetenskaplike aanpak. Die skrywer het argiefnavorsing oor Kruger gedoen, nie alleen in Suid-Afrika nie, maar ook in Brittanje en Nederland, en heelwat koerante en sekondêre werke gebruik. D.W. Krüger het veel meer bronne geraadpleeg as vroeëre Krugerbiograwe — natuurlik moet hierby onthou word dat hy oorspronklike dokumente en wetenskaplike studies kon benut wat die vroegste biograwe nie ter beskikking gehad het nie. Die skrywer gee nie voor dat sy bronnestudie in alle opsigte volledig was nie; hy moes 'n „oordeelkundige keuse van bronne" doen;¹⁷⁸⁾ werke wat slegs op ander werk gebaseer is, het hy buite rekening gelaat en die biografieë van Lombard en Juta ontbreek bv. in sy bronnelys. Dit is slegs om historiese gegewens

177) Twee ander geskiedwerke van hom is: Die weg na die see of die ooskus in die Boerebeleid voor 1877 met besondere verwysing na die verhouding met die Portugese (Argiefjaar=boek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1938, dl. 1.) en The age of the Generals. Johannesburg, Dagbreek, 1957.

178) Krüger, D.W., Paul Kruger, dl. II, bl. 305.

te bekom dat ander werke gebruik is, nie soseer vir interpretasie van Kruger se optrede nie. As daar leemtes in D.W. Krüger se bronnestudie is, is dit veral in die onvoldoende gebruik van kontemporêre koerante en geskifte geleë.¹⁷⁹⁾ Soos van die werk van 'n geskoolde historikus verwag kan word, toon dit deurgaans 'n kritiese hantering van die bronne.¹⁸⁰⁾ Anders as Nathan lewer D.W. Krüger geen bronnekritiek in die teks nie en wys hy nie op verskillende sieninge oor een of ander saak nie; hy gee 'n aaneenlopende verhaal op grond van sy interpretasie van die feite. Waar gegewens ontbreek, spekuleer hy nie en waar onduidelikheid oor 'n saak bestaan, stel hy 'n enkele keer verskillende weergawes daarvan naas mekaar sonder om een te aanvaar en 'n ander te verwerp.¹⁸¹⁾

Die werk bly nie by 'n blote relaas van feite nie. Die skrywer poog deurgaans om te verklaar, te motiveer en op die betekenis van 'n gebeurtenis te wys. Dit blyk duidelik dat hy hom goed ingeleef het in die omstandighede van die tyd, waaruit hy Kruger se optrede ook telkens verklaar. Hoewel D.W. Krüger geensins sy fantasie laat gaan in die mate wat Jutta dit doen nie, gee hy tog klein trekkies weer, wat op sy eie aanvoeling gegrond is, om sodoende die beeld te verhelder. So word bv. van Kruger tydens die voorval voor die Transvaal-hotel met die Britse hoëkommissaris se besoek aan Pretoria in 1894 gesê: „Die president het hom kalm gedra, maar sy bloed het gekook”.¹⁸²⁾ Waar die skrywer slegs die verhaal vertel sonder direkte kommentaar en ook met weinig afdwaling van die hooflyn, slaag hy veel beter as Nathan

179) Wat geskifte betref, vgl. die bronnelys van die werk met die werke wat in hoofstuk IV van hierdie verhandeling bespreek en na verwys word.

180) Vgl. besprekings van Krüger, D.W., Paul Kruger, deur W.J. de Kock (Die Huisgenoot, 29 September 1961), A.M. Davey (Tydskrif vir geesteswetenskappe, Desember 1961) en J.I. Rademeyer (Tydskrif vir geesteswetenskappe, September 1964), asook Van Jaarsveld, F.A., Last president of the Transvaal Republic (Jewish affairs, Julie 1961).

181) Vgl. Krüger, D.W., Paul Kruger, dl. I, bl. 217.

182) Krüger, D.W., Paul Kruger, dl. II, bl. 135.

daarin om die eenheid van elke hoofstuk te handhaaf. Daar is weinig sprake van 'n weergawe van 'n aantal sake sonder dat dit 'n deurlopende draad het.

In sy poging om steeds die hooflyne aan te toon en nie 'n aantal gebeure te beskryf wat nie binne 'n sekere verband gebring kan word nie, gee die skrywer nie alle besonderhede van Kruger se optrede volledig weer nie. Daarby poog hy om die juiste proporsies tussen verskillende sake te bewaar, iets waarin hy beter as Nathan slaag. Kruger se optrede in die Transvaalse Burgeroorlog, waarvoor veel besonderhede gegee kan word, word bv. in tien bladsye afgehandel. Dat 'n aparte hoofstuk aan die geskil met hoofregter Kotze gewy word, lyk egter na ietwat van 'n oorbeklemtoning van hierdie kwessie, veral as daarteenoor Kruger se optrede in die kerkgeskil van 1891 in 'n enkele paragraaf afgehandel word.¹⁸³⁾ Ook lyk dit of Kruger se besoeke aan Europa in 1877, 1878 en 1883, waarvoor die skrywer met heelwat nuwe navorsing na vore kom, 'n bietjie uitgebreid behandel word in verhouding tot die res. Tog kan nie anders gesê word nie as dat die skrywer in die algemeen goed daarin geslaag het om, ten spyte van die beperktheid van bronmateriaal oor Kruger se vroeëre lewe en van die omvangrykheid van gegewens oor sy presidentskap, die juiste verhoudinge te bewaar. Ook die agtergrond vir Kruger se optrede word, al word dit geensins verwaarloos nie, nie te uitgebreid geskets, soos in die ander biografieë dikwels die geval is nie. Natuurlik kon D.W. Krüger 'n sekere kennis van die Suid-Afrikaanse geskiedenis aanneem by sy lesers, wat uiteraard Afrikaanssprekendes is. Dit is nie 'n gepopulariseerde werk nie, al is dit ook nie slegs vir vakgenote bedoel nie.

Die skrywer toon beslis 'n objektiewe uitkyk op die geskiedenis en op Kruger se optrede. Dit wil nie sê dat hy skroom om oordele uit te spreek nie; Paul Kruger sowel as sy teenstanders loop soms onder skerp kritiek deur. Kruger se optrede in die Nellmapiuskwessie word „nie slegs voorbarig nie, maar ook onnodig” genoem.¹⁸⁴⁾ Soms is die oordele selfs vernietigend: M.W. Pre-

183) Ibid., bl. 136.

184) Ibid., bl. 85.

torius word beskryf as „daardie swak en onbekwame seun“¹⁸⁵⁾ (van Andries Pretorius) en sir Michael Hicks-Beach as „die onbeskofste en ongenaakbaarste politikus“¹⁸⁶⁾ van Engeland in sy tyd. Dit skyn of byfigure, waaraan natuurlik nie te veel aandag gegee kon word sonder om af te dwaal nie, soms te simplisties en as te onbe=duidend voorgestel word.¹⁸⁷⁾

Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog sien D.W. Krü=ger hoofsaaklik in die Britse strewe na oppergesag in Suid-Afrika. Die Uitlanderkwessie was slegs 'n voorwendsel en is gebruik om die blaam vir die oorlog op die Republiek te werp: „Die hele spel is met so 'n duiwelse geraffineerdheid gespeel dat die skyn gewek moes word dat Paul Kruger die aggressor was en sy teenstanders on=skuldige slagoffers van sy koppigheid en domheid“.¹⁸⁸⁾ Kruger self het nie geweet dat hy „bestem was as die slagoffer op die al=taar van Britse imperialisme nie“.¹⁸⁹⁾ Tog meen die skrywer ook dat Kruger se optrede in die Uitlanderkwessie miskien 'n fout was en dat hy darem kon probeer het om „ten minste 'n deel van die nu=welinge vinniger te absorbeer“.¹⁹⁰⁾

Die werk is geskryf in 'n kernagtige, tekenende en boei=ende styl.¹⁹¹⁾ Die vertelling is hoofsaaklik sober en eenvoudig. Soms neig die skrywer na die dramatisering en praat van die nood=lot in die gang van die geskiedenis; van die gebeure by Majuba skryf

185) Krüger, D.W., Paul Kruger, dl. I., bl. 44.

186) Ibid., bl. 158.

187) Vgl. Davey, a.w. (Tydskrif vir geesteswetenskappe, Desember 1961) en F.A. van Jaarsveld se bespreking van Krüger, D.W., Paul Kruger (Historia, Mei 1965).

188) Krüger, D.W., Paul Kruger, dl. II, bl. 236.

189) Ibid.

190) Ibid., bl. 225.

191) Vgl. besprekings van Krüger, D.W., Paul Kruger deur Eliza=beth Tredoux (Sarie Marais, 11 Oktober 1961), Audrey Blignault (Sarie Marais, 27 Mei 1964) en P.J. Coetzee (Die Kerkblad, 15 September 1961).

hy dat dit as agtergrond het „die onvermydelikheid en onverbiddelike van 'n Griekse tragedie sodat oorsaak en gevolg byna 'n demoniese ketting gevorm het".¹⁹²⁾ Titels van hoofstukke soos „Beslissing in die maanlig" en „Die eer van Engeland" klink ook ietwat dramaties. 'n Enkele keer toon die skrywer ook sy ontroering, selfs sentimenteelheid, bv. as hy skryf oor Kruger se vroeg gestorwe moeder.¹⁹³⁾ In die algemeen is hierdie Kruger-biografie, al is dit primêr 'n wetenskaplike werk, ook literêr glad nie van geringe gehalte nie.

Die skrywer het gepoog om nie alleen 'n volledige nie, maar ook 'n duidelike beeld van Kruger te gee. Sy voorkoms en sy leefwyse as boer en jagter en later as „rustende boer wat ook die staat se sake moes waarneem",¹⁹⁴⁾ word steeds geteken. D.W. Krüger wys ook op karaktereienskappe wat ander skrywers nie beklemtoon het nie, soos sy tipies Afrikaanse familievastheid, sy impulsiwiteit en sy vatbaarheid vir beïnvloeding deur ander persone. Ook beklemtoon hy Kruger se godsdienstige opvattinge, waarin hy blyke van veel meer insig as Kruger se vorige biograwe gee, en toon die tipiese Calvinisme, maar ook die Ou Testamentiese inslag van sy geloof aan. Hy sien 'n ontwikkelingsgang in Kruger se godsdienstige lewe: waar hy as jong man lughartig van aard was, het na 'n ommekeer 'n periode van byna dwepery gevolg,¹⁹⁵⁾ waarna dieper en meer gebalanseerde opvattinge by Kruger gevorm is. Vir die begrensdheid van Kruger se uitkyk toon die skrywer ook groot begrip: „digterlike ontroering het die ongewone natuurskoon nie gewek nie, slegs ontsteltenis by die gedagte daaraan dat sy tradisionele wêreldbeskouing bedreig word"¹⁹⁶⁾ — sō word Kruger se gevoelens beskryf as hy onder die blote sterrehemel uitweidinge oor die onbegrensdheid van die heelal aanhoor. Tog stel die skrywer Kruger nie as bekrompe voor nie en wys op sy vatbaarheid vir ander oortuiginge. Die beeld van Kruger as mens word eintlik

192) Krüger, D.W., Paul Kruger, dl. I, bl. 228.

193) Ibid., bl. 9.

194) Ibid., bl. 253.

195) Vgl. Ibid., bl. 27, 47, 48.

196) Krüger, D.W., Paul Kruger, dl. I, bl. 134.

nêrens spesiaal beskryf nie, maar kom uit die geheel duidelik na vore.

In hoofsaak gaan dit vir die skrywer egter om Kruger die staatsman. Hy toon goed aan hoedat Kruger steeds 'n groter deel in politieke sake geneem het en in die gebeure van sy land al meer op die voorgrond getree het. Met die anneksasie het hy van politikus tot staatsman ontwikkel. Van toe af is sy lotgevalle met dié van sy volk vereenselwig.¹⁹⁷⁾ Wat sy beleid as staatspresident betref, lê die skrywer o.a. nadruk daarop dat hy nie 'n strewe na gebiedsuitbreiding sonder meer gehad het nie. Daar word ook gesê dat sy begrip van internasionale verhoudinge beslis beperk was. Miskien het hy te veel op die steun van Duitsland en ander Europese moondhede gereken in die bepaling van sy beleid teenoor Brittanje.¹⁹⁸⁾

Die „beeld van 'n man, broos en menslik, maar tegelykertyd groot en met die vlam van onverganklikheid in die hart“¹⁹⁹⁾ — dít is die beeld wat D.W. Krüger van Paul Kruger wou gee. Het hy daarin geslaag? As wetenskaplike historikus kon D.W. Krüger, beter as enige vorige Krugerbiograaf, sy onderwerp objektief en met wetenskaplike begronding beskryf. As Calvinistiese Afrikaner kon hy goeie begrip vir Kruger, sy lewenswyse, sy opvattinge en sy ideale hê. Kruger in al sy fasette is deur D.W. Krüger dan ook duideliker uitgebeeld as deur enige vorige biograaf. Hy het Kruger nie as tipe geteken nie, maar as mens met vele hoeke en kante; of hierdie voorstelling van Kruger as mens volledig is, kan moeilik beoordeel word. Van sy aktiwiteite as staatsman is die beeld ook helder. Sy betekenis as historiese figuur word nie direk aangetoon nie — hier is daar miskien 'n leemte in die werk.²⁰⁰⁾

197) Vgl. Ibid., bl. 186 en dl. II, bl. 1.

198) Vgl. Krüger, D.W., Paul Kruger, dl. II, bl. 59, 156.

199) Krüger, D.W., Paul Kruger, dl. I, bl. xvi.

200) Gedagtes oor Kruger se historiese betekenis word wel gevind in ander geskrifte van D.W. Krüger. Kyk bl. 208.

D.W. Krüger het natuurlik nie alles gesê wat daar oor Paul Kruger te sê is nie. Deurdat hy egter tog daarin geslaag het om sy werk kompak te hou en sy stof tegelykertyd deeglik te behandel, het hy gesorg dat die beeld van Kruger nie deur te groot uitgebreidheid vervaag nie.²⁰¹⁾ Die werk van D.W. Krüger is die belangrikste geskiedwerk oor²⁰²⁾ en die beste biografie van Kruger tot op datum.

I. Slot

Gemeet aan die maatstawwe vir 'n geskiedwerk toon die biografieë van Paul Kruger en ook die Gedenkskriften gebreke maar ook verdienstes. Die bronnestudie van die meeste Krugerbiograwe was uiters gebrekkig; slegs Van Oordt en D.W. Krüger het die bronne wat tot hul beskikking was, enigsins uitputtend nagevors. Alleen die werke van Juta, Nathan en D.W. Krüger kan as genetiese geskiedskrywing beskou word en eintlik is slegs in die werk van D.W. Krüger werklik wetenskaplike geskiedskrywingsmetodes gevolg. Waar objektiwiteit slegs in geringe mate in die werke van Van Oordt, Statham en Lombard en in die Gedenkskriften aanwesig is, voldoen die ander drie biografieë beter aan die eise van onpartydigheid; dit blyk natuurlik ook uit lg. werke dat 'n bepaalde geskiedbeskou=

201) Kritiek is teen die werk ingebring omdat dit nie werklik 'n „standaardwerk” oor Kruger sou wees nie; daar is gesê dat dit nie die biografie oor Kruger is nie. 'n Biografie moet tog egter in die eerste plek 'n beeld van die onderwerp gee, nie alle moontlike feite wat daar oor hom bestaan nie. Die idee van die „standaard”-biografie herinner aan die Engelse tradisie van lewensbeskrywing op grond van die private dokumente van die onderwerp wat aan 'n historikus oorhandig word om daaruit 'n biografie saam te stel. Van 'n figuur soos Kruger bestaan daar egter soveel gegewens dat absoluut volledige studie byna uitgesluit is. Daarby is daar in die interpretasie van 'n figuur van besondere betekenis soveel verskille met wyseseling van tyd en omstandighede dat die biografie van só iemand seker nooit geskryf sal kan word nie. Vgl. W.J. de Kock se bespreking van Paul Kruger, dl. I (Die Huisgenoot, 24 September 1961) en D.W. Krüger se antwoord aan De Kock (Die Huisgenoot, 15 Desember 1961).

202) Oor die waarde daarvan vir die geskiedskrywing van die verskillende aspekte van Kruger se lewe en werk word meer in hoofstuk IV gesê.

ing, en ook 'n bepaalde beskouing van Kruger en sy betekenis as historiese figuur, tog die geskiedinterpretasie voorafgaan.

Die aard van die vroegste Kruger-biografieë is in die lig van die agtergrondsfaktore wat in die vorige hoofstuk geskets is, goed te begryp. Die waarde van Van Oordt se werk is, gesien binne hierdie beperkinge, selfs groot. Dat daar in hierdie eeu nie voor 1961 'n werklik wetenskaplike biografie oor Kruger verskyn het nie, is egter beslis nie aan onoorkomelike beperkinge te wyte nie. Waarskynlik moet dit daaraan toegeskryf word dat vakhistorici voor die groot afmetinge van die taak teruggedeins het.²⁰³⁾ Daarmee het hul die terrein aan amateurs oorgelaat.

Dit sou egter verkeerd wees om na die verskyning van die jongste Krugerbioografie, die voriges as nie meer as van waarde te beskou vir kennis van en begrip vir die Krugerfiguur nie. In elkeen is daar bepaalde aspekte van die beeld van Kruger belig, al is dit dikwels eensydig beklemtoon. Ook sou dit onjuis wees om te dink dat daar tans geen taak meer vir 'n biograaf oor Paul Kruger is nie; die verdienstes van D.W. Krüger se werk is, veral in vergelyking met die ander biografieë, wel besonder groot, maar deegliker navorsing, nog groter interpretasie, nog fyner aanvoeling en nog kunsvoller uitbeelding bly steeds moontlik.

203) Vgl. Rademeyer se bespreking van Krüger, D.W., Paul Kruger (Tydskrif vir geesteswetenskappe, September 1961); Van Jaarsveld, F.A., Suid-Afrikaanse kroniek (Bijdragen voor de geschiedenis der Nederlanden, 1956).

HOOFSTUK III

ANDER WERKE WAARIN PAUL KRUGER UITGEBEELD WORD

Naas die Gedenkskriften en die groter biografieë van Paul Kruger is daar nog 'n aantal werke waarin die skrywers hulle ten doel gestel het om die lewe, werk en historiese betekenis van Kruger uit te beeld. Dië werke bestaan uit 'n aantal kort biografieë, lewensbeskrywings vir die jeug bedoel en historiese romans en dramas. Hoewel geeneen van suiwer wetenskaplike aard is nie, kan hulle tog 'n belangrike bydrae lewer tot die interpretasie van Kruger as historiese figuur. Aangesien hulle daarbenewens ook 'n aandeel moes gehad het, of nog kan hê, in die vorming van 'n beeld van Kruger onder die Suid-Afrikaners en in die buiteland, is dit noodsaaklik om ook hierdie werke van nader te beskou.

Slegs werke oor Paul Kruger word in hierdie hoofstuk behandel en nie kort biografiese sketse nie;¹⁾ ook gedigte is buite beskouing gelaat.²⁾ Verder word werke wat slegs aspekte van Kruger se lewe en werk belig en nie die Krugerfiguur self wil uitbeeld nie vir die doel van hierdie bespreking uitgesluit.³⁾

- 1) Dit kom daarop neer dat, behalwe vir enkele dramas, „werke” van minder as 50 bladsye uitgesluit is. Na korter biografiese stukke word in hoofstuk V verwys.
- 2) Veral tydens Kruger se reis deur Europa is daar in digvorm hulde aan Kruger gebring. 'n Aantal gedigte oor Kruger is o.m. te vinde in: Bunge, R., Burenlieder, dem Heldevolke und seinem würdigen Staatspräsident gewidmet. Dresden, Pierson, 1901; Hubertino (pseud.), Aan Kruger en zijn helden; dithyrambische huldezang. Antwerpen, 1902; Baarslag, J., Aan Paul Kruger. Amsterdam, 1900 (vertaling van 'n Franse gedig deur Emil Rostand); Pijancker Hordijk, A., Voor Wilhelmina en voor Kruger. Naaldwijk, Begen, 1900 (vertalings van gedigte) en B., I., Heroïese figuur van Paul Kruger (Die Brandwag, 10 Oktober 1941 - vertalings van gedigte). Bekende Afrikaanse gedigte oor hom is Kruger van Jan F.E. Celliers, Beeld van Oom Paul van Toon van den Heever en Die beeld van Oom Paul van J.R.L. van Bruggen. Al drie is opgeneem in Opperman, D.J. (red.), Groot Verseboek. Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1960.
- 3) Sodanige werke kom aan die orde in hoofstuk IV.

Enkele werke oor Kruger kon ongelukkig nie bekom word nie. Van een werk, geskryf deur Prescott Holmes en in 1900 in die V.S.A. gepubliseer, is weinig bekend.⁴⁾ 'n Ander een, deur Friedrich Freksa, het in 1941 in Duitsland verskyn.⁵⁾ In 'n kort bespreking van dié boek⁶⁾ deel F.A. van Jaarsveld o.m. mee dat dit op 'n twintigtal sekondêre bronne gebaseer is en dat die verhaal „logies, feitlik onberispelik juis, simpatiek en lewendig" vertel word. „In die boek self vind 'n mens geen opsetlike propaganda nie; slegs kom daar 'n mate van bitterheid voor teen die Engelse wyse van optrede direk vóór en gedurende die Tweede Vryheidsoorlog. Daar word aangetoon dat die Engelse „demokrasie", „beskerming van klein nasies", „humanisme" en vooruitgangsgeloof leuens is. Die verband met die buitewêreld word ook suksesvol aangedui; veral word die gunstige situasie, waarvoor die Engelse diplomatie gesorg het met die uitbreek van die oorlog beklemtoon". In sy voorwoord skakel Freksa Kruger „selfs in die ry van „groot manne" in, by Caesar, Bismarck en „unserm Führer".⁷⁾ Dit is duidelik dat die werk van Freksa tuishoort by die Duitse propagandalektuur oor Kruger van die Tweede Wêreldoorlog - 'n saak waarop later in die hoofstuk teruggekom word.⁸⁾

- 4) Holmes, P., Paul Kruger. The life story of the president of the Transvaal. Philadelphia, Altemus, 1900. (154 bl.) Dit word vermeld in: Mendelsohn, S., South African bibliography Londen, Paul, Trench & Trübner, 1910 (Fassimilee-uitgawe 1957), dl. I, bl. 851. Mendelsohn haal 'n gedeelte daaruit aan waar Holmes van die Boere se gebrek aan beskaafdheid praat, maar aangesien Mendelsohn hom baie bevooroordeeld teenoor Kruger en die Boere toon - soos uit verskillende van sy boekbesprekings blyk - kan die aanhaling nie sonder meer as tiperend van die werk aanvaar word nie.
- 5) Freksa, F., Ohm Krüger. Sein Leben ein Kampf gegen England. 1941.
- 6) Van Jaarsveld, F.A., Africana-lektuur van die Tweede Wêreldoorlog (Tydskrif vir wetenskap en kuns, April 1951, bl. 189).
- 7) Ibid.
- 8) O.m. op bl. 78.

A. Kort biografiese werke

Benewens vyf korter lewensbeskrywings van Kruger⁹⁾ moet in hierdie afdeling ook twee werke bespreek word wat nie werklik biografieë genoem kan word nie, maar tog baie naby daaraan staan, nl. dié van F. Postma en S. Cloete.¹⁰⁾

1. H.P.N. Muller: Oom Paul

Dr. H.P.N. Muller (1859-1940), 'n Nederlander, was 'n geleerde in die Volkekunde. Hy het verskillende reise na Suid-Afrika onderneem, alvorens hy in 1896 konsul-generaal van die Oranje-Vrystaat in Europa geword het. Benewens sy werkie oor Kruger het hy ook 'n reisbeskrywing en enkele geskiedwerke oor Suid-Afrika gelewer.¹¹⁾ Tydens die Tweede Vryheidsoorlog het hy heelwat vir die Boeresak gedoen. Later in sy lewe was hy o.m. gesant van die Nederlandse regering in enkele Europese lande.¹²⁾

Muller se werkie oor Paul Kruger, wat in 1896 as deel van 'n Nederlandse reeks populêre lewensbeskrywings verskyn het,¹³⁾ kan die oudste Krugerbioografie genoem word. Dit wil voorkom of Muller deur die uitgewers van die reeks opgedra is om die stuk te

- 9) Muller, H.P.N., Oom Paul (Mannen en vrouwen van betekenis in onze dagen, afl. 6, Haarlem, Tjeenk Willink, 1896, bl. 215-264); MacKenzie, F.A., Paul Kruger. His life story. Londen, Bowden, 1899 (120 bl.); Anon., Der Burenpräsident, Stephanus Johannes Paulus Kruger. Gütersloh, Vertelsmann, 1902 (80 bl.); Peters, C., Afrikanische Köpfe, Charakter skizze aus der neueren Geschichte Afrikas. Berlin, Ullstein, 1915. (Die gedeelte Paul Krüger beslaan bl. 23-88.); Froemberg, J., Wissmann, Peters, Krüger. Stuttgart, Franck'sche Verlag; (1941). (Die gedeelte Ohm Krüger beslaan bl. 145-222.)
- 10) Postma, F., Paul Kruger. Die Christen-volksman en -staatsman. Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1944. (Ossewareeks no. 5 - 121 bl.); Cloete, S., African portraits. A biography of Paul Kruger, Cecil Rhodes and Lobengula, last king of the Matabele. Londen, Collins, 1946 (480 bl.).
- 11) O.m.: Zuid-Afrika. Reisherinneringen. Leiden, Sijthoff, (1889); Oude tijden in de Oranje-Vrijstaat. Mr. H.A.L. Hamelberg's nagelaten papieren beschreven. Leiden, Brill, 1907.
- 12) Kyk Spies, F.J. du T., Muller, H-P-N- (De Kock, W.J. (red.) Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, dl. I, bl. 595-596) vir besonderhede oor Muller se lewe.
- 13) Kyk voetnoot 9 hierbo.

skryf;¹⁴⁾ dit is dan ook waarskynlik dat daar in hierdie tyd, net na die gerugmakende Jemesoninval, heelwat belangstelling vir die Z.A.R. en sy staatspresident by die Nederlandse volk was.

Die werkie is gebaseer op enkele ander werke, veral dié van Theal, verskillende artikels in Britse tydskrifte en persoonlike indrukke - Muller het Kruger voor 1896 reeds ontmoet.¹⁵⁾ Heelwat gegewens is in voetnote verantwoord en die werkie getuig van 'n heeltemal wetenskaplike aanpak. Dit blyk ook dat Muller heelwat insig in die Boere en hul geskiedenis het. Oor Kruger het hy egter weinig om mee te deel en hy handel meer oor die geskiedenis van Transvaal as oor hom;¹⁶⁾ selfs gaan hy in op sake soos die Transvaalse grondwet en Burgers se pogings om geld vir sy spoorweg na Europa te bekom. Ook is die feite wat hy oor Kruger meedeel soms onakkuraat; hy vertel bv. dat Kruger een van diegene was wat president Burgers die land binnegehaal het¹⁷⁾ en dat sy tweede besoek aan Engeland tydens Gladstone se premierskap plaasgevind het.¹⁸⁾

Muller staan krities, hoewel nie onsimpatiek nie, teenoor Kruger en die Transvalers. As beskaafde, gesofistikeerde Nederlander toon hy 'n bietjie „hautaine verachting“¹⁹⁾ vir die Boere in hul eenvoud en Bybelvastheid en vertel staaltjies om hul naïwiteit en onkunde te illustreer. Ook Kruger kan hy nie anders sien as 'n tipiese verteenwoordiger van die minder verfynde en ont-

14) In 'n voetnoot op bl. 221 van die werk verklaar hy tenminste: „Deze schets is dan ook niet uit eigen initiatief en wil ontstaan“.

15) Vgl. Muller, H.P.N., Zuid-Afrika. Reisherinneringen, bl. 172.

16) Muller verontskuldig hom oor sy gebrek aan kennis van Kruger, omdat hy nie uit eie inisiatief oor hom skryf nie. (Kyk voetnoot 14 hierbo.) „Wenschelijk ware het ongetwijfeld, dat iemand uit zijn voormalige omgeving hem ons schilderde, of geschiedt dit niet, dan een persoon, die later veel in aanraking met hem is gekomen en zijn herinneringen uit zijn mond heeft opgeschreven“ (bl. 221).

17) Muller, Oom Paul, bl. 238.

18) Ibid., bl. 241.

19) De Ru, a.w. (Hertzog-annale, Desember 1960).

wikkelde stamgenote van die Nederlanders in die vreemde nie.²⁰⁾ Muller is, miskien juis om hierdie rede, egter verrassend skerp in sy tekening van die Krugerfiguur, ook al belig hy sy karakter net in enkele opsigte. Eers op die laaste bladsye word iets oor Kruger se voorkoms en lewenswyse gesê, maar dit was vertel word gee 'n duidelike beeld:

Vir Kruger se politieke optrede en beleid toon Muller groot begrip. Hy sien die redes vir sy teenstand teen Burgers se beleid goed in. Kruger se optrede as staatshoof word beknopt, maar goed weergegee. Sy kritiek daarop — hy sê o.a. dat Kruger direk na die Swazilandkonvensie 'n spoor deur Tongaland moes gebou het — toon wel gebrek aan diep insig in die politieke verhoudinge, iets wat egter seker nie maklik in die tyd deur 'n buitestaander verkry kon word nie. Die beleid van die Engelse regering word nie simpatiek beskou nie, en, met die Jamesoninval pas agter die rug, sien hy in Rhodes die verpersoonliking van die Britse imperialisme; in 'n inleiding tot die werkie word sarkasties met Rhodes se imperialisme as sy „godsdienst“ die spot gedryf.²¹⁾

Muller teken Kruger as 'n ware volksvader, wat deur sy Volksraad gevolg word „als een getrouw vader door zijn kinderen“.²²⁾ Hy vertel dat die Volksraad elke paar uur pouse het en dat Kruger dan onder die koffiedrinkery die lede „bework“, „altijd met goed gevolg; de Transvalers hebben ondervonden dat zij onder Kruger's leiding veilig zijn“.²³⁾

20) In 'n brief van 1898, opgeneem in Spies, F.J. du T. (red.), Reisbriewe van dr. Hendrik P.N. Muller: 1898 (Hertzog-annale, Desember 1955, bl. 137) het Muller hom onvleiend uitgelaat oor Kruger se voorkoms met die presidensiële inswering in Pretoria; veral t.o.v. die dra van sy dekorasies en aspekte van Kruger se toesprake is kritiek uitgespreek. In Krüger, D.W., Paul Kruger, dl. II, bl. 183 word hierdie woorde van Muller aangehaal as voorbeeld van 'n ongunstige beoordeling van Kruger. Ongetwyfeld spreek daar iets van 'n „hautaine verachting“ daarin. In dieselfde stuk het Muller egter ook baie vriendelike dinge oor die president gesê. D.W. Krüger se oordeel oor Muller is m.i. te skerp en te eensydig.

21) Muller, Oom Paul, bl. 215-217.

22) Ibid., bl. 251.

23) Ibid.

Hoewel Muller Kruger se lewe maar uiters gebrekkig beskryf het, is sy werk ongetwyfeld van heelwat waarde veral omdat dit 'n tydgenootlike Europees-intellektuele en krities-objektiewe uitkyk op Kruger en sy optrede gee.

2. F.A. MacKenzie: Paul Kruger. His life story

Hierdie werkie van Fred A. MacKenzie het in 1899 verskyn. In sy voorwoord tot die geskrif verklaar die skrywer dat hy nie 'n politieke pamflet wou lewer nie en ook nie die geskiedenis van Transvaal wou beskryf nie, maar „Kruger the Man” wou uitbeeld.²⁴⁾ Desnieteenstaande bevat die werk, by 'n baie oorsigtelike beskrywing van Kruger se lewe - van sy vroeëre loopbaan word net enkele hoofpunte meegedeel - heelwat wat nie direk in verband met hom staan nie. MacKenzie meld dat hy verskeie geskiedwerke en tydskrifte geraadpleeg het;²⁵⁾ hoewel daar ook verskillende aanhalings uit ander werke voorkom, meld hy egter nie waaruit dit kom nie. Dit blyk duidelik dat hy nie baie krities teenoor sy materiaal gestaan het nie. Ook gee hy dikwels kommentaar op grond van persoonlike oortuigings.

MacKenzie toon hom beslis bevooroordeeld teenoor sy onderwerp en sê reeds in die voorwoord dat hy antwoord op die volgende vrae wil gee: „what was the condition of things that made the autocratic rule of this patriarch so long possible...? Why his distrust of and enmity of England”?²⁶⁾ „'n Patriarg uit die tyd van Abraham, glo hy, sou beter as Kruger by die 19de eeu kon aanpas. Ook vertel hy dat Kruger as diktator enigeen wat sy wil weerstaan uit die politieke lewe van die land kan laat verdwyn²⁷⁾ en verkiesingsuitslae vervals om aan bewind te bly.²⁸⁾ Kruger haat al wat Engels is en verdruk die Uitlanders soos 'n farao van

24) MacKenzie, F.A., a.w., bl. 3.

25) Ibid., bl. 4.

26) Ibid., bl. 3.

27) Vgl. Ibid., bl. 12.

28) Ibid., bl. 109.

ouds.²⁹⁾ Hoewel Engeland alles moontlik gedoen het om die uitbreek van oorlog te voorkom, het Kruger se optrede dit onvermydelik gemaak.³⁰⁾

Tog kritiseer die skrywer die Britse beleid ook; hul optrede teenoor die nie-blankes word op sekere punte veroordeel. Dit toon duidelik dat MacKenzie baie simpatiek teenoor die Bantoe staan. Van die Boere sê hy dat hulle die inboorlinge soos slawe behandel.³¹⁾ Wat Kruger se optrede teenoor die swart ras betref: „no part of Kruger's life less attractive than his dealings with the native tribes”.³²⁾ Hy vertel selfs dat Kruger soms naturelle voor sy ploeg gespan het.³³⁾

Hoewel die skrywer wel op Kruger se prestasies as jagter wys en sy dapperheid roem,³⁴⁾ kan hy tog nie veel goeds by hom vind nie. Kruger word uitgebeeld as die diktator van 'n agterlike volk, verdrukker van naturelle, 'n regte Machiavelliaanse politikus³⁵⁾ en vurige hater van die Engelse beskawing; dit is 'n karikatuur van Kruger. Daar is duidelik element van propagandisme in die werk, wat in die lig van die Tweede Vryheidsoorlogsomstandighede begryp moet word.³⁶⁾ Van die bespreekte biografiese werke oor Kruger gee hierdie een die mees ongunstige beeld van hom.

3. Anon.: Der Burenpräsident

Hierdie werk, wat in 1902 in Duitsland gepubliseer is, bevat, benewens 'n lewensbeskrywing van Kruger, 'n aanhangsel van

29) Ibid., bl. 13 en titel van hoofstuk IX, bl. 86, „Kruger as pharaoh.”

30) Ibid., bl. 118.

31) Ibid., bl. 52.

32) MacKenzie, F.A., a.w., bl. 50.

33) Ibid., bl. 54.

34) Vgl. Ibid., bl. 70.

35) Ibid., bl. 16.

36) Hierop word nader gelet op bl. 183 e.v.

'n twintigtal bladsye oor die Tweede Vryheidsoorlog. Die gedeelte oor Kruger het vroeër as 'n „Lebensbild in neun Abschnitte“ in die Christlichen Volkskalender van Minden-Ravensberg verskyn. As hoofbron vir die lewensbeskrywing word die biografie van Van Oordt genoem.³⁷⁾

Dit is 'n eenvoudige vertelling van die lewe van Kruger, waarby nie diep ingegaan word op politieke kwessies nie, en waarin veral getrag word om die Christelike lewenswyse van Kruger en die Boere uit te beeld. 'n Goeie kennis en begrip van die Suid-Afrikaanse toestande blyk o.m. uit 'n beskrywing van die Boere se lewenswyse, asook uit die verskillende staaltjies wat oor Kruger vertel word.

Hoewel die hoofteite van Kruger se lewe genoem word, word uitgebrei op minder belangrike sake, soos sy besoek aan 'n sendingskool in Duitsland. Ook word heelwat uit sy toesprake aangehaal, veral om sy Christelike oortuiginge te illustreer. Terwyl steeds groot simpatie teenoor die Boere getoon word, word die Engelse, en veral Rhodes, beskuldigend as aanhitters tot die Anglo-Boere-oorlog bestempel.³⁸⁾

In hierdie werkie word Kruger dus by uitstek voorgestel as eenvoudige, opregte Christengelowige. Hy het reeds in sy jeug geleer dat hy nie bang hoef te wees vir die gevare wat hom omring nie, omdat God sy beskermmer is.³⁹⁾ Te midde van die storme wat om hom en sy volk gewoed het, was sy huis steeds „ein stiller Hafen, eine Städte des Friedens, täglich geweiht durch Gottes Wort“.⁴⁰⁾

In hierdie beknopte, eenvoudige beskrywing, word Kruger uitgebeeld as tipe van die ware Christen, en die werk het waarskynlik dan ook veral ontstaan uit die motief om hom voor te hou as voorbeeld vir andere.

37) Ibid., bl. 59.

38) Vgl. Ibid., bl. 43.

39) Ibid., bl. 5.

40) Der Burenpräsident, bl. 48.

4. Carl Peters: Paul Krüger

Dr. Carl Peters (1856-1918) was 'n bekende Duitse Afrika-reisiger en stigter van die Duitse kolonie in Oos-Afrika. Op sy reise deur die binneland van Afrika het hy ook Transvaal besoek.⁴¹⁾ Tydens die Eerste Wêreldoorlog het 'n werk Afrikanische Köpfe van hom verskyn, waarin lewensbeskrywinge van o.m. keiser Menelik van Abessinïë, Emil Paşa, Cecil Rhodes en Paul Kruger opgeneem is.⁴²⁾

Peters het sy beskrywing van Kruger gegrond op enkele geskiedwerke, maar ook op persoonlike indrukke; hy het Kruger sowel in Duitsland as in Suid-Afrika ontmoet. In sy lewensbeskrywing van Kruger noem hy net die vernaamste feite en gee hier en daar kommentaar, waarby hy ook van die geleentheid gebruik maak om o.a. sy indrukke van Johannesburg en sy oordeel oor die Uitlander-griewe weer te gee. By die Jamesoninval en die Tweede Vryheidsoorlog staan hy lank stil.

Die werk toon, behalwe enkele onakkuraathede,⁴³⁾ ook 'n bevooroordeelde teenoor Engeland. Steeds veroordeel Peters die Britse imperialisme. As hy Kruger se optrede kritiseer, is dit omdat hy nie sterk genoeg teenoor die Engelse opgetree het nie, soos volgens hom met die Jamesoninval die geval was.⁴⁴⁾ Ook oorskat hy die invloed van Duitsland op Suid-Afrikaanse politieke verhoudinge van dié tyd en sien hy die Krugertelegram, veral omdat dit Kruger laat dink het dat hy steeds op Duitse steun sou kon staatmaak, as een van die hoofoorsake van die Tweede Vryheidsoorlog.⁴⁵⁾ Op die Duitse afkoms van Kruger word ook klem gelê.⁴⁶⁾

Hierdie beskrywing van Kruger se lewe is uiters onvolledig; oor sy loopbaan voor 1877 word weinig gesê, en sy lewenswyse

41) Vgl. Rössler, H. & Günther, F., Biographisches Wörterbuch zur Deutschen Geschichte. München, Oldenbourg, 1953, bl. 667-668.

42) Kyk voetnoot 9 hierbo.

43) Bv. Ibid., bl. 46, waar vertel word dat M.W. Pretorius in 1871 oorlede is.

44) Vgl. Ibid., bl. 72.

45) Ibid., bl. 75.

46) Ibid., bl. 30.

word net in enkele trekke beskryf. Peters lê nadruk op Kruger se godsdiens wat hy sien as „das Fundament dieser Persönlichkeit“⁴⁷⁾ en hy meen dat Kruger in sy Ou-Testamentiese geloof steeds die ou Israëlsse staat nagestreef het.⁴⁸⁾ In dit alles verpersoonlik Kruger sy volk; hy is veral ook in die beperktheid van sy opvattinge „eigentlichen Typus des Afrikanertums“.⁴⁹⁾ Hoewel Kruger vir Peters eintlik 'n sewentiende eeuse figuur is, staan hy baie simpatiek teenoor hom; sy lewe lank het hy vir „einer freien Bauernrepublik gearbeitet und gestritten“.⁵⁰⁾ Ongetwyfeld was hy nie opgewasse teen sy Britse teenstanders nie; hy was „der Bur schlechtweg, unwissend, bäuerisch, beschränkten Geistes“ maar tog „ein grosser Mann“.⁵¹⁾

Peters beeld Kruger dus uit as tipiese Boer, 'n groot figuur weliswaar, maar tog glad nie 'n moderne en beskaafde persoon nie.

5. J. Froembgen: Ohm Krüger

Tydens die Tweede Wêreldoorlog het verskillende Duitse werke oor Paul Kruger verskyn wat duidelik deel vorm van 'n strewe om die Krugerfiguur vir propaganda, veral anti-Engelse propaganda, te gebruik.⁵²⁾ By die interpretasie van hierdie geskrifte moet die beskouinge van die nasionaal-sosialisme, wat in dié tyd in Duitsland geheers het, goed in gedagte gehou word, want, soos by die bespreking van die werke sal blyk, is hierdie opvattinge ook op Kruger en sy tyd geprojekteer. Idees soos die organies-nasionale aard van die staat, die superioriteit van die Ariesse ras en

47) Peters, a.w., bl. 45.

48) Ibid., bl. 61.

49) Ibid., bl. 31.

50) Ibid., bl. 52.

51) Ibid., bl. 87.

52) O.m.: Freksa, a.w. (Kyk voetnoot 5 hierbo); Froembgen, a.w. (Kyk voetnoot 9 hierbo); Hagen, P., Buren-tragödie. Ohm Krügers letzte Reise. Praag, Kaiser, 1940 (190 bl.); Barckhausen, J., Ohm Krüger. Berlyn, Blanvalet, 1941; Schmidt-Pretoria, W., Ein Präsident. Der Roman Paul Krügers. Berlyn, Renier, 1942.

anti-Semitisme kom dan ook in die werke na vore.⁵³⁾

Die eerste van dié groep werke wat bespreek moet word, Ohm Krüger van Johann Froembgen, het in 1941 verskyn in 'n bundel waarin ook die lewe van twee Duitse Afrikareisigers, Hermann von Wissmann en Carl Peters, beskryf word.⁵⁴⁾

Froembgen se lewensbeskrywing van Kruger is populêr van aard en bevat fiktiewe dialoog. Tog word eintlik nie van die geskiedenis self afgewyk terwille van die verhaal nie. Die lewe van Kruger bly steeds die middelpunt, ook al word dit beskryf teen die breë agtergrond van die Suid-Afrikaanse geskiedenis en selfs van die geskiedenis van Afrika.

Froembgen toon wel insig in die breë gang van die geskiedenis, maar is baie onakkuraat in sy beskrywing van die Boere se lotgevalle en gewoontes; so vertel hy dat die Zoeloes die Boere in die Drakensberge verslaan het.⁵⁵⁾ Hy is baie onsimpatiek gesind teenoor die Engelse optrede en vertel steeds dat 'n oppervlakkige liberalisme, „heuchlischen Meschiebe“⁵⁶⁾ en „Mammonismus“⁵⁷⁾ daar aan ten grondslag lê en dat die Engelse 'n „brutale Wille zur Macht“⁵⁸⁾ het. In die Jode is al hierdie kenmerke in die ergste graad aanwesig.⁵⁹⁾ Teenoor hierdie verderflike invloede wil Kruger sy vrye Boerestaat „indem Gottes Gesetze galt“,⁶⁰⁾ verdedig en beskerm.

53) 'n Goeie beskrywing van die gebruik van die Krugerfiguur vir Duitse propaganda doeleindes tydens die Tweede Wêreldoorlog word gegee in Van Jaarsveld, F.A., Lewende verlede, bl. 208-216. Op die beeld van Kruger in die Duitse geskiedskrywing van die Tweede Wêreldoorlog in die algemeen, word gelet op bl. 217-218.

54) Kyk voetnoot 9 hierbo.

55) Froembgen, a.w., bl. 157.

56) Ibid., bl. 163.

57) Ibid., bl. 194.

58) Ibid., bl. 182.

59) Vgl. Ibid., bl. 203.

60) Froembgen, a.w., bl. 207.

Kruger is vir Froembgen 'n „einfachen lapidaren Persön= lichkeit", ⁶¹⁾ tipe van die vrome, stoere Boere. Uit diepe oor= tuiging stry hy teen die goddelose magte van materialisme en Jode= dom. Sy stryd het 'n tragiese einde, maar hy sterf in sy balling= skap as „Gottes treuester und tapferster Knecht". ⁶²⁾

Soos in Der Burenpräsident word Kruger in hierdie werk ook by uitstek as gelowige Christen geteken. Sy Christelikheid word hier egter binne 'n nasionaal-sosialistiese raamwerk geplaas; sy ideale is net goed en edel en staan in kontras met die Engelse opvattinge, wat alles verteenwoordig wat die nasionaal-sosialisme verafsku. Kruger word geïdealiseer en ook bloot as tipe voorge= stel in diens van die duidelike propagandistiese tendens van die werk.

6. F. Postma: Paul Kruger, die Christen-volksman en -staatsman

Ferdinand Postma (1879-1950) was 'n geleerde in die klas= sieke tale. Hy was hoogleraar aan en, van 1919 tot sy dood, ook rektor van die Potchefstroomse Universiteitskollege vir C.H.O. ⁶³⁾ Hy het verskillende werke, waaronder sommige veral vir die jeug bedoel, geskryf. ⁶⁴⁾ Sy werkie oor Paul Kruger het in 1944 verskyn.

In sy voorwoord verklaar die skrywer dat hy "n beeld van Kruger wou gee wat „ons nie alleen die persoon sal laat verstaan en begryp nie, maar wat moet inspireer en besiel". ⁶⁵⁾ Hy wou Kru= ger se lewe en werk behandel aan die hand van die Bybelse Mosesfi=

61) Ibid., bl. 71.

62) Ibid., bl. 222.

63) Kyk Coetzee, J.C., Postma, Ferdinand (De Kock, W.J. (red.) Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, dl. I., bl. 662-663) vir besonderhede oor sy lewe.

64) Enkele ander werke van Postma is: Kleopatra. Kaapstad, H.A.U.M., 1928; Paulus, 'n geroepe apostel van Jesus Christus. Pretoria, Van Schaik, 1949.

65) Postma, F., Paul Kruger. Die Christen-volksman en -staatsman, bl. 3.

guur, soos die indeling van die werk reeds toon: die eerste deel handel oor Kruger se standvastigheid van keuse — waarby as aspekte onderskei word sy weiering om iets anders as Afrikaner te wees, die godsdienst van sy vaders prys te gee en om posisies ten koste van sy volk aan te neem — terwyl die tweede gedeelte Kruger se standvastigheid van leiding beskryf; sy optrede teenoor naturelle stamme, in die Transvaalse burgeroorlog en in die stryd om onafhanklikheid van sy volk word daarby belig. Aan elk van die twee gedeeltes gaan 'n inleiding vooraf wat onderskeidelik wys op Moses se standvastigheid van keuse en van leiding.

Postma behandel die lewe en werk van Kruger dus op 'n tematologiese wyse; sekere dade en eienskappe van Kruger word aangetoon en toegelig.⁶⁶⁾ Dit skyn of Postma tog ook 'n volledige oorsig van Kruger se werk wou gee, en in die gedeelte oor Kruger se stryd vir die onafhanklikheid van sy volk, 'n stuk wat bykans die helfte van die hele werk beslaan, word sy optrede in die Eerste Vryheidsoorlog en byna al die belangrike sake i.v.m. sy presidentskap behandel. Die meeste aspekte van Kruger se openbare loopbaan word eintlik gedek, en dit word tog 'n lewensbeskrywing, al is dit nie met streng handhawing van die kronologiese orde nie.⁶⁷⁾

Postma het sy werk gegrond op verskillende sekondêre bronne, waarna hy ook verskeie male verwys. Dit is egter duidelik 'n populêre werk en 'n werk wat alleen in die algemene interpretasie van Kruger se optrede 'n nuwe bydrae wil lewer. Deurdat hy slegs die hoofteite noem en dan self kommentaar daarby gee, word die hele geskiedfeitelik 'n kommentaar op Kruger se lewe en werk;⁶⁸⁾ die vernaamste gebeure in sy lewe word as illustrasie gebruik in die beskrywing van Kruger se standvastigheid van keuse en van lei-

66) Vgl. besprekings van Paul Kruger. Die Christen-volksman en -staatsman deur A.J.H. van der Walt (Die Huisgenoot, 2 Februarie 1945) en D.W. Krüger (Ons eie boek, Desember 1944).

67) Vgl. A.J.H. van der Walt se bespreking van Paul Kruger. Die Christen-volksman en -staatsman (Die Huisgenoot, 2 Februarie 1945).

68) Vgl. D.W. Krüger se bespreking van Paul Kruger. Die Christen-volksman en -staatsman (Ons eie boek, Desember 1944).

ding. Die verband tussen gebeure word dus gelê deur die skrywer se vooropgesette siening. Dit bring mee dat Postma die geskiedenis eensydig en oorvereenvoudig voorstel; as Kruger bv. die Britse politikus Lord Carnarvon om 'n volkstemming oor die anneksasie vra, kry hy — aldus die skrywer — te hore dat dit 'n outydse gebruik is wat nie meer in Engeland toegepas word nie,⁶⁹⁾ en as president Brand van die O.V.S. weier om gehoor te gee aan Kruger se versoek om nie die verlenging van die Kaaplandse spoorlyn deur die Vrystaat toe te laat nie, toon dit volgens Postma dat Brand gee visie gehad het nie, maar Kruger wel.⁷⁰⁾

In hierdie eensydige geskiedinterpretasie word Kruger se optrede dan ook steeds as die juiste gesien, terwyl dié van die Engelse daarenteen steeds verkeerd is en veroordeel word sonder dat gewys word op die redes daaragter: „Twee klein Republiekies wat niks anders gewens het as om met rus gelaat te word nie, wat geen uitbreiding van gebied verlang of begeer het nie moes verdeelg word”.⁷¹⁾ Die skrywer gee 'n baie emosionele beskrywing van die Tweede Vryheidsoorlog; so roep hy uit: „En nou ... sal daar weer edele Afrikaanse bloed van kinders, moeders, mans en vaders moet vloei!!!”⁷²⁾

Hoewel die werk vlot geskryf is, is die talle retoriese uitroepe ietwat hinderlik. In sy vergelykinge met die klassieke en moraliseringe na aanleiding van sekere gebeure toon Postma duidelik 'n didaktiewe strewe.

Soos reeds uit die titel blyk, word Kruger in die boek van Postma voorgestel as Christengelowige en vaderlander by uitstek: „Dis hierdie twee pylers waarop sy lewe gestaan het, die Christelike pilaar en die nasionale pilaar. Ontrouheid aan die een of ander kant sou sy lewe in duie laat stort het”.⁷³⁾ Al Kruger se

69) Postma, F., Paul Kruger. Die Christen-volksman en -staatsman, bl. 55.

70) Ibid., bl. 74.

71) Ibid., bl. 113.

72) Ibid., bl. 112.

73) Ibid., bl. 28.

dade word dan ook in die lig hiervan geïnterpreteer; so sou hy hom in sy optrede na die Jamesoninval getoon het as egte Calvinis wat „weet om homself en die by hom in toom te hou”.⁷⁴⁾ In sy strewe om die kenmerke in Kruger se lewe te vind, kom die skrywer dan ook soms met vergesogthede vorendag; die parallel met Moses het reeds 'n kunsmatige kader geskep waarin Kruger se optrede geplaas word. In baie opsigte is Postma se beligting van Kruger wel verhelderend, veral deurdat hy die verband tussen sy optrede en die Calvinistiese beginsels aantoon, maar hy sien hom nie binne historiese perspektief nie; Kruger word eensydig in al sy grootheid as Calvinistiese Christen en patriot geteken. Te meer daar die skrywer hom in sy werk as Calvinis en vaderlander openbaar, word 'n geïdealiseerde beeld van Kruger gegee wat afbreuk doen aan die waarde van die werk as prinsipiële beoordeling van sy optrede.

Natuurlik moet dit steeds in gedagte gehou word dat Postma nie in die eerste plek 'n geskiedwerk wou lewer nie. Dit blyk duidelik dat sy uitbeelding van die Krugerfiguur gedra is deur 'n volksoopvoedende motief, en as literatuur vir die jeug en die gewone man behoort dit van groot opvoedkundige waarde te wees.⁷⁵⁾ Dit is egter jammer dat dié strewe gelei het tot 'n pragmatiese benadering van die geskiedenis, waar deur uit gebeure opvoedkundige lesse te haal, hul uit historiese verband geruk word. So iets kan opvoeding in die geskiedenis altans moeilik ten goede kom.

7. S. Cloete: African portraits

Stuart Cloete (geb. 1897) is 'n Suid-Afrikaanse skrywer van wie o.m. verskillende romans met 'n historiese strekking verskyn het.⁷⁶⁾ Sy African portraits, gepubliseer in 1946,⁷⁷⁾ is,

74) Ibid., bl. 98.

75) Vgl. J.A. van Rooy se bespreking van Paul Kruger. Die Christen-volksman en-staatsman (Koers, Desember 1944).

76) Enkele ander werke van hom is: Gazella, Londen, Collins, 1958 en Rags of glory. New York, Doubleday, 1963.

77) 'n Amerikaanse uitgawe van African portraits het reeds vroeër verskyn onder die titel Against these three. A biography of.... New York, Garden City, 1945.

soos die titel lui, 'n biografie van „Paul Kruger, Cecil Rhodes and Lobengula, last king of the Matabele". Die werk bevat nie drie aparte biografieë nie; die lewens van die drie figure word in een geheel behandel. Juis hierdie drie persone is gekies omdat hulle drie verskillende kulture, volke en ideale verteenwoordig, wat in die laaste dekades van die 19de eeu met mekaar in botsing gekom het.⁷⁸⁾ In die verhaal wil die skrywer 'n patroon weef van die drie hoofpersone se vriendskappe en botsings: „of wars; of marriages; of deaths and births; of loves and hates; of impacts and counterimpacts; of hopes and fears; of causes and effects whose repercussions still vibrate".⁷⁹⁾

Die werk is in drie dele verdeel: „Iron", „Gold" en „Blood". Binne hierdie dele word sekere hoofstukke aan die beskrywing van een van die persone gewy, ander aan hul konfrontasie met mekaar. Terwyl die eerste drie hoofstukke oor die vroeë lewe van Kruger, die oudste van die drie, handel, eindig die verhaal met die dood van Kruger, wat ook langsliewende van die drie was.

Die skrywer het vir sy werk slegs 'n aantal sekondêre bronne gebruik; vir Kruger se lewe is hoofsaaklik die Gedenkskriften en die biografieë van Nathan en Juta geraadpleeg. Veral lg. werk het duidelik groot invloed uitgeoefen op Cloete se siening van Kruger. Die bronne word dikwels aangehaal en soms op die voet gevolg; die werk lewer dan ook geen bydrae tot feitekennis oor Kruger nie. Dit is egter tog nuut t.o.v. die perspektief waarin Kruger se lewe gesien word; Cloete beskryf hom as een van die hoofspelers van die drama wat teen die einde van die 19de eeu in Suid-Afrika afgespeel het. Die drie figure beweeg soos drie sterre aan die politieke sterrehemel van Afrika, eers onafhanklik van mekaar, maar hul bane moet noodwendig kruis.⁸⁰⁾ Die skrywer verhaal die geskiedenis as 'n onvermydelike, vooraf bestemde gang van sake en wil ook 'n bepaalde patroon daarin sien; hy plaas die

78) Vgl. Cloete, African portraits, bl. 16.

79) Cloete, African portraits, bl. 21.

80) Vgl. Ibid., bl. 20.

geskiedenis binne 'n skema, bepaal deur die opset van sy werk. Hy slaag egter goed daarin om, sonder die geskiedenis direk te verdraai of fiksie te gebruik, 'n spannende drama daarvan te maak. Die geskiedenis word vereenvoudig, maar die breë historiese perspektief bly grotendeels behoue.

Cloete beskryf nie soseer al die politieke verwickelinge van die tydperk nie; hy wil die drie kulture en hul konfrontasie met mekaar teken. Daarom gee hy o.m. heelwat aandag aan Kruger se lewensomstandighede en lewenswyse as tipies van dié van die Boere. Om kleiner details uit te beeld, gebruik hy heelwat fantasie. Cloete is nie partydig vir een van die drie kulture nie; hy teken elk in al sy tipiese kenmerke en eienaardighede, ook deur klein trekkies. So kry Kruger van Carnarvon te hore dat die anekdasie van Transvaal nie herroep kan word nie, want „the Queen can do no wrong”.⁸¹⁾ Van die Boere word gesê dat hul kennis van die ekonomie gebrekkig was omdat hul dit nie in die Bybel kon leer nie.⁸²⁾ In sy strewe om die kontras tussen die kulture duidelik uit te beeld, word die Boere se eenvoud en naïefheid dan ook 'n bietjie oordryf.

Kruger is vir Cloete dus veral tipe van sy volk en kultuur. Sy lotgevalle word steeds geskilder teen die breë agtergrond van die Boere se geskiedenis, hul leefwyse en gebruike. Soos 'n tipiese Boer was Kruger „at the age of ten, already a hunter and farmer; at fourteen, a soldier fighting his first native war; at sixteen, a husband; at twenty-one a widower. He was twice married. He was the father of sixteen children and destined to be four times president of the South African Republic”.⁸³⁾ As kind het hy reeds geleer dat hy die Engelse so veel as moontlik moet vermy en liever veg as toegee.⁸⁴⁾ Kruger se reguit en eenvoudige kyk op sake word ook beklemtoon: „Black and white his politics, black and white his views”.⁸⁵⁾ Hy vertel dat Kruger as

81) Cloete, African portraits, bl. 118.

82) Ibid., bl. 159.

83) Ibid., bl. 16.

84) Ibid., bl. 31.

85) Ibid., bl. 62.

Afrikanerpatriot die Vierkleur wou sien wapper van die Kaap tot Zambezi,⁸⁶⁾ en aangesien Rhodes die Union Jack oor dieselfde gebied wou sien, moes hul ideale lynreg bots. Soos Juta vergelyk Cloete Kruger se manier van optrede met die gang van die os en sien hom daarby ook as „a bucolic Solomon, ... a farmer sitting in the judgment of a nation of farmers. An old thick set David who now, in his age, had to prepare his sling for the Goliath of England”.⁸⁷⁾ Hy glo dat Kruger 'n vroeë demokrat was; sy opvattinge het in die nuwe Suid-Afrika, wat na die katastrofe van die Tweede Vryheidsoorlog gevorm is, ook ingang gevind⁸⁸⁾ — soos Juta glo Cloete ook dat uit die botsing 'n verenigde Suid-Afrika-gebore-is.

Cloete se beskrywing van Kruger se lewe en werk is redelik volledig en veral van sy lewenswyse word 'n duidelike beeld gegee; hy is egter slegs as tipe van die Boer geteken, nie in sy individuele karaktertrekke nie. Sy werklike betekenis as historiese figuur word ook nie belig nie. In die lig daarvan dat Cloete se doel nie in die eerste plek die gee van 'n duidelike beeld van Kruger is nie, maar van die lewenswyse, die kultuur wat hy verteenwoordig, is hierdie kenmerke van sy werk verstaanbaar.

Binne die raamwerk van sy hele beskrywing is sy kyk op Kruger oorspronklik en in sommige opsigte verhelderend.

♦ ♦ ♦ ♦ ♦ ♦ ♦ ♦ ♦ ♦ ♦ ♦

Geen van die sewe werke wat hier bespreek is, het primêr uit 'n wetenskaplike motief ontstaan nie; hulle is veral bedoel om tot die gewone man te spreek: om inligting te verskaf (Muller), te propageer (MacKenzie, Froemberg) en te besiel (Postma). Tog is hulle, ook vandag nog, van waarde vir die geskiedwetenskap: Muller en Peters gee persoonlike indrukke van Kruger weer, Postma belig sy betekenis vanuit 'n Calvinistiese hoek en Cloete teken hom as tipe van 'n bepaalde kultuur en lewenswyse. Ook hierdie werke kan dus daartoe bydra om die Krugerfiguur te ken en te begryp.

86) Ibid., bl. 174.

87) Ibid., bl. 264.

88) Vgl. Ibid., bl. 411, 437.

B. Lewensbeskrywings vir die jeug

By die beoordeling van die lewensbeskrywing van Kruger wat primêr vir die jeug bedoel is, moet in gedagte gehou word dat hierin besondere eise aan die uitbeelding van Kruger en sy geskiedenis gestel word. 'n Jeugboek moet bevatlik wees; politieke kwessies sal daarom dikwels ietwat vereenvoudig voorgestel word. Ook geld die eis van interesssantheid en populariteit hier in 'n groter mate as by ander werke, en dit kan verwag word dat sake i.v.m. Kruger se lewe wat die jeug se belangstelling veral sal wek, bv. jagstaaltjies, uitgebreid vertel sal word.

1. W. Brouwer: Paul Kruger

W. Brouwer, 'n Nederlander, se werke oor Paul Kruger het in 1899 verskyn.⁸⁹⁾ Naas Kruger het hy ook figure soos die Britse premier, W.E. Gladstone en die Amerikaanse uitvinder, T.A. Edison vir die jeug beskryf.⁹⁰⁾ In die werke, deel van 'n reeks vir die jeug van twaalf tot agtien jaar, is veral ten doel gestel om aan te toon dat „een mensch veel kan als hij maar wil”.⁹¹⁾

Dit skyn of Brouwer vernameelik enkele Nederlandse werke oor Transvaal geraadpleeg het, waaronder heel moontlik ook die biografie van Van Oordt. Die skrywer gee 'n baie feitelike relaas van Kruger se lewensloop en daarmee saam ook van die hele geskiedenis van die Boere. Hoe nader die skrywer aan sy eie tyd kom, hoe uitvoeriger word die beskrywing. Hy gee soms ook kommentaar, dikwels om op lesse te wys wat uit 'n gebeurtenis geleer kan word.

'n Aantal foutiewe mededelings verraa dat die skrywer se kennis van die Suid-Afrikaanse geskiedenis maar baie beperk was; hy vertel bv. dat by die vredesluiting na die Eerste Vryheidsoorlog daarvoor gedink is om Johannesburg maar aan die Engelse af te staan,⁹²⁾ en dat die O.V.S. slegs na betaling van 'n groot som

89) Brouwer, W., Paul Kruger. Amsterdam, Veen, (1899). (159 bl.) Interessant is dat 'n aantal foto's van Johannesburg in die werk opgeneem is. Van Paul Kruger verskyn daar egter geen foto nie.

90) Vlg. omslag van Brouwer, a.w.

91) Louwerse, P., Voorwoord tot Brouwer, a.w., bl. vii.

92) Brouwer, a.w., bl. 74.

geld aan Engeland van die diamantgeskil kon vrykom.⁹³⁾ Waarskynlik met die doel om die geskiedenis vir die jeug verstaanbaar te maak, stel die skrywer sommige dinge baie vereenvoudig voor, en deel mee dat die Boere uit die Kaapkolonie weggetrek het veral om rus te vind.⁹⁴⁾ Brouwer se simpatie lê geheel en al aan die kant van die Boere, en die Jamesoninval bestempel hy as 'n lae domheid van die Engelse.⁹⁵⁾

Kruger word geteken as 'n ware voorbeeldige mens; reeds as kind was hy 'n toonbeeld van braafheid: „waar hij maar enigzins dacht dat zijn hulp nodig kon zijn, daar kon men hem vinden”.⁹⁶⁾ Toe hy 'n jong man was is al na hom opgesien, en is by belangrike gebeure gevra: „Wat zegt Paul Kruger ervan?”⁹⁷⁾ Sy optrede as staatsman het steeds die stempel van eerlikheid, regverdigheid en „waarachtige Gods-rucht” gedra.⁹⁸⁾ By dit alles het hy eenvoudige mens gebly.⁹⁹⁾

Die beeld van Kruger in die werk is baie onvolledig en ietwat vervaag in die beskrywing van die algemene gebeure wat reeds nie baie duidelik en akkuraat is nie. Daarby is die beeld van Kruger vereenvoudig en, in diens van die skrywer se openlike didaktiese strewe, geïdealiseer.

2. J.F. van Oordt: Van schaapwachter tot president

Benewens sy groter Kruger-biografie het Van Oordt in 1904 ook 'n beknopter lewensbeskrywing van Kruger, vir die jeug bedoel, gelewer.¹⁰⁰⁾ 'n Afrikaanse bewerking daarvan het in 1925

93) Ibid., bl. 39.

94) Ibid., bl. 13.

95) Ibid., bl. 126.

96) Ibid., bl. 11.

97) Ibid., bl. 36.

98) Ibid., bl. 18.

99) Ibid., bl. 82.

100) Kyk bl. 38 voetnoot 62.

die lig gesien.¹⁰¹⁾ Soos Brouwer wil ook Van Oordt Kruger as voorbeeld vir die jeug voorhou, as hy hulle toeroep: „Gaaf henen en doet gij desgelijks!“¹⁰²⁾

Vir hierdie werkie het Van Oordt naas sy groter biografie van Kruger ook die Gedenkschriften gebruik. Hy het gepoog om 'n bevatlike en populêre beskrywing van Kruger se lewe te gee en het ook fantasie gebruik om bv. Kruger as seun te beskryf. Anders as in sy groter werk hou hy hom hier streng aan die beskrywing van Kruger se lewe; die geskiedenis bly slegs die agtergrond waarteen sy optrede gesien moet word. Van Oordt gaan nie baie diep in op politieke kwessies nie en staan lank stil by Kruger se jeug en die Groot Trek — dinge wat veral tot die jeug spreek. Ook word heelwat staaltjies van Kruger — in 'n aparte gedeelte onder die opskrif „Krugeriana“¹⁰³⁾ — gegee.

Net so min as sy ander werk is hierdie beskrywing objektief.¹⁰⁴⁾ Hoewel Van Oordt verklaar „geen politieke kleur aan dit boekje (te) willen geven“,¹⁰⁵⁾ blyk dit tog duidelik dat hy die Engelse optrede teenoor Transvaal byna steeds sterk afkeur. Kruger word baie simpatiek geteken en telkens as voorbeeld, as buitengewone mens, aan die jeug voorgehou. Reeds as seun is Kruger deur „zijn vriendjes met een zeker soort eerbied beschermd... als één die altijd raad wist en nooit bang was“. ¹⁰⁶⁾ Hy is 'n ware held en daarby „een Ziener en een Werktuig door hem uitverkoren“, hoewel hy as mens tog „nietig stof“ gebly het.¹⁰⁷⁾

Anders as in sy vorige werk van Kruger kon Van Oordt nou Kruger se hele lewe beskryf¹⁰⁸⁾ en dit daarom ook vollediger en

101) Van Oordt, Die lewe van Paul Kruger (1825-1904). Kaapstad, De Bussy, 1925. (Afrikaanse bewerking gedoen deur ds. P.J. Viljoen.)

102) Van Oordt, Van schaapwachter tot president, bl. vi.

103) Ibid., bl. 123 e.v.

104) Vgl. Nienaber, a.w., bl. 132.

105) Van Oordt, Van schaapwachter tot president, bl. 106.

106) Ibid., bl. 29.

107) Ibid., bl. 57.

108) Vgl. Steyn, a.w., bl. 68.

duideliker doen. Hoewel sy politieke optrede baie oorsigtelik behandel word, trag hy om sy persoon en lewenswyse helder voor te stel. Die verband tussen die gebeure word duidelik gelê, en onnodige feite word weggelaat; die verhaal het groter eenheid.¹⁰⁹⁾ Tog is daar weinig sprake van 'n karakteruitbeelding van Kruger; hy word, soos in sy vorige werk, geïdealiseer en as held geteken, hierdie keer ook met die doel om hom as voorbeeld aan die jeug voor te hou.

3. M. Boey: Paul Kruger

Hier Nederlandse jeugboek het in die veertigerjare van hierdie eeu verskyn.¹¹⁰⁾ Die skrywer het nie 'n direkte didaktiese bedoeling met sy werk, soos Bouwer en Van Oordt, nie; hy skryf slegs interessante jeugverhaal oor Kruger se lewe. Hoewel benewens enkele bronne, waaronder waarskynlik die Gedenkschriften, heelwat fantasie gebruik is, hou die skrywer hom tog aan die hooflyne van die geskiedenis; eintlik is slegs die dialoog fiktief. Die politieke verwikkelinge i.v.m. Kruger se optrede word vereenvoudig en Kruger se lewe teen 'n breë agtergrondsbeskrywing toegeel. Boey gee ook heelwat aandag aan Kruger se jeug en aan die Groot Trek.

Hoewel die skrywer groot insig in die geskiedenis toon, lyk dit of hy hom tog nie heeltemal in die Suid-Afrikaanse toestand kon inleef nie; die atmosfeer van die Boere se lewe word 'n bietjie te Hollands geskilder. Boey toon deurgaans groot simpatie met die Afrikaners en soveel te minder met die Engelse, agter wie se beleid hy die materialisme, „de hebzucht van die City“¹¹¹⁾ sien.

In Boey se verhaal is daar 'n logiese gang. Dit is ook boeiend geskryf en spanning word opgebou deur uitlatinge soos:

109) Vgl. Nienaber, a.w., bl. 131.

110) Boey, M., Paul Kruger. Thielt, Lannoo, s.j. (175 bl.) Volgens wat op bl. 172-173 van die werk meegedeel word oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis na die dood van Kruger, moes die werk in die tyd 1940-1948 verskyn het.

111) Ibid., bl. 32.

„Paul Kruger, voelt dat grote hart van u, dat lêëft voor uw volk, voelt het de bedreiging niet hangen in de lucht?“¹¹²⁾

Boey het Kruger duidelik met groot liefde geteken; Kruger is die dappere stryder met 'n groot, eenvoudige Godsgeloof,¹¹³⁾ na wie sy volk met kinderlike vertrouwe opsien. Hoewel 'n goeie beeld van Kruger se lewe en van sy stryd as leier van sy volk gegee word, wat ook duidelik tot die jeug behoort te spreek, teken Boey hom tog eensydig as held.

4. P.J. de Zeeuw: Paul Kruger, de leeuw van Zuid-Afrika

In 1951 het nog 'n Nederlandse jeugboek oor Paul Kruger verskyn,¹¹⁴⁾ van die hand van 'n skrywer van verskillende jeugverhale en as deel van 'n reeks boeke vir die jeug. Die werk is ook ryklik met tekeninge geïllustreer.

Soos Boey het ook De Zeeuw heelwat fantasie-gebruik om 'n interessante verhaal van Kruger se lewe te maak sonder om egter werklik van historiese gegewens af te wyk. Verskillende hoofstukke word gewy aan jagstaaltjies van Kruger wat in geure en kleure beskryf word. Kruger se politieke optrede word baie oorsigtelik behandel; eintlik word net enkele hoofgebeure, en dan nog in eenvoudigde vorm, verhaal; desnieteenstaande gee dit tog 'n geheelbeeld van Kruger se lewe.

Hoewel Kruger deurgaans met groot simpatie beskryf word, is daar nie sprake van antipatie teen die Engelse, soos by Boey nie, ook al verklaar hy direk dat Engeland eintlik die oorlog teen die Boere uitgelok het.¹¹⁵⁾

Die verhaal is in eenvoudige vertellende trant geskryf, sodat dit ook tot kinders kan spreek, en bevat 'n sterk element

112) Ibid., bl. 113.

113) Vgl. Ibid., bl. 92.

114) De Zeeuw, P.J. (G.zn.), Paul Kruger. De leeuw van Zuid-Afrika. S^t Gravenhage, Van Goor, 1951 (6de druk). (Serie Oud Goud no. 10-143 bl.)

115) Ibid., bl. 132.

van spanning.

Kruger se betekenis as staatsman kan in so 'n eenvoudige vertelling nie baie duidelik na vore kom nie. De Zeeuw wys tog op enkele dade, bv. sy optrede met die Jamesoninval, waarin Kruger hom as „een wijs staatsman“¹¹⁶⁾ toon. Deur goeie uitbeelding van sy lewenswyse, van allerlei voorvalle, ens., word 'n goeie beeld van Kruger se persoonlikheid gegee, nieteenstaande dat hy in alle opsigte as held voorgestel word.

De Zeeuw het 'n boeiende verhaal van Kruger se lewe gemaak, wat toon dat die lewe van Kruger ook vir kinders sprekend gemaak kan word sonder onnodige versiering of afwyking van die werklikheid.

5. J.I. Rademeyer: Paul Kruger

Van dr. J.I. Rademeyer, 'n geskiedkundige en voorheen dosent aan die Heidelbergse Onderwyserskollege, het in 1962 'n werk oor Paul Kruger verskyn.¹¹⁷⁾ In sy voorwoord verklaar die skrywer dat hy daarmee 'n bydrae wou lewer „om 'n groot staatsman by die jeug van die volk bekend te stel“ en „hulle liefde vir hulle groot volksfigure en hulle belangstelling in die volksgeskiedenis aan te wakker“. ¹¹⁸⁾

Dit is duidelik dat die skrywer heelwat sekondêre bronne geraadpleeg het, en sy werk toon groot insig in die geskiedenis wat in verband met Kruger staan. Aanhalings word soms gedoen, veral uit die Gedenkschriften en die werkie van Uys oor Kruger.¹¹⁹⁾

Hoewel die werk in populêre vorm is, gee dit tog 'n deeglike interpretasie van Kruger se optrede en betekenis, al word dit ook op eenvoudige wyse meegedeel. Dit bly 'n gewone beskrywing van Kruger se lewensgeskiedenis, wat nie soseer aangevul word met fantasie soos Boey en De Zeeuw gedoen het nie. Rademeyer poog om

116) Ibid., bl. 129.

117) Rademeyer, J.I., Paul Kruger, Johannesburg. Afr. Pers. 1962. (108 bl.)

118) Ibid., voorwoord. (Ongenommerd.)

119) Uys, Paul Kruger. Van die wieg tot die graf.

nogtans tot die jeug te spreek, deur bv. uit te wy oor hoe Kruger se moeder hom in sy jeug moes versorg en beskerm het.¹²⁰⁾ Hoewel hy heelwat oor Kruger se jeug mee te deel het, gaan hy veel dieper in op sy optrede as staatsman as wat in die ander jeugboeke gedoen is. Hy gee ook nie soveel agtergrondsbeskrywing nie; die werk is bedoel vir die Afrikaanse jeug wat nie heeltemal onkundig oor hul volksgeskiedenis is nie.

Rademeyer se werk verskil van die ander jeugboeke ook daarin dat daar nie veel sprake van heldeverering vir Kruger is nie. Hy kritiseer Kruger se beleid op verskeie punte en vertel o.m. dat hy in die Uitlanderkwessies net wou „toegee as dit absoluut noodsaaklik was“; „tot die meeste maatreëls moes hy feitlik gedwing word“,¹²¹⁾ — hiermee tree volgens Rademeyer trekke van agterdog en wantroue by Kruger na vore. Hy verklaar dat Chamberlain volgehou het om sy neus in die binnelandse sake van die Republiek te steek¹²²⁾ en kritiseer keiser Wilhelm II skerp, waarby hy nie kan nalaat nie om te meld dat die verowering van Suidwes in 1914 die „eerste spyker“ in sy „doodkis“ was.¹²³⁾

Die skrywer het getrag om 'n duidelik beeld van Kruger te gee, ook van sy karakter. Dit word o.m. gedoen om deur telkens te wys op eienskappe van hom wat in sy optrede tot uiting kom; hy meen dat Kruger as jong man „voortvarend en ... heftig van natuur“¹²⁴⁾ was; met die anneksasie was dit „of die gestalte van Kruger skielik groter geword het en met 'n vaste vertroue op Gods almag het hy sy taak opgeneem, nie haastig nie, maar met die Bybel in die hand en met beslistheid“. ¹²⁵⁾ Hy deel ook heelwat oor Kruger se lewensomstandighede en lewenswyse mee en verhelder die beeld van

120) Rademeyer, Paul Kruger, bl. 4.

121) Ibid., bl. 68.

122) Ibid., bl. 86.

123) Ibid., bl. 103.

124) Ibid., bl. 14.

125) Ibid., bl. 41.

Kruger soms deur trekkies soos „Hy het stadig geskryf en kon nie mooi skryf nie" (as seun)¹²⁶⁾ en hy het „groot behae daarin gevind om oor godsdienstige sake te redeneer".¹²⁷⁾ Rademeyer probeer Kruger veral teken as „'n groot man" maar ook as „'n goeie mens en 'n ware Christen. Ten spyte van menslike tekortkominge, het hy die goeie in die Afrikaner beliggaam".¹²⁸⁾

Rademeyer het 'n in byna alle opsigte suiwere en ook duidelike beeld van Kruger gegee, en alle belangrike aspekte van sy lewe en werk objektief beskryf. Daarteenoor staan egter dat in die getroue beskrywing van al die fasette van die Krugerfiguur 'n eenheidsbeeld nie vanself na vore kom nie.

* * * * *

Uit hierdie jeugboeke kom 'n didaktiese motief na vore al probeer al die skrywers nie „lesse" uit Kruger se lewe haal soos Brouwer en Van Oordt nie, wil hulle tog belangstelling in die eie geskiedenis (Rademeyer) of in die Afrikaanse stamverwante in die vreemde (Boey, De Zeeuw) aanwakker, en ook kennis van die Krugerfiguur by die jeug tuisbring. In die jeugboeke word Kruger se geskiedenis deurgaans vereenvoudig en van hom 'n held of - by Brouwer en Van Oordt - 'n toonbeeld van „braafheid" gemaak; egter juis deur die vereenvoudiging en die beklemtoning van sekere karaktertrekke van Kruger kan ook hierdie werke bydra tot beter begrip vir die Krugerfiguur, nie alleen by die jeug nie, maar selfs ook by die wetenskaplike.

C. Romans

Onder die romans oor Paul Kruger is daar sommige wat lewensbeskrywings in romanvorm genoem word en dus werklik biografiese romans is. Die werke van W. Schmidt-Pretoria, J.P.J. Coetzee en Anna M. Louw¹²⁹⁾ kan as sodanig beskou word. Die ander

126) Ibid., bl. 3.

127) Ibid., bl. 31.

128) Ibid., voorwoord.

129) Schmidt-Pretoria, a.w. (kyk voetnoot 52 hierbo); Coetzee, J.P.J. Die lamp op die staander. Bloemfontein, Nas. Pers. 1949. (222 bl.); Louw, Anna M., Die groot gryse. Kaapstad, Tafelberg, 1968. (271 bl.)

drie¹³⁰⁾ gaan slegs oor 'n tydperk in Kruger se lewe; hy is wel die hoofpersoon daarin maar dit gaan nie uitsluitend daarom om sy lewe te beskryf, soos in die e.g. drie werke die geval is nie. Daar bestaan ook verskeie romans waarin Kruger as 'n byfiguur op-tree,¹³¹⁾ maar, aangesien die uitbeelding van Kruger daarin nie 'n hoofdoel is nie, word hulle by hierdie bespreking buite rekening gelaat.

Onder romans word vir hierdie doel letterkundige prosa= werke verstaan, waarin, benewens historiese gegewens, verdigte gebeurtenisse of persone voorkom. In hoeverre die werke aan literêre maatstawwe voldoen, is 'n kwessie waaraan in hierdie bespreking nie veel aandag gegee word nie. By die beoordeling van die werke moet dit egter tog steeds in gedagte gehou word dat dit vir die romanskrywer in die eerste plek om die literêre kwaliteite van sy werk gaan, of kan gaan, en nie om beskrywing van die verlede as sodanig nie. Dit beteken egter nie dat hy nie kan trag om 'n waarheidsgetroue uitbeelding van die Krugerfiguur te gee nie; dit kan sy oogmerk wees om 'n eie voorstelling van Kruger te gee, soos hy dit op grond van historiese gegewens gevorm het. Die fiksie word dan nie in die plek van die gegewens gestel nie, maar juis gebruik om dit aan te vul en so te trag om nog nader aan die werklikheid te kom as in 'n gewone geskiedwerk gedoen kan word. Terwille van die gee van 'n helder en suiwer beeld of ter wille van primêr literêre oogmerke word soms egter doelbewus van die waarheid afgewyk.

1. P. Hagen: Buren-tragödie. Ohm Krügers letzte Reise

Die boek van Peter Hagen, 'n letterkundige produk oor Kruger wat in Duitsland tydens die Tweede Wêreldoorlog verskyn

130) Nl. Hagen, a.w.; Barckhausen, a.w. (kyk voetnoot 52 hierbo); Louw, Anna M., Die banneling - die lyfwag. Kaapstad, Tafelberg, 1964. (219 bl.)

131) Enkele romans waarin Kruger as byfiguur voorkom is: Young, Francis, The city of gold. Londen, Heinemann (1939); Knight, Bridgid, The sun climbs slowly. Londen, Casell, 1942; Wichmann, F.A.F., Die Therons van Groenkloof. Pretoria, Unie-boekhandel, 1946.

het, handel, anders as wat die titel laat vermoed, eintlik oor die Tweede Vryheidsoorlog - na Kruger se reis word slegs heel aan die einde van die werk verwys. Die skrywer het die tipiese lotgevalle van 'n Boerefamilie in die oorlog beskryf: die afbranding van die plaas deur die Engelse, die meevoer na die konsentrasiekampe van die vroue en die stryd wat die mans op kommando voer. Kruger staan geensins altyd op die voorgrond nie, maar is tog hoofpersoon van die verhaal. Hy word, tussen die ander episodes deur, geteken by sy verblyf in die denkbbeeldige Boerekamp Olifant.

Soos verwag kan word, beskryf Hagen die Boere in alle opsigte as helde en die Engelse as lafhartige wreedaards.¹³²⁾ Hy versuim nie om steeds Britse gruweldade, veral in die konsentrasiekampe, in felle kleure te skilder nie. Ook laat hy Jode die mees onaangename werk, die vuilwerk, vir die Engelse doen. Duitsers speel natuurlik 'n simpatieke rol; Kruger se oogdokter, wat in die verhaal verskeie gesprekke met sy pasiënt voer, blyk ook 'n Duitser te wees.

Anders as Schmidt-Pretoria slaag Hagen goed daarin om 'n boeiende verhaal te skryf wat, ten spyte van die openlike propagandisme, oortuigend, selfs aangrypend is.

Kruger word uitgebeeld as die groot Boereleier na wie almal in hierdie tyd opsien, maar wat deur 'n oogkwaal sodanig aangetas is dat hy byna volkome blind is. Kruger probeer sy liggaamlike swakheid te verberg en wil sterk en beslis in sy optrede bly; daarom weier hy aanvanklik om herstel in Europa te soek. Hy twyfel egter daarby aan die Boere se moontlikhede om sukses te behaal; ook dit probeer hy te verberg. Onwankelbaar bly tog sy geloof dat God sy volk sal lei; God is aan die Boerekant en teen die Engelse wat agter die deur Hom vervloekete goud aan is. Hy glo dat God die onreg aan die Boere sal wreek.¹³³⁾

132) Vgl. Van Jaarsveld, Africana-lektuur van die Tweede Wêreldoorlog (Tydskrif vir wetenskap en kuns, April 1951).

133) Hagen, Buren-tragödie. Ohm Krügers letzte Reise, bl. 75.

Kruger word aangrypend geteken as die stoere Boereleier wat innerlik siek en swak is maar na buite sterk wil bly. Dié beeld van Kruger berus egter grotendeels op fiksie; die skrywer se strewe om ontroering vir Kruger en die Boere te wek, het boonop gelei tot oordrywing en verdraaiing van die werklikheid — iets wat sy beeld van Kruger nie ten goede kom nie.

2. J. Barckhausen: Ohm Krüger

Die roman Ohm Krüger, wat in 1941 in Duitsland verskyn het, is ook in Nederlands en in Afrikaans vertaal.¹³⁴⁾

Die verhaal handel oor die tydperk 1890-1904 in die Suid-Afrikaanse, meer in besonder die Transvaalse, geskiedenis. Soos die titel aandui, is Kruger die sentrale figuur; ook Cecil Rhodes tree egter as 'n hooffiguur op. Eintlik gaan dit om die stryd tussen hierdie twee manne, soos dit na vore kom in Rhodes se pogings om die land noord van die Limpopo onder Engelse beheer te kry, Kruger se optrede teenoor die Adendorftrek, en die Jameson-inval — gebeure wat gedramatiseer word om die hoofelemente van die eintlike verhaal vorm. Die tyd ná die inval en die Tweede Vryheidsoorlog word beknopter behandel en vorm 'n soort naspel op die hoofgebeure. Barckhausen het goed daarin geslaag om die hooflyne van die geskiedenis juis weer te gee;¹³⁵⁾ ter wille van die verhaal word slegs in kleiner sake daarvan afgewyk — Jones word bv. as hoofpersoon in die Edgarvoorval met een van die fiktiewe karakters van die verhaal vervang.¹³⁶⁾ Ook blyk dat die skrywer op enkele plekke gefouteer het; hy sê bv. dat Kruger se eerste en tweede vrou susters was.¹³⁷⁾

Barckhausen het gepoog om die atmosfeer van die Boerelewe in Transvaal uit te beeld, maar het duidelik slegs ten dele

134) Onderskeidelik onder die vlg. titels: Oom Paul, roman van leven strijd. Den Haag, 1943; Oom Paul. Johannesburg, A.P.B., 1964. (Afrikaanse vertaling van Marie Ackermann - 255 bl.) Aangesien die oorspronklike Duitse uitgawe nie bekom kon word nie, is na hierdie uitgawe in die bespreking verwys.

135) Vgl. Van Jaarsveld, Africana-lektuur van die Tweede Wêreldoorlog (Tydskrif vir wetenskap en kuns, April 1951).

136) Barckhausen, Oom Paul, bl. 211.

137) Ibid., bl. 60.

daarin geslaag. Ook die omgewing waarin Kruger verkeer, word nie baie getrou weergegee nie, veral deurdat 'n aantal fiktiewe aangetroude familieleden van Kruger in die verhaal in alle opsigte die leefwyse van die Uitlanders aangeneem het. 'n Skoonseun van Kruger redekawel verskeie male met hom oor sy Uitlanderbeleid — hy verteenwoordig die Uitlanderstandpunt in die verhaal. Ook die feit dat daar so 'n groot rol aan Duitsers in die gebeure toegeken word, veral aan kolonel Schiel, doen afbreuk aan 'n suiwere weergawe van die werklikheid.

Die skrywer se simpatie lê duidelik aan die kant van die Boere. Rhodes word wel nie sonder begrip geteken nie, maar Barckhausen moet tog opmerk dat die rol wat die noodlot aan hom toebe-deel het, werklik nie mooi was nie.¹³⁸⁾ Hy en sy handlanger, Jameson speel dan ook die rol van die skurke in die verhaal.

Barckhausen se uitbeelding van die historiese figure is knap, al is dit nie in alle opsigte waarheidsgetrou nie. Sir Henry Loch word goed uitgebeeld as 'n egte Engelse aristokraat en Leyds as 'n slim, gevatte diplomaat. Die werk is nie sonder literêre verdienstes nie en die skrywer slaag goed daarin om die verhaal steeds spannend te hou.

Die uitbeelding van die Krugerfiguur is helder, maar beslis nie in alle opsigte juis nie, veral deur die onwerklike element in sy uitbeelding van Kruger se omgewing. Barckhausen teken Kruger as verpersoonliking van die egte Boere-eienskappe: „Nou troon hy uit as een van die laaste oorlewende deelnemers aan die nasionale epos van die Boere: 'n psalmsinger, Bybelse patriarg en olifantjagter en — dit is die merkwaardigste — tegelykertyd 'n staatsman teen wie se strenggelowige eerlikheid en harde beslistheid alle middels en intrige van 'n moderne diplomatie wegskram".¹³⁹⁾ As reguit, vrome en ongekompliseerde natuur is hy geen goeie psigoloog nie, veral nie wat die Engelse betref nie.¹⁴⁰⁾ Hy is ook 'n man met sterk, selfs primitiewe drange en hartstogte;

138) Ibid., bl. 81.

139) Ibid., bl. 6-7.

140) Ibid., bl. 204.

toe die Jamesoninval bekend geword het, het 'n wilde, duistere vreugde hom beetgepak: „Die geleentheid om Cecil Rhodes te vernietig, het eindelijk aangebreek".¹⁴¹⁾ Daar kom wel iets tot uit-
ing van Kruger se lewenswyse, ook van sy optrede as staatsman; 'n suiwer, volledige beeld wat getuig van indringende studie en fyn aanvoeling is dit egter nie.

Hoewel anti-Engels — daar word op subtiële wyse met Engelse eienaardighede en beskouings die spot gedryf — is hierdie werk nie openlik propagandistiese nie en taamlik vry van nasionaal-sosialistiese beskouinge, soos wat in ander Duitse werke van die Tweede Wêreldoorlog oor Kruger aangetref word.

3. W. Schmidt-Pretoria: Ein Präsident, Der Roman-Paul Krügers

Werner Schmidt-Pretoria, 'n Duitser, was 'n tydlang in Suid-Afrika woonagtig en het aan die Universiteit van Pretoria in die Geskiedenis gedoktoreer.¹⁴²⁾ Van sy bewondering vir Suid-Afrika getuig die agtervoegsel aan sy naam. Ook hy het in die Tweede Wêreldoorlog 'n werk oor Paul Kruger geskryf wat uit die oorspronklike Duits in Nederlands vertaal is.¹⁴³⁾

Schmidt-Pretoria se werk kom na aan gewone biografie van Kruger; dit gee 'n byna volledige beskrywing van sy lewe. Daar is egter ook van fiksie gebruik gemaak, onder meer deur die invoering van 'n aantal denkbeeldige familieleden van Paul Kruger, en heelwat verdigsel is om 'n historiese gebeurtenis soos die Von Veltheim-saak geweef. Oor die tydperk in Kruger se lewe voor 1877 is Schmidt-Pretoria se beskrywing ietwat verward;¹⁴⁴⁾ die werk gee dan ook nie juis veel blyke van veel studie oor Kruger nie. Die skrywer se interpretasie van die geskiedenis is subjek=

141) Ibid., bl. 190.

142) Sy proefskrif, onder die naam W. Schmidt, is getitel: Die Deutschen am Kap zwischen 1652 und 1806 — individuell und als Kulturgruppe behandelt.. Ongepubl., U.P., 1935.

143) Onder die volgende titel: Een president. De roman van Paul Kruger. Amsterdam, Westland, 1942. (Vertaling Henri Broekman - 360 bl.) Aangesien die oorspronklike Duitse uitgawe nie bekom kon word nie, word in die bespreking na hierdie uitgawe verwys.

144) Vgl. Van Jaarsveld, Africana-lektuur van die Tweede Wêreldoorlog (Tydskrif vir wetenskap en kuns, April 1951).

tief, en groot antipatie teen die Engelse en die Jode spreek uit die beskrywing: „Vōōr de Republiek totaal omsingeld was, vōōr de wurgende greep haar het ademhalen onmogelijk maakte en haar op ge=nade aan den geweldenaar aller tijden, moest uitleveren, plantte Engeland nog een gevaarlijken splijtzwam in haar binneste, een stad n.l. waarin aangelokt door het goud de avonturiers en het ge=peupel van heel het geprezen inperium samen kwamen”.¹⁴⁵⁾ Van die mees geslepe werktuie van die Engelse was Jode, mense soos die broers Woolf, van wie gesê word: „het ghetto van hun Gallicische geboortestad kleefde hen nog altijd aan”.¹⁴⁶⁾

Schmidt-Pretoria beskryf Paul Kruger as 'n groot hater van al wat Engels is, en verdraai toesprake van hom om hul meer anti-Engels te laat klink. Daarby dig hy Kruger ook anti-Semitis=me toe; by die opening van die sinagoge in Johannesburg sou hy sy gehoor aangespreek het as „roovers dieven, moordenaars en joden”.¹⁴⁷⁾ Dit kan nie maklik agtergekom word waar die skrywer die geskiedenis doelbewus verdraai, en waar uit onkunde gefouteer is nie. Hy oordryf die rol van Duitsland in die gebeure en vertel dat Kruger — sterk bewus van sy afkoms uit „het groote Deutsche Rijk” — 'n groot flater begaan het deur 'n Duitse bondgenootskap van die hand te wys.

Kruger word as tipiese Boer geteken en ook as 'n sterk persoonlikheid, 'n ware leiersfiguur: „Met de rauwe stem, die nauwelijks tegenspraak duldde, en door zijn ongekunstelde gebaren boesemde hij respect in: de selfbewuste en toch bescheiden manier van optreden vestigde bij de menschen vertrouwen in zijn bedoe=lingen”.¹⁴⁸⁾ Van Kruger se daaglikse lewe deel die skrywer nie baie mee nie, en sy politieke optrede word onvolledig en eensydig behandel. Die beeld van Kruger is dus eintlik vaag en onsuier

145) Schmidt-Pretoria, Een president ... bl. 143.

146) Ibid., bl. 176.

147) Ibid., bl. 260.

148) Ibid., bl. 120.

en in diens gestel van die skrywer se propagandistiese strewe.¹⁴⁹⁾

As verhaal is hierdie werk geensins geslaagd nie, veral deurdat dit spanning en 'n boeiende styl ontbeer.¹⁵⁰⁾ Dit is ook onoortuigend weens die onbedekte propagandisme, wat kwalik simpatie vir Kruger by die leser sal wek.

4. J.P.J. Coetzee: Die lamp op die staander

J.P.J. Coetzee (geb. 1914) is outeur van enkele letterkundige werke,¹⁵¹⁾ w.o. Die lamp op die staander, wat in 1949 verskyn het. Hierdie roman gee nie 'n deurlopende beskrywing van Kruger se lewensloop nie, maar bestaan uit flitse van belangrike punte in sy lewe: tydens die Groot Trek, die Eerste Vryheidsoorlog, die ontdekking van goud, die Jamesoninval en die Tweede Vryheidsoorlog. Die skrywer maak dikwels van fiktiewe dialoog gebruik en gebruik steeds sy fantasie om Kruger se gedagtes en gevoelens uit te beeld. Fiktiewe gebeure en persone is daar egter nie.

Coetzee skryf ook slegs oor Kruger — sy strewe, sy optrede en sy gevoelens. Die geskiedenis self word baie vereenvoudig; figure soos Rhodes word op 'n byna naïewe wyse voorgestel; „Rooi sê ek, rooi sal dit wees!“,¹⁵²⁾ het Rhodes uitgeroep by die betragting van 'n kaart van Afrika. Soos ook Milner handel Rhodes steeds uit 'n strewe na eer en beloning.¹⁵³⁾ Hoewel daar geen anti-Engelse gevoel as sodanig uit die werk spreek nie, stel Coetzee Kruger, en die Boere, se optrede as enkel goed voor en dié van die Engelse as enkel verkeerd.

Die skrywer teken Kruger as 'n eenvoudige en selfs naïewe figuur. Hy is 'n blymoedige Christen-gelowige met 'n vurige liefde vir sy land en sy volk: „Soos 'n vader sy kindjie lief het,

149) Vgl. Van Jaarsveld, Africana-lektuur van die Tweede Wêreldoorlog (Tydskrif vir wetenskap en kuns, April 1951).

150) Vgl. Ibid.

151) 'n Ander werk van hom is: 'n Nasie in die smeltkroes. Bloemfontein, Nas. Pers., 1941.

152) Coetzee, J.P.J., Die lamp op die staander, bl. 197.

153) Vgl. Ibid., bl. 54, 172.

so het Kruger sy eie nasie lief".¹⁵⁴⁾ Sy hele strewe is beliggam in die drang om die onreg van Engeland aan sy volk gedoen, bekend te stel: „Ek, Paul Kruger sal die lamp op die staander plaas! In die lig van die lamp sal die wêreld die geleentheid hê om die gebeure wat gelei het tot ons knegskap, haarfyn te betrag ... God helpe ons in ons benoudheid! Die Transvalers wil geen slawe wees nie".¹⁵⁵⁾

Soos F. Postma beeld Coetzee Kruger in al sy dade as Christen-vaderlander uit. Coetzee gaan egter nie soseer op die optrede self en die betekenis daarvan in nie, maar op Kruger se gevoelens, drange en geloof, soos dit in sy dade tot uiting kom; hy vertel steeds hoe Kruger oor sake dink en voel. Kruger bly dwarsdeur die werk 'n eenvoudige Afrikaner, lief vir die natuur en vir die vryheid van sy volk: „As hy daardie Union Jack maar tussen sy kragtige vingers kon fynfrommel" ¹⁵⁶⁾ — so word sy gevoelens beskryf as hy sien hoe die Britse vlag in 1877 vir die eerste keer oor Transvaal gehys word. Hoewel Kruger soms moedeloos is, twyfel hy nooit dat God sy volk sal steun nie; selfs op die skip, as hy Suid-Afrika vir goed verlaat, „kom daar 'n gloeiing ... in sy hart, net soos die gloeiing van die lamp op die staander".¹⁵⁷⁾

'n Aspek van Kruger se grootheid het die skrywer wel na vore gebring, maar die geheelbeeld van Kruger is eensydig en geïdealiseer. Kruger se individuele eienskappe word glad nie uitgebeeld nie; hy is slegs tipe van die Afrikaner in sy vryheidsliefde, sy kinderlike geloof en sy eenvoud — eienskappe wat Coetzee as mede-Afrikaner goed kon aanvoel en weergee. Ook Coetzee openbaar 'n volksopvoedende motief in sy werk, deurdat hy Kruger as ideaaltipe van die Afrikaner aan sy lesers voorhou.

154) Coetzee, J.P.J., Die lamp op die staander, bl. 92.

155) Ibid., bl. 56.

156) Ibid., bl. 43.

157) Ibid., bl. 222.

As roman is hierdie werk deur die oppervlakkige karakter= uitbeelding en hinderlike retoriek nie van besondere gehalte nie. As leesstof om die jeug en die gewone volk in hul Christelike oortuiging en vaderlandsliefde te besiel,¹⁵⁸⁾ het dit egter ongetwyfeld verdienste.

5. Anna M. Louw: Die banneling - die lyfwag

Anna M. Louw (geb. 1913) is die skryfster van etlike letterkundige werke.¹⁵⁹⁾ Die banneling - die lyfwag het in 1964 verskyn.

Hierdie historiese roman¹⁶⁰⁾ gaan oor Kruger se laaste lewensjare in Europa. Die persoon wat hierin op die voorgrond tree, is egter nie Kruger nie, maar Manie Bredell, sy partikuliere sekretaris of „lyfwag“, na die titel van die werk. Juis deur die fokus nie direk op Kruger te plaas nie, word hy, die eintlike hoofpersoon, op 'n ongewone wyse belig,¹⁶¹⁾ en dié effek word nog verhoog deurdat die gebeurtenisse nie steeds in kronologiese volgorde weergegee word nie, maar begin word aan die einde, as Kruger reeds gesterf het, en Bredell se gedagtes dan telkens na gebeure van die afgelope paar jaar terugflits.

Die skryfster toon 'n deeglike kennis van die geskiedenis waaroor sy skryf. Sy het bronnestudie gedoen en in besonder

158) Vgl. C.W. Hudson se bespreking van Coetzee, J.P.J., Die lamp op die staander (Ons eie boek, 1950).

159) Enkele ander werke van Anna M. Louw is: Die onverdeelde uur. Kaapstad, Nas. Pers., 1956; 20 days that autumn, 21st March - 9th April, 1960. Kaapstad, Tafelberg, 1963; Die wat met die fluite loop. Kaapstad, Tafelberg, 1967.

160) R. Antonissen verwys in sy Historiese en ander didaktiek (Standpunte, Februarie 1965) na die werk as „verdigte biografiese geskiedenis“. Aangesien die verhaal ten dele op verdigsel, maar ook dele op historiese werklikheid berus, is hierdie benaming nie korrek nie. P.D. van der Walt noem dit in sy bespreking van Die banneling - die lyfwag (Koers, Jan.-Feb. 1965) 'n „vie romancée“. Aangesien hieronder meesal 'n „moderne“ biografie, 'n gepopulariseerde, soms geromantiseerde geskiedenis verstaan word, wat egter nie 'n belangrike element van verdigsel bevat nie, (kyk bl. 25) is ook hierdie benaming minder juis.

161) Vgl. besprekings van Die banneling - die lyfwag deur J.L. (Die Huisgenoot, November 1964) en Maria Hugo (Tydskrif vir geesteswetenskappe, Junie 1966).

van Bredell se dagboek¹⁶²⁾ gebruik gemaak. Die historiese gegewens is natuurlik deur heelwat fantasie aangevul; hiermee is egter juis gepoog om die atmosfeer, soos die skryfster dit aangevoel het, so goed as moontlik weer te gee. Die figuur van Bredell, wie se gedagtes en gevoelens steeds uitgebeeld word, moet as in hoofsaak die produk van skeppende verbeelding beskou word.¹⁶³⁾ Deur die oë van hierdie fiktiewe Bredellfiguur word Kruger egter skerp en van naby beskou. Daar word nie gepoog om sekere dinge uit piëteitsgevoelens te bedek nie; die skryfster wil juis deurdring na die naakte werklikheid en Kruger in sy ouderdom en in al sy swaakteid teken.¹⁶⁴⁾ Ook die familieleden van Kruger wat in dié tyd by hom was, word in al hul kleinsellige probleme, gedagtes en gevoelens uitgebeeld.

Louw beskryf Kruger op sy tog deur Europa as 'n „verwarde ou man wat na stilte verlang soos na koue water op 'n warm dag”.¹⁶⁵⁾ Soos 'n vertoonstuk word hy deur Europa gevoer.¹⁶⁶⁾ As Kruger in die openbaar praat, is sy stem „hard en onwelluidend”.¹⁶⁷⁾ Hy stel sy reisgeselle in verleentheid deur telkens ontydig te bid.¹⁶⁸⁾ Tydens sy verblyf in Utrecht is hy soms verward in sy denke en vind hy in sy eentonige bestaan afleiding deur met 'n kraai te speel.¹⁶⁹⁾ Elke krummeltjie nuus uit die vaderland verorber en herkou hy.¹⁷⁰⁾ Wanneer hy van die Vrede van Vereeniging verneem, glo hy aanvanklik dat daar geheime klousules in die verdrag ten gunste van die Boere is.¹⁷¹⁾ As sy beroemde laaste boodskap opgestel

162) Ongepubliseer - in Transvaalse argief, Pretoria. (Vgl. bl. 17 voetnoot 18.)

163) Vgl. Audrey Blignault se bespreking van Die banneling - die lyfwag (Sarie Marais 23 Desember 1964).

164) Vgl. P.D. van der Walt se bespreking van Die banneling - die lyfwag (Koers, Januarie-Februarie 1965).

165) Louw, Anna M., Die banneling - die lyfwag, bl. 38.

166) Ibid., bl. 48.

167) Ibid., bl. 38.

168) Ibid., bl. 67.

169) Ibid., bl. 157.

170) Ibid., bl. 76.

171) Ibid., bl. 164.

word, toon hy geen belangstelling daarvoor nie.¹⁷²⁾

Ongetwyfeld berus 'n groot deel van die beskrywing slegs op die skryfster se eie aanvoeling, maar die bekende gegewens word tog goed in die hele patroon geweef. Hoewel Louw Kruger met nugtere, koue realisme in sy laaste lewensjare uitbeeld, is sy nie daarop uit om die Krugerfiguur van sy grootheid te ontdoen nie; juis deur nêrens vir die ontluisterende waarheid terug te deins nie, word Kruger baie aangrypend geteken. As sy bv. vertel dat Kruger deur die berigte oor verraad onder die Boere begin twyfel aan die inbors van „Gods volk; en hy sê „teen God het ons gesondig maar teen Engeland nooit“,¹⁷³⁾ kom die tragiek van Kruger; die banneling duidelik na vore.

Is hierdie beeld van Kruger juis? Moontlik het die skryfster Kruger, veral tydens sy reis deur Europa, as alte oud, swak en verward geteken. Tog het sy, deur haar strewe na waarheidsgetrouheid, ongetwyfeld baie naby aan die werklikheid gekom. Waar die geskiedskrywer op grond van slegs enkele gegewens maar uiters weinig van Kruger kon uitbeeld,¹⁷⁴⁾ kon Anna M. Louw as skeppende kunstenaar dit wel doen. Haar werk kan dan ook van groot hulp vir die wetenskaplike historikus wees. Tog, al het die skryfster deur haar vernuftige tegniek die noodsaak van fiksie by die beskrywing van Kruger self tot 'n minimum beperk, bly die beeld wat sy van Kruger gee die produk van individuele aanvoeling. By 'n stelling soos dat Louw 'n „waaragtiger en meer lewende“ beeld van Kruger gegee het as enige Krugerbioograaf,¹⁷⁵⁾ moet hierdie feit dan ook nie uit die oog verloor word nie.

6. Anna M. Louw: Die groot gryse

'n Tweede roman van Anna M. Louw oor Paul Kruger het in 1968 verskyn. Hoewel dit blykbaar eers as 'n vervolg op die vorige

172) Ibid., bl. 205.

173) Ibid., bl. 152.

174) Meer oor die geskiedskrywing oor Kruger se laaste lewensjare is te vinde in hoofstuk IV afdeling H.

175) Antonissen, a.w. (Standpunte, Februarie 1965).

werk bedoel is, het dit 'n heeltemal opsigselfstaande boek geword.
176)

Die groot gryse handel nie net oor Kruger se laaste lewensjare nie; dit dek feitlik heel sy lewe. Soos in die vorige roman word die tegniek van terugflitse op die verlede aangewend. Hierdie keer is dit egter Kruger self as ou man in Clarens, wat op die vooraand van sy dood sy verlede in oënskou neem; die werk is 'n „romanmatige rekapitulاسie van sy lewe".¹⁷⁷⁾ Waar die skryfster in die vorige werk deur die oë van Bredell na Kruger gekyk het, versmelt sy in hierdie werk eintlik met die ou man Kruger self. Met groot knapheid verweef sy die verlede met die hede van Clarens; dikwels is daar in die beskrywing van die Europese atmosfeer in die Switserse stad aan die Lemanmeer 'n kontras met dié van die Boerelewe in Transvaal. Ook laat die skryfster mense soos Leyds, dr. Heymans en Nettie Eloff aan hul verlede terugdink en daardeur Kruger in sy Transvaalse jare ook deur die oë van andersien. Met al hierdie tegnieke is die kyk op die Krugerfiguur, soos in die vorige werk, ongewoon en oorspronklik.

Die skryfster het beslis 'n deeglike studie van historiese gegewens gedoen,¹⁷⁸⁾ en haar tekening van die Krugerfiguur geskied steeds binne die kader van die historiese werklikheid. Ongelukkig het daar enkele onakkuraathede binnegesluip; so word Kruger byna dwarsdeur sy lewe kerkraadslid gemaak,¹⁷⁹⁾ en word gesê dat die Uitlanderleier, Percy Fitzpatrick 'n Amerikaner was.¹⁸⁰⁾ Ook het Louw enkele legendes oor Kruger in haar voorstelling van die werklikheid geweef: daar word bv. vertel dat hy vroeër heldersienende was in die opsporing van wild,¹⁸¹⁾ en dat hy byna voor die verlokking van 'n baaiende naturellemeidjie beswyk het.¹⁸²⁾

176) Op die omslag van Die banneling - die lyfwag (wat oorspronklik aangedui is as Die banneling, dl. I. - Die lyfwag) word melding gemaak van 'n vervolg op die werk wat in voorbereiding is. In Die groot gryse word daar egter nie aangedui dat dit 'n vervolg op Die banneling - die lyfwag is nie.

177) P.D. van der Walt se bespreking van Die groot gryse (Die Transvaler, 4 November 1968).

178) Vgl. Ibid.

179) Vgl. Louw, Anna M., Die groot gryse, bl. 98, 131, 204.

180) Ibid., bl. 226.

181) Ibid., bl. 48.

182) Ibid., bl. 64.

In hierdie opsig herinner die roman aan Jutta se Kruger-biografie, maar, anders as Jutta, is daar by Louw geen sprake van 'n romantisering van die Krugerfiguur deur sulke besonderhede nie.¹⁸³⁾ Soos in haar vorige werk oor Kruger het sy 'n realistiese, nugtere benadering van haar onderwerp.

Die uitbeelding van die milieu waarin Kruger verskillende lewensfasies verkeer het, is duidelik en ook oorspronklik. Die Voortrekkers onder wie Kruger as seun verkeer het, word nie bloot as stoere, vrome mense geteken nie, maar ook in hul grofheid en hul platheid uitgebeeld. Kruger se tweede moeder beliggaam dié trekke — in hierdie werk altans — by uitstek. Ook die beeld van die Transvaalse boere is geensins verheerlikend nie; die eenvoudige tipes met die ruheid, armoede en primitiwiteit van hul lewenswyse, word baie goed geteken. Hierin toon die skryfster goeie kennis van haar volk. Ook die atmosfeer in Engeland, tydens Kruger se besoeke daar, en in die Switserse Clarens word beslis goed aangevoel.

In haar interpretasie van die geskiedenis is Louw nie eensydig nie. Sy beeld natuurlik Kruger en die Boere se kyk op sake uit, maar daar is geen aanvalle op die Engelse se optrede nie. Na Engeland word verwys as die rooi akkedis wat oral waar die Boere kom, nes maak en kleintjies uitbroei. Figure soos Piet Joubert, „soos 'n verkleurmannetjie aan die wegsteek, of ook nie aan die wegsteek nie“,¹⁸⁴⁾ en ds. S.J. du Toit, „die vurige jong kruisvaarder van die Pêrel“¹⁸⁵⁾ word duidelik, met natuurlik ook heelwat fantasie, geteken. M.W. Pretorius word, veral in sy latere jare, as 'n arme swakkeling voorgestel — miskien swakker as wat hy in werklikheid was. Ook Kruger se familieleden — sy vrou, sy seun Tjaart, sy dogter Elsie, sy skoonseun Frikkie Eloff en sy kleindogter Nettie — word as gewone mense met veel gebreke geteken.

183) Vgl. P.D. van der Walt se bespreking van Die groot gryse (Die Transvaler, 4 November 1968).

184) Louw, Anna, M., Die groot gryse, bl. 170.

185) Ibid., bl. 181.

Deur van al hierdie figure werklike mense te maak, en hulle as oortuigende karakters uit te beeld,¹⁸⁶⁾ het Louw van die omgewing waarin Kruger verkeer het, 'n duidelike beeld gegee.

In Kruger se lewe het die skryfster ses fases onderskei wat eintlik ses verskillende persone word met wie Kruger in sy ouderdom gekonfronteer word: „Met die terugkyk het hy geys vir die onnutsige handjie van Paultjie, vir die gevaarlike gang van Pollie, vir die wellus en bloeddorstigheid van die Veldkornet en die Kommandant, vir Vader se lis en woede, vir die onverskilligheid van die President en die dwang wat die Voorbidder die Here wou opleë”.¹⁸⁷⁾ Paultjie word geskets as kind met tipiese kinderprobleme, Pollie as 'n seun en jongman en in baie opsigte tipiese jong Boer, 'n waaghalsige jagter en 'n beginner as plaasboer, wat die wel en wee van die vroeë huweliksjaare meemaak. Paul, die veldkornet begin in openbare sake belangstel; hy praat dikwels op vergaderings en „soms praat hy sy mond verby...”¹⁸⁸⁾ As kommandant-generaal — "n periode in sy lewe wat in die verhaal wyer strek as sy bekleding van die amp self — is hy 'n militêre leier, maar ook volksleier, 'n man wat wet en orde wil handhaaf, soos sy optrede in die Burgeroorlog toon. Na die oorlog is hy vader van sy volk en voer dan ook 'n ware vaderlike bestuur oor sy mense. Sekere foute van sy „kinders” laat hy oogluikend toe; so sien hy ekonomiese voordele wat familieleden en vriende a.g.v. sy posisie verkry het, deur die vingers.¹⁸⁹⁾ As „president” is hy gekonfronteer met die groot probleme wat die ontdekking van goud aan die Rand meegebring het. In hierdie tyd beheers hy die Volksraad en dryf sy sin deur. Uiteindelik word hy die voorbidder, wat met God worstel vir sy volk en glo hy dat God self die opperbevelhebber van sy volk in die stryd is.¹⁹⁰⁾ As hy na Europa gaan, ly hy vir sy volk soos Christus gely het.¹⁹¹⁾ Verweef met die beskrywing van hierdie

186) Vgl. Elsa Joubert se bespreking van Die groot gryse (Sarie Marais, 6 November 1968).

187) Louw, Anna, M., Die groot gryse bl. 11.

188) Ibid., bl. 69.

189) Ibid., bl. 186.

190) Ibid., bl. 258.

191) Ibid., bl. 269-270.

lewensfases is die beeld van Kruger, die grysaard, wat op die dood wag en hom al meer aan die mense om hom onttrek.¹⁹²⁾

Dit gaan in hierdie werk nie om Kruger se politieke optrede of sy historiese betekenis nie; slegs die hooflyne van sy openbare optrede word aangetoon. Kruger word uitgebeeld in die eerste plek as mens, in al sy eienskappe, sy swakhede en sy karaktergrootheid. Anna M. Louw het veral probeer deurdring na sy innerlike, waarin sy 'n mistieke element beklemtoon: „Paul die mistikus, die stryder met die engele Gods, die man met die 'nagblou venster' in die kop, die man met visioene“¹⁹³⁾ — so sien sy hom. Dit is veral in Kruger die ou man van Clarens wat hierdie karaktertrekke na vore gebring word, en aangesien hierdie Kruger oral in die werk aanwesig is en as regter oor sy eie verlede optree, vorm dit die beeld van Kruger wat in die werk op die voorgrond staan. Hierdie beeld van Kruger as ou man berus egter byna slegs op die skryfster se fantasie en is 'n oorbeklemtoning van sekere fasette van sy karakter. Die beeld van Kruger, die mistikus is veral moeilik versoenbaar met die beeld van Kruger, die Calvinis, en uitlatinge aan Kruger toegedig soos „Kom ons bid saam, kom ons rus in die Here. Ik ben een kindje klein Here, maak mijn hartje rein, amen“ en „O, my wilde, sondige hart of hartje“,¹⁹⁴⁾ kan moeilik met lg. beeld gerym word. Natuurlik moet sodanige uitlatinge ook uit 'n kunstenaarsoogpunt gesien word; uit 'n geskiedwetenskaplike oopunt egter moet dit beskou word as blote fantasie, wat juiste begrip van die Krugerfiguur eerder belemmer as bevorder.

Tog kan nie gesê word dat Anna M. Louw se skeppende verbeelding die geskiedinterpretasie nie ook ten goede gekom het nie; verskillende fasette van sy persoon op verskillende stadia van sy lewe word goed en op 'n oorspronklike wyse vanuit die historiese gegewens na vore gebring. Daarby het sy beter as enige ander

192) Vgl. Joubert, a.w. (Sarie Marais, 6 November 1968).

193) Joubert, a.w. (Sarie Marais, 6 November 1968).

194) Louw, Anna, M., Die groot gryse, bl. 187.

skrywer daarin geslaag om die milieu uit te beeld waarin Kruger gelewe het. Die skryfster toon 'n fyn aanvoeling vir die verlede en daarom kan haar uitbeelding daarvan, met die nodige voorbehoud, 'n belangrike hulp vir die geskiedskrywer wees om die Krugerfiguur te begryp en te beskryf.

Die groot gryse is sonder twyfel die belangrikste letterkundige werk wat oor Kruger geskryf is.

* * * * *

Dat drie van die romans oor Kruger, nl. dié van Hagen, Barckhausen en Schmidt-Pretoria, uit 'n propagandistiese motief ontstaan het, is veral daaruit begryplik dat die roman, beter as 'n wetenskaplike geskiedwerk, tot die gewone man kan spreek — dit het die Nazi-propagandiste goed besef. Terwyl die drie Duitse werke 'n ietwat skewe beeld van Kruger gee en J.P.J. Coetzee sy persoonlikheid vereenvoudig en geïdealiseer beskryf, is hierdie gebreke eintlik nie in Anna M. Louw se twee Kruger-romans aanwesig nie. In dié twee boeke, die enigste van 'n hoë literêre peil oor Kruger, word hy uitgebeeld as 'n werklike mens — iets wat nie so geredelik van ander biografiese werke oor hom gesê kan word nie. Veral hierdie twee werke lewer 'n belangriker bydrae tot die verheldering van die Krugerbeeld.

D. Dramas

Onder historiese dramas word vir die doel van die bespreking alle letterkundige prosa gereken waarin die geskiedenis slegs verhaal word deur 'n aantal karakters te laat spreek en wat meesal bedoel is vir toneelopvoering of radiovertolking.¹⁹⁵⁾ Dit gaan ook by hierdie bespreking nie om die literêre waarde van die

195) Ook draaiboeke vir films oor Paul Kruger val eintlik onder hierdie afdeling. Bekend is die film Ohm Krüger wat tydens die Tweede Wêreldoorlog in Duitsland vervaardig is. Veël besonderhede hieroor kon nie opgespoor word nie. (Vgl. Van Jaarsveld, Lewende Verlede, bl. 208, 211-212. Kyk ook bl. 31 voetnoot 33.) Interessant is dat in die Africana-afdeling van die Openbare Biblioteek, Johannesburg 'n ongepubliseerde stuk nl. G.S. Preller en M.A. Weteherell se Synopsis for a Film: Kruger the man, te vinde is. Dit is slegs 'n beknopte skets van die inhoud van die voorgestelde film, nie 'n volledige draaiboek nie.

werke nie. Die opmerkings wat gemaak is oor die gebruik van fiksie i.v.m. die romans ¹⁹⁶⁾ geld ook vir die dramas.

1. Sylva H. Moerdyk: Paul Kruger

Sylva Moerdyk (geb. 1896) het veral in die politieke lewe bekendheid verwerf en het o.m. verskillende stukke met 'n politieke strekking geskryf. ¹⁹⁷⁾ Met hierdie werk, wat in 1930 verskyn het, ¹⁹⁸⁾ het sy haar op literêre terrein begewe. Die drama is in vier bedrywe verdeel, elk weer onderverdeel in twee tonele. Daar is dus agt „geskiedkundige tonele“ ¹⁹⁹⁾ waarin verskillende van Kruger se lewensjare uitgebeeld word, o.a. 1855 - by die Makapangrot, 1857 - aan die Renosterrivier by die konfrontasie van Transvalers en Vrystaters, 1896 - met die Jamesoninval en 1902 - by die beëindiging van die Tweede Vryheidsoorlog.

In die plasing van die tonele is daar enkele onakkuraathede: die episode met Makapan het plaasgevind in 1854 i.p.v. 1855; ook was Kruger in 1902, toe die tyding van die Vrede van Vereeniging hom bereik het, nie in Clarens nie, maar in Utrecht woonagtig. Die karakters en die gebeure is almal histories; alleen die dialoog is fiktief.

Deur slegs grepe uit sy lewe te beskryf, kon die skryfster moeilik 'n duidelike beeld daarvan gee. Die gebeure wat sy beskryf is wel hoogtepunte in sy lewe, maar gee eintlik nie 'n duidelike beeld van die vernaamste kenmerk van sy staatsmanskap nie. Kruger se karakter kon sy in die onderskeie tonele in verskillende fasette na vore bring; in die toneel by die Makapangrot blyk by. sy naasteliefde — ook vir die Bantoe — en in dié by

196) Kyk bl. 94-95.

197) Vgl. Die Afrikaner-personeregister 1964, Johannesburg, Voortrekkerpers, bl. 172.

198) Moerdyk, Sylva H., Paul Kruger. Geskiedkundige tonele uit die lewe van die president van die Suid-Afrikaanse Republiek. Kaapstad, Nasionale Pers, 1930 bl. 86.

199) Deel van titel.

die Renosterrivier sy vredeliewendheid. Dit is egter slegs se-
kere deugde van Kruger wat na vore kom, nie sy persoonlikheid in
alle opsigte nie.²⁰⁰⁾ 'n Enkele keer poog sy wel om Kruger filo-
sofies te laat besin oor lewensvraagstukke;²⁰¹⁾ in die algemeen
gee sy egter 'n baie eensydige voorstelling; hy is enkel groot,
maar die werklike aard van sy grootheid kom nie goed tot uiting
nie. Byfigure soos M.W. Pretorius en Stefanus Schoeman word een-
sydig as swak en sleg geteken.

As drama is hierdie werkie ook nie baie geslaagd nie.
Die tonele hou slegs verband deurdat Kruger in almal optree.
Daar is ook melodramatiese effekte, terwyl die karakteruitbeelding
en karakterkonflikte oppervlakkig is.²⁰²⁾

Moerdyk het duidelik 'n didaktiese strewe met haar werk
gehad: dit moet die Afrikaner op die heldedade van die verlede
wys en hul vir die stryd van haar eie tyd besiel. In 'n epiloog
— waarin 'n eensydige uitkyk op die geskiedenis blyk — word ver-
tel dat Kruger en Rhodes albei die latere geskiedenis van Suid-
Afrika betrag: Rhodes is dan verslae: Kruger se ideale het ge-
seëvier!

2. D.C. Postma: Oom Paul

D.C. Postma se werkie oor Kruger, wat in 1935 gepubliseer
is,²⁰³⁾ is, aldus die ondertitel, „'n simboliese drama in vier be-
drywe“. In sy voorwoord verklaar die skrywer dat hy Kruger in
die eerste plek as mens wou teken: „Eers oom Paul, dan die Presi-
dent; dit is die doel met hierdie werkie en daartoe het ek 'n sim-
boliese verhaaltjie, die mees geskikte medium gevind“. ²⁰⁴⁾

200) F.E.J. Malherbe se bespreking van Moerdyk, a.w. (Die Huis-
genoot, 22 Augustus 1930).

201) Bv. op bl. 35.

202) Vgl. bespreking van die werk deur F.E.J. Malherbe (Die Huis-
genoot, 22 Augustus 1930), Lombard, J.P. la G. (Die Volks-
blad 13 Maart 1930) en in Die Burger, 25 Oktober 1930.

203) Postma, D.C., Oom Paul. Bloemfontein, Nasionale Pers, 1935.
(82 bl.)

204) Ibid., bl. 7.

Die verskillende tonele speel grotendeels af in die presidentshuis in Pretoria, en wel in die tyd vanaf die Jamesoninval tot in die Tweede Vryheidsoorlog. Naas Kruger en sy vrou is die hooffigure drie jong mense, Giel, Dawie en Esther — persone wat goed bevriend met die Krugers is. Die simboliese van die drama lê blykbaar daarin dat elk van die drie tipe van 'n soort Afrikaner is.²⁰⁵⁾ Giel is die pro-Engelse Afrikaner wat die Uitlanders verdedig en tydens die oorlog selfs poog om Kruger aan die Britte uit te lewer, om so 'n einde aan die stryd te maak. Dawie word byna deur Giel verlei, maar tog weer op die regte pad gebring. Esther is die meisie wat getrou aan haar volk bly, selfs al gaan dit ten koste van haar geliefde. Naas die gebruik van fiktiewe gebeure, soos die mislukte plan om Kruger aan sy vyande uit te lewer, is daar ook 'n vereenvoudiging van die geskiedenis. So word bv. vertel dat Kruger die stemregkwalifikasies van die Uitlanders verlaag het, net om te bewys dat dit vir Engeland nie daarom te doen is nie.²⁰⁶⁾ Dat die geskiedenis ook vanuit 'n eensydige Afrikaanse gesigspunt betrag word, spreek vanself.

Soos F. Postma en J.P.J. Coetzee teken Postma Kruger as Christen en vaderlander by uitnemendheid. „Onverbiddelik“ wil hy sy beginsels uitleef;²⁰⁷⁾ in sy Christelike oortuiging en sy liefde vir sy volk is daar geen middeweg nie,²⁰⁸⁾ en kleiner sake moet daarvoor wyk; so kan hy Dawie nie uit die gevangenis haal net omdat hy die geliefde van Esther is nie. Kruger se uitlatinge teenoor die drie „simboliese“ figure en teenoor sy vrou doen ietwat kinderagtig aan; teenoor lg. gebruik hy steeds 'n terme soos „ou liefste“ en „moedertjie“.²⁰⁹⁾ Soms verduidelik Kruger sy

205) Vgl. F.C.L. Bosman se bespreking van Postma, D.C. a.w. (Die Kerkbode, 22 April 1936).

206) Postma, D.C., a.w. bl. 30-31.

207) F.J. Labuschagne se bespreking van Postma. D.C., a.w. (Koers, Oktober 1935).

208) Vgl. Postma, D.C. a.w., bl. 70.

209) Vgl. besprekings van Postma, D.C., a.w. deur F.C.L. Bosman. (Die Kerkbode, 22 April 1936), F.J. Labuschagne (Koers Oktober 1965.), E.J. du Toit (Die Kerkbode, 30 Januarie 1935) en in Ons eie boek, Julie-September 1935.

beleid op 'n wyse wat eg na Kruger klink. Die Krugerfiguur wat egter uit die geheel na vore kom, is egter slegs 'n vae tipe, 'n goeie, selfs sentimentele man, al is dit ook 'n man met groot karaktervastheid. Sy grootheid as Christen en vaderlander word eensydig en vereenvoudig uitgebeeld.

As drama is hierdie werk nie besonder geslaagd nie. Die karakters bly blote tipes. Innerlike konflik is daar by Es-ther en Dawie, maar eintlik nie by die hooffiguur nie.

Soos die werkie van Moerdyk is hierdie drama veral be-
doel om volksopvoedend te wees. In hierdie eienskap lê ook sy verdienste.²¹⁰⁾

3. Marjorie Juta en H. Mortlake: Die president

Marjorie Juta het benewens 'n biografie ook 'n drama oor Kruger geskryf, hierdie keer in samewerking met Harold Mortlake. Dit is in 1939 in 'n Afrikaanse bewerking uitgegee.²¹¹⁾ In die voorwoord verklaar die skrywers dat hul gepoog het om 'n lewensge-
troue beeld van Kruger te gee en reg te laat geskied „aan sy lui-
sterryke nagedagtenis”.²¹²⁾ In agt tonele en 'n naspel word
verskeie gebeurtenisse uit Kruger se lewe behandel; dit begin met
sy deelname aan die slag van Vegkop en eindig met sy dood.

In die algemeen hou die skrywers hul aan die historiese
werklikheid. Soos in Juta se biografie ook die geval is, word
legendariese gebeure uit sy jongmangsjare beskryf en sy verlede
ietwat geromantiseer. Die figuur van Kruger word steeds met be-
wondering en simpatie geteken;²¹³⁾ byfigure staan heeltemal op die
agtergrond.

210) 'n Uitgebreide studie van die verdienste van die drama is
gedoen deur van der Merwe, D.C.S., Oom Paul. 'n Waaragtige
drama of 'n kinderagtige speelstuk. Amsterdam, 1938.
(Ongepubliseer - ter insae in Africana-afdeling, Openbare
Biblioteek, Johannesburg.)

211) Juta, Marjorie en Mortlake, H., Die president, Pretoria,
Van Schaik, 1939. (Afrikaanse bewerking deur A.E. Carinus-
Holzhausen — 78 bl.) Die oorspronklike Engelse uitgawe
kon nie opgespoor word nie.

212) Ibid., bl. 3.

213) Vgl. die bespreking van Die president deur F.J. Labuschagne
(Koers, Oktober 1939).

Kruger kom in hierdie werk na vore as werklik 'n buiten= gewone mens. Reeds as seun was hy ernstig en dapper; hy red 'n ander se lewe by Vegkop.²¹⁴⁾ As jong man het hy met groot beslislustheid sy weg gegaan; „Niks wat sleg of nutteloos is mag 'n plek in my lewe hê nie“,²¹⁵⁾ het hy gesê toe hy eiehandig sy vermorselde duim geamputeer het. In sy optrede in die Uitvoerende Raad word hy voorgestel as 'n outokraat,²¹⁶⁾ maar ook as iemand wat altyd weet wat vir sy volk die beste is. Deur gebruik van staaltjies en skildering van sy omgewing word die persoon van Kruger hier duideliker uitgebeeld as in die vorige dramas. Ook die tekening van Kruger aan sy lewenseinde is goed. Daar word egter nie soseer gepoog om die innerlike van Kruger weer te gee nie;²¹⁷⁾ die beeld van Kruger bly oppervlakkig en ietwat geïdealiseerd.

As drama het die werk ook heelwat gebreke: daar is nie veel sprake van konflik nie, karakters word nie duidelik uitgebeeld nie, en daar is byna geen verband tussen die verskillende tonele nie. Dit is primêr 'n uitbeelding van gebeure in Kruger se lewe, gegiet in die dramavorm.²¹⁸⁾

4. G.J. Beukes: Laat die winde van u toorn

Gerhard J. Beukes is die outeur van verskillende dramas.
219) Die eenbedryf Laat die winde van u toorn is opgeneem in 'n bundel van sy werke wat in 1945 verskyn het.²²⁰⁾

Hierdie drama speel af in die huis in Utrecht waar Kruger tydens sy ballingskap gewoon het. Die terme van die Vrede

214) Jutta en Mortlake, a.w., bl. 14.

215) Ibid., bl. 27.

216) Vgl. Ibid., bl. 34.

217) Vgl. H. v.d. M. Scholtz se bespreking van Die president (Ons eie boek, 3 Desember 1939)

218) A. Coetzee se bespreking van Die president (Die Vaderland, 18 Maart 1939).

219) Kyk Dekker, a.w., bl. 361-362 vir 'n oorsig en bespreking van sy werke.

220) Beukes, G.J., Laat die kerse brand! en ander eenbedrywe. Pretoria, Van Schaik, 1945. (Laat die winde van u toorn op bl. 7-22.)

van Vereeniging, wat nog nie finaal aanvaar is nie, word deur Leyds en Bredell bespreek. As Kruger binnekom, is sy oë „dodelik moeg”,²²¹⁾ „Altyd klets julle almal oor my gesondheid”, roep hy uit.²²²⁾ Hy is duidelik prikkelbaar gestemd en sê dat hy moeg is daarvan om soos 'n kind, soos 'n pop op die buikspreker se knie, behandel te word. Hy sou graag nog eenkeer wil voel dat hy president, regeerder, is en spreek die geloof uit dat die Boere nooit sal ingee nie. Juis dan kom 'n telegram met die vredestryding aan. Kruger is dof en verwese; hy lees stamelend 'n paar verse uit Klaagliedere, dan knak sy hoof vooroor op sy bors.

Hierdie voorstelling van Kruger — sy ontevredenheid met sy lot en sy totale verslaentheid met die ontvangs van die vredestryding — is natuurlik grotendeels denkbeeldig. Daar word wel iets van Kruger se karakter uitgebeeld, maar die beeld van hom wat uit die geheel na vore kom, berus nie op historiese gronde nie.

As drama het Beukes se werk veel verdienste, hoewel die lang gesprekke van Leyds en Bredell en die weinig aksie dit ietwat eentonig maak.²²³⁾

5. N.P. v. W. Louw: Kruger breek die pad oop

N.P. van Wyk Louw (geb. 1906) het as digter en dramaturg groot bekendheid verwerf.²²⁴⁾ 'n Hoorspel van hom, Kruger breek die pad oop, wat in 1964 gepubliseer is,²²⁵⁾ gaan oor die jare 1863-1864 tydens die Transvaalse burgeroorlog. Kruger se pogings om die orde in Transvaal te herstel deur samesprekings met M.W.

221) Ibid., bl. 16.

222) Ibid., bl. 17.

223) Vgl. besprekings van Laat die kerse brand! en ander eenbedrywe deur Vulpen (Taalgenoot, Desember 1945), W.J.B. Pienaar (Ons eie boek, Maart 1946), M.P.O. Burgers (Die Brandwag, 1 Maart 1946) en F.C.L. Bosman (Die Huisgenoot, 19 April 1946).

224) Kyk Dekker a.w., bl. 206-222, 263-268 vir besonderhede oor sy lewe en 'n oorsig en bespreking van sy werke.

225) Louw, N.P. v. W., Kruger breek die pad oop en ander hoorspele. Kaapstad, Human en Rousseau, 1964. (Kruger breek die pad oop op bl. 47-77.)

Pretorius en Stefanus Schoeman word geskets. Ook die konfrontasie van Kruger se „staatsleër“ met kommandant Jan Viljoen se „volksleër“ vorm deel van die onderwerp.

Die drama berus grotendeels op historiese gegewens; enkele gedeeltes van die geskiedenis word uit die geheel uitgelig en tot eenheid verweef. In die dialoog en in enkele karakters berus die werk op fantasie.

Van Wyk Louw het beslis daarin geslaag om iets van die atmosfeer van daardie tyd te laat herleef. Die onderlinge gesprekke in die Afrikaanse, Boere-idioom doen eg aan. Die uitbeelding van karakters soos M.W. Pretorius — voorgestel as 'n „idealis en 'n sagte versoenende gees“²²⁶⁾ — en sy vrou — snibbig en baasspelering — is goed, hoewel moontlik nie in ooreenstemming met die werklikheid nie.

Kruger word uitgebeeld in die jare van sy „dinamiese leierskap“;²²⁷⁾ hy is die man met die ysterwil wat daarin slaag om almal voor die wet te laat buig. Hy wil hê dat die burgers nie moet doen wat hulle self as reg beskou nie, maar gehoorsaamheid aan die wet en die wettige owerheid betoon. Ter wille daarvan sal hy hard optree as dit moet: „die wetteloosheid moet uit hierdie volk uitgebrand word“.²²⁸⁾ Hy sien homself as 'n werktuig in Gods Hand om hierdie taak te volbring, hoewel hy in sy hart eintlik daarvoor terugdeins: „Dit is iets vreesliks ... wat die Here op my gebring het om te doen“.²²⁹⁾ Innerlik is hy in 'n tweestryd gewikkel, hoewel hy na buite steeds hard en beslis optree.²³⁰⁾

In hierdie beeld van Kruger lê ongetwyfeld 'n belangrike element van waarheid. Uit sy openbare optrede het Van Wyk Louw

226) Ibid., bl. 52.

227) Audrey Blignault se bespreking van Kruger breek die pad oop en ander hoorspele (Sarie Marais, 23 Desember 1964).

228) Louw, N.P. v. W., a.w., bl. 73.

229) Ibid., bl. 72.

230) Vgl. Antonissen, a.w. (Standpunte, Februarie 1965).

iets van sy karakter afgelei. Sy beeld van Kruger in hierdie tyd bly wel 'n produk van individuele aanvoeling en berus slegs ten dele op historiese gronde, maar is, ook deur die tekening van die milieu waarin hy in daardie tyd verkeer het, beslis 'n belangrike bydrae tot die interpretasie van die Krugerfiguur.

As drama, 'n „kragtige saamgedronge“ hoorspel,²³¹⁾ waarin aksie en innerlike konflik albei 'n belangrike rol speel, is dit 'n werk van gehalte.²³²⁾

* * * * *

Ook uit verskillende dramas oor Kruger spreek didaktiese motiewe — veral Moerdyk en Postma was duidelik daarop uit om die volk in Kruger se ideale op te voed en hul daarmee te besiel. Ongelukkig is Kruger deur Moerdyk, Postma en Jutta eensydig en geïdealiseerd uitgebeeld, terwyl Beukes en Louw net enkele fasette van sy figuur na vore bring. Veral lg. se drama is egter tog deur die hoë kunsghalte en goeie historiese begronding 'n verdienstelike bydrae tot die geskiedskrywing oor Paul Kruger.

231) Audrey Blignault se bespreking van Kruger breek die pad oop en ander hoorspele (Sarie Marais, 23 Desember 1964).

232) Vgl. Antonissen, a.w. (Standpunte, Februarie 1965). Hy meen dat daar 'n didaktiese strewe by Louw in hierdie werk te bespeur is, - dit kan as 'n les in gehoorsame staatsburgerskap beskou word. Die didaktiek blyk egter geen sins so duidelik as in bv. die bespreekte werke van Moerdyk en D.C. Postma nie.

HOOFSTUK IV

GESKIEDSKRYWING OOR ASPEKTE VAN PAUL KRUGER SE LEWE EN WERK

Terwyl in die vorige hoofstukke boeke bespreek is waarin die skrywers hulle ten doel gestel het om 'n geheelbeeld van Kruger se lewe en werk te gee, moet in hierdie hoofstuk werke en artikels beskou word wat slegs aspekte daarvan belig. Dit is nie die be-doeling om hierdie geskifte in alle opsigte te bespreek nie, maar slegs om, deur enkele opmerkinge oor o.m. die inhoud, die bronne wat gebruik is en die belangrikste bevindinge waartoe die skrywers geraak het, aan te dui in hoeverre hul bygedra het tot die uitbrei-ding van kennis oor en verdieping van insig in Kruger se lewe en werk.

In hierdie hoofstuk word veral getrag om aan te toon hoe deeglik en volledig die onderskeie aspekte reeds beskryf is en hoe-dat die kennis daaroor met verloop van tyd toegeneem het. Dit gaan hier dus veral om die vooruitgang wat in die geskiedskrywing oor Kruger gemaak is, nie soseer om die relatiewiteit daarvan met tyd en omstandighede nie — 'n aspek wat in hoofstuk V meer in besonder belig sal word.

Hierdie hoofstuk moet gesien word teen die agtergrond van wat in hoofstuk I oor die bronnemateriaal en die geskiedskry-wingsmetode gesê is. Teen daardie agtergrond is dit ook begryp-lik dat die vroeë beskrywinge van aspekte van Kruger se lewe en werk nie op ongepubliseerde dokumente gebaseer is nie en dikwels persoonlike indrukke bevat, terwyl in hierdie eeu uitbouing van die kennis oor Kruger veral gedoen is in werke wat op argiefnavor-sing berus. Ewenwel is daar ook verskillende latere geskifte van outobiografiese aard, m.a.w. weergawes van eie herinneringe aan Kruger, wat in hierdie bespreking nie verontagsaam kan word nie.

A. Kruger se afkoms, geboorte en jeug

Gegewens oor Kruger se afkoms is hoofsaaklik te vind in dokumente soos doop- en huweliksregisters, wat, aangesien Kruger uit die Kaapkolonie afkomstig was, in die argiewe en veral die kerkargiewe, van diê gebied te vinde is. Genealogiese navorsing

in die Kaapse argiewe is reeds teen die einde van die vorige eeu deur C.C. de Villiers gedoen¹⁾ en Kruger se vroeë biograwe, Statham en Van Oordt het hul inligting oor Kruger se voorouers²⁾ waarskynlik veral uit sy werk geput. In 1904 het 'n geskrif verskyn³⁾ waarin 'n meer uitgebreide stamboom van Kruger gegee is, berustende op oorspronklike argiefnavorsing.

Dit het later egter geblyk dat hierdie geslagsregister van Kruger soos dié van Statham nie in alle opsigte korrek was nie⁴⁾ en 'n verbeterde stamboom is in 1943 deur H.S.Pretorius gegee.⁵⁾ Die mees uitgebreide studie van Kruger se voorouers is egter gedoen deur E.E. Mossop,⁶⁾ wat ook heelwat belangrike besonderhede oor vroeë lede van die Krugerfamilie meedeel. Die gegewens oor Kruger se voorsate, hoewel maar baie beperk, kan in 'n belangrike mate bydra om die aard van Kruger se persoonlikheid te begryp en te verklaar.

Verwant met die kwessie van Kruger se afkoms is die vraagstuk hoe sy van gespel behoort te word. In 'n insiggewende studie oor hierdie onderwerp⁷⁾ het F.J. du T. Spies o.m. probeer verklaar waarom Kruger halfmaanvormige tekentjie bo sy van gemaak het en op grond van gegewens oor die spelling van die naam deur Paul Kruger en sy voorouers tot die konklusie gekom dat die vorm "Kruger" die korrekte is.

Ook oor die datum en plek van Kruger se geboorte is daar geskryf. F.V. Engelenburg en G.S. Preller het in hul werkie oor

- 1) De Villiers, C.C., Geslacht-register der oude Kaapsche families. 3 dele, Kaapstad, Van de Sandt de Villiers, 1893-1895.
- 2) Statham, Paul Kruger and his times, bl. 5 e.v.; Van Oordt, Paul Kruger en de opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek, bl. 25.
- 3) Engelenburg, F.V. & Preller, G.S., Paul Kruger's afkomst en familie. Pretoria, Volkstem, 1904.
- 4) Ook in Nathan, Paul Kruger. His life and times, bl. 5, word Kruger se familieverband nie heeltemal korrek weergegee nie.
- 5) Pretorius, H.S., Afkoms en familie van Paul Kruger (Historiese Studies, Oktober-Desember 1943).
- 6) Mossop, E.E., Lives of the earlier Krugers told in a revised genealogical table (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis. Kaapstad, 1947).
- 7) Spies, F.J. du T., Kruger of Krüger, hoe moet die president se naam geskryf word? (Historia, Oktober 1956).

Kruger se afkoms en familie⁸⁾ probeer uitsluitel gee oor Kruger se geboorteplek, wat soms as Vaalbank⁹⁾ en soms as Bulhoek¹⁰⁾ aan-gegee is. Op grond van verskillende getuienisse het hulle tot die slotsom gekom dat Kruger op Bulhoek gebore is. Daarmee was die probleem egter nog nie opgelos nie en verskillende persone het nog navorsing gedoen en daaroor geskryf.¹¹⁾

In 1955 het daar selfs 'n werk verskyn wat hoofsaaklik oor die kwessie van Kruger se geboorteplek handel.¹²⁾ Die skrywer hiervan, C.J. Uys, skets -ongelukkig op 'n ietwat neerhalende manier- die pogings van sy voorgangers om duidelikheid oor dié probleem te verkry en sit daarna die resultaat van sy eie navorsing uiteen. Hy het die bewegings van Kruger se trekboer-voouers en -ouers nagegaan om sodoende vas te stel watter plase almal vir Kruger se geboorte grond in aanmerking kom en kom tot die slotsom dat sy wieg gestaan het op die plaas Zoutpansdrift, waar Kruger se ouers kort voor sy geboorte hul testament opgestel het. Uys se opvatting bly egter 'n teorie; onomstootlik het hy sy bevinding nie bewys nie.¹³⁾

Uys trek ook die aanvaarde datum van Kruger se geboorte, nl. 10 Oktober, in twyfel en meen, op grond van sy geboorte-inskrywing in 'n kerkregister, dat dit 1 Oktober moet wees. Vir hierdie opvatting het hy nie veel steun verkry nie.¹⁴⁾

- 8) Kyk voetnoot 3 hierbo.
- 9) In die Gedenkschriften, bl. 1, word gemeld dat Kruger op Vaalbank gebore is.
- 10) In Van Oordt, Paul Kruger en de opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek, bl. 26, word Kruger se geboorteplek as Bulhoek aangegee.
- 11) O.m. in die volgende artikels: Venter, D.G., Waar is president Kruger gebore? (Die Huisgenoot, 23 Desember 1932) en Uys, C.J., Once again the Kruger controversy (Outspan, 30 Maart 1951).
- 12) Uys, Paul Kruger. Van die wieg tot die graf (Kyk bl. 33, voetnoot 43). Hierdie titel lyk ietwat onvanpas vir 'n studie om vas te stel waar die president gebore is met 'n hoofstuk oor wanopvattings oor sy lewe en werk" (soos die ondertitel lui). Dit is vooraf in die pers ook as 'n biografie van Kruger aangekondig en toe die werk van 'n "skrale 75 bladsye" uiteindelik verskyn het, kon die gesegde "die berg het 'n muis gebaar" met reg gebesig word, soos F.A. van Jaarsveld opmerk in Suid-Afrikaanse kroniek (Bijdragen voor de geschiedenis der Nederlanden, 1956, bl. 237).
- 13) Vgl. Jansen, mev. M.M., Voorwoord tot Uys, Paul Kruger. Van die wieg tot die graf, en Krüger, D.W., Paul Kruger, dl. I, bl. 8.
- 14) Vgl. Krüger, D.W., Paul Kruger, dl. I, bl. 8.

Uys se geskrif bevat 'n soort nabetragting waarin gewys word op onverdiende eer en onverdiende blaam wat Kruger te beurt geval het; hy meen o.m. dat Kruger nooit as seun by Vegkop aanwesig was nie en weens siekte nie aan die Sekoekoeni-oorlog kon deelneem nie. Hierdie gedeelte is eintlik nie op wetenskaplike navorsing gegrond, soos wat met die res van die geskrif die geval is nie, en hierdeur vertoon die werk 'n ietwat tweeslagtige aard. Tog, ten spyte hiervan en ondanks die retoriek en mistiek wat in sommige gedeeltes na vore kom,¹⁵⁾ is dit van heelwat waarde: dit gee veral 'n goeie oorsig van die trekboerbewegings van Kruger se ouers en ook enkele nuwe gegewens oor sy moeder. Van sulke kardinale belang vir die begrip van die Krugerfiguur soos wat Uys dit self voorgestel het, is sy werk egter nie.¹⁶⁾

Oor Kruger se jeug is daar nie veel bekend nie. Die enkele gegewens wat wel bestaan, is hoofsaaklik deur Kruger self verstrekk;¹⁷⁾ hy het o.m. vertel dat hy as seun by Vegkop aanwesig was en met sy ouers 'n tydlank in Natal vertoef het. Ten spyte van die twyfel wat Uys oor hierdie bewerings uitspreek,¹⁸⁾ word dit deur Kruger se biograaf D.W. Krüger as korrek aanvaar.¹⁹⁾

In verskeie boeke oor Kruger, veral in jeugboeke, word gepoog om 'n aanskoulike voorstelling van Kruger se jong dae te gee, deur o.m. te wys op die algemene leefwyse van die Boerekinners aan die Kaapse oosgrens en tydens die Groot Trek; heelwat fantasie moes hierby gebruik word om die skamele gegewens aan te vul.

15) Vgl. Van Jaarsveld, Suid-Afrikaanse kroniek (Bijdragen voor de geschiedenis der Nederlanden, 1956, bl. 273).

16) Vgl. A.N. Pelzer se bespreking van Uys, Paul Kruger. Van die wieg tot die graf (Die staatsamptenaar, Februarie 1956).

17) Weergawes van sy vertellings oor sy jeug is o.m. te vinde in: Land en Volk, 10 Oktober 1888 (oorgeneem in Die Huisgenoot, 16 Oktober 1953); Engelenburg en Pretter, a.w., bl. 41-42 (weergawe van vertellings van J. Forsyth Ingram, R.G.S.); Cronwright-Schreiner, S.C., The life of Olive Schreiner. Londen, Unwin, 1924; Gedenkschriften, bl. 1-4.

18) Uys, Paul Kruger. Van die wieg tot die graf, bl. 18-19.

19) Vgl. Krüger D.W., Paul Kruger, dl. I. bl. 13-18.

Dit blyk dus dat oor Kruger se afkoms, geboorte en jeug al heelwat geskryf is. Van die redelik weinig gegewens wat oor hierdie sake bestaan, was reeds in Kruger se eie tyd bekend; in latere tyd is hulle veral aangevul met besonderhede oor Kruger se voorouers en is oor probleme i.v.m. sy afkoms, geboorte en bewegings tydens die Trek groter duidelikheid verkry.

B. Kruger se persoon en lewenswyse

Gegewens oor Kruger se persoon en lewenswyse bestaan hoofsaaklik uit die weergawes van indrukke deur persone wat met hom op een of ander manier in aanraking was. Omdat die meeste hul indrukke in verhaalvorm opgeteken het, is hul geskifte ook tegelykertyd geskiedskrywing oor Kruger. Deur die interpretasie van Kruger se eie uitlatinge en optredes kan verder ook kennis van sy persoon en lewenswyse gevorm word; lg. taak is veral deur Kruger se biograwe onderneem, op wie se werk reeds in die vorige twee hoofstukke gelet is en waarna hier slegs baie kortliks verwys word.

Reeds tydens Kruger se lewe is heelwat oor sy persoon en lewenswyse geskryf. Ongelukkig is dié vroeë beskrywinge dikwels sterk deur die politieke situasie van die tyd gekleur, soos reeds blyk uit een van die eerste werke waarin van Kruger geskryf is, nl. die herinneringe van T.M. Tromp.²⁰⁾ Tromp, vroeër privaatsekretaris van president Burgers, het sy werk in 1879 laat verskyn, dus kort na die anneksasie van Transvaal deur Shepstone. Hy beskryf Kruger as 'n dapper krygsman, maar ook as 'n ongekultiveerde boer en 'n godsdiensdweper, wat 'n voorwerp van verering vir sy mede-"Doppers" geword het. Dit is duidelik dat Tromp nie baie simpatiek teenoor Kruger staan nie en hom, as teenstander van Burgers se moderne beskouinge, by uitstek as bekrompe en ouderwets wil voorstel.²¹⁾

Ook die herinneringe van die groot getal buitelandse besoekers aan Kruger tydens sy presidentsjare is dikwels sterk deur

20) Tromp, T.M., Herinneringen uit Suid-Afrika ten tijde der annexatie van de Transvaal. Leiden, Brill, 1879.

21) Kyk ook bl. 178-179.

politieke sienswyses beïnvloed. Diegene wat sy beleid, veral sy Uitlanderbeleid, veroordeel, gee veelal 'n ongunstige beskrywing van sy persoon. Dit is bv. die geval met 'n sekere Stuart Cumberland wie se werkjie oor Suid-Afrika ook 'n hoofstuk „What I think of president Kruger" bevat.²²⁾ Hy meen o.m. dat Kruger maar beperkte geestelike vermoëns besit, agterdogtig en bygelowig is en gebrek aan beskaafdhed en verfyndheid toon. Daarby is hy fisies onaantreklik en alles behalwe goed geklee; Kruger is vir Cumberland „a most uninteresting and boresome old man".²³⁾ Ook die bekende Afrika-reisiger, Henry Morton Stanley laat hom geensins vleënd oor Kruger uit nie; hy noem hom „an ill-conditioned personality... stubborn, unyielding" met „limited ambition and self-reliance". Kruger is vir hom ook „a real Boer Machiavelli, astute and bigoted, obstinate as a mule, and remarkably opinionated, vain and puffed up with the power conferred on him, vindictive, covetous and always a Boer, which means a narrow-minded and obtuse provincial of the illiterate type".²⁴⁾ Nog 'n besoeker aan die Transvaalse president, die skryfster, Roy Devereux meen dat Kruger nie net dom en bygelowig nie, maar ook geheel en al onbeskaafd, selfs barbaars is.²⁵⁾

Ander besoekers gee egter 'n gunstiger beskrywing van Kruger se persoon, waaronder ook politieke teenstanders soos mev. Hays-Hammond.²⁶⁾ 'n Amerikaanse joernalis, Howard C. Hillegas spreek wel skerp kritiek uit op Kruger se klere en is ook nie baie geïmponeer deur sy fisiese aantreklikheid nie, maar wys op sy moed en dapperheid, waarvan hy 'n aantal staaltjies vertel; hy vind hom

22) Cumberland, S., What I think of South Africa, its people and its politics. Londen, Chapman & Hall, 1896, bl. 119 e.v.

23) Ibid., bl. 130.

24) Stanley, H.M., Through South Africa. Low & Hall, 1896, bl. 119 e.v.

25) Devereux, Roy, Side lights on South Africa. Londen. Low & Marston, 1900. bl. 62-68.

26) Hammond, mev. J.H., A woman's part in a revolution. Londen, Longmans & Green, 1897, bl. 75-79.

'n kleurrike persoonlikheid.²⁷⁾ 'n Landgenoot van Hillegas, Poultney Bigelow,²⁸⁾ deel 'n groot aantal anekdotes oor Kruger mee; ook hy vind Kruger 'n interessant figuur en praat met bewondering van sy kordaatstukke as jagter. Hy toon groot begrip vir Kruger se godsdiens en wys op sy Christelike naasteliefde — soos blyk uit sy poging om 'n Bantoe van verdrinking te red — sy eerlikheid, gulheid en natuurlike wysheid. Bigelow loof Kruger as „a magnificent anachronism“, sy land se held, „the patient, courageous, forgiving, loyal and sagacious Paul Kruger“.²⁹⁾ Ook in die werke van W.L.A. Distant, F. Younghusband en J.A. Hobson³⁰⁾ — hulle het Kruger almal persoonlik ontmoet — word veel begrip vir sy persoonlikheid getoon.

Tydens die Tweede Vryheidsoorlog is heelwat oor Kruger se persoon en daaglikse lewe gedurende sy verblyf in Pretoria geskryf.³¹⁾ Net na die oorlog het die Gedenkskriften verskyn, waaruit iets van sy karakter afgelei kan word. Die jagverhale wat Kruger daarin vertel, dra ook by tot kennis van sy lewenswyse in vroeër dae.

Al hierdie tydgenootlike geskrifte het slegs sekere aspekte van Kruger se persoon belig, terwyl sy private lewe net vir die tydperk van sy presidentskap beskryf is. Die vroeë biografiese werke oor Kruger, nl. dié van H.P.N. Muller, J.F. van Oordt en F.R. Statham, bevat ook wel waardevolle inligting oor aspekte van sy persoon en lewenswyse, maar gee eintlik geen eenheids-

27) Hillegas, H.C., Oom Paul's people. New York, Appleton, 1899, bl. 110-112.

28) Bigelow, P., White man's Africa. Londen, Harper, 1900.

29) Ibid., bl. 53.

30) Distant, W.L.A., A naturalist in the Transvaal. Londen, Porter, 1892; Younghusband, F., South Africa of today. Londen, MacMillan, 1899; Hobson, J.A., The war in South Africa. Its causes and effects. Londen, Nisbet, 1900 (2de uitgawe).

31) Bv. Rompel, F., Uit den Tweeden Vrijheidsoorlog. Schetsen en portretten. Amsterdam, Van Holkema & Warendorff, s.j. (bl. 15-24); Weinthal, L., Kruger Africanus: The president at home. (Review of reviews, 1900 bl. 526-533); Garrett, F.E., Paul Kruger. Some scenes and traits (Fortnightly review, Junie 1900).

beeld daarvan nie. Soos reeds vermeld,³²⁾ het diē drie skrywers hulle byna uitsluitend besig gehou met Kruger se openbare lewe en maar weinig karakterbeskrywing gedoen. Ook oor Kruger se private lewe, veral in die tyd toe hy nog op sy plaas gewoon het, deel hul=le nie veel mee nie. Daar kan dus gesê word dat daar in Kruger se eie tyd nōg 'n omvattende nōg 'n uitgebreide beskrywing van sy persoon en lewenswyse gedoen is.

Dit was eers twee dekades na Kruger se dood dat werklik gepoog is om Kruger se persoonlikheid en lewensomstandighede in hul verskillende fasette uit te beeld. J.P. la G. Lombard het veral Kruger se leefwyse goed belig deur hom as kind van sy tyd en omgewing, as tipiese Afrikaner en vroeë Transvaalse pionier te skilder.³³⁾ Waar die verdienste van Lombard se werk veral in die interpretasie van gegewens lê, het F.V. Engelenburg³⁴⁾ veral bygedra tot die verskaffing van nuwe gegewens oor Kruger. Engelenburg het in die Transvaalse argiewe gesnuffel en veral uit briewe van Kruger self³⁵⁾ inligting oor sy bedrywighede as „boerende boer, briewe-skrywer, gelowige, finansier, veldkornet, koorslyer, staats-burger“³⁶⁾ verkry. Hoewel op bronnestudie gebaseer, is Engelenburg se werk nie die produk van volledige wetenskaplike navorsing nie; hy gee 'n aantal los gegewens weer sonder om 'n eenheidsbeeld van Kruger in sy vroeëre jare te skets. Engelenburg wou eintlik ook slegs 'n nog onbekende kant van die Krugerfiguur belig, waar=s skynlik veral 'n kant waarin Kruger hom nie die onbevleete held getoon het as wat van hom gemaak is nie. Engelenburg merk bv. op dat Kruger geen bekwame finansier en sakeman was nie en vir die boerdery nie genoeg „geesdrif, bekwaamheid en intuïsie“³⁷⁾ gehad het nie. Hierdie gevolgtrekkings word egter 'n bietjie haastig, slegs op grond van enkele gegewens, gemaak. Engelenburg

32) Kyk bl. 73, 43, 48.

33) Kyk bl. 51.

34) Engelenburg, F.V., 'n Onbekende Paul Kruger.

35) In 1925 gepubliseer as: Engelbrecht, S.P., Paul Kruger's amptelike briewe.

36) Ondertitel van Engelenburg, a.w.

37) Engelenburg, a.w., bl. 18.

wy ook uit oor sake wat nie direk met Kruger in verband staan nie, soos die algemene toestande van die jag in die vorige eeu, en het heelwat te sê oor die malariakoors, wat volgens hom 'n invloed op die Boere se optrede in dié tyd gehad het. Hy vind al die onderlinge rusies van die Transvaalse pioniers lagwekkend en ietwat belaglik; Kruger het daarin, so meen hy, die rol, van „die onvervangbare Hamlet” gespeel.³⁸⁾

Heelwat vertellings van persoonlike herinneringe oor Kruger is ook in hierdie eeu gepubliseer. Van die vroeëre staatssekretaris van die Z.A.R., W.J. Leyds het verskillende stukke verskyn waarin hy persoonlike indrukke van Kruger weergee.³⁹⁾ Hoewel Leyds eintlik maar enkele mededelings oor Kruger maak, is dit wat hy vertel in verskeie opsigte insiggewend.⁴⁰⁾ Kruger was 'n groot en goeie man en iemand met 'n sterk karakter, was altyd bedagsaam teenoor almal, ook teenoor sy minderes, en kon in klein attensies teenoor andere so fyn soos 'n vrou wees.⁴¹⁾ Kruger het ook 'n baie goeie geheue gehad, en Leyds vertel enkele staaltjies in dié verband. Kruger was nie 'n baie gladde spreker nie, maar het wel met groot oortuiging gepraat. Hoewel hy sy eie mense goed geken het, was sy oordeel oor vreemdelinge egter nie altyd juis nie.⁴²⁾ Ook meen Leyds dat Kruger van „heerszucht niet vrij te pleiten” was.⁴³⁾ Hy was egter geensins bekrompe nie; inteendeel, hy was 'n verligte, vrysinnige man. — As komende van 'n nugtere intellektueel, nie 'n blinde bewonderaar nie en ook iemand wat Kruger

38) Ibid., bl. 7.

39) Leyds, W.J., Herinneringen aan Paul Kruger (Dietsche stemmen, Mei-Junie 1918); President Kruger. Dordrecht, Geuze, 1923 (Toespraak gehoude op 10 Oktober 1923 te Utrecht bij den feestdich der Zuid-Afrikaansche studenten); Paul Kruger. s.p. s.j. (Herdenkingsrede op 10 Oktober 1925 te Utrecht uitgesproken); Persoonlijke herinneringen. Dordrecht, Geuze, 1925. (Toespraak in de aula, Universiteit van Leiden, 13 Oktober 1925); Paul Kruger (Neerlandia, Oktober 1925). Ook in: Van Hoek, K., Gesprekken met dr. W.J. Leyds. Pretoria, Van Schaik, 1939.

40) In Onze eerste jaren in Zuid-Afrika, publikasie van 'n dagboek en briewe van Leyds, word natuurlik ook heelwat oor Kruger gesê. Dit is egter nie soseer geskiedskrywing oor Kruger nie. (Kyk bl. 11 voetnoot 18).

41) Vgl. Van Hoek, a.w., bl. 36.

42) Leyds, Herinneringen aan Paul Kruger (Dietsche stemmen, Mei-Junie 1918).

43) Leyds, Paul Kruger (Herdenkingsrede op 10 Oktober 1925 te Utrecht uitgesproken).

baie goed geken het, is hierdie herinneringe aan Kruger van groot belang.

Van H.C. Bredell wat tydens Kruger se verblyf in Europa sy privaatsekretaris was, is enkele belangrike herinneringe aan Kruger uit die tyd voor sy vertrek na Europa gepubliseer.⁴⁴⁾ In dié tyd het Bredell Kruger bygestaan in die opstel van telegramme en in Kruger se huis gebly. Hy vertel dan ook enkele interessante besonderhede, o.m. oor die huisgodsdienst wat Kruger vroeg in die môre gehou het. Herinneringe uit die tyd van Kruger se ballingskap in Europa het Bredell veral in sy dagboek opgeteken,⁴⁵⁾ wat egter nie soseer as geskiedskrywing beskou kan word nie.

Kruger se familieledede het nie veel oor hom geskryf nie. 'n Uitsondering is enkele anekdotes van sy dogter, Alie, wat in 1960 — toe sy reeds 90 jaar oud was — opgeteken is.⁴⁶⁾ Wat sy vertel, gee insig in Kruger se karakter, bv. haar mededeling dat hy baie staaltjies uit sy lewe aan haar vertel het en haar uitspraak dat hy lief was vir vier dinge, sy kerk, sy Bybel, sy kof-fie en sy pyp.

Nog heelwat herinneringe aan die Transvaalse president van mense wat op een of ander manier met hom in aanraking was, het — deurgaans lank na die gebeurtenisse wat meegedeel is — in werke en veral in tydskrifte verskyn. So is daar die herinneringe van Albert Kuit,⁴⁷⁾ wat as kind met Kruger se jongste seun bevriend was, en van die skryfster M.E. Rothman,⁴⁸⁾ wat in haar jong dae enkele kere in die presidentshuis was. Daar is ook die verhale

44) De Kock, W.J., Dag na dag by Paul Kruger. Herinneringe van kol. H.C. Bredell. (Die Huisgenoot, 15 en 22 Desember 1944).

45) Ongepubliseer, Transvaalse argief, Pretoria.

46) Vercuiel, S., Dogter onthou (Naweekpos, Oktober 1960). Kyk ook Boonzaaij, W.A., Wat het van President Kruger se nakomelinge geword? (Die Huisgenoot, 15 Oktober 1954).

47) Kuit, A., Transvaalse verskeidenheid. Pretoria, Van Schaik, 1940. bl. 139-150.

48) Rothman, M.E., 'n Kaaplander in die dae van die Republiek (Die Huisgenoot, 9 Oktober 1925).

van 'n dame wat Kruger gevra het of sy 'n dans in die presidents-huis kon hou,⁴⁹⁾ 'n man wat as wag voor sy huis diens gedoen het,⁵⁰⁾ sy koetsier,⁵¹⁾ die man wat sy koets moes herstel⁵²⁾ en selfs persone wat 'n foto van hom geneem het⁵³⁾ en wat sy glas tydens 'n dinee moes vul.⁵⁴⁾ Dit is eintlik nie moontlik om hierdie getuïenisse as in alle opsigte betroubaar te aanvaar nie, veral omdat hulle so lank na die tyd opgeteken is, toe die vertellers — in die meeste gevalle altans — reeds op gevorderde leeftyd was. Tog bevat al die herinneringe brokstukkies van die werklikheid wat kan meehelp om die beeld van Kruger se persoonlikheid te verhelder.

Verskillende anekdotes oor Kruger is mondeling oorgedra en daarna eers opgeteken. Sulke staaltjies is deur Kruger se biograwe Lombard en Van Oordt⁵⁵⁾ in hul werke opgeneem en ook in tydskrifte weergegee, selfs deur iemand soos oud-president F.W. Reitz.⁵⁶⁾ Die oorleweringe oor Kruger het mettertyd toegeneem en in die volksmond het hy 'n legendariese figuur geword, besittende „byna bo-menslike gawes as jagter, krygsman, wyse raadsman”.⁵⁷⁾ Dit is bykans onmoontlik om die outentisiteit van al die staaltjies te bepaal — sommige is duidelik blote fabels — maar indien hulle baie krities benader word, kan daaruit tog heelwat van sy persoon geleer word.

49) Poultney, Dora O., Dawn to dusk. Londen; Cassell, 1936, bl. 72-73.

50) (Eales, C.H.,) Interessante kykie in die lewe van Oom Paul. Een van sy lyfwagte vertel (Die Burger, 29 September 1945).

51) Swartz, J., President se droom (Die Brandwag, 8 Oktober 1948).

52) Roodt, A.G., President Kruger se koets. Herinneringe van die man wat dit herstel het (Die Huisgenoot, 6 Oktober 1939).

53) (Kooyker, L.) Hoe 'n meestertjie die president „geskiet” het. (Die Huisgenoot, 10 Oktober, 1908).

54) Adendorff, O., Hy moes oom Paul se glas volhou; maar die president het net melk gedrink en geen druppel wyn nie (Die Huisgenoot, 10 Oktober 1908).

55) Veral in sy Van schaapwachter tot president, bl. 123. e.v.

56) Reitz, F.W., Nog 'n paar anekdotes oor Paul Kruger (Die Huisgenoot, Julie 1922).

57) Krüger, D.W., Voorwoord tot Du Plessis, J.S. (red.), President Kruger aan die woord, bl. 11.

Anders as in die vorige eeu het sedert sowat veertig jaar gelede reeds verskillende werke verskyn waarin 'n redelik omvattende beskrywing van Kruger se persoon en leefwyse gedoen is; veral Jutta, Nathan en D.W. Krüger het hulle in dié opsig goed van hul taak gekwyt.

Tog kan nie gesê word dat Kruger se persoon en lewenswyse vandag reeds volledig en presies beskryf is nie; vireers is daar onder die vele persoonlike getuienisse maar weinig van mense wat hom werklik goed geken het en ook nie veel wat werklik iets van sy innerlike weergee nie; daarbenewens hang die beskrywing van Kruger se persoonlikheid dermate van interpretasie en eie aanvoeling af dat verskille daarin seker altyd sal bestaan. Die interpretasie van Kruger se persoonlikheid is nou verbonde aan die hele beeld wat van hom gegee word; hiervan sal meer in die volgende hoofstuk blyk.

C. Kruger as kerklidmaat

In die behandeling van Kruger se openbare optrede word dikwels uitsluitend op sy staatkundige loopbaan gelet. Hy was egter ook op kerklike terrein 'n figuur van betekenis, in elk geval in so 'n mate dat die geskiedskrywing daarvoor aparte aandag verdien.⁵⁸⁾

Persoonlike herinneringe is veral belangrike gegewens oor Kruger se kerklike aktiwiteite. Verskillende getuienis is ook in hierdie verband gelever: Die Soutpansbergse sendeling, Stefanus Hofmeyr het sy indrukke van 'n preek wat Kruger op sy sendingpos gelever het, opgeteken en sy verbasing uitgespreek dat Kruger uit 'n onderwerp wat vir baie droog lyk heelwat praktiese lesse kon put.⁵⁹⁾ Ds. L.J. du Plessis van Rustenburg deel in 1909 van Kruger mee: „Niets niets gebeurde er in de Kerk of hij

58) Dit gaan hier natuurlik nie om sy optrede t.o.v. kerklike sake in sy hoedanigheid as regeringslid nie.

59) Hofmeyr, S., Twintig jaren in Zoutpansberg. Kaapstaad, Rose, 1890, bl. 307.

namer kennis van. Hij leefde waarlijk met de Kerk".⁶⁰⁾ Ds. P. Postma van Pretoria vertel o.m. dat Kruger op jeugdige leeftyd tot bekering gekom het en dit op 'n tydstip oorweeg het om predikant te word. Hy het steeds hulp aan sy kerk verleen en ook baie vir die sending gedoen.⁶¹⁾ Interessant is die herinneringe van 'n predikant wat in sy jong dae 'n keer in Pretoria gepreek het, waarna hy na die presidentshuis ontbied is en Kruger sy preek gekritiseer het.⁶²⁾

Ook kerkargiewe bevat gegewens oor Kruger se optrede op kerklike terrein. G.C.P. van der Vyver deel op grond van 'n studie van kerkraadsnotules o.m. mee dat Kruger 'n skriftelike versoek aan die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Pretoria gerig het om af en toe 'n stigtelike woord in die gemeente te mag spreek. Dit is goedgekeur, nadat die kerkraadsbesluit eers op 'n sinode bekragtig is.⁶³⁾

In verskeie werke word melding gemaak van Kruger se aandeel aan die stigting van die Gereformeerde Kerk in 1859. Aangesien hy later so 'n bekende persoonlikheid geword het, het die skrywers meesal nie nagelaat om na hom as een van die leiersfigure by die stigting te verwys nie, en die indruk is soms gewek dat hy eintlik die voortou in hierdie aangeleentheid geneem het.⁶⁴⁾ In werke soos dié van B.R. Kruger en B. Spoelstra⁶⁵⁾ word 'n duidelike beeld van die stigting gegee en Kruger se rol daarin in groter

60) Du Plessis, L.J., Paul Kruger (Lion Cachet, J. (red.), a.w., bl. 223).

61) Postma, P., In memoriam wijlen president S.J.P. Kruger (Almanak van de Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, 1905).

62) Van der Walt, J.G.H., President Kruger as hoorder (Almanak van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1957).

63) Van der Vyver, G.C.P., Die Gereformeerde Kerk, Pretoria, 1859-1904. Ongepubl. Th.M.-verh., P.U., 1952.

64) Kyk bv. Badenhorst, W.J., Die geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in Transvaal, 1842-1885. Ongepubl. D. Litt.-proefskrif, P.U. 1951, bl. 145-149; Walker, E.A., Londen, Longmans & Green, 1965, (derde hersiene uitgawe), bl. 299.

65) Kruger, B.R., Die ontstaan van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Pretoria, V. & R., 1957; Spoelstra, B., Die „Doppers” in Suid-Afrika, 1760-1899. Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1963.

perspektief geplaas. Dit blyk daaruit dat Kruger wel een van die voormanne by die stigting was, maar, as man van nog redelik jeugdig leeftyd, in dié dae beslis nie die hooffiguur was nie. Spoelstra gee ook 'n goeie oorsig van die opvattinge en optrede van die „Doppers“, die groep onder die Oos-Kaaplandse Boere, en later ook onder die Transvalers, waaruit Kruger gekom het. Spoelstra meen dat die opgang van die Gereformeerde Kerk in Transvaal na 1880 nou saamhang met Kruger se aanvaarding van die presidentsamp.⁶⁶⁾

'n Goeie, maar beknopte oorsig van Kruger se optrede op kerklike gebied bied die artikel van J.S. du Plessis,⁶⁷⁾ terwyl ook in verskillende Krugerbioografieë aandag gegee word aan sy godsdiens en kerklike aktiwiteite; Nathan bestee 'n hoofstuk daaraan⁶⁸⁾ en D.W. Krüger deel veral heelwat mee oor sy kontak met die Gereformeerde Kerk in Nederland tydens sy reise na Europa.

Tog skyn dit asof daar nog nie veel navorsing gedoen is spesifiek met die oog op meer kennis oor Kruger se optrede op kerklike terrein nie. 'n Deeglike studie oor Paul Kruger en die Gereformeerde Kerk en ook oor sy invloed onder die „Doppers“ kan heel moontlik 'n belangrike bydrae tot die historiografie oor Krüger wees.

D. Beskouinge en beginsels van Kruger wat grondliggend vir sy openbare optrede is

Om Kruger se optrede op staatkundige gebied goed te kan begryp, is kennis noodsaaklik van sy beskouinge wat ten gronde daarvan lê. Terwyl heelwat i.v.m. sy beskouinge uit sy optrede self afgelei kan word, kan ook veel te wete gekom word deur sy toesprake te bestudeer, waarin hy sy eie oortuiginge en beskouinge dikwels uiteengesit het.

Reeds in tydgenootlike werke is daarop gewys dat Kruger in sy optrede hom veral deur sy Calvinistiese oortuigings laat lei

66) Spoelstra, a.w., bl. 275.

67) Du Plessis, J.S., S.J.P. Kruger en die Gereformeerde Kerk
(Almanak van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1959).

68) Nathan, Kruger, bl. 36 e.v.

het. Sommige vroeë skrywers stel hom as bekrompe in sy opvattinge voor, ander loof sy edele Christelike motiewe; 'n duidelike uiteensetting van sy beskouinge word egter nie deur hulle gedoen nie. Sy biograwe, ook dié van latere tyd, gaan ewemin in besonder op hierdie kwessie in. 'n Belangrike bydrae is gelewer deur F. Postma, wat probeer aantoon dat Kruger steeds uit Christelike en nasionale motiewe gehandel het; 'n werklike uiteensetting van sy beskouinge, gegrond op studie van o.m. sy toesprake, doen hy egter nie.⁶⁹⁾

Tydens die Tweede Wêreldoorlog het daar besondere belangstelling in Kruger se staatsbeskouinge gekom. Terwyl Duitse skrywers veral om propagandistiese redes aan Kruger nasionaal-sosialistiese opvattinge wou toedig,⁷⁰⁾ het in Afrikanergeleedere politieke verdeeldheid, wat ook die staatsbeskouing geraak het, daartoe gelei dat oor Kruger se staatsopvattinge geskryf is. Dit het veral daarom gegaan of Kruger die demokrasie of 'n "nasionaal-organiese" staatsvorm aangehang het. J.A. Coetzee skryf in 1942 dat die demokrasie uit die Franse Rewolusie stam en nou met die Engelse liberalisme verbind is. Kruger het juis teen hierdie meganiese demokratiese opvatting — waarvolgens alle individue ongeag hul volksverbintenis gelyke politieke regte moet hê — gestry, soos uit sy optrede teenoor die Uitlanders blyk. Coetzee meen dan dat Kruger "die suiwerste en grootste beliggaming van die organies-republikeinse" volkstradisie is.⁷¹⁾ Ongetwyfeld is daar iets van hierdie dinge waar; dit is egter duidelik dat Coetzee, sonder dat sy werk op deeglike en objektiewe studie berus, staatsbeskouinge van sy eie tyd in dié van Kruger wil indra om hierdeur die Krugerfiguur met sy politieke groep te verbind. Van die kant van teenstanders van dié groep het dan ook skerp reaksie gekom en is verklaar dat Kruger demokratiese opvattinge gehuldig het.⁷²⁾

69) Kyk ook bl. 80-83.

70) Kyk bl. 78, 217-218.

71) Coetzee, J.A., Oom Paul en die demokrasie. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1942, bl. 19.

72) Vgl. Die Transvaler, 31 Augustus 1942.

In 1951 het F.P. Smit 'n wetenskaplike studie oor Kruger se staatsbeginsels laat verskyn.⁷³⁾ Dit is oorspronklik ingedien ter verkryging van 'n graad in die Publieke Administrasie en dus eintlik nie die werk van 'n vakhistorikus nie. Smit se werk berus op 'n deeglike studie van Kruger se toesprake en van sekondêre werke. Hy besef wel dat Kruger se staatsopvattinge teen die agtergrond van sy tyd en omgewing gesien moet word,⁷⁴⁾ maar probeer dit nie soseer daaruit verklaar nie. Ook poog hy nie om vas te stel in hoeverre Kruger hom in sy uitsprake oor grondliggende staatsbeginsels deur ander laat beïnvloed het nie.⁷⁵⁾ Tog gee Smit 'n duidelike goed samehangende geheeloorsig van Kruger se staatsopvattinge, waarin hy veral probeer aantoon dat die drie kardinale beskouinge van Kruger die „Christelike beginselen“, die „republikeïnsch beginsel“⁷⁶⁾ en die beginsel van staatkundige onafhanklikheid was.

Belangrik is Smit se beligting van Kruger se gesagsopvattinge. Volgens hom glo Kruger dat die oppergesag by God berus, maar dat die volk ook soewereiniteit het; God is Soewereint.o.v. die wet van Moses en die volk t.o.v. die landswette. In die volk se gesagsuitoefening word dit gelei deur God wat die harte van die enkelinge bestier, terwyl ook die kerk dit deur die verkondiging van die Woord beïnvloed. „In die staat is die volk dus koning en hy verteenwoordig die Koning van konings“.⁷⁷⁾ Kruger glo derhalwe dat die Volksraad geen gesag bo die enkeling besit nie, hoewel die volk dit, as liggaam deur homself aangewys, in sy besluite moet gehoorsaam. In dringende sake moet die Volksraad beslis, maar die volk moet die geleentheid hê om oor bv. belastingheffing en onderwys 'n mening uit te spreek.⁷⁸⁾ Smit meen dat Kruger in volkseenheid geglo het, maar slegs demokratiese middele aangewend het om dit te verkry.⁷⁹⁾

73) Kyk bl. 41 voetnoot 74.

74) Vgl. Smit, F.P., a.w., bl. ix.

75) Vgl. Scholtz, G.D., Suid-Afrikaanse kroniek (Bijdragen voor de geschiedenis der Nederlanden, 1953, bl. 302).

76) Smit, F.P., a.w., bl. 1, 18.

77) Ibid., bl. 190.

78) Vgl. Ibid., bl. 32, 121.

79) Ibid., bl. 107.

Die bespreking van Kruger se opvattinge t.o.v. die plek van die enkeling in die Republiek is ook insiggewend. Kruger het geglo dat elke burger seggenskap in die bestuur, maar ook pligte teenoor die staat het. Hy wou die Uitlanders wel seggenskap in plaaslike sake gee, maar nie t.o.v. die onafhanklikheid van die Republiek nie, veral aangesien die meeste van hulle nog nie die republikeinse stelsel leer ken en waardeer het nie; sodra hul hul trou teenoor die Republiek bewys, sou hy hul regte uitbrei. Sy optrede teenoor hulle was dus geensins afwysend nie, maar versoekend. Smit gaan ook in op Kruger se beskouinge t.o.v. naturelle en gekleurdes, die presidentsamp en die uitvoerende en regsprekende gesag.

Dit is veral 'n verdienste van Smit dat hy die Christelike uitgangspunt van Kruger duidelik aantoon. Hy teken Kruger as by uitstek demokrat in sy beskouinge,⁸⁰⁾ en miskien het hy, moontlik in reaksie teen vroeër pogings om Kruger 'n teenstander van die demokrasie te maak, hierdie aspek te veel benadruk en ook die rol van Kruger se volksbegrip daarteenoor nie baie sterk na vore gebring nie. Tog, as wetenskaplike, sistematiese uiteensetting van Kruger se staatsbeskouings, is dit 'n belangrike bydrae tot die geskiedskrywing oor Paul Kruger.

In 1952 het J.S. du Plessis, as toeligting by 'n aantal verkiesingsmanifeste en toesprake van Kruger,⁸¹⁾ ook ingegaan op sy staatsopvattinge. Du Plessis meen dat Kruger geglo het dat God, en nie die volkswil nie, die hoogste Gesag in die staat is. God openbaar sy Wil in sy Woord, maar ook in die volkswil, in soverre dit in ooreenstemming met die Woord is.⁸²⁾ Waar Kruger verklaar het dat hy in die stem van God die stem van die volk herken, bedoel hy dat die stem van die volk gehoorsaam moet word „in soverre die volk aan God gehoorsaam is en ooreenkomstig sy wet

80) Vgl. J.H. Breytenbach se bespreking van Die staatsopvattinge van Paul Kruger (Die Huisgenoot, 7 September 1951).

81) Du Plessis, J.S. (red.), President Kruger aan die woord.

82) Vgl. Ibid., bl. 128, 134.

en ordinansies lewe".⁸³⁾ Kruger was ten gunste van 'n demokra-
tiese regeringstelsel waarin die minderheid hulle aan die keuse van
die meerderheid moet onderwerp.⁸⁴⁾ Ook oor Kruger se opvattinge
t.o.v. die verhouding tussen kerk en staat en dié tussen regter-
like en wetgewende gesag word gehandel.

W.G. van der Schyff gee aandag aan Kruger se opvattinge
t.o.v. die onderwys.⁸⁵⁾ Hy is nie 'n vakhistorikus nie en sy werk
bevat, naas enkele onakkuraathede,⁸⁶⁾ ook veralgemeninge en gevolg-
trekkinge wat nie direk op historiese gegewens gegrond is nie.
Van der Schyff gaan eers in op die beginsels van die Gereformeerde
Kerk t.o.v. die onderwys en wy dan 'n hoofstuk aan die opvattinge
van Paul Kruger. Hy onderskei vier grondgedagtes in Kruger se
beskouing t.o.v. die onderwys, wat omtrent identies met dié van die
Gereformeerde Kerk en ook met sy eie siening blyk te wees. Vol-
gens Van der Schyff het Kruger geglo dat die skoolopvoeding nood-
saaklik en onmisbaar is, dat ouers moet sorg vir die onderwys van
hul kinders en dat die skool onderrig Christelik en ook nasionaal
moet wees. Hoewel Kruger eintlik geglo het dat skole kerkskole
behoort te wees, was hy tevrede as die kerk oor die gees van die
onderrig toesig hou.⁸⁷⁾ As staatspresident het Kruger ook toe-
gesien dat die eie taal in die onderwys tot sy reg kom, hoewel hy
ook alle konsiderasie aan die Engelse taal in die skole gegee het.

'n Studie van Kruger se geskiedbeskouing is deur F.A.
van Jaarsveld gedoen,⁸⁸⁾ waarby die Gedenkschriften en die toe-
sprake van Kruger in hoofsaak as bronne gebruik is. Van Jaars-
veld wys daarop dat Kruger se geskiedbeskouing beperk was tot die
geskiedenis van sy eie volk, eintlik slegs tot die geskiedenis wat
hy self deurleef het. Die Groot Trek was die beginpunt van Kru-

83) Du Plessis, J.S., President Kruger aan die woord, bl. 117.

84) Vgl. Ibid., bl. 128.

85) Van der Schyff, W.G., Die Gereformeerde beginsel in die onder-
wys van Transvaal, 1881-1899, met besondere verwysing na
president Kruger se aandeel en invloed. Ongepubl. M.Ed.-
verh., P.U. vir C.H.O., 1953.

86) Daar word bv. gesê dat Kruger tydens die Eerste Vryheidsoor-
log kommandant was, bl. 23.

87) Vgl. Van der Schyff, a.w., bl. 61, 66.

88) Van Jaarsveld, Lewende Verlede, bl. 201 - 207. (Titel van
hoofstuk: Die geskiedbeskouing van Paul Kruger.)

ger se beskouing, die Eerste Vryheidsoorlog die middelpunt en die eindpunt die tyd vanwaar hy op die geskiedenis teruggekyk het. Kruger het 'n parallel tussen die geskiedenis van sy eie volk en die Israëliete van die Ou Testament gesien; albei was verbondsvolk van God. Hy het geglo dat God sy volk seën as hulle Hom gehoorsaam en straf vir die oortreding van sy gebooie en het sy volk daarom steeds vermaan om die godsdienst van die vader te handhaaf. Die sin van die geskiedenis het hy in die koms van Gods Koninkryk op aarde gesien. — Van Jaarsveld se duidelike uiteensetting van Kruger se geskiedbeskouing gee 'n helder perspektief op sy opvattinge t.o.v. die plek van sy volk en van sy eie optrede in die geskiedenis.

Dit blyk dus dat die studie van Kruger se opvattinge wat aan sy optrede ten gronde lê, eers in die afgelope paar dekades gedoen is. Sekere sake, soos sy siening van die verhouding van die gesag van God teenoor dié van die volk en die verhouding volk en staat, is vir verskillende interpretasie vatbaar, en dié sake kan die beeld wat van Kruger gevorm word in 'n belangrike mate beïnvloed. Die laaste woord oor Kruger se beskouinge is beslis nog nie gesê nie; 'n studie waarin Kruger se opvattinge binne die kader van sy tyd en omgewing geplaas word en/of krities vanuit 'n Calvinistiese gesigspunt beoordeel word, kan heel waarskynlik tot groter begrip vir sy optrede en betekenis lei.

E. Kruger se openbare loopbaan voor 1877

Studie van Kruger se vroeë loopbaan is tot op groot hoogte van argiefnavorsing afhanklik, veral omdat vir 'n groot deel van dié vroeë tydperk eintlik geen dokumente deur die Z.A.R. se regering gepubliseer is nie en daar byna geen koerante in Transvaal was nie, terwyl nóg Kruger nóg mense wat in dié tyd met hom in aanraking was, veel oor sy vroeë loopbaan op skrif gestel het.

Die eerste werk oor die vroeë Transvaalse geskiedenis waarin ook van Kruger melding gemaak word, is dan ook op argiefnavorsing gebaseer. In 1889 nl. het die geskiedskrywer G. McC Theal 'n werk laat verskyn waarin die Transvaalse geskiedenis in

die periode 1858-1870 behandel is;⁸⁹⁾ die latere geskiedenis het hy, behalwe vir 'n oorsigtelike beskrywing,⁹⁰⁾ eers na die Tweede Vryheidsoorlog te boek gestel.⁹¹⁾ Hoewel Theal navorsing in die Kaapse en Vrystaatse argiewe gedoen het,⁹²⁾ skyn dit nie of hy die Transvaalse argief geraadpleeg het nie. Tog het hy, ook op grond van persoonlike getuienisse,⁹³⁾ die Transvaalse geskiedenis redelik uitgebreid beskryf. In die tyd toe sy werk verskyn het, was Kruger reeds president van die Z.A.R. en 'n bekende figuur; Theal laat dan ook nie na om van Kruger melding te maak waar hy in een of ander saak opgetree het nie. Dit wil nie sê dat hy in besonder op Kruger se optrede ingaan nie, hoewel sy beskrywing van o.m. die verskillende Bantoe-oorloë en die burgeroorlog in Transvaal heelwat lig werp op Kruger se doen en late in die tyd voor 1870.

In ander werke oor Transvaal en oor Kruger is Theal se geskiedenis as 'n standaardwerk gebruik, en Muller, Van Oordt en Statham het veel daaruit geput. In al die werke oor Transvaal wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog verskyn het, is daar eintlik nie veel ekstra besonderhede oor die vroeë geskiedenis van Kruger en van Transvaal gegee nie. Weens die wêreldbekendheid van Kruger in daardie tyd en deurdat Van Oordt dikwels as 'n belangrike bron gebruik is, is Kruger se aandeel in die vroeë geskiedenis in hierdie werke soms oordryf.⁹⁴⁾

- 89) Theal, G. McC., History of South Africa from 1795 to 1872. 5 dele, Londen, Allen & Unwin. Deel IV het vir die eerste keer in 1889 verskyn.
- 90) Theal, G. McC., Progress of South Africa in the century. Londen, Linshot, 1900.
- 91) Theal, History of South Africa from 1795 to 1872, dl. III (1904) en dl. V (1908); Theal, G. McC., History of South Africa from 1873 to 1884. Twelve eventful years. 2 dele, Londen, Allen & Unwin, 1919.
- 92) Vgl. Bosman, I.D., a.w., bl. 43.
- 93) Vgl. Ibid., bl. 74.
- 94) Vgl. die weergawes van die vroeë Transvaalse geskiedenis in: Klok, J., De Boerenrepublieken in Suid-Afrika. Hun ontstaan, geskiedenis en vryheidsoorlogen. Utrecht, De Liefde, 1901, en Wenzelburger, K.T. (red.), Die Geschichte der Buren. Neurenberg, Backwitz, 1902.

Oor Kruger se optrede in die tydperk van president Burgers was voor die oorlog nie veel bekend nie; en in die meeste werke oor Kruger, ook in dié van Van Oordt, is van die tyd van president Pretorius byna direk oorgegaan na Kruger se lotgevalle kort voor die anneksasie van 1877. In die Gedenkschriften is ook weinig oor sy daade in die tyd van Burgers gesê; dit het eerder nuwe inligting verskaf oor Kruger se optrede teenoor naturelle stamme en tydens die burgeroorlog.

Aan die begin van hierdie eeu was die kennis oor Kruger se vroeë loopbaan nie baie diepgaande nie; slegs die hooflyne was bekend. Heelwat verdere uitbouing moes nog gedoen word, wat — behalwe vir enkele outobiografiese werke en artikels⁹⁵⁾ waarin o.m. inligting oor Kruger se optrede in die Vrystaat en in die Soutpansberg gedoen is — in hoofsaak deur argiefstudie geskied het.

Veral nadat van die Transvaalse argiewe gebruik gemaak kon word, is belangrike kennis oor Kruger se vroeë loopbaan bekom. Sy amptelike korrespondensie in die tyd 1857-1877 is gepubliseer,⁹⁶⁾ en F.V. Engelenburg het in sy reeds gemelde werke⁹⁷⁾ nuwe inligting oor sy optrede as veldkornet en kommandant verstrekk. In 1929 het, van die hand van J.H. Malan, 'n werk oor die vroeë geskiedenis van die Vrystaat verskyn,⁹⁸⁾ wat as relaas van 'n groot aantal besonderhede ook inligting oor Kruger se optrede in Vrystaatse aangeleenthede verskaf.⁹⁹⁾ Daarby sluit Malan heelwat van die vroeë Transvaalse geskiedenis en Kruger se aandeel daaraan by sy werk in. Malan se interpretasie van Kruger se optrede is eensydig; hy oordeel uit 'n Vrystaatse oogpunt en het weinig simpatie vir Kruger wat hy as een van die voorbomme in die

95) O.m. Orpen, J.M., Reminiscences of life in South Africa from 1846 to the present day. Durban, 1908. (Faksimile-uitgawe 1964); Struben, H.W. Recollections of adventures, pioneering and development in South Africa (1850-1911). Kaapstad, Maskew Miller, 1920; Maré, J., Schoemansdal, het verlaten van die plaats in 1865 (Die Brandwag, 15 Julie 1912; P., Paul Kruger se tyd (Die Brandwag, 25 Februarie 1921).

96) Engelbrecht, Paul Kruger's amptelike briewe.

97) Engelenburg, 'n Onbekende Paul Kruger.

98) Kyk bl. 41 voetnoot 75.

99) Vgl. Van Jaarsveld, Lewende Verlede, bl. 33.

Transvaalse pogings tot vereniging met die Vrystaat sien — iets wat volgens hom federasie van die Vrystaat met die Kaapkolonie onmoontlik gemaak het.¹⁰⁰⁾ Kruger se optrede in die veldtog teen Gasibone word ook skerp gekritiseer, sonder egter dat Malan sy oordeel deeglik motiveer.¹⁰¹⁾

Die studie oor die Transvaalse burgeroorlog van J.H. van Dyk (1932)¹⁰²⁾ is, hoewel slegs 'n oorsigtelike beskrywing, veel helderder en uitgebreider as Theal oor dié gebeure. Hoewel Van Dyk nie in besonder Kruger se aandeel nagaan nie, kom uit die geheel heelwat daarvan na vore. Miskien word Kruger se optrede in die gebeure eerder onder- as oorskat; tog sien Van Dyk hom as 'n belangrike figuur in dié tydperk. Hy meen dat Kruger eers aktief begin optree het toe dit vir hom gelyk het of die onafhanklikheid van Transvaal op die spel kom.¹⁰³⁾ Ook Gustav Preller het enkele kleiner stukkie oor hierdie burgeroorlog en oor Kruger se rol daarin geskryf.¹⁰⁴⁾

Waar bogemelde studies veral Kruger se optrede tydens die presidentskap van M.W. Pretorius belig, het S.P. Engelbrecht in sy biografie van president Burgers¹⁰⁵⁾ enkele dinge i.v.m. Kruger se optrede in die tyd na 1872 na vore gebring. Hy meen o.m. dat Kruger as regeringslid Burgers se onderwyswet nie wou kritiseer nie, maar eintlik tog in sekere opsigte daarteen gekant was en diegene wat daarteen geprotesteer het in beskerming geneem het; sodoende het hy 'n ietwat tweeslagtige houding aangeneem. Engelbrecht verklaar dat hy sō deur teenstanders van die wet beïnvloed is dat hy later self begin glo het dat dit teen die Christen=

100) Vgl. Malan, a.w., bl. 363.

101) Ibid., bl. 377.

102) Van Dyk J.H., Die burgeroorlog in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1860-61. Ongepubl. M.A.-verh., Unisa (P.U.K.), 1932.

103) Vgl. Ibid., bl. 55.

104) O.a.: Voorwoord tot Lombard, Paul Kruger. Die Volksman; President Kruger (Die Huisgenoot, 9 Oktober 1925); Ou Pretoria; saaklike verhaal van die stad se Voortrekkerperiode. Pretoria, Afrikaanse Kultuurraad, 1938, bl. 74-83.

105) Engelbrecht, Thomas Francois Burgers. (Kyk bl. 33 voetnoot 43.)

dom gerig was¹⁰⁶⁾ en dat di. F. Lion Cachet en J.H. Jooste Kruger teen Burgers opgestook en hom aangespoor het om hom as presidentskandidaat verkiesbaar te stel.¹⁰⁷⁾ Hoewel Engelbrecht Kruger se houding self nie kritiseer nie, regverdig hy Burgers se optrede steeds en skryf Kruger se houding dan maar toe aan misleiding deur sekere persone.¹⁰⁸⁾ Ook sir John Kotze het in sy outobiografie¹⁰⁹⁾ 'n ongunstige prentjie van Kruger se rol in die tyd van Burgers se presidentskap geskilder. Hy skryf hierby egter oor gebeure wat hy nie self meegemaak het nie, en sy siening berus op ander se getuienis. Uit reaksie teen Kotze se geskrif het A.J.H. van der Walt 'n artikel geskryf waarin hy Kruger se houding teenoor Burgers verdedig.¹¹⁰⁾

Na 1940 het daar enkele studies oor die vroeëre Transvaalse geskiedenis verskyn wat van belang vir kennis oor Kruger se optrede voor 1865 is.¹¹¹⁾ D.C. McGill doen in sy uitgebreide beskrywing van die Transvaalse geskiedenis tussen 1853 en 1864 waarin hy baie op besonderhede ingaan en nie veel sintese gee nie, 'n belangrike bydrae veral tot kennis van die feite i.v.m. Kruger se

106) Vgl. Ibid., bl. 142.

107) Ibid., bl. 198-201.

108) Kyk Steyn, J.J.P., a.w., bl. 100-107, vir 'n uitgebreide bespreking van die werk.

109) Kyk bl. 10 voetnoot 17.

110) Van der Walt, A.J.H., Burgers en Kruger (Die Huisgenoot, 5 Oktober 1934).

111) McGill, D.C., A history of the Transvaal, 1853-1864. With a new interpretation of the Transvaal-Zulu war of 1879. Ongepubl. Ph.D.-proefskrif, U.K., 1943; Van Jaarsveld, F.A., Die eenheidstrewe van die Republikeinse Afrikaners, dl. I. - Pioniershartstogte, 1836-1864. Johannesburg, Impala Opvoedkundige Diens, 1951; Wichmann, F.A.F., Die wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1838-1860 (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, Kaapstad, 1941, dl. II); Pelzer, A.N., Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, dl. I - Wordingsjare. Kaapstad, Balkema, 1950. Lg. twee werke bevat weinig oor Kruger self, maar is wel van belang vir kennis van die agtergrond van Paul Kruger se lewe en werk in die jare voor 1860.

optrede. Hy gaan in op sy aandeel aan verskillende naturelle-oorloë en handel uitvoeriger oor die Transvaalse burgeroorlog as wat Van Dyk gedoen het. D.C. McGill bestempel Kruger n.a.v. sy optrede daarin as „a fearless, determined and influential leader, straight in his dealings, outspoken and deeply religious; he was a most reliable man".¹¹²⁾

Anders as dié van McGill munt die werk van F.A. van Jaarsveld oor die eenheidstrewe van die inwoners van die twee Boererepublieke in die jare voor 1864 uit deur interpretasie en sintese. Van Jaarsveld werp nuwe lig op Kruger se rol in die verenigingspogings met die Vrystaat en vertel o.m. dat Kruger, saam met M.W. Pretorius, op 'n tydstip sover gegaan het as om die Basoeteleier Mosjesj in te lig dat 'n botsing tussen Transvaal en die Vrystaat op hande was, sodat moeilikhede met die Basoeto's die Vrystaters se kragte kon verdeel.¹¹³⁾ Na sy pogings by die Renosterrivier om 'n stryd te vermy, het Kruger aangebied om in die plek van die ter doodveroordeelde Vrystaters, wat die Transvaal gesteun het, te sterf.¹¹⁴⁾ Die Kaapse goeweneur, sir George Grey se uitlating dat Engeland vereniging van die twee republieke as 'n skending van die konvensies sou beskou, het Kruger heeltemal gekant gemaak teen enige verenigingspoging met die Vrystaat.¹¹⁵⁾ Waar die Potchefstromers onder M.W. Pretorius steeds, ook tydens die burgeroorlog, die vereniging voorgestaan het, het Kruger nou na vore gekom as hoof van die Rustenburgse opposisie-groep. Tydens die burgeroorlog was hy 'n leidende en alombekende figuur.¹¹⁶⁾ — Veral deurdat Van Jaarsveld oor Kruger se rol teen die agtergrond van die verskillende politieke groeperinge van die tyd stel, word dit in groter perspektief gebring.

112) McGill, a.w., bl. 196.

113) Van Jaarsveld, Die eenheidstrewe van die Republikeinse Afrikaners, dl. I - Pioniershartstogte, bl. 190.

114) Vgl. Ibid., bl. 194.

115) Ibid., bl. 52.

116) Ibid., bl. 181.

Oor Kruger se optrede as kommandant-generaal in die tydperk 1864-1873 handel J.J. van Heerden en gaan¹¹⁷⁾ daarby o.m. Kruger se optrede teenoor die Zoeloës, Basoeto's en Soutpansbergse stamme na. Hy meen dat „die hele tydperk van Kruger se kommandant-generaalskap.... gekenmerk is deur 'n strewe om wet en orde te handhaaf“¹¹⁸⁾ en vertel dat Kruger sy ampspligte baie nougeset nagekom het en geweier het om opdragte uit te voer wat nie direk met sy amp in verband gestaan het nie.¹¹⁹⁾ Daarmee het Kruger 'n belangrike bydrae tot die ontwikkeling van hierdie amp gelewer.

In enkele korter stukke is ook lig gewerp op Kruger se optrede in die dae van sy kommandant-generaalskap. In 'n kort studie oor Transvaal en die Tweede Basoeto-oorlog (1865-66) sit F.A. van Jaarsveld Kruger se optrede in dié oorlog en probleme met sy manskappe goed uiteen.¹²⁰⁾ Van Van Jaarsveld het ook kort artikels verskyn oor Kruger se deelname aan 'n polemieë in die pers i.v.m. 'n sekere Nijhoff, wat pas tot lid van die Volksraad gekies is¹²¹⁾ en oor sy optrede in die Transvaalse presidentsverkieësing van 1871-72.¹²²⁾

Hoewel daar dus verskeie studies oor die vroeë Transvaalse geskiedenis verskyn het, bly die biografieë van Kruger die enigste werke waarin sy openbare loopbaan voor 1877 in besonder behandel word. D.W. Krüger het die volledigste beskrywing daarvan gedoen; veral t.o.v. Kruger se optrede in die tyd van president Burgers, wat nie baie deeglik in ander wetenskaplike studies behandel is nie, kom hy met heelwat nuwe inligting na vore.

117) Van Heerden, J.H., Die kommandant-generaal in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, Kaapstad, 1964, dl. II. In ongepubliseerde vorm het hierdie werk reeds in 1949 verskyn).

118) Ibid., bl. 84.

119) Vgl. Ibid., bl. 85.

120) Van Jaarsveld, F.A., Transvaal en die Tweede Basoeto-oorlog (Historia, Junie en Oktober 1956).

121) Van Jaarsveld, Kruger se eerste pennestryd (Die Huisgenoot, 10 Oktober 1947).

122) Van Jaarsveld, F.A., Die Transvaalse Presidentsverkieësing 1871-72 (Tydskrif vir wetenskap en kuns, April 1957).

Samevattend gesê, het die kennis oor Kruger se vroeë loopbaan sedert 1889 geleidelik vermeerder; waar Theal in daardie jaar die basis daarvan gelê het, was dit veral in hierdie eeu, met die ontginning van die Transvaalse argiewe, dat 'n duidelike en raamlik volledige beeld verkry kon word. Aangesien egter eintlik slegs D.W. Krüger navorsing spesifiek oor Kruger se vroeë openbare loopbaan gedoen het, maar ook hy hierdie aspek van Kruger se lewensgeskiedenis nie in alle besonderhede beskryf nie,¹²³⁾ behoort uitgebreider studie nog moontlik te wees. 'n Deeglike ondersoek na bv. Kruger se militêre loopbaan of sy aandeel in die Transvaalse burgeroorlog mag heel moontlik nuwe resultate oplewer.

F. Kruger se openbare optrede in die tydperk 1877-1883

Kennis oor Kruger se openbare loopbaan in die tydperk 1877-1883 is nie so afhanklik van argiefnavorsing as wat met Kruger se loopbaan voor daardie tyd die geval is nie. Die anneksasie van Transvaal en die Eerste Vryheidsoorlog het wye belangstelling gewek, ook in die buiteland. Die Britse regering het heelwat dokumente in verband met hierdie aangeleenthede direk gepubliseer, terwyl baie ooggetuies van die gebeure oor Transvaal en die Vryheidsoorlog geskryf het. Daarby kom nog dat Kruger in hierdie tydperk veel meer op die voorgrond getree het as wat in die vorige periode die geval was, sodat skrywers sy optrede nie ongemerk kon laat verby gaan nie.

Die eerste werke waarin van Kruger melding gemaak is, dateer dan ook uit die jare net voor en tydens die Eerste Vryheidsoorlog. Aangesien dié geskifte hoofsaaklik die militêre gebeurtenisse beskryf en meesal ook veral die Engelse se optrede belig, word daarin eintlik net genoem dat Kruger 'n belangrike Boereleier was, wat veral in die diplomatieke sake 'n rol gespeel het.¹²⁴⁾

In 1885 en daarna egter het iemand wat met Kruger en die ander boereleiers in die jare voor en tydens die Eerste Vryheids-

123) Kyk bl. 63.

124) Kyk bl. 177-182.

oorlog in noue aanraking was, E.J.P. Jorissen, sy herinneringe op skrif gestel.¹²⁵⁾ Hy behandel o.m. die optrede van die eerste deputasie na Engeland in 1877, waarvan hy saam met Kruger lid was, die byeenkoms by Paardekraal en die vredesonderhandelinge met die Engelse by Laingsnek. Hoewel hy nie steeds op Kruger se optrede in besonder wys nie, is hierdie oorsig van die sake waarby Kruger so nou betrokke was van groot belang, veral aangesien sy verslag in die algemeen nugter en objektief is.¹²⁶⁾ Gesprekke tussen Jorissen en Kruger word verskeie male weergegee, sodat Kruger se siening van sekere sake belig word. Insiggewend is ook Jorissen se beskrywing van die samesprekings met die Britse opperbevelhebber, sir Evelyn Wood by Laingsnek, waarby hy o.m. vertel dat Kruger op een tydstip sterk deur Wood se woorde beïnvloed is en Jorissen alleen gelaat het in sy pogings om die ooreenkoms van die wapenstilstand op skrif te stel.¹²⁷⁾ Na Jorissen hom egter op sy verkeerde houding gewys het, het Kruger baie beslis opgetree ten einde 'n skikking opgestel te kry.

In die groot aantal geskifte wat na ongeveer 1890 oor Transvaal en sy geskiedenis verskyn het, is net enkele dinge oor Kruger se optrede tydens die Eerste Vryheidsoorlog geskryf. In werke van politieke teenstanders van Kruger se beleid is soms gemeld dat hy na die anneksasie 'n tydlank amptenaar in Britse diens was.¹²⁸⁾

125) Jorissen, Transvaalsche herinneringen, 1876-1896. (Kyk bl. 46 voetnoot 98.) In 1885 het Jorissen reeds 'n gedeelte van sy herinneringe gepubliseer onder die titel Vredesonderhandelinge op Lange Nek, en in 1887 het herinneringe van hom verskyn in die Nederlandse tydskrif Het nieuws van de dag. In 1896 is die meeste herinneringe gebundel in die werk Transvaalsche herinneringen, 1876-1896. Die oorblywende gedeelte is later gepubliseer deur S.P. Engelbrecht in: Onbekende herinneringen van dr. Jorissen aan die Eerste Vryheidsoorlog. Pretoria, Volkstem, s.j.

126) Vgl. Besselaar, G., Zuid-Afrika in de letterkunde. Amsterdam, De Bussy, 1914, bl. 68; De Kock, Naomi, M., a.w., bl. 81-87.

127) Jorissen, Transvaalsche herinneringen, bl. 109-110.

128) Vgl. Fitzpatrick, J.P., The Transvaal from within. Londen, Heinemann, 1899, bl. 25; Anon., Character sketch: Paul Kruger, president of the South African Republic (Review of reviews, 1896, bl. 204-218).

In 1898 het Van Oordt in sy biografie van Kruger 'n redelik uitgebreide beskrywing van Kruger se optrede in tyd van die anneksasie en die Eerste Vryheidsoorlog gegee, waarby heelwat gepubliseerde dokumente oor die tydperk gebruik is; so gee hy die hele korrespondensie tussen Kruger en die Britse minister, sir Michael Hicks Beach tydens die tweede deputasie na Engeland weer. Van Oordt het grondliggende werk i.v.m. Kruger se optrede in dié tyd gedoen; in die verdere geskiedskrywing sou dit aangevul word en meer interpretasie gedoen word.

In sy Gedenkschriften het Kruger enkele aspekte van sy optrede in dié tyd aangeraak en o.a. sy optrede teen stamhoof Magato nader belig. Hy weerlê met klem die bewering van die Britse administrateur van Transvaal, sir Theophilus Shepstone, dat Kruger aan hom sou gesê het dat hy, indien sy deputasie na Engeland in 1877 misluk, 'n getroue onderdaan van die Engelse bewind in Transvaal sou wees.¹²⁹⁾

Studies gegrond op oorspronklike argiefstukke het sedert die begin van die twintigste eeu verdwyn. In 1906 het W.J. Leyds, op grond van heelwat dokumentestudie, die Britse beleid teenoor Transvaal in die tyd van die anneksasie en die Eerste Vryheidsoorlog behandel, eintlik aan die kaak probeer stel.¹³⁰⁾ Kruger se optrede word ook sydelings belig. In die werk van Theal (1919)¹³¹⁾ word Kruger se optrede nie baie uitgebreid behandel nie, terwyl die twee geskoolde historici, C.W. de Kiewiet en C.J. Uys,¹³²⁾ soos Leyds in hoofsaak die Britse beleid en optrede in dié tydperk in oënskou neem. De Kiewiet kom tot die gevolgtrekking dat die Engelse regering Kruger se invloed onder sy volk onderskat

129) Gedenkschriften, bl. 78.

130) Leyds, W.J., De eerste annexatie van die Transvaal. Amsterdam, De Lange, 1906. Vgl. Van Jaarsveld, Lewende Verlede, bl. 101-112, De Ru, a.w. (Hertzogannale, Desember 1960) en De Kock, Naomi, M., a.w., bl. 108-113 vir besprekings van die metode wat Leyds in sy werk gevolg het.

131) Theal, History of South Africa from 1873 to 1884.

132) De Kiewiet, C.W., The imperial factor in South Africa. Cambridge, University Press, 1937; Uys, In the era of Shepstone. (Kyk bl. 33 voetnoot 44).

net en daarom nie genoeg gepoog het om hom tydens sy deputasies na Engeland tevrede te stel nie. Hy meen tewens dat Kruger nie blind was vir die voordele wat die Engelse bestuur vir Transvaal ingehou het nie.¹³³⁾ Uys gaan in op Kruger se houding teenoor Shepstone met dié se koms in Transvaal in 1877 en meen dat Burgers Shepstone as 'n soort teenwig gebruik het teen Kruger weens lg. se groot invloed onder die volk en die moontlikheid dat hy Burgers met die komende presidentsverkiesing sou verslaan. Hy verdedig Kruger se aanvaarding van 'n salaris van die Engelse bewind — iets wat kort tevore ook deur S.P. Engelbrecht gedoen is —¹³⁴⁾ en meen dat Kruger dit nie as amptenaar nie, maar as verteenwoordiger van die volk ontvang het.¹³⁵⁾

In 1937 het J.D. Naudé 'n verhandeling oor Paul Kruger se optrede in die jare 1877-1881 voltooi;¹³⁶⁾ hy wou Kruger se optrede in dié tydperk „in al sy aspekte onder die soeklig...plaas”.¹³⁷⁾ Hoewel die werk vir 'n groot deel op oorspronklike argiefnavorsing gebaseer is — iets wat ten opsigte van Kruger se optrede in die onderhawige tydperk nog nie soseer gedoen was nie — het Naudé nie die Europese argiewe besoek nie en kon dus oor Kruger se optrede in Europa tydens die twee deputasies nie veel nuwe lig werp nie. Hy doen egter 'n deeglike ontleding van Kruger se optrede met die koms van Shepstone in 1877, waarby veral die houding van die drie sleutelfigure, Kruger, Burgers en Shepstone behandel is. Naudé kom tot die slotsom dat Burgers hom as swak en onbekwaam bewys het, terwyl Kruger na vore getree het as die „uitstaande republikein en kragtige voorstander van wet en orde in die staat”.¹³⁸⁾ Naudé prys Kruger se optrede in byna alle opsigte. Deur slegs te let op die rol van die drie hooffigure in die gebeure wat die anneksasie onmiddellik vooraf gegaan het, kon hy Kruger se

133) Vgl. De Kiewiet, The imperial factor in South Africa, bl. 120-122.

134) Engelbrecht, S.P., Was Kruger 'n amptenaar van Shepstone? (Nuwe Brandwag, September 1932).

135) Vgl. Uys, In the era of Shepstone, bl. 433-435.

136) Kyk bl. 41 voetnoot 76.

137) Naudé, a.w., bl. v.

138) Ibid., bl. 52.

rol nie duidelik teen die agtergrond van die houding van die Volksraadslede en die volk self belig nie. Daar die skrywer daarbenevens nie veel simpatie met die Engelse optrede toon nie — daar word gepraat van Carnarvon se „slinkse planne” teen die Republiek 139) — en byna net so min met Burgers, is Kruger se houding eintlik eensydig belig.

Naudé behandel Kruger se optrede na die anneksasie, o.m. op volksbyeenkomste en in onderhandelinge met die Engelse, redelik oorsigtelik. Hy toon steeds aan dat Kruger opgetree het as kampvegter van die volksvryheid, wat volksbelange bo persoonlike ambisie gestel het.¹⁴⁰⁾ Nadat Kruger alles moontlik gedoen het om 'n oorlog te voorkom, moes hy wel tot die stryd oorgaan, terwyl hy met die vredesonderhandelinge belangrike toegewings gedoen het om 'n oplossing te bereik.¹⁴¹⁾ Vir die herstel van die Transvaalse onafhanklikheid kom die eer in die eerste plek aan Paul Kruger toe.¹⁴²⁾

Naudé se werk bly 'n relaas van die gebeure waaraan Kruger in hierdie tydperk deelgeneem het; sekere sake word ook ontleed en nader bespreek. 'n Duidelike beeld van Kruger self in sy optrede as leier van sy volk gee hy egter nie. Tog bly dit 'n bydrae van besondere belang omdat Naudé, na deeglike en uitgebreide navorsing, met nuwe gegewens na vore kom en, anders as Leyds, Theal e.a., die soeklig direk op Kruger se optrede laat val.

In verskeie proefskrifte en verhandelinge in sekere aspekte i.v.m. die Eerste Vryheidsoorlog, en ook Kruger se aandeel daaraan, behandel. M. Heyns¹⁴³⁾ brei na 'n deeglike studie van Transvaalse argiefstukke in verskeie opsigte van Kruger se optrede tydens die oorlog op Naudé se beskrywing uit. Hy het o.m. heelwat van

139) Ibid., bl. 1.

140) Vgl. Ibid., bl. 39, 54.

141) Ibid., bl. 183.

142) Ibid., bl. 207.

143) Heyns, M., Die Eerste Vryheidsoorlog, 1877-1881. Ongepubl. D. Litt.-proefskrif, U.P., 1941.

Kruger se korrespondensie met die aanvoerders van die Boeremagte nagegaan, waaruit blyk dat Kruger met genl. Cronjé verskil het oor die juiste wyse van optrede by Potchefstroom. C.R. Heyneke¹⁴⁴⁾ gaan in op die toestand in Transvaal netvoor die anneksasie en ook op die omstandighede i.v.m. Kruger se presidentskandidatuur. Hy meen dat Kruger se teenkanting teen Burgers se beleid die verdeeldheid in Transvaal bevorder en so die anneksasie aangehelp het. Ook glo hy dat Burgers voorkom het dat Kruger dadelik tot gewapende optrede teen Shepstone oorgegaan het.¹⁴⁵⁾ Verhandelinge oor die werk van die koninklike Kommissie van 1881¹⁴⁶⁾ en die Britse susereiniteit oor Transvaal tot 1884,¹⁴⁷⁾ dra by tot die kennis van Kruger se optrede net na die oorlog.

In 'n onlangs verskene studie¹⁴⁸⁾ maak C.F. Goodfellow enkele belangrike beweringe oor Kruger se houding teenoor die Britse bestuur. Goodfellow, wat dié uitlatinge maak hoofsaaklik op grond van 'n studie van oorspronklike dokumente in die Britse argiewe, kom tot die gevolgtrekking dat, deur Kruger se bedoelinge nie goed te begryp nie, die Engelse regering hom vyandig gestem het en so self bygedra het tot die ontevredenheid in Transvaal wat tot die Tweede Vryheidsoorlog gelei het.¹⁴⁹⁾

Die meeste latere biograwe van Paul Kruger lewer eintlik nie nuwe inligting oor sy optrede in hierdie tydperk nie, hoewel hulle 'n duideliker beeld van Kruger self in dié periode as bv. Naudé gee. Slegs D.W. Krüger kon, na studie in die Europese argiewe, heelwat nuwe gegewens oor Kruger se reise na Europa in 1877 en 1878 verstrek. Aangesien hy daarbenewens ook Kruger se optrede duidelik motiveer en verklaar, gee sy biografie die volledigste en duidelikste beeld van Kruger se openbare loopbaan in die jare 1877-1883.

144) Heyneke, C.R., Boere-reaksie teen die anneksasie van Transvaal, 1877-1880. Ongepubl. M.A.-verh. U.W., 1961.

145) Vgl. Ibid., bl. 21.

146) De Jager, N.J., Die werksaamhede van die koninklike kommissie van 1881 in Transvaal. Ongepubl. M.A.-verh., P.U. vir C.H.O., 1959.

147) Pieterse, D.J., Transvaal en Britse susereiniteit; 1881-1884 (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, Kaapstad, 1940, dl. I).

148) Goodfellow, C.F., Great Britain and South African confederation. Kaapstad, Oxford University Press, 1966.

149) Vgl. Ibid., bl. 142, 147.

Ten slotte kan gesê word dat, wat hierdie aspek van Kruger se lewe en werk betref, daar tans reeds deeglike en volledige navorsing gedoen is. Waar die kennis daarvan teen die einde van die vorige eeu al redelik uitgebreid was, is dit vervolledig, veral deur J.D. Naudé en D.W. Krüger, terwyl ook die agtergrond van sy optrede in verskillende wetenskaplike studies duideliker gemaak is.

G. Kruger se openbare optrede in die tydperk 1883-1899

Kruger se optrede as staatspresident van die Z.A.R. vorm 'n samehangende geheel en die geskiedskrywing daaroor kan eintlik nie anders as in een afdeling behandel word nie. Aangesien daar oor Kruger se presidentskap egter besonder veel geskryf is, moet om praktiese redes by hierdie bespreking 'n onderverdeling gedoen word. Eers word gelet op die geskiedskrywing oor Kruger se optrede in die Betsjoeanalandkwessie (1883-1885), sy pogings om 'n eie hawe te verkry, sy houding teenoor noordwaartse uitbreiding en sy spoor- en doeanebeleid, daarna op die beskrywing van Kruger se optrede teenoor die Uitlanderkwessie, en sy onderhandelinge met die Britse regering in verband daarmee, en uiteindelik op wat daar oor die oorblywende aspekte van sy presidentskap geskryf is.

Oor Kruger se optrede in die tyd 1883-99 bestaan daar veel gegewens: in dié tyd self is verskeie regeringsdokumente gepubliseer, terwyl in talle koerante, pamflette en boeke daarvan verslag gedoen is. Argiefdokumente kon sedert vroeg in hierdie eeu ter insae verkry word, terwyl ook verskillende persone later hul herinneringe aan Kruger se optrede laat verskyn het.

1. Kruger se optrede t.o.v. weswaartse en noordwaartse uitbreiding, sy pogings om 'n eie hawe te verkry en sy spoor- en doeanebeleid

Oor die Transvaalse wesgrenskwessie is reeds kort na die gebeure self geskryf en wel deur twee figure wat 'n aandeel daaraan gehad het. Albei, ds. S.J. du Toit en eerw. John Mac-

Kenzie,¹⁵⁰⁾ probeer dan ook veral hul eie rol belig en regverdig, waarby op Kruger se optrede nie diep ingegaan word nie. Tog bied hulle 'n belangrike beskrywing van die agtergrond, terwyl MacKenzie ook 'n weergawe gee van die samesprekings by Veertien Strome in 1885, wat hy sowel as Kruger bygewoon het.

Kort voor en tydens die Eerste Vryheidsoorlog is veel oor Kruger se presidentskap geskryf. Daar is egter hoofsaaklik op sy optrede teenoor die Uitlanders ingegaan, en van sake soos die Betsjoeanalandkwessie, die drifgeskil van 1895 en die Swazi-landkonvensies is net die hofteite meegedeel. Persone soos A. Wilmot, J.F. Maguire, E.T. Cook en die skrywers van The Times history of the war in South Africa¹⁵¹⁾ het die gepubliseerde dokumentmateriaal oor hierdie sake benut; hul interpretasie daarvan is egter soos met baie ander skrywers die geval is subjektief pro-Engels. Hul gaan uit van die standpunt dat Kruger 'n ekspansie-beleid gevolg het, waarin hy deur Rhodes en die Britse regering gestuit moes word. Daarenteen regverdig Nederlandse en Duitse skrywers, ook dikwels op grond van dokumentstudie, Kruger se optrede en veroordeel dié van die Engelse — iets wat ook sy biograwe Van Oordt en Statham doen.

Deeglike studie van Kruger se optrede i.v.m. die onderhawige sake op grond van ongepubliseerde argiefstukke is vir die eerste keer in 1914 deur W.J. Leyds gedoen.¹⁵²⁾ Hy wou, soos die

150) Du Toit, S.J., De Bechuanalandsche kwestie; historisch toegelicht. Paarl, Du Toit, 1885; MacKenzie, J., Austral Africa: Losing it or ruling it. 2 dele, Londen, Sampson Low & Marston, 1887.

151) Wilmot, A., The history of our own times in South Africa. 3 dele, Londen, Juta, 1897-99; Maguire, J.R. (pseud.: Imperialis), Cecil Rhodes. A biography and appreciation. Londen, MacMillan, 1897; Verschoyle, F. (pseud.: Vindex), Cecil Rhodes. His political life and speeches, 1881-1900. Londen, Bell, 1900; Cook, E.T., Rights and wrongs of the Transvaal war. Londen, Arnold, 1901; Amery, L.S. (red.), The Times history of the war in South Africa. 7 dele, Londen, Low & Marston, 1900-1909.

152) Leyds, W.J., Het insluiten van de Boerenrepublieken. 2 dele, Amsterdam, De Lange, 1914.

titel van sy werk aandui, veral aantoon dat die Engelse regering 'n insluitingsbeleid teenoor die Z.A.R. gevolg het. Hy laat dié beleid dan ook na vore kom in sy behandeling van die kwessies i.v.m. Zoeloeland, Betsjoeanaland „en de weg naar het noorden”,¹⁵³⁾ Swaziland „en de weg naar de zee”¹⁵⁴⁾ en die land noord van die Limpopo. Die optrede van Kruger self in al hierdie kwessies word nie altyd direk belig nie; belangrik is egter dat Leyds ingaan op die Swazilandkonvensies, waaraan Kruger self deelgeneem het en, om die beleid van die Z.A.R. t.o.v. Swaziland verder te illustreer, 'n onderhoud van Kruger met die Engelse joernaliste, Flora Shaw weergee. Leyds meen dat die optrede van Kruger t.o.v. noordwaartse uitbreiding baie versoenend, eintlik tē versoenend was: „als President Kruger gehoopt heeft om daardoor het Britsche Goevernement tegemoetkomend te stemmen in de zaak van Swaziland en den weg naar zee, beging hij daardoor een misslag”.¹⁵⁵⁾ Dit is jammer dat Leyds nie skryf oor die verhouding binne Transvaalse regeringskringe, iets waarvan hy as vroeëre staatsprokureur en staatssekretaris van die Z.A.R. heelwat moes geweet het, sodat dit nērens blyk hoedanig Kruger se besluite as staatshoof deur ander beïnvloed is nie. Tog is die werk van waarde as die eerste waarin die geskille i.v.m. die gebiede aan die grense van die Republiek deeglik behandel is.

P.R. Botha het in sy studie oor die staatkundige ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Republiek onder Kruger en Leyds¹⁵⁶⁾ ook 'n aantal oorspronklike dokumente — wat in dié tyd in besit van dr. Leyds was¹⁵⁷⁾ — verwerk. Hoewel Botha in sy werk, wat ingedien is as proefskrif in die fakulteit van regsgeleerdheid, veral ingaan op sake soos die geskil tussen die regbank en die regering van die Z.A.R. oor die toetsingsreg, behandel hy ook baie

153) Ibid., dl. I, bl. 95.

154) Ibid., dl. II, bl. 3.

155) Ibid., dl. II, bl. 229.

156) Botha, P.R., Die staatkundige ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Republiek onder Kruger en Leyds, Transvaal 1844-1899. Amsterdam, Swets & Zeitlinger, 1925.

157) Vgl. De Kock, Naomi, M., a.w., bl. 127.

ander kwessies soos die Uitlandergeskille, Kruger se strewe na 'n eie hawe en sy spoor- en doeanebeleid. Wat lg. saak betref, prys Botha Kruger se versienheid om die noodsaak van 'n eie spoorlyn vroegtydig te besef,¹⁵⁸⁾ en wys daarop dat Kruger ook van plan was om 'n eie see- en riviervaatlyn in te stel en so 'n verbinding met Europa te bewerkstellig. Hoewel Botha hierdie aspekte van Kruger se beleid slegs beknop en saaklik behandel en, soos Leyds, eensydig krities teenoor die Britse beleid is, terwyl hy Kruger s'n byna deurgaans regverdig, was sy werk beslis 'n bydrae tot kennis van Kruger se optrede.

Oor Kruger se beleid t.o.v. noordwaartse uitbreiding het werke oor die Adendorfftrek en die Groblermoord¹⁵⁹⁾ in enkele aspekte lig gewerp, veral omdat oorspronklike dokumentmateriaal daar= in vir die eerste keer verwerk is.

In 1936 het J.E.S. Green in 'n werk van allesins wetenskaplike gehalte¹⁶⁰⁾ sowel Rhodes as Kruger se optrede krities beskryf, iets wat tevore eintlik nie gedoen is nie. Daarby motiveer Green die optrede van hierdie figure duidelik; Kruger se beleid t.o.v. Betsjoeanaland, sy strewe om 'n eie hawe te verkry en sy optrede op dié ideaal te verwesenlik, word begryplik en teen die agtergrond van die Britse beleid voorgestel. Green meen dat Kruger nie soseer 'n ekspansiebeleid gevolg het nie, maar in die noorde sekere regte wou hê wat later gebruik kon word vir 'n konsessie van Brittanje, bv. t.o.v. Swaziland. Sy spoor- en doeanebeleid is volgens Green duidelik deel van sy strewe om van Transvaal die dominerende staat in Suidelike Afrika te maak.¹⁶¹⁾ Hy meen dat die Adendorfftrek Kruger eintlik in 'n dilemma geplaas het deurdat dit sy kanse op uitbreiding na die see bedreig het.

158) Vgl. Botha, P.R., a.w., bl. 166.

159) Blok, T., Die Adendorfftrek. Bloemfontein, Nasionale Pers, (1927); Preller, G.S., Die Groblermoord. 2 dele, Pretoria, Noordelike Drukpers, 1930.

160) Green, J.E.S., Rhodes goed north. Londen, Bell, 1936.

161) Vgl. Ibid., bl. 153.

Eweneens van hoë gehalte is die werk van J.A.I. Agar-Hamilton,¹⁶²⁾ waarin o.m. op die Betsjoeanaland-geskil ingegaan word. Agar-Hamilton wys op die invloed wat ds. S.J. du Toit op Kruger in sy optrede uitgeoefen het en meen dat Kruger se Betsjoeanaland-proklamasie veragting vir die Britse diplomatie toon. Ook glo hy dat rivaliteit met generaal Piet Joubert Kruger in sy optrede beïnvloed het. Die konferensie van Veertien Strome "showed him (Kruger) at his best, tenacious, yet with statesmanlike appreciation of fact, and both sides have witness of his obvious desire to keep the peace".¹⁶³⁾

J.I. Rademeyer het deeglike navorsing gedoen oor die Z.A.R. se beleid t.o.v. noordwaartse uitbreiding,¹⁶⁴⁾ waardeur hy van hierdie saak vir die eerste keer 'n duidelike en volledige beeld kon gee. Hy meen dat Kruger self eintlik nie in noordwaartse uitbreiding belang gestel het nie en, nadat hy aanvanklik deur Piet Joubert e.a. beïnvloed is tot optrede in hierdie verband, dit slegs gebruik het vir sy ideaal om 'n eie seehawe te bekom.

Oor Kruger se spoorwegbeleid het vanaf die dertigerjare verskillende werke verskyn, nl. die studies van D.G. Jordaan, P.J. van Winter, D.J. Coetzee en Jean van der Poel.¹⁶⁵⁾ Van Winter beskryf eintlik die geskiedenis van die Nederlandsche Zuid-Afrikaanse Spoorwegmaatschappij en belig hierby ook Kruger se pogings om 'n spoor na Delagoabaai te verkry. Van Winter meen dat Kruger 'n versierende blik getoon het in sy pogings om die Republiek ekono-

162) Agar-Hamilton, J.A.I., The road to the north. South Africa 1852-1886. Londen, Green, 1937.

163) Ibid., bl. 393.

164) Rademeyer, J.I., Die land noord van die Limpopo in die ekspansiebeleid van die Suid-Afrikaanse Republiek. Kaapstad, Balkema, 1949.

165) Jordaan, D.G., Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Republiek. Ongepubl. M.A.-verh., Unisa, 1935; Van Winter, P.J., Onder Kruger's Hollanders. Geschiedenis van de Nederlandsche Zuid-Afrikaansche spoorwegmaatschappij. 2 dele, Amsterdam, De Bussy, 1937-1938; Coetzee, D.J., Spoorwegpolitiek in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1872-1899. Kaapstad, Nasionale Pers, 1940; Van der Poel, J., Railway and customs policies in South Africa, 1885-1910. Londen, Longmans, Green, 1933.

mies te ontwikkel; met hierdie beleid wou Kruger, volgens Van Winter, Transvaal die leidende staat van Suid-Afrika maak.¹⁶⁶⁾ Van Winter verklaar dat Kruger ook deurgaans sy volle steun aan die N.Z.A.S.M. verleen het, ook waar dit teenkanting van ander Transvaalse regeringslede ondervind het. Die Nederlandse amptenare van die Z.A.R., op wie Kruger steeds vertrou het, het daarbenewens die N.Z.A.S.M. gesteun en hul invloed by Kruger in dié opsig aangewend.¹⁶⁷⁾ — Hierdie werk is veral van belang omdat dit iets laat sien van die verhoudinge binne Transvaalse regeringskringe en Kruger se optrede ook in die lig daarvan motiveer; dit is 'n wetenskaplike geskrif wat nuwe inligting bied en ook veel interpretasie toon.

D.J. Coetzee behandel die spoorwegbeleid van die Z.A.R. in sy geheel, op grond van studie van Suid-Afrikaanse argiefstukke. Hoewel hy ook dikwels op besonderhede ingaan, kom die hooflyne van Kruger se spoorwegbeleid goed tot uiting. Die drifgeskil word ook goed beskryf. Van der Poel se werk is veral van belang omdat sy die Z.A.R. se spoor- en doeanebeleid binne die raamwerk van ekonomiese verhoudinge in Suid-Afrika plaas en dit duidelik teenoor die ander drie destydse Suid-Afrikaanse regerings se beleide t.o.v. spoor- en doeane-tariewe stel.

Oor Kruger se pogings om 'n eie hawe te bekom, is ook afsonderlike studies gedoen, nl. deur N. Venter en N.G. Garson.¹⁶⁸⁾ Waar Venter 'n goeie oorsig gee van Kruger se optrede om Kosibaai te verkry, gaan Garson dieper op die agtergrond daarvan in en bespreek die Swazilandkonvensies in besonder. Hy wys daarop dat, naas Kruger se pogings om 'n hawe te bekom, die probleem van die administrasie van die blankes in Swaziland hom beïnvloed het in sy pogings om beheer oor Swaziland te verkry. Ook toon Garson aan hoedat die

166) Vgl. Van Winter, a.w., dl. I, bl. 37.

167) Vgl. Ibid., dl. I, bl. 167.

168) Venter, N., Die Suid-Afrikaanse Republiek en Kosibaai, 1887-1895. Ongepubl. M.A.-verh., Unisa (P.U.K.), 1936; Garson, N.G., The Swaziland question and a road to the sea, 1877-1895 (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, Kaapstad, 1957, dl. II).

Britse beleid t.o.v. Swaziland bepaal is deur Britse pogings om Transvaal in 'n ekonomiese unie van Suid-Afrikaanse state te betrek, waarna ook politieke vereniging moontlik sou wees; as Kruger hiertoe bereid sou wees, sou hy die see kon bereik het.

H.R. van der Walt¹⁶⁹⁾ behandel die Britse beleid teenoor Transvaal in hierdie tydperk, sodat die agtergrond van Kruger se optrede en van die probleme waarmee hy te kampe gehad het, in groter perspektief geplaas word.

Die bronnemateriaal oor hierdie aspekte van Kruger se optrede is, soos uit die bespreking blyk, bykans volledig ontgin en verwerk, veral nadat in die afgelope veertig jaar deeglike argiefstudie gedoen is. Ten opsigte van die interpretasie van Kruger se optrede is verbetering egter altyd moontlik.

2. Kruger se beleid teenoor die Uitlanders in Transvaal en die verhoudinge met die Britse regering in verband daarmee

Oor geen aspek van Kruger se openbare optrede is soveel geskryf as oor hierdie een nie. Reeds met die Jamesoninval in 1896 en tydens die Tweede Vryheidsoorlog het 'n massa geskifte verskyn waarinoor Kruger se optrede teenoor die Uitlanders aan die Witwatersrandse goudvelde gehandel word. Tydgenootlike werke waarin heelwat dokumentemateriaal verwerk is, is dié van E.T. Cook, E.B. Iwan-Müller, W.E. Worsfold en W.E.G. Fisher en The times history of the war in South Africa.¹⁷⁰⁾ Hierin word gebeure soos die Jamesoninval, die Edgarsaak, die Bloemfonteinkonferensie en ook die korrespondensie tussen die regering van die Z.A.R. en die Britse minister van kolonies, J. Chamberlain behandel. Hoewel

169) Van der Walt, H.R., Die Suid-Afrikaanse Republiek in die Britse buitelandse en koloniale beleid, 1881-1899 (Argief=jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, Kaapstad, 1963, dl. 1).

170) Cook, Rights and wrongs of the Transvaal war (kyk voetnoot 151 hierbo); Iwan-Müller, E.B., Lord Milner and South Africa. Londen, Heinemann, 1902; Worsfold, W.B., Lord Milner's work in South Africa from its commencement in 1897 to the peace of Vereeniging in 1902. Londen, Murray, 1906; Fisher, W.E.G., The Transvaal and the Boers. Londen, Chapman & Hall, 1900; Amery (red.), a.w. (kyk voetnoot 151 hierbo).

die gepubliseerde dokumente goed benut is, is die interpretasie subjektief en eensydig; Kruger se beleid word in hierdie werke as dié oorsaak van die oorlog gesien. Aan die ander kant het daar, veral in Duitsland, werke verskyn soos dié van P. Liman en H. von Ziegeler en K. Th. Wentzelburger,¹⁷¹⁾ op dieselfde gepubliseerde dokumente gegrond, waarin Kruger se beleid in alle opsigte geregverdig word.

Daar het in dié tyd ook outobiografiese werke van belang verskyn. Geskrifte van Uitlanderleiers, soos J.P. Fitzpatrick,¹⁷²⁾ skets natuurlik 'n eensydige beeld, maar bly van belang as beskrywing van die gebeure in Transvaal en die toestande onder die Uitlanders, soos gesien deur iemand wat self daarby betrokke was. Ook is indrukke van besoekers t.o.v. die Uitlander-kwessie soms van heelwat waarde. Mense soos J. Bryce, H.C. Hillegas, J.A. Hobson en F. Younghusband toon¹⁷³⁾ 'n redelik objektiewe uitkyk in hul geskrifte en gee Kruger se woorde oor die politieke toestand, soos in onderhoude aan hulle gebesig, weer. Hulle staan ook krities teenoor Kruger: Hobson, wat hom geensins met sy optrede kan vereenselwig nie, meen dat sy monopolie-beleid familie en vriende bevoordeel en Younghusband, wat ook wil aantoon dat dit vir Kruger slegs daarom gaan om sy land onafhanklik te hou en te versterk, kan dit nie goedkeur nie dat hy die Uitlanders op 'n afstand wil hou, maar hul terselfdertyd wil gebruik om die land ekonomies te ontwikkel.

Verskillende werke van outobiografiese aard dateer uit die jare na die oorlog, o.m. dié van belangrike Uitlanderfigure soos J. Hays Hammond, L. Philips, J.P. Fitzpatrick, H. Sauer en

- 171) Liman, P. & Von Ziegeler, H., Der Burenkrieg. Seine Ursachen und seine Entstehung. Leipzig, Historisch-politischer Verlag, 1902; Wentzelburger, a.w. (Kyk voetnoot 94 hierbo).
- 172) Fitzpatrick, J.P., The Transvaal from within. (Kyk voetnoot 128 hierbo).
- 173) Bryce, J., Impressions of South Africa. Londen, MacMillan, 1898; Hillegas, a.w. (kyk voetnoot 28 hierbo); Hobson, a.w., Younghusband, a.w. (kyk voetnoot 30 hierbo).

J.B. Taylor.¹⁷⁴⁾ Hierdie mense het almal in die jare voor die oorlog onderhoude met Kruger gevoer waardeur hulle verskillende van sy opvattinge kon belig, behalwe nog dat hul sy optrede en beleid beskryf en kritiseer. Gesprekke van Kruger met die mynmagnate, J.B. Robinson en Barney Barnato is in biografieë van dié twee figure weergegee.¹⁷⁵⁾ Daar bestaan ook herinnering van persone soos die voormalige Vrystaatse president, M.T. Steyn,¹⁷⁶⁾ wat o.m. handel oor Kruger en die Bloemfonteinkonferensie, en Steyn se politieke opponent, sir John Fraser¹⁷⁷⁾ wat o.a. van enkele byeenkomste met Kruger skryf.

Oor Kruger en die Uitlanderkwessie is in heelwat studies op grond van oorspronklike dokumente geskryf. In een van die eerstes, dié van P.R. Botha (1925), waarna reeds in die vorige onderafdelings verwys is,¹⁷⁸⁾ word Kruger se Uitlanderbeleid en die onderhandelinge met die Britse regering kortliks behandel. Botha se werk is wel wetenskaplik, maar sy interpretasie is ook in hierdie kwessies tog eensydig, soos reeds blyk as hy pertinent verklaar dat, as Brittanje se goeie naam in hierdie tyd in Suid-Afrika op die spel was, dit aan sy eie regskenning en geweld te wyte is.¹⁷⁹⁾

- 174) Hammond, J.W., The truth about the Jameson Raid. Boston, Jones, 1919; Philips, L., Some reminiscences. Londen. Hutchinson, s.j.; Fitzpatrick, sir J. Percy, South African memoirs. Londen, Casell, (1932); Sauer, H., Ex Africa. Londen, Bles, 1937; Taylor, J.B., A pioneer look back. Londen, Hutchinson, 1939.
- 175) Weinthal, L. (red.), Sir Joseph B. Robinson. Londen, Simpkin, 1929; Lewinsohn, R., Barney Barnato. From Whitechapel clown to diamond king. Londen, Routledge, 1937.
- 176) Gepubliseer in: Van der Merwe, N.J., Martinus Theunis Steyn. 'n Lewensbeskrywing. Kaapstad, Nasionale Pers, 1921, dl. I.
- 177) Fraser, sir J.G., Episodes in my life. Kaapstad, Juta, 1922.
- 178) Kyk bl. 152-153.
- 179) Vgl. Botha, P.R., a.w., bl. 682.

Die internasionale verhoudinge as agtergrond vir die Britse beleid teenoor Transvaal word behandel deur R.W. Bixler, R.I. Lovell, C.E. Vulliamy en J.A. Wiid.¹⁸⁰⁾ Deurdat hul die Britse beleid in groter perspektief plaas, word daarby ook die agtergrond van Kruger se optrede duideliker gemaak. Lovell kom tot die konklusie dat Brittanje die Uitlanderkwessie slegs gebruik het om sy oppermag in Suidelike Afrika te verseker; die Uitlanders wou in werklikheid veel meer as politieke regte hê. Hy meen egter ook dat Kruger se onbuigsame houding die oorlog bevorder het: „Kruger, unquestionably, was a difficult man to deal with; his state was a political and economical anachronism“.¹⁸¹⁾

'n Belangrike bydrae tot insig in die Britse beleid teenoor Transvaal is ook gelewer deur J.L. Garvin in sy uitgebreide biografie van Joseph Chamberlain.¹⁸²⁾ Hy skryf dat Chamberlain Kruger se strewe na volkome onafhanklikheid nie kon toelaat nie omdat dit die Britse belange in Suid-Afrika sou skaad. Chamberlain het volgens Garvin egter nie begeer om gesag oor Transvaal self te kry nie, en as Kruger aan die Uitlandereise toegegee het, sou die land 'n onafhanklike staat gebly het.¹⁸³⁾ In teenstelling tot hierdie idee verklaar R.F. Wilde later, in 'n studie oor Chamberlain se beleid teenoor die Boererepublieke,¹⁸⁴⁾ o.m. dat Chamberlain Britse oppergesag ook oor Transvaal wou hê en, ten einde Brittanje se optrede nie in 'n slegte lig te plaas nie, die Uitlanderkwessie moes gebruik om Kruger in die ongelyk te stel. Deur maatreëls wat die Uitlanders tot verset geprikkel het, het

- 180) Bixler, R.W., Anglo-German imperialism in South Africa, 1880-1900. Baltimore, Warwick & York, 1932; Lovell, a.w. (kyk bl. 16 voetnoot 36); Vulliamy, C.E., Outlanders. A study of imperial expansion in South Africa, 1877-1902. Londen, Cape, 1938; Wiid, J.A., Die Rolle der Burenrepubliken in der auswärtigen und kolonialen Politik des Deutschen Reiches in den Jahren 1883-1900. Neurenberg, Ubler, 1927.
- 181) Lovell, a.w., bl. 421.
- 182) Garvin, J.L., The life of Joseph Chamberlain. 3 dele, Londen, MacMillan, 1933-1934. (Dl. IV in 1951 deur J. Amery.)
- 183) Vgl. Ibid., dl. III, bl. 407.
- 184) Wilde, R.H., Joseph Chamberlain and the South African Republics, 1895-99. A study in the formulation of imperial policy. (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, Kaapstad, 1956, dl. II).

Kruger egter in Chamberlain se hande gespeel. As hy bv. sy stem=regvoorstelle by die Bloemfonteinkonferensie helderder en duideliker geformuleer het, sou hy Chamberlain in sy planne kon gedwarsboom het.

A.G. Coetsee het 'n studie van Kruger se beleid m.b.t. die onafhanklikheid van Transvaal in die jare 1897-99 gemaak,¹⁸⁵⁾ gebaseer op Suid-Afrikaanse argiefstukke. Hy behandel onderhandelinge i.v.m. die susereiniteitskwessie en arbitrasie, die Uitlandereise en die Bloemfonteinkonferensie. Hoewel hy 'n goeie oorsig van al hierdie sake gee, word Kruger se beleid nie, soos die titel laat vermoed, in besonder gemotiveer nie; Coetsee toon net aan dat Kruger in sy optrede steeds daarop uit was om die onafhanklikheid van sy land te verdedig. Chamberlain het „onregverdig in die binnelandse sake van die Republiek“ ingemeng,¹⁸⁶⁾ en Brittanje het die bande om Transvaal steeds nouer getrek; hierteen was die Republiek nie bestand nie en dit moes betaal met sy onafhanklikheid.¹⁸⁷⁾

'n Gedeelte van die veld wat Coetsee gedek het, die laaste vier maande voor die uitbreek van die oorlog wat uitge-loop het tot die uitstuur van die Kruger-ultimatum is deur Maria J. Hugo van nader bekyk.¹⁸⁸⁾ Sy belig die houdinge van die Britse regering, die Britse kolonies in Suid-Afrika en die Z.A.R. t.o.v. 'n moontlike oorlog en kom tot die slotsom dat nie die regering van Kruger nie, maar Brittanje eintlik verantwoordelik gehou moet word vir die ultimatum. Die aandeel van Kruger self in die besluit tot die uitstuur van die ultimatum word nie spesifiek

185) Coetsee, A.G., Die beleid van president Kruger (1897-1899) met betrekking tot die onafhanklikheid van Transvaal. Ongepubl. M.A.-verh., Unisa (P.U.K. vir C.H.O.), 1940.

186) Ibid., bl. vii.

187) Vgl. Ibid., bl. viii.

188) Hugo, M.J., Die Kruger-ultimatum. Vier maande van spanning (Historiese studies, Oktober en Desember 1943).

belig nie. Van Hugo het daar ook 'n studie oor die stemregvraagstuk in die Z.A.R. verskyn,¹⁸⁹⁾ waarin Kruger se stemregbeleid m.b.t. die Uitlanders o.m. ontleed word. Sy gaan in op sake soos die instelling van die Tweede Volksraad, die Uitlandereise, die Jamesonbewind, die Bloemfonteinkonferensie en onderhandelinge met Brittanje oor die stemregkwessie. Hugo meen dat Kruger in sy stemregtoegewings eerlik was — anders as sommige vorige skrywers beweer het — en kom tot die konklusie dat 'n meer toegeeflike houding van Kruger t.o.v. die stemreg die oorlog nie sou voorkom het nie.

Van groot belang vir die interpretasie van Kruger se beleid is die verhandeling van R.H. Tönsing oor die eerste fase van die stryd tussen Kruger en Milner.¹⁹⁰⁾ Tönsing sien hierdie stryd eintlik as een tussen Britse imperialisme en Afrikaner-nasionalisme; hy ontleed eers Milner se imperialistiese beleid en dan die beleid van Kruger, wat hy sien as tweeledig van aard, nl. handhawing van die Republiek se onafhanklikheid en handhawing van die Afrikaanse volksidentiteit. Laasgenoemde faktor het volgens Tönsing ook 'n belangrike rol gespeel in Kruger se weiering om die Uitlanders stemreg te verleen, ook omdat Kruger geglo het aan 'n „nasionaal“-organiese staatstelsel, waarin die draers van die staat 'n organiese bloed- en kultuureenheid was en nie 'n konglomeraat van individue nie¹⁹¹⁾ en hy sy volk dus binne die eie verband tot ontwikkeling wou bring. Waar Kruger en Milner se ideale so direk met mekaar in stryd was, moes dit wel tot 'n botsing kom. Milner het 'n beleid van aktiewe aggressie gevolg en Kruger wou sy land nie prysgee nie. — Tönsing se interpretasie is oorspronklik, maar hy vereenvoudig die geskiedenis ietwat en plaas dit vooraf binne 'n bepaalde kader. Kruger se beleid word te veel met die latere nasionaal-sosialistiese volksbegrip in verband gebring.

189) Hugo, M.J., Die stemregvraagstuk in die Zuid-Afrikaansche Republiek (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, Kaapstad, 1947, dl. II).

190) Tönsing, E.H., Die eerste fase van die stryd tussen Kruger en Milner. Ongepubl. M.A.-verh., U.P., 1947.

191) Ibid., bl. 65.

Oor die Jamesoninval het daar reeds talle werke verskyn. Hierdie werke belig, uit die aard van die onderwerp, Kruger se beleid egter nie direk nie of net in enkele opsigte. Belangrike studies oor die inval is veral dié van Jean van der Poel en Elizabeth Pakenham.¹⁹²⁾

Daar is ook verskillende werke oor die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog geskryf. Wetenskaplike studies is dié van G.D. Scholtz, J.H. Breitenbach en J.S. Marais.¹⁹³⁾ Al drie behandel veral die gebeure in die laaste vier jare voor die oorlog - om daaruit die oorsake aan te toon. Breitenbach meen dat Engeland die onafhanklikheid van die Republiek wou vernietig en dat Kruger, „die liefeling van sy volk“¹⁹⁴⁾ die „so duur verkreeë onafhanklikheid“¹⁹⁵⁾ jaloers bewaak het. Hoewel die werk 'n goeie oorsig gee van die verskillende sake wat tot die uitbreek van die oorlog meegewerk het, is die interpretasie eensydig; Kruger se beleid word steeds geregverdig en dié van die Britse regering steeds veroordeel.¹⁹⁶⁾ G.D. Scholtz toon 'n meer kritiese benadering tot sy onderwerp en behandel die internasionale agtergrond en die strominge wat die Britse beleid beïnvloed het. In die lig daarvan word gebeure soos die Jamesoninval, die Edgar-voorval en die Bloemfonteinkonferensie bespreek. Hy kom tot die slotsom dat Brittanje sy internasionale prestige en sy oppermag in Suid-Afrika wou handhaaf; die Z.A.R. moes onder Britse gesag gebring word om te verhoed dat 'n vreemde moondheid sy invloed daar kon verkry. Scholtz meen o.m. ook dat Kruger se konsessie-beleid geensins so kritiek verhewe was nie, dat hy soms taktloos

192) Van der Poel, Jean, The Jameson Raid, Londen, Oxford, University Press, 1951; Pakenham, Elizabeth, Jameson's raid, Londen, Weidenfeld & Nicholson, 1960.

193) Scholtz, G.D., Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902. 2 dele, Johannesburg, Voortrekkerpers, (1947).
Breitenbach, J.H., Die Tweede Vryheidsoorlog - dl. I. Voorspel tot die stryd. Kaapstad, Nasionale Pers, 1948;
Marais, J.S., The fall of Kruger's republic. Oxford, Clarendon Press, 1961.

194) Breitenbach, Die Tweede Vryheidsoorlog, dl. I. bl. 213.

195) Ibid., bl. 271.

196) Vgl. Van Jaarsveld, Lewende Verlede, bl. 115-121 vir 'n meer uitgebreide bespreking van die werk.

teenoor die Uitlanders opgetree het, en dat hy, hoewel 'n goeie diplomaat, 'n baie beperkte kennis van internasionale verhoudinge gehad het.¹⁹⁷⁾

Waar Scholtz die optredes van die verskillende persone wat 'n rol in die tyd gespeel het, nie altyd duidelik motiveer en begryplik maak nie,¹⁹⁸⁾ is hierdie gebrek nie in J.S. Marais se werk aanwesig nie. Hy gaan in op die toestand in Transvaal voor die Jamesoninval, die inval self en Chamberlain se houding daar= teenoor en ook op die beleid van Milner teenoor die Z.A.R. Nadat hy aldus 'n duidelik beeld van die toestand, die verhoudinge en die verloop van sake in die jare voor die oorlog gegee het, kom hy tot die slotsom dat vrees vir die totstandkoming van 'n onafhanklike Suid-Afrika onder Transvaalse leiding 'n belangrike rol in die Britse beleid gespeel het; hoe langer die Republiek onafhanklik sou bly, hoe groter was die risiko dat ander kolonies uit die Britse Ryk weggelok kon word. As die Transvaalse regering die aard van die bedreiging van hul onafhanklikheid beter en vroeër besef het, sou hul tydig hervormings kon aangebring het en so aanleiding tot Britse optrede wegneem. Marais meen dat Kruger sy republiek veral tot 'n ekonomies ontwikkelde staat wou omvorm en politieke verdeeldheid binne die Republiek uitskakel om so sterker na buite te kon optree. Hy het die volkswil gerespekteer, maar dit tog in ooreenstemming met sy eie strewe probeer bring, en in die laaste jare van sy regering het hy beslis diktatoriaal opgetree. Hoewel hy in sy ouderdom houvas op die politieke toestand begin verloor het, het hy tog sy uiterste bes gedoen om die bedreiging van sy land se onafhanklikheid af te weer.¹⁹⁹⁾

In die reeds vermelde proefskrif van H.R. van der Walt²⁰⁰⁾ word die Britse beleid teenoor Suid-Afrika, ook wat hierdie periode betref, goed aangetoon in die lig van internasionale verhoudinge. Van der Walt meen dat Kruger gepoog het om die

197) Kyk ook bl. 206-207.

198) Vgl. Van Jaarsveld, Ou en nuwe weë, bl. 46-47.

199) Kyk ook bl. 213-214.

200) Van der Walt, H.R., a.w. Kyk bl. 156.

Z.A.R. ekonomies so nou aan Duitsland te bind dat dié land gedwing sou word om die Republiek se onafhanklikheid te probeer beskerm — 'n faktor wat weer die Britse beleid teenoor Transvaal beïnvloed het.

In 1965 het Lucille J. Twyman die verhouding tussen Kruger en Johannesburg,²⁰¹⁾ ook teen die agtergrond van die verhouding tussen die Transvaalse regering en die Uitlanders, behandel. Sy gaan in op sake soos die stigting van die Tweede Volksraad, die verlening van munisipale bestuur aan Johannesburg en die besoeke van Kruger aan dié plek; veral hierby bring sy die persoonlike verhouding tussen Kruger en die Uitlanders goed na vore. Daardeur is 'n belangrike faktor in sy Uitlanderbeleid vir die eerste keer wetenskaplik ondersoek. Aan die begin van haar werk skets Twyman Kruger as staatshoof van 'n landelike Republiek en in kontras daarmee die kosmopolitiese Uitlanderbevolking. Vir die Uitlanders was Kruger simbool van standvastigheid, terwyl Kruger hulle weer met agterdog betrag het. Hy het wel gepoog om die Uitlanders te begryp en tegemoet te kom, maar by sy besoeke aan Johannesburg het hy verskeie male takteloos opgetree en eintlik nie veel bereik nie; keer op keer het dit geblyk dat Kruger en die Uitlanders mekaar nie kon vind nie. Hoewel Twyman 'n bietjie baie klem lê op Kruger se „sewentende-eeuse“ denkkeelers en hom miskien as te konserwatief voorstel, lewer sy 'n belangrike bydrae tot insig in Kruger se houding en optrede teenoor die Uitlanders en beïlig 'n element wat reeds in verskillende biografiese werke, soos dié van Jutta en Cloete²⁰²⁾ na vore gebring is, nl. die kultuurverskille tussen Kruger se Boere en die Randse Uitlanderbevolking, op 'n meer wetenskaplike wyse.

Oor die optrede van Kruger teenoor die Uitlanders en die verhoudinge met die Britse regering in verband daarmee is dus reeds besonder veel navorsing gedoen, terwyl ook in die interpretasie en die motivering daarvan, veral deur die agtergrond goed te skets, reeds in die afgelope vier dekades belangrike werk gelewer is.

201) Twyman, Lucille, J., Paul Kruger en Johannesburg: 1886-1895. Ongepubl. M.A.-verh., P.U. vir C.H.O., 1965.

202) Kyk bl. 56, 85.

3. Ander aspekte van Kruger se optrede as president

Verskillende aspekte van Kruger se optrede as president het slegs sydelings in die bespreking tot dusver tot uiting gekom. 'n Vraagstuk wat egter veral besondere aandag verdien, is sy verhouding tot ander Transvaalse regeringslede en regeringsliggame. Van Kruger se optrede in die Volksraad het ooggetuies verslag gedoen: Lord Randolph Churchill skryf dat Kruger, hoewel soms met moeite en deur die gebruik van allerlei dreigemente, die Volksraad kon beheer,²⁰³⁾ en 'n voormalige lid van die Transvaalse Volksraad, Carl Jeppe verklaar o.m. dat Kruger met alle sake in die Volksraad, groot en klein, ingemeng het.²⁰⁴⁾

Oud-hoofregter J.G. Kotzé het in sy outobiografie²⁰⁵⁾ heelwat te sê van Kruger se verhouding tot die regspraak in Transvaal en ook tot hom as hoofregter. Hy meen o.a. dat Kruger 'n belangrike invloed uitgeoefen het op die aanstelling van regters en kritiseer sy optrede in die Nellmapiussaak. Kotzé vertel ook dat Kruger hom dikwels geraadpleeg het oor politieke sake, bv. t.o.v. sy pogings om 'n eie hawe te verkry. Hoewel Kotzé dikwels 'n goeie oordeel oor sake toon,²⁰⁶⁾ staan hy duidelik tog bevooroordeeld teenoor Kruger, waarskynlik veral weens sy latere ontslag deur Kruger in die geskil oor die toetsingsreg. Desnieteenstaande is sy werk van groot waarde om insig in die verhouding binne Transvaalse regeringskringe te verkry.

By die geskil oor die toetsingsreg het Kotzé in sy omvangryke outobiografie nie uitgekom nie. 'n Goeie studie oor hierdie kwessie is egter gedoen deur J.C. Dirks,²⁰⁷⁾ waarin o.m. verklaar word dat die hele stryd eintlik 'n tweegeveg tussen Kruger en Kotzé was. Dirks meen dat Kotzé in sy optrede waarskynlik

203) Churchill, Lord Randolph S., Men, mines and animals in South Africa. Londen, Low & Marston. 1892, bl. 87.

204) Jeppe, C., The caleidoscopic Transvaal. Londen, Chapman & Hall, 1906, bl. 175.

205) Kyk bl. 10 voetnoot 17.

206) Vgl. De Kock, Naomi, M., a.w., bl. 132-135.

207) Dirks, J.C., Die juridiese stryd tussen hoofregter Kotzé en die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1897-1898. Ongepubl. M.A.-verh., Unisa (P.U.K.), 1933.

deur politieke motiewe geïnspireer is. Ander studies het ook enkele aspekte van Kruger se verhouding tot ander regeringspersone en -instansies, o.m. in verband met die dinamietmonopolie en die Industriële Kommissie van 1897,²⁰⁸⁾ belig.

J.S. du Plessis verklaar in 'n studie, waarin o.m. die verhouding tussen die staatspresident van die Z.A.R. en ander regeringsliggame behandel word,²⁰⁹⁾ dat 'n sterk president soos Kruger die Uitvoerende Raad in byna alle opsigte kon oorheers en ook 'n belangrike invloed op besluite van die Volksraad kon hê. Kruger het 'n groter aandeel aan Volksraadsbesprekings gehad as enige van sy voorgangers in die presidentskap en die Volksraad in die algemeen oorskadu. Hierdeur het sy optrede dikwels outokraties voorgekom; soms, as hy nie sy sin gekry het nie; het hy ook 'n houding aangeneem wat nie baie passend was vir 'n staatspresident nie. Met die steun wat hy in sy optrede van die volk gekry het en met sy dominerende persoonlikheid kon hy egter nie anders as in alle opsigte leier van die volk en van die regering wees nie. Die presidentsoptrede van Kruger het in 'n belangrike mate bygedra tot die ontwikkeling van hierdie amp; Kruger is dus ook op konstitusionele gebied van heelwat historiese betekenis.

Oor die verhouding tussen Kruger en F.W. Reitz as staatssekretaris van die Z.A.R. is enkele dinge aan die lig gebring deur P.C. Smit,²¹⁰⁾ wat o.m. wys op geskille tussen Kruger en Reitz wat voortgespruit het uit Kruger se „eigegeregtigde optrede“²¹¹⁾ en meen dat Reitz eintlik die enigste lid van die Uitvoerende Raad was wat Kruger se idees geopponeer het. In sy biografie van

208) Van der Walt, N., Die dinamietmonopolie: sy ontstaan en ontwikkeling vanaf 1881-1892. Ongepubl. M.A.-verh., U.P., 1944; Monster, R., Die industriële kommissie van ondersoek in 1897 en sy politieke betekenis. Ongepubl. M.A.-verh., P.U. vir C.H.O., 1966.

209) Du Plessis, J.S., Die ontstaan en ontwikkeling van die amp van die staatspresident in die Zuid-Afrikaanse Republiek 1858-1902 (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, Kaapstad, 1955, dl. I).

210) Smit, P.C., Die benoeming van Francis William Reitz as staatssekretaris van die Suid-Afrikaanse Republiek. Ongepubl. M.A.-verh. U.P., 1953.

211) Ibid., bl. 57.

J.C. Smuts²¹²⁾ verklaar sir Keith Hancock dat Smuts as staatsprokureur van die Z.A.R. beslis 'n belangrike invloed op Kruger gehad het — hoewel veel besonderhede oor die aard en omvang daarvan nie gevind kan word nie — en dat Smuts eintlik Kruger se stemregvoorstelle op die Bloemfonteinkonferensie geformuleer het. Hy spreek sy verbasing daaroor uit dat Kruger hom so laat beïnvloed het deur die jong staatsprokureur; die ou man moes dit aangevoel het dat Smuts „far too sanguine“²¹³⁾ was.

Enkele kwessies i.v.m. Kruger se beleid en optrede teenoor die onderwys is aangeroer deur J. Ploeger en W.G. van der Schyff,²¹⁴⁾ Ploeger maak o.m. enkele opmerkinge oor Kruger se verhouding tot ds. S.J. du Toit as superintendent van onderwys in Transvaal en oor sy pogings om 'n eie universiteit vir Transvaal te verkry. Oor Kruger se beleid in kerklike kwessies word o.m. gehandel deur G.D. Scholtz, wat veral sy optrede in die kerkgeskiedenis van 1891 na vore bring.²¹⁵⁾

Oor Kruger se reise tydens sy presidentskap is ook heelwat geskryf. Ds. S.J. du Toit gee 'n uitgebreide beskrywing van die reis na Europa in 1884 waarop hy Kruger vergesel het.²¹⁶⁾ Dit bevat veral heelwat besonderhede oor die ontvangste in die verskillende lande. Ds. D.F. Faure, wat as tolk die reis meegemaak het, deel in sy herinneringe ook enkele dinge hieroor mee.²¹⁷⁾ 'n Sekere D.M. Wilson het Kruger vergesel op reise na die Oos-Transvaalse goudvelde en — volgens sy herinneringe —²¹⁸⁾ tydens dié

212) Hancock, W.K., Smuts, dl.I. The sanguine years, 1870-1919. Cambridge, University Press, 1962.

213) Ibid., bl. 103.

214) Ploeger, J., Onderwys en onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt (1881-1900) (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, Kaapstad, 1952, dl. I); Van der Schyff, a.w. (kyk bl.136).

215) Scholtz, G.D., Die geskiedenis van die Nederduits-Hervormde of Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Dl. II: 1885-1900. Kaapstad, N.G. Kerk-uitgewers, (1960), bl. 57-60.

216) Du Toit, S.J., Alweer op reis, di slag as lid van di Transvaalse deputasi in 1883-1884. Paarl, Du Toit, 1886.

217) Faure, D.P., My life and times. Kaapstad, Juta, 1907.

218) Wilson, D.M., Behind the scenes in the Transvaal. Londen, Cassell, 1901.

reise selfs saam met Kruger op een bed geslaap. Aangesien Wilson hom in sy werk baie onsimpatiek teenoor Kruger en sy Uitlanderbeleid toon, kan sy herinneringe nie as baie betroubaar beskou word nie.²¹⁹⁾

Verskeie stukke meesal van populêre aard is oor allerlei aspekte van Kruger se presidentskap geskryf, o.m. oor sy verhouding tot die Vrystaat,²²⁰⁾ sy bydrae tot die viering van Geloftedag,²²¹⁾ sy verkiesingsveldtogte,²²²⁾ sy inhuldigings as president,²²³⁾ die openbare viering van sy verjaardag,²²⁴⁾ sy ereordes,²²⁵⁾ sy verhouding tot die Jode,²²⁶⁾ sy besoeke aan Johan=

- 219) Heyer was net soos Wilson 'n tydlank in Transvaalse regeringsdiens voordat hy sy herinneringe laat verskyn het, waaruit sterk simpatie vir die Britse regering blyk. In sy Facts of an attempted assassination of president Kruger in February 1898. Kaapstad, Taylor, 1960, beskryf hy sy aandeel aan die verhinderings van 'n sluipmoordaanval op Kruger en gee ook iets weer van enkele gesprekke wat hy met Kruger sou gehad het. Soos die geval is met Wilson, blyk dit dat Heyer veral met feite voor die dag wil kom wat die Britse publiek interesseer, en dit is waarskynlik dat albei wel werklike gebeure beskryf, maar dit enigsins verdraai.
- 220) Grobbelaar, J.J.G., Paul Kruger en die Vrystaat (Die Huisgenoot, 25 Augustus 1944). Ook in: Van der Merwe, J., Die algemene verhouding tussen die Oranje-Vrystaat en die Suid-Afrikaanse Republiek in die tyd van president J.H. Brand, 1864-1888. Ongepubl. M.A.-verh., Unisa, 1934 en Kruger, J.H., Die nuere verhouding tussen die republieke in die tyd van president Steyn. Ongepubl. M.A.-verh., Unisa (U.K.O.V.S.), 1947.
- 221) In: Swart, M.J., Geloftedag. Kaapstad, H.A.U.M., 1961.
- 222) Rosenthal, E., When Paul Kruger went electioneering (Trek, 18 Oktober 1946); Swart, M.J., Presidentstryd in Transvaal (Die Huisgenoot, 15 Maart 1962).
- 223) Uys, C.J., Republiek se hoogtepunt: merkwaardige rede van Kruger na sy laaste verkiesing (Die Huisgenoot, 28 November 1947); Swart, M.J., Al ons presidente het so gemaak (Die Huisgenoot, 2 Junie 1961).
- 224) Krynaauw, D.W., Oom Paul se verjaardag (Ruiter, 10 Oktober 1947); De Kock, W.J., Krugerdag: kanonne het gepraat op president se verjaardag (Die Brandwag, 12 Oktober 1956).
- 225) Du Plessis, J.S., Ere-ordes van president Kruger (Dagbreek, Oktober 1960).
- 226) Krüger, D.W., President Kruger en die Jode (Die Huisgenoot, 28 November 1955); Holtz, L., Paul Kruger en die Jode (Joodse gedagte, Desember 1962).

nesburg,²²⁷⁾ sy optrede i.v.m. wildbeskerming²²⁸⁾ en selfs sy re-lasies met Hawaii.²²⁹⁾ Verskeie kleiner aspekte van Kruger se presidentstyd is ook belig in die biografieë wat van hom geskryf is, wat tewens die belangrikste werke bly om 'n eenheidsbeeld van Kruger se optrede as staatspresident van die Z.A.R. te gee.

* * * * *

Dit blyk dus dat daar besonder veel oor Kruger se openbare optrede in die tydperk 1883-1899 geskryf is, sowel in wetenskaplike studies, populêre artikels en outobiografiese werke. Daar bestaan eintlik geen werke wat oor alle aspekte van sy presidentskap handel nie, behalwe vir die biografieë van Kruger, waarvan dié van D.W. Krüger die mees wetenskaplike en die volledige oorsig gee. 'n Belangrike kwessie waaroor wel heelwat geskryf is, maar tog nie volkome helderheid bestaan nie, is die mate waarin Kruger hom in sy besluite as staatshoof deur ander laat beïnvloed het; ten einde sy historiese betekenis goed te begryp, is dit immers nodig om te weet in hoeverre die optrede van die Z.A.R.-regering ook dié van Kruger genoem kan word. Dit skyn egter of dit veral uit gebrek aan gegewens is dat hierdie aspek nie altyd duidelik in die studies oor Kruger en oor die Z.A.R. in die tydperk 1883-1899 na vore kom nie.

H. Kruger se openbare optrede na 1899 en sy laaste lewensjare

Na die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog hang die lotgevalle van Kruger nie meer in so 'n mate saam met die geskiedenis van Transvaal as wat dit in die voorafgaande tydperk die geval is nie. Tydens die oorlog was hy nog wel president en het hy in verskillende opsigte die leiding in militêre sake geneem, maar tog nie meer die toneel so sterk beheers nie; sy reis na

227) Van der Merwe, H.A., Oom Paul se spore in die Goudstad (Die Brandwag, 18 Oktober 1947); Smith, Anna H., Kruger besoek Johannesburg (News bulletin. Johannesburg Employee's association, Junie 1955).

228) Behrens, H.P.N., Paul Kruger-wildbeskermmer. Aspek van die president se lewe wat sy biograwe vergeet (Die Huisgenoot, 12 Oktober 1951).

229) Rosenthal, E., President Kruger's link with Hawaii (Outspan, 27 Maart 1942).

Europa was eintlik die afsluiting van sy openbare loopbaan en het geëindig in ballingskap, waarin hy sy laaste lewensjare deurgebring het. Dit is om hierdie redes dat regeringdokumente nie meer van sulke primêre belang is vir die beskrywing van Kruger se optrede na 1899 as vir die geskiedskrywing vir die tyd daarvoor nie. Getuienisse van persone wat met hom in aanraking was, verslae in koerante en tydskrifte en briewe van en aan Kruger vorm nou besonder belangrike gegewens vir die historikus wat die beeld van Kruger se laaste lewensjare wil opbou.

Die Tweede Vryheidsoorlog het oor byna die hele wêreld belangstelling gewek en joernaliste van verskillende lande na Suid-Afrika gelok. Hulle het ook oor die lotgevalle van Kruger, wat nou wêreldbekend was, geskryf, oor sy verblyf in Pretoria en in Machadodorp en sy uitlatinge i.v.m. die oorlog.²³⁰⁾ Verder het reeds tydens en net na die oorlog deelnemers en ooggetuies hul herinneringe te boek gestel en daarin o.m. inligting oor Kruger se optrede gegee.²³¹⁾ Met Kruger se reis na Europa is daar ook veel oor hom geskryf in Europese tydskrifte en het selfs enkele werkies waarin sy reis beskryf is die lig gesien.

Een van hulle is dié van mev. B. Waszklewics-Van Schilf-gaarde wat 'n „getrouwe beschrijving van Oom Paul's besoek aan Frankrijk, de Rijnprovincie en Nederland" probeer gee.²³²⁾ Sy behandel Kruger se reis van sy aankoms in Marseille tot sy besoek aan Amsterdam in 'n feitlik van-dag-tot-dagbeskrywing en gee toesprake van Kruger en van diegene wat hom in die openbaar welkom

230) Rompel, F., Uit den Tweeden Vrijheidsoorlog. Schetsen en portretten; Unger (pseud.), With "Bobs" and Kruger. Experiences and observations of an American war correspondent in the field with both armies. Philadelphia, Coates, 1901 (o.a. bl. 331, 333 oor Kruger te Machadodorp en sy invloed op besluite van die Boereregering).

231) O.m. in: Batts, H.J., Pretoria from within during the war 1899-1900. Londen, Shaw, 1900; Van Warmelo, D.S., Mijn commando en guerilla-commando leven. Amsterdam, Versluys, 1901.

232) Waszklewics-Van Schilf-gaarde, mev. B., Paul Kruger's tocht: Getrouwe beschrijving van Oom Paul's besoek aan Frankrijk, de Rijnprovincie en Nederland. s'Gravenhage, Abrahams, 1900.

welkom geheet het, volledig weer. Die werk is dan ook hoofsaaklik 'n versameling van gegewens, wat selfs ook 'n aantal gedigte ter ere van Kruger en stukke oor president Steyn en oor die ervarings van 'n Nederlander in die Vryheidsoorlog bevat. Waszklewics-Van Schilfgaarde se beskrywing van die gebeure is eenvoudig en simpatiek; sy verklaar dat Kruger in Europa reg kom soek het vir sy arme volk en spreek die geloof uit dat alles nog nie verlore is nie en dat aan die leed van die Boere 'n einde sal kom.

In 'n soortgelyke geskrif behandel Henri Daragon Kruger se besoek aan Frankryk.²³³⁾ Dit het in 1901 verskyn en is uitgegee ten bate van 'n komitee wat hulp aan die Boere wou verleen. Elk van die 10 dae wat Kruger in Frankryk gereis het en waartydens Marseille, Dijon en Parys besoek is, word beskryf en die verskillende toesprake aangehaal. Selfs word 'n aantal poskaarte, tekeninge en snuisterye wat ter herdenking van Kruger se besoek vervaardig is, afgebeeld en die voorspellings van 'n waarsegster oor Kruger weergegee.²³⁴⁾ Van Kruger self sê Daragon dat hy 'n groot man is wat sy land lief het; sy karakter ken geen onreg of dislojaliteit nie. — Soos die vorige een is ook hierdie werkjie van waarde as weergawe van die verskillende gebeurtenisse tydens Kruger se besoek aan Frankryk.

Terwyl in die Gedenkschriften, wat in 1902 verskyn het, reeds 'n kort oorsig gegee is van Kruger se optrede en verblyf in Transvaal tydens die oorlog en sy reis na en deur Europa, is met sy dood in 1904 heelwat oor sy laaste lewensjare geskryf. In Suid-Afrika is in 'n werkjie, Paul Kruger in ballingschap²³⁵⁾ enkele mededeling oor sy besoeke na Europa gedoen. Kruger het in Europa om brood gesmeek, maar hulle het hom musiek gegee — so

233) Daragon, H., Le président Kruger en France, Marseille, Dijon, Paris (22 Novembre - 1er Décembre 1900). Parys, Daragon, 1901.

234) Hieroor is geskryf deur J.S. Rabie in twee artikels: President Kruger en die waarsegster Julia (Die Brandwag, 15 Oktober 1954); Tsaar sou Transvaal kom red (Die Huisgenoot, 17 Oktober 1955).

235) Anon, Paul Kruger in ballingschap. Met Paul Kruger in Europa. Zijne laatste dagen. Pretoria, Land en Volkdrukkery, s.j.

word gesê.²³⁶⁾ Oor die dood van Kruger se vrou, die besoek van president Steyn aan Kruger in Europa en Kruger se oorlye asook sy testament word enkele dinge vermeld. 'n Ander geskiedhandel oor die laaste hulde wat aan Kruger bewys is met die aankoms van sy stoflike oorskot in Kaapstad en die vervoer na en begrafnis in Pretoria.²³⁷⁾

In 1904 het A.G. Hamel²³⁸⁾ sy indrukke weergegee van Kruger se optrede tydens sy reis deur Europa, wat hy as tolk ver= gesel het. Hy meen o.m. dat Kruger met ietwat oordrewe behoedsaam= heid gepoog het om sake te vermy wat aanstoot aan die mense kon gee; so wou hy in Frankryk nie oor die Franse Hugenote praat nie. Hy het nie veel tekens van artistieke gevoel gegee by die aanskouing van Europese kunsskatte, bv. die katedrale nie, maar wel sy gods= dienstige gevoel laat spreek. Kruger het oud en swak tydens die reis voorgekom en Van Hamel het hom nie as die beroemde staatsman leer ken nie, maar tog as die getroue vader van sy volk wat steeds aan die nood van sy mense gedink het. Hy verklaar dat Kruger sy taak met eenvoud en waardigheid volbring het.

Ook van ander persone wat tydens Kruger se laaste le= wensjare met hom in aanraking was, het herinneringe verskyn. Oud= president Steyn het iets van sy samesprekings met Kruger tydens die oorlog geskryf,²³⁹⁾ terwyl mev. Steyn enkele herinneringe aan die ontmoeting van Kruger en Steyn in Europa weergegee het.²⁴⁰⁾ H.C. Bredell, Kruger se privaatsekretaris tydens sy laaste lewens= jare het lig gewerp o.m. op Kruger se werksaamhede tydens die Vry= heidsoorlog, veral t.o.v. die uitstuur van telegramme aan komman= do's.²⁴¹⁾ Ds. S.G. Los het geskryf oor Kruger se verblyf in

236) Ibid., bl. 11.

237) Anon, Hulde aan Paul Kruger. Ons Land, Kaapstad, 1905.

238) Van Hamel, A.G., Paul Kruger (De Gids, 1904, bl. 338-66).

239) In Van der Merwe, N.J., a.w. (kyk voetnoot 175 hierbo).

240) Steyn, Rachel, I., Boere-presidente se laaste ontmoeting. Uit die skat van my herinnering (Ruiter, 1 Augustus 1947).

241) Bredell, H.C., Laaste lewensjare van Paul Kruger (Die Burger, 10 Oktober 1925); ook in De Kock, W.J., Dag na dag by Paul Kruger. Herinneringe van kol. H.C. Bredell (Die Huisgenoot, 15 en 22 Desember 1944).

Menton aan die Franse Riviera, waarheen hy hom vergesel het,²⁴²⁾ en jonkheer C.G.S. Sandberg van sy reis deur Europa;²⁴³⁾ terwyl ook die Nederlandse minister van buitelandse sake, wat Kruger in Nederland ontmoet het, se herinneringe op skrif gestel is.²⁴⁴⁾

'n Uitgebreide beskrywing van Kruger se laaste lewensjare het nie voor die einde van die dertigerjare verskyn nie; in vroeëre Krugerbiografieë, soos dié van Lombard en Juta, word slegs weinig oor sy jare van ballingskap meegedeel, en eers die studie van C. Beyers oor die laaste lewensjare en heengaan van president Kruger, gee 'n redelik volledige oorsig.²⁴⁵⁾ Dit is gegrond op ongepubliseerde argiefstukke, wat deur mense soos dr. W.J. Leyds, H.C. Bredell en Kruger se kleindogter, mev. Jacobsz aan die Suid-Afrikaanse regeringsargiewe geskenk is. Sodoende kon Beyers ook briewe wat Kruger tydens sy verblyf in Europa aan familieleden en Transvaalse regeringsleiers gerig het, weergee. Hy gaan o.m. in op die politieke dryfvere agter die houding wat die Europese regerings teenoor Kruger ingeneem het en op die pogings van Suid-Afrikaanse leiers om Kruger na die vredesluiting weer na Suid-Afrika terug te bring. Wat dit betref, meen hy dat, hoewel Kruger na sy land verlang het, hy nie graag trou aan die Britse soewereïen wou sweer nie en dat Leyds se mening dat dit vir die nagedagtenis van Kruger beter sou wees as hy in die vreemde sterf, die deurslag gegee het. Beyers wys ook op die probleme i.v.m. die verkryging van 'n skip om Kruger se stoflike oorskot na Suid-Afrika te vervoer.

Beyers het 'n goed gedokumenteerde studie gelewer wat 'n deeglike beskrywing van Kruger se laaste lewensjare gee en waarin, veral uit die weergawe van die oorspronklike stukke, wel iets blyk

242) Los, S.O., Kruger te Mentone (Neerlandia, Oktober 1925).

243) Sandberg, C.G.S., Een herinnering aan president Kruger (Haagsch maandblad, Junie 1932); ook in: Sandberg, C.G.S., Twintig jaren onder Krugers boeren in voor en tegenspoed. Amsterdam, Keurkamer, (1943).

244) De Beaufort, J.A.A.H., Vijftig jaren uit onze geschiedenis 1868-1918. Amsterdam, Van Kampen, 1928.

245) Beyers, C., Laaste lewensjare en heengaan van president Kruger (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, Kaapstad, 1941, dl. I). (Die werk het gedeeltelik reeds verskyn in Die Brandwag, 3 Oktober 1937; ook is dit, met enkele aanvullinge, gepubliseer in Die Huisgenoot, 15 Oktober, 17 en 24 Desember 1954.)

van Kruger se gevoelens en van die atmosfeer waarin hy sy laaste lewensjare deurgebring het, maar waaruit tog nie 'n duidelik beeld van Kruger self in sy lewensaand na vore kom nie.

G.D. Scholtz behandel in sy werk oor Europa en die Tweede Vryheidsoorlog²⁴⁶⁾ die internasionale verhoudinge teen die agtergrond waarvan die houding van die Europese regerings tydens Kruger se besoek gesien moet word en toon die probleme wat die besoek aan die regerings gestel het aan. Van dieselfde skrywer het ook 'n kort populêre werkie oor Kruger se lewensaand verskyn.²⁴⁷⁾

In verskillende tydskrifartikels is oor aspekte van Kruger se laaste jare geskryf, o.m. oor die hulde van Amerikaanse kinders aan Kruger,²⁴⁸⁾ die huis waar Kruger in Lourenco Marques tuis was,²⁴⁹⁾ sy ontmoeting met koningin Wilhelmina,²⁵⁰⁾ sy verblyf in Nederland,²⁵¹⁾ sy laaste boodskap²⁵²⁾ en sy dood en begraving.²⁵³⁾

Dit is eers in die jongste tyd dat werklik 'n beeld van Kruger in sy laaste jare gegee is. D.W. Krüger, wat ook die mees volledige beskrywing van Kruger se optrede tydens die Tweede Vryheidsoorlog gee, doen dit deur deeglike interpretasie van die gewens en Anna M. Louw deur hierbenewens ook van skeppende verbeelding gebruik te maak.²⁵⁴⁾

- 246) Scholtz, G.D., Europa en die Tweede Vryheidsoorlog. (Kyk bl. 31. voetnoot 31).
- 247) Scholtz, G.D., Die lewensaand van president Kruger. Johannesburg, F.A.K., 1954.
- 248) Van Wyk, E., Kinderhulde aan president Kruger (Die Huisgenoot, 29 Desember 1944).
- 249) Punt, W., Waar president Kruger in 1895 en 1900 in Lourenco Marques tuis was (Pretoriana, 24 April 1954).
- 250) Vercuiel, S., President enkkoningin (Naweekpos, Augustus 1961).
- 251) Du Plessis, M., President Kruger se verjaardae in Nederland (Die Huisgenoot, 10 Oktober 1955).
- 252) Coetzee, J.A., President Kruger se laaste boodskap (Die Huisgenoot, 11 Desember 1942); Beyers, C., President Kruger se laaste boodskap (Die Huisgenoot, 22 Januarie 1943); Pelzer, A.N., Paul Kruger: boodskap van sy lewe (Inspan, Oktober 1949).
- 253) Mayer, A., Exile of the villa Dubochet (Pretoriana, September 1954); Van Schoor, M.C.E., Paul Kruger se laaste skof (Die Taalgenoot, Julie 1956); Swart, M.J., Sy gees trek voort (Die Taalgenoot, Desember 1964).
- 254) Kyk bl.103-109.

Ook oor hierdie aspek van Kruger se lewe is die gegewens tans goed verwerk en geïnterpreteer, nadat ongeveer drie dekades gelede die laaste belangrikste dokumente en weergawes van persoonlike indrukke vir historici bekombaar geword het.

I. Slot

Watter is die belangrikste kenmerke wat die geskiedskrywing oor aspekte van Kruger se lewe en werk as geheel vertoon?

Kronologies gesien, blyk dit dat veel oor hom reeds tydens sy lewe geskryf is; veral sy openbare optrede sedert 1877 en sy persoon en lewenswyse is reeds in tydgenootlike werke behandel. Hierdie vroeë beskrywings was hoofsaaklik op gepubliseerde dokumente en persoonlike indrukke gebaseer; die interpretasie van die gegewens het sterk in die teken van die tyd waarin dit geskryf is gestaan. Dit was dan ook eers in hierdie eeu dat die aspekte van Kruger se lewe en werk objektief bestudeer en, veral deur die ontginning van die argiefmateriaal, in elke aspek deeglik en volledig beskryf is. Oor verskillende sake, soos die belangrikste aspekte van sy presidentskap, is daar besonder uitgebreid en herhaaldelik navorsing gedoen; hierdeur kon ook die interpretasie daarvan steeds beter gedoen word. In verband met Kruger se grondliggende beskouinge, sy optrede op kerklike gebied en sy vroeë loopbaan is daar nog nie alte veel gehandel nie en is die bronne-materiaal seker nog nie in alle opsigte uitgeput nie.

In sy geheel geneem, is die omvang van die geskiedskrywing oor die aspekte van Kruger se lewe en werk beslis nie gering nie; reeds in sy eie tyd het 'n massa lektuur oor hom verskyn en ook daarna het heelwat outobiografiese werke die lig gesien waarin iets van hom gemeld word; 'n besonder groot aantal wetenskaplike studies is gedoen wat een of ander aspek van sy lewe en werk dek, en in tydskrifte is veel populêre artikels oor hom gepubliseer. Dit is dan ook te betwyfel of enige ander figuur in die Suid-Afrikaanse geskiedenis uitgebreider en in soveel opsigte beskryf is.

Wat die gehalte betref het daar oor bykans elke aspek van sy lewe en werk reeds werke en artikels van hoë kwaliteit verskyn; waar sy openbare optrede in 'n groot getal wetenskaplike studies deeglik behandel is, is sy persoon, lewenswyse en laaste lewensjare veral deur sy biograwe goed belig.

HOOFSTUK V

DIE BEELD VAN PAUL KRUGER IN DIE GESKIEDSKRYWING

In die bespreking van die werke oor Paul Kruger in hoofstukke II en III is enkele trekke van die beeld wat daarin van Kruger gegee word, aangestip. Daar is egter nog verskillende ander werke waarin 'n bepaalde beeld van Kruger gegee word, al berus dit soms slegs op 'n kort beskrywing van sy persoon, sy werk en/of sy historiese betekenis. Dit is nie die bedoeling om hierdie beeld van Paul Kruger in dié geskiedwerke deeglik te analiseer nie, maar slegs om enkele belangrike trekke daarvan aan te dui. Hiermee kan dan ook getrag word om die verskillende beelde van Kruger wat uit die reeds bespreekte werke na vore kom, te plaas binne die groter patroon wat die beeld van Paul Kruger in die geskiedskrywing aanneem.

Die geskiedwerke waarin 'n bepaalde beeld van Kruger voorkom, kan in drie groepe verdeel word: die eerste groep is die werke wat tydens en net na die Eerste Vryheidsoorlog geskryf is en hoofsaaklik oor hierdie gebeurtenisse handel; die tweede is dié wat vanaf ongeveer 1895 tot net na die einde van die Tweede Vryheidsoorlog verskyn het en waarin i.v.m. Kruger veral sy beleid teenoor die Uitlanders en sy rol in die veroorsaking en verloop van die oorlog beskryf is; die derde groep is die latere werke oor Kruger — geskrifte wat werklik oor die verlede handel. Al die werke word vir die doel van hierdie bespreking verder onderverdeel volgens die taal waarin hulle geskryf is.

A. Geskiedskrywing in die jare 1879-1885

Voor die anneksasie van Transvaal in 1877 is weinig oor die lotgevalle van die Boere en byna niks oor Kruger in geskiedenis en algemene werke geskryf nie.¹⁾ Met die anneksasie en die Vry-

1) In Lion Cachet, F., Vijftien jaar in Zuid-Afrika. Leeuwarden, Bokma, 1875, wat bestaan uit 'n aantal briewe, word Kruger enkele male — sonder kommentaar — genoem, nl. op bl. 27, 41, 86. Ook in Aylward, A., The Transvaal of today. War, witchcraft, sport and spoils in South Africa. Edinburgh, Blackwood, 1878 en Atcherley, R.J., A trip to Boerland. Londen, Pinter, 1879, word van Kruger net kortliks melding gemaak.

heidsoorlog het daar egter groot belangstelling gekom in die gebeurtenisse wat hul in Transvaal afgespeel het en daarmee ook in die vroeëre geskiedenis van hierdie Boererepubliek. Waar Paul Kruger juis in hierdie tyd na vore gekom het as die leier van sy volk, spreek dit vanself dat oor hom beslis geskryf sou word. Nie net in Suid-Afrika nie, maar veral ook in Brittanje en in Nederland het werke verskyn oor die Boere en die Vryheidsoorlog waarvan die meeste outeurs self in Transvaal was en die gebeure daar meegemaak het.

Veral aangesien dié vroeë skrywers se siening van Kruger nie deur sy latere optrede as president van die Z.A.R. beïnvloed kon wees nie, kan dit insiggewend wees om hul uitlatinge oor Kruger van nader te bekyk.

1. Nederlands - en Afrikaanstalige werke

Van die vroegste werke waarin van Kruger melding gemaak word, is geskryf deur Nederlanders wat 'n tyd lank in Transvaal gebly het. T.M. Tromp, vroeër privaatsekretaris van president Burgers, het in sy herinneringe enkele bladsye gewy aan Paul Kruger²⁾ en hom beskryf as 'n regte ou Voortrekker, 'n man „met natuurlike slimheid, grote moed en buitengewone geestkracht”.³⁾ Tromp vertel dat Kruger 'n „Dopper”-predikant is en op jeugdige leeftyd reeds voorwerp van verering vir sy mede-„doppers” geword het. Kruger sou in sy preke ook verklaar het dat hy direk deur die Heilige Gees geïnspireer word. Tydens sy verblyf van enkele dae op die Magaliesberge in sy jonger jare wou hy⁴⁾ geen voedsel aanneem nie omdat hy geglo het dat hy daar deur 'n „reine maagd” gevoed sou word. Tromp vertel hoe Kruger sy duim verloor het, wat volgens hom 'n illustrasie is van sy „woeste oorlogsenergie”.⁵⁾ Wat Kruger se presidentskandidatuur betref, glo hy dat Kruger

2) Tromp, a.w., bl. 134-137. (Kyk bl. 123 voetnoot

3) Ibid., bl. 135.

4) Kyk Krüger, D.W., Paul Kruger, dl. I, bl. 47, i.v.m. hierdie verblyf.

5) Tromp, a.w., bl. 135.

as man sonder enige geleerdheid totaal ongeskik vir die presidents=
amp is en haal hy 'n gedeelte uit De Volkstem aan waar met Kruger
se kandidatuur die spot gedryf word. — Tromp stel Kruger dus
voor as 'n ongekultiveerde godsdienstweper. Dit is duidelik dat
hy, as medestander van Burgers, nie simpatiek teenoor Kruger staan
nie.

Ook dr. J.A. Rooda-Smit, wat tydens Burgers se bewind
direkteur van die museum en biblioteek in Pretoria was, het hom
geensins vlelend oor Kruger uitgelaat nie. Hy vertel dat die
Transvaalse burgeroorlog eintlik 'n stryd tussen twee partye was,
dié van Kruger en dié van Stefanus Schoeman, en vermeld as 'n
merkwaardigheid i.v.m. hierdie stryd dat Kruger se leer tydens
een van die veldslae sō verslaan is „dat oom Paul het raadzaam
vond om naar Rustenburg op zijn hoeve te vluchten”.⁶⁾ In 'n ander
werkjie oor Transvaal het⁷⁾ dr. J.W.G. van Oordt, die vader van
die Krugerbiograaf, in 1881 opgemerk dat Kruger se verkiesing tot
president „in weerwil van zijn scherpzinnigheid, ongetwijfeld
eene schrede achteruit, een terugkeren tot het zuiver boerenbe=
stuur”⁸⁾ sou gewees het.

M. de Vries, 'n Nederlander van herkoms en voorsitter
van die Transvaalse Volksraad in die tyd van president Burgers,
se woorde oor Kruger is meer simpatiek. In 'n vroeë poging om
in die Afrikaanse taal te skryf,⁹⁾ wat eerder bedoel is om ver=
maaklik te wees as om werklik 'n eie mening uit te spreek, vertel
hy o.m. van „Oom Paul Kriegur” — soos hy hom noem — „hij is ...
een regte vroome man, hij kan bit en spreek dat een mens soomaar
nar an zijn hart wort ... hij het banjang kinders en banjang
plaatse; hij is die hoof van die dopper mense... hij ... het een
regte gezonde kop. Hij is een dappere kerel ... die kaffirs is

6) Rooda-Smit, J.A., Het goed recht der Transvaalsche Boeren.
Utrecht, Van der Post, 1881, bl. 67.

7) Van Oordt, J.W.G., De Transvaalsche gebeurtenissen en de
toekomst van Zuid-Afrika, s'Gravenhage, Stenberg, 1881.

8) Ibid., bl. 40.

9) De Vries, M., Die geskiedenis van die Transvaal, of, die
Suid-Afrikaanse Republiek van die laaste tien jaar. Gever=
tel door Klaas Waarsegger aan zijn neef Martinus in Hoflant,
in die eige Boere sijn taal. Leiden, Sijthoff, 1881.

bang voer hom .. die ou mense in die republiek noem voer hom die 2de garriebaldie, maar hij het nie die roode pet op zijn kop nie en zijn baatje is mos maar moelskin ... hij is al tweemaal in jan=ropa gewees, hij rook zijn pijp net als een ander kristenmens".¹⁰⁾

In De worstelstrijd der Transvalers¹¹⁾ laat ds. F. Lion Cachet hom nie anders as gunstig oor Kruger uit nie. Hy verwyrt president Burgers dat hy hom omring het met allerlei avonturiers in plaas van „degelijke Boeren zoals Paul Kruger, bij het Volk in achting en wel bekend met de geschiedenis des lands"¹²⁾ en verklaar dat Kruger „de eerste gezonde beginselen van den trek"¹³⁾ verteenwoordig. Terwyl Kruger vroeër geweier het om president te word, sal hy dit nou (na die Eerste Vryheidsoorlog) nie meer kan doen nie. Kruger het hom nie uit eie roem of eer aan die hoof van die Boereverset gestel nie, maar om „een machtig beginseel".¹⁴⁾

In die enkele werke van diē tyd wat deur gebore Afrikaners geskryf is, word eintlik nie meer oor Kruger vertel nie as dat twyfel uitgespreek word oor die wysheid van sy aanvaarding van die vredesvoorwaardes met die wapenstilstand en die Pretoria-konvensie: „Als de heer Kruger gezegd zou hebben, ik geef u (die Engelse) acht-en-veertig uur tijd om tot dit besluit te komen, anders gaan wij uw kamp bestormen, en de burgers waren daar zeer genegen toe, dan zouden de Engelschen zeker het land op eene honderdmaal voordeliger voorwaarde hebben afgegeven"-aldus J.D. Weilbach en C.N.J. du Plessis.¹⁵⁾ Ook C.P. Bezuidenhout¹⁶⁾ toon hom uiters skepties oor die vredesvoorwaardes en Kruger se aandeel daaraan.

Dit blyk dat interne Transvaalse verhoudinge in die tyd van president Burgers groot invloed uitgeoefen het op die uitbeel=

10) Ibid., bl. 5-6.

11) Lion Cachet, F., De worstelstrijd der Transvalers aan het volk van Nederland verhaald. Amsterdam, Kruyt, 1882.

12) Ibid., bl. 454.

13) Ibid., bl. 459.

14) Ibid.

15) Weilbach & Du Plessis, a.w. (kyk bl. 17 voetnoot 46).

16) Bezuidenhout, a.w. (kyk bl. 17 voetnoot 41).

ding van Paul Kruger in die bogemelde werke; Tromp en Roorda-Smit, as aanhangers van Burgers, staan onsimpatiek teenoor hom en beskryf hom as 'n onverfynde en ongeleerde Boer en lid van die „Dopper“-groep — in dit alles 'n regte „Backvelder“ — terwyl Burgers se groot teëstander, Lion Cachet Kruger loof as beliggaming van die gesonde beginsels in die Boere se strewe. Die twee Afrikaners wat net na die Eerste Vryheidsoorlog skryf, is veral beïnvloed deur die vredesvoorwaardes, wat vir hulle teleurstellend was en hulle meen dat Kruger hierin nie sterk genoeg opgetree het nie.

Hoewel al hierdie werke seker 'n invloed moes gehad het in die vorming van 'n beeld van Kruger onder die Nederlandse volk, is dit waarskynlik dat 'n gunstige beeld van Kruger oorheersend was, veral aangesien die Eerste Vryheidsoorlog groot simpatie met die Boere gewek het, en Kruger as een van die Boereleiers 'n bekende figuur geword het. By sy besoek aan Nederland in 1884 is selfs aan hom gevra of hy die seun is van dié Paul Kruger wat so 'n belangrike rol in die oorlog gespeel het.¹⁷⁾

2. Engelstalige werke

In die Engelstalige werke wat rondom die Eerste Vryheidsoorlog tot stand gekom het, word in hoofsaak op die militêre aspekte van die botsing ingegaan, en verder ook veral aan die Engelse optrede in Transvaal aandag gegee; oor Kruger as sodanig word weinig gesê.

'n Britse amptenaar in Transvaal, en later bekende romanskrywer, H. Rider Haggard¹⁸⁾ bestempel Kruger as 'n egte Boerepatriot en 'n uiters konserwatiewe man; hy is die leier van die „more bigoted and narrow-minded“¹⁹⁾ onder die Boere wat teen die Britse anneksasie gekant is. In Londen sou Kruger 'n verdraaide weergawe van die toestand in Transvaal aan Carnarvon gegee het — iets wat

17) Jonkman, H.F., De Transvaalsche deputatie. Amsterdam, De Amsterdammer, 1884, bl. 2.

18) Haggard, H.R., Cetywayo and his white neighbours. Londen, Paul, Trench & Trübner, 1902 (eerste uitgawe 1882).

19) Ibid., bl. 140.

Haggard „not very creditable“²⁰⁾ vir Kruger vind nie. Ook J. Nixon²¹⁾ toon hom geensins simpatiek teenoor Kruger nie. Hy vertel dat Kruger die Boere tot verset aangespoor het en dat hy tydens die oorlog die Bantoeheof, Magato — deur Nixon 'n „admirable gentleman“²²⁾ genoem — gedwing het om sy steun aan die Boere te gee. Hoewel Magato aanvanklik beleefd gebly het, kon sy volgelinge dit later nie meer uithou nie en het toe Kruger se lewe bedreig. Soos Haggard is Nixon baie simpatiek teenoor die Bantoes gesind, terwyl die Boere as verdrukke van die Bantoe bestempel word.²³⁾

In die werke van C.E. Norris-Newman en T.F. Carter²⁴⁾ word Kruger gunstiger beoordeel. Norris-Newman, wat Kruger in die Boerekamp ontmoet het, noem hom die leier van die „Doppers“, 'n goeie krygsman en „an honest man and a sincere patriot“²⁵⁾ wat alles in die stryd gewerp het ter wille van die Boeresak. Carter verwys na hom as een van die meer verantwoordelike Boereleiers, een van die „men of sense“²⁶⁾ wat besef dat die Boere nie te hoë eise by die vredesberaad kan stel nie.

Ook in die Engelse oordeel oor Kruger blyk dus 'n sterk subjektiewe element, veral in die werke van Haggard en Nixon wat uit 'n Brits-imperiale en filantropies-beïnvloede gesigspunt geskryf is; hulle sien Kruger as 'n opstoker teen Britse gesag, 'n onbeskaafde Boer wat die naturelle wreed behandel. Die oordeel van Norris-Newman en Carter is duidelik meer nugter en objektief, en hulle beskou hom as 'n betroubare, verantwoordelike Boereleier.

20) Ibid., bl. 180.

21) Nixon, J., The complete story of the Transvaal from the „Great Trek“ to the Convention of London. Londen, 1885.

22) Ibid., bl. 234.

23) Vgl. Van Jaarsveld, Ou en nuwe weë, bl. 11.

24) Norris-Newman, C.L., With the Boers in the Transvaal and Orange Free State in 1880-1. Londen, Abbott & James, 1882; Carter, T.F., A narrative of the Boer war. Its cause and results. Londen, MacQueen, 1896.

25) Norris-Newman, a.w., bl. 393.

26) Carter, a.w., bl. 462.

B. Geskiedskrywing in die jare 1890 - 1905

Hoewel die belangstelling in Transvaal na die Eerste Vryheidsoorlog weer afgeneem het, het die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in 1886 nog groter, hierdie keer byna wêreldwye, belangstelling in Transvaal gewek. Daar is veral oor die goudmyne en die ekonomiese toestande in Transvaal geskryf, terwyl die agitاسie van die Uitlanders om stemreg en die Jamesoninval in 1896 nog meer geskrifte oor Transvaal laat verskyn het en die belangstelling meer in politieke rigting gelei het. Die Tweede Vryheidsoorlog sou die aandag van byna die hele beskaafde wêreld op Suid-Afrika laat toespits, en 'n massa werke oor Suid-Afrika sou in hierdie tyd gepubliseer word. In dié tyd (1890-1905) is waarskynlik meer oor Kruger geskryf as in alle latere jare saam.

1. Engelstalige werke

Verreweg die grootste deel van die werke oor Transvaal, die Witwatersrand, die Uitlanders en Kruger uit die onderhawige tydperk is in Engels geskryf. In die meeste daarvan word die Engelse beleid teenoor Transvaal in alle opsigte gesteun, en is duidelik „anti-Kruger“. Daar is enkele werke waarin Kruger se beleid verdedig en dié van die Engelse veroordeel word, die „pro-Kruger“-groep. Slegs 'n klein groepie skrywers hang nie een van die twee partye direk aan nie.

Reeds in 1889 het 'n sekere E.J. Gibbs 'n geskrif die lig laat sien waarin hy aan sy mede-Uitlanders vra: „are we then to sit still and allow President Kruger to rule over us if we were settlers in Spain or Portugal?“²⁷⁾ Hy meen Kruger se optrede toon dat hy hom op gelyke voet met koningin Victoria beskou en is daarvan oortuig dat Kruger Engelse invloed in sy land vrees; aan gesien die Engelse die Boere in getalle begin oortref, sou Kruger heel waarskynlik die stemregkwalifikasies vir die Uitlanders ver-

27) Gibbs, E.J., England and South Africa. Londen, Green, 1889, bl. 40.

hoog, en daarom spoor Gibbs sy mense aan om te sorg dat die bestaande posisie t.o.v. stemreg behoue bly.²⁸⁾

Dit is egter veral na die Jameson-inval dat 'n hele aantal Uitlanders die pen opgeneem het om hul saak te verdedig en Kruger se beleid aan te val. A.M. Mann skryf dat Kruger hom in sy beleid om die republieke te versterk nóg aan die Uitlanders nóg aan die Transvaalse burgers steur; hy tree op as 'n diktator. As hy vertel van die selfmoord wat een van die Reformerleiers in die Pretoriase tronk gepleeg het, raak hy baie emosioneel: „Therefore does this government stand impeached for God; for the crime of blood-guiltiness lies at the door of the Ruler at Pretoria”.²⁹⁾ Een van die Reformer-leiers self, J.P. Fitzpatrick bestempel Kruger as 'n interessante figuur, 'n man met groot persoonlike moed, maar ook as uifers konserwatief en iemand wat teen die gees van vooruitgang veg.³⁰⁾ Mense wat Kruger in sy huis besoek het, skets hom as bygelowig, skynheilig en diktoriaal, en sy regering as „a relic of barbarism”. Hy is 'n „ignorant peasant” wat 'n hoogs beskaafde meerderheid (die Uitlanders) onderdruk.³¹⁾

In 'n aantal duidelik onwetenskaplike werke word vertel dat Kruger die leier is van 'n Afrikanersameswering om die Engelse uit Suid-Afrika te verdryf „to make South Africa a large and despotic Krugerland”.³²⁾ Sy optrede t.o.v. die Betsjoeanalandkwessie en noordwaartse uitbreiding word gesien as pogings om Suid-Afrika

28) Die stemregkwalifikasies vir nuwelinge in die Z.A.R. is eers in 1890 verhoog.

29) Mann, A.M., The truth from Johannesburg. A vindication of the people. Londen, Hutchinson, 1896, bl. 127.

30) Vgl. Fitzpatrick, The Transvaal from within, bl. 2.

31) Vgl. Little, W.J.K., Sketches and studies in South Africa. Kaapstad, Juta, 1899, bl. 58-62; Devereux, a.w., bl. 69, 74.

32) Gluckstein, S.M., Queen or president? An indictment of Paul Kruger. Londen, Grant & Richards, 1900, bl. 89.

in te palm ten koste van Engeland.³³⁾

Aangesien die skrywers van hierdie werke duidelik daarop uit was om 'n bepaalde doel te bevorder, is die openlike propagandisme daarin, ook in die beeld wat van Kruger gegee word, nie onbegryplik nie. Dit is egter ook in werke wat suiwer as geskiedewerk bedoel is, dat 'n uiters ongunstige prentjie van Kruger geskilder word, bv. bv. in dié van Alexander Wilmot. In sy uitgebreide werk oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis van die 19de eeu³⁴⁾ toon hy wel heelwat begrip vir Kruger se optrede teenoor Burgers en die Britse anneksasie, maar t.o.v. sy beleid as president is is hy baie krities, selfs subjektief-krities. Hy verwyt Kruger dat sy optrede onvriendelik teenoor die Kaapse Afrikaners is³⁵⁾ en vertel dat hoewel Kruger — wat hy „our South African Cromwell“³⁶⁾ noem — gesê het dat hy eer bo rykdom verkies, hy tog 'n hele fortuin gemaak het en nie afkerig van omkoopgeskenke is nie.³⁷⁾ In sy Uitlanderbeleid toon Kruger hom 'n „pharaoh who never knew the Joseph of the mining industry, upon which as upon a lace. the entire prosperity of the country existed“.³⁸⁾ Hy is 'n „shrewd and cunning statesman“, maar tog ook „a very prejudiced man in love with concessions and suspicious of the Uitlanders“.³⁹⁾

33) Werke waarin Kruger se optrede as deel van 'n Afrikanersameswering teen Brittanje gesien word, is o.m.: Gluckstein, a.w.; Bell, F.W., The South African conspiracy. Or the aims of Afrikanerdom. Londen, Heinemann, 1900; Buttery, J.A., Why Kruger made war. Or behind the Boer scenes. Londen, Heinemann, 1900; Markham, Violet R., South Africa past and present. An account of its history, politics and native affairs. Londen, Smith & Elder, 1900; Scoble, J. & Abercrombie, H.R., The rise and fall of Krugerism. Londen, Heinemann, 1900.

34) Wilmot, A., The history of our own times in South Africa. (Kyk bl. 151 voetnoot 151).

35) Ibid., dl. II, bl. 56.

36) Ibid., dl. II, bl. 108.

37) Ibid.

38) Ibid., dl. III, bl. 84.

39) Ibid., dl. III, bl. 281.

Wilmot kan nie begryp waarom Kruger so teen die idee van Britse susereiniteit gekant is nie; hy aanvaar dan die Londenkonvensie, waaruit Brittanje se „paramount rights" tog duidelik blyk.⁴⁰⁾

In 'n ander geskrif,⁴¹⁾ wat na die oorlog verskyn het, laat Wilmot hom in nog duideliker taal oor Kruger uit: „Ignorance with prejudice reigned supreme, and in its wake followed corruption. Under the superstition based on the Old Testament, which formed the religion of Krugerism, there was no room for either the coloured man or the Uitlander... Nothing was too high handed for Krugerism, ...foulest hypocrisy was added to injustice and Krugerism posed as a security system".⁴²⁾ Kruger het hom in hierdie optrede laat lei deur sy onsterflike haat teen die Engelse en sy geloof dat die Boere die uitverkore volk van God is. Wilmot meen dat Kruger eintlik op oorlog afgestuur het en daarna sy mense aangespoor het om tot die bittere einde te veg.⁴³⁾

Vir Wilmot is Kruger 'n tipiese Boer⁴⁴⁾ in sy bekrompe, begelowige en fanatieke stryd teen al wat Engels is en wat vooruitgang bring. Hy interpreteer Kruger se beleid vanuit sy eie Britse, pro-imperiale uitkyk en toon nie alleen gebrek aan begrip nie, maar ook vooroordeel teenoor Kruger en sy optrede, wat in die pad van die Britse ryk in Suid-Afrika staan.⁴⁵⁾

Die vroeë biograwe van sir Alfred Milner⁴⁶⁾ en Cecil Rhodes⁴⁷⁾ toon hul ook as groot voorstanders van die Britse ryk in Suid-Afrika en skryf van Kruger se „intolerable tyranny" en die

40) Ibid., dl. III, bl. 283.

41) Wilmot, A., The history of South Africa. Londen, Kegan Paul, 1901 (hersiëne uitgawe).

42) Ibid., bl. 205.

43) Vgl. Wilmot, A., South Africa men of mark. 3de reeks, 1912, bl. 14.

44) Vgl. Ibid., bl. 11.

45) Vgl. Van Jaarsveld, Ou en nuwe weë, bl. 11-12; Van Rooyen, Die Bantoe in die Suid-Afrikaanse historiografie (Cronjé (red.), a.w. bl. 138).

46) Iwan-Müller, a.w.; Worsfold, a.w. (Kyk bl. 156 voetnoot 170).

47) Maguire, a.w.; Verschoye, a.w. (Kyk bl. 151 voetnoot 151).

„unenfranchised serfs“⁴⁸⁾ in Transvaal. Kruger is die struikel= blok in die pad van die vereniging van Suid-Afrika en van voor= uitgang.

In werke oor die Tweede Vryheidsoorlog wat tydens en net na die stryd self geskryf is,⁴⁹⁾ word steeds vertel dat Kruger se beleid die oorlog veroorsaak het: Kruger „was determined to maintain by force of arms the absolute supremacy in the Transvaal of the most retrogressive and prejudiced section of the Dutch population, with the ambition ultimately to subject the whole of South Africa to the same domination. At its best it was a policy of selfish nationalism unalloyed with any admixture of political principle“.⁵⁰⁾ Ook word in die beskrywing van die oorlog soms vermeld dat Kruger, met sakke vol goud,⁵¹⁾ Pretoria stilletjies⁵²⁾ verlaat het toe die gevaar gedreig het en sy arme vrou in die hande van die Engelse gelaat het⁵³⁾ en dat Kruger „slupk from South Africa ... in the grey of dawn. With the almost secrecy he was smuggled to the sea to evade not his foes the British, but his dupes the Boers“.⁵⁴⁾ Enkele skrywers meen dat Kruger vanuit Europa die Boere nog sterk beïnvloed het en hul aanspoor het om tot die einde toe te stry. Aan sy invloed word dit dan toegeskryf dat die Boere die stryd so lank voortgesit het.⁵⁵⁾

In verskillende geskrifte is 'n pro-Britse, selfs imperiale uitkyk gekombineer met 'n filantropiese pro-Bantoeskouing

48) Maguire, a.w., bl. 134.

49) O.a.: Amery, L.S. (red.), a.w. (kyk bl.151 voetnoot 151); Creswicke, L., South Africa and the Transvaal war. 7 dele, Edinburgh, Jack, 1900-1902; Maurice, F. & Grant, W.H., History of the war in South Africa, 1899-1902 (compiled by direction of His Majesty's government). 4 dele, Londen, Hurst & Blackett, 1906-1910; Doyle, A.C., The Great Boer War. Londen, Bell, 1901 (4de druk).

50) Vgl. Amery, a.w., dl. I, bl. 21.

51) Vgl. Doyle, a.w., bl. 449.

52) Vgl. Maurice & Grant, a.w., dl. III, bl. 94.

53) Vgl. Wilmot, South African men of mark, bl. 13.

54) Creswicke, a.w., dl. VI, bl. 124.

55) Vgl. Omond, G.W.I., The Boers in Europe. A side light on history. Londen, Black, 1903, bl. 8; Bleloch, W., The new South Africa; its value and development. Londen, Heinemann, 1902, bl. v.

waarin die Boere beskuldig word van wrede en onderdrukkende optrede teenoor die naturelle — 'n beskouing wat aansluit by dié van skrywers oor Suid-Afrika in die dae voor die Groot Trek. W.D. MacKenzie, seun van die Betsjoeanalandse sendeling, John MacKenzie, het hom sterk uitgelaat oor Kruger se „filibustering expeditions, against native tribes”.⁵⁶⁾ Hy juig oor die verlatting van Schoemansdal in 1867; dit was 'n „native triumph”.⁵⁷⁾ F.A. MacKenzie sluit in sy biografietjie van Kruger⁵⁸⁾ by hierdie beskouing aan as hy hom nie net as verdrukker van die Uitlanders nie, maar ook van die naturelle voorhou.

Hoewel die meeste van hierdie werke geskryf is deur mense wat in Suid-Afrika gewoon of dit ten minste besoek het, is hulle deurgaans in Engeland gepubliseer en ook daar versprei. Waar in dié werke Kruger se optrede egter hoofsaaklik bekyk is vanuit die oogpunt van Engelse belange in Suid-Afrika, het in Brittanje self die partypolitiek ook 'n invloed gehad op die interpretasie van Kruger se persoon en beleid. In 'n „character sketch” van Kruger in 'n Britse tydskrif (1896) word lede van die Engelse Liberale Party wat hul simpatiek oor Kruger uitgelaat het, belaglik gemaak en aangetoon dat Kruger alles behalwe liberaal is: „Oom Paul is not a man of this generation. He is a anachronism in the nineteenth century, a belated survival of the generation that fought under William the Silent”.⁵⁹⁾ Ook lede van die Liberale Party wat teen Kruger se beleid gekant was, het hom as aarts-konserwatief voorgestel: „He dislikes change because it is change, and reform because it is reform. He has no sympathy with progress”.⁶⁰⁾

Dit blyk dus dat 'n propagandistiese element in al hierdie werke in mindere of meerdere mate aanwesig is: die Britse op-

56) MacKenzie, W.D., South Africa: its history, heroes and wars. Londen, Marshall, 1899, bl. 491.

57) Ibid., bl. 246.

58) MacKenzie, F.A., a.w. (kyk bl. 74-76, waar die werk bespreek word).

59) Anon., Character sketch: Paul Kruger, president of the South African Republic (Review of reviews, 1896, bl. 206).

60) Paul, H.W., The conservatism of president Kruger (Contemporary review, Julie 1899, bl. 1-13).

trede in Suid-Afrika moet geregverdig word, en daarom moet Kruger se optrede, maar ook sy persoon, so ongunstig moontlik voorgestel word. Daar word vertel dat hy ydel, dom, wreed en geldgierig is; sy lewenswyse is agterlik en onbeskaafd, sy beskouinge konserwatief en bekrompe. Sy godsdienst word vergelyk met die Puriteinse Calvinisme in die dae van Cromwell om daarmee ook aan te toon dat hy uit pas met sy tyd is. Soms is hy in sy godsdienst ook voorgestel as bygelowig, fanatiek en hipokrities. Wat sy lewensgeskiedenis betref, is sekere aspekte oorbeklemtoon en verdraai. In sy vroeë loopbaan was hy 'n „filibuster“ wat die Vrystaat ingeval het op 'n veel onregmatiger wyse as Jameson later in Transvaal sou doen. Na die anneksasie van 1877 was hy 'n Britse amptenaar.⁶¹⁾ As staatshoof het hy gestreef na oorheersing van die hele Suid-Afrika deur homself en sy volk. Sy bestuur is korrupt, verouderd en diktatoriaal; dit is verdrukkend en ondraaglik vir die Uitlanderbevolking en moet vernietig word.

Teen hierdie propagandisme, die agitاسie teen die Transvaalse regering, het enkele persone in verzet gekom en Kruger se bewind verdedig. Die Krugerapologete was hoofsaaklik daarop uit om die bewerings van sy beskuldigers te weerlê; dit het vir hul daarom gegaan om die beeld van Kruger wat algemeen in die Britse pers gegee is, af te breek, maar nie soseer om 'n duidelike nuwe beeld van Kruger daarvoor in die plek te stel nie. Daarom is die voorstelling van die Krugerfiguur in dié werke dikwels eensydig „pro-Kruger“. Reeds in 1896 skryf W.F. Regan wat „the true history of the late events in South Africa“ wil weergee⁶²⁾ dat Kruger nie 'n onbekwame man en outokraat is, soos hy voorgestel is nie, maar 'n regverdige mens wat geregverdigde griewe van die Uitlanders uit die weg sal ruim en wat al die eienskappe besit wat 'n goeie regeerder nodig het.⁶³⁾ Kruger se godsdienst het onder die Engels=

61) Vgl. Anon., Character sketch: Paul Kruger, president of the South African Republic (Review of reviews, 1896, bl. 204-218), waarin Kruger se lewe beskryf word onder hoofde soos „Kruger the Voortrekker“, „Kruger the filibuster“ en „Kruger as British official“.

62) Regan, W.F., Boer and Uitlander. The true history of the late events in South Africa. Londen, Digby & Long, 1896.

63) Vgl. ook Withers, H., The English and Dutch in South Africa. Londen, Wilson, 1896, bl. 213-215.

sprekendes ook bewondering gewek en daar is selfs geskryf dat hy, in teenstelling met Chamberlain, volgens ware Christelike oortuiginge handel.⁶⁴⁾ 'n Suid-Afrikaansgesinde Engelssprekende soos Olive Schreiner toon groot begrip vir Kruger se optrede en spreek die hoop uit dat hy 'n versoenende beleid teenoor die Uitlanders sal volg: „Great old man, first but not last of South Africa's great line of rulers, you have shown us you could fight for freedom; show us you can win peace".⁶⁵⁾

Sommige skrywers het sō 'n groot bewondering vir Kruger se persoon dat hulle nie kan glo dat hy verantwoordelik is vir sekere optredes van die Transvaalse regering wat hulle veroordeel nie. G.H. Thomas beskryf hom as 'n „exemplary Christian" en 'n „great old Boer"⁶⁶⁾ wat die slagoffer is van die Afrikanerbond en die Hollanderklik in Pretoria. 'n Ander skrywer weer glo dat Kruger net 'n „picturesque figurehead" is.⁶⁷⁾

Een van die belangrikste en mees effektiewe propagandiste vir die Boere en vir Kruger was F.R. Statham.⁶⁸⁾ In 'n vorige hoofstuk is reeds daarop gewys dat hy, ook met sy Krugerbioografie, gepoog het om Kruger se beleid te verdedig.⁶⁹⁾ Soortgelyke werk is gedoen deur W.T. Stead; „then President Kruger was not so obstinate and pig-headed as represented", lui 'n vraag in kategismusstyl in een van sy geskrifte, en dan word sekere bewegings oor hom weerlê.⁷⁰⁾

- 64) Cios (pseud.), Life in Afrikanderland as viewed by an Afrikaner. Digby & Long, Londen, 1897, bl. 221.
- 65) Schreiner, Olive, An English-South African's view of the situation. Londen, Hodder & Stoughton, (1899), bl. 95.
- 66) Thomas, C.H., Origin of the Anglo-Boer war revealed. Londen, Hodder & Stoughton, 1900, bl. 210.
- 67) Tangye, H.L., In new South Africa. Travels in Transvaal and Rhodesia. Londen, Simpkin, Marshall, Hamilton & Kent, 1896.
- 68) Vgl. Galbraight, J.S., The pamphlet campaign on the Boer War (Journal of modern history, Junie 1952).
- 69) Kyk bl. 47.
- 70) Stead, W.T., The candidates of Cain. A cathecism for the constituencies. Londen, Stop-the-war-committee, (1900), bl. 42. Stead was voor die uitbreek van die oorlog nie so goedgesind teenoor Kruger se beleid nie, en was, as redakteur van die Review of reviews, moontlik die skrywer van die artikel waarna in voetnote 59 en 61 verwys is.

Hoewel die Krugerapologete ook kritiek op Kruger se beleid uitgeoefen het, het hulle, in diens van hulle doel, Kruger tog so gunstig as moontlik probeer voorstel. "n Duidelike beeld van Kruger as staatsman en as persoon het hulle, ook Statham, nie gegee nie.

Daar is ook 'n aantal werke waarin nōg 'n duidelike anti-nōg 'n pro-Krugerhouding spreek, bv. in die diē van sommige besoekers aan Transvaal. Uit J.A. Hobson en F. Younghusband⁷¹⁾ se beskrywinge blyk bv. 'n kritiese, maar nie onsimpatieke benadering tot Kruger en sy beleid nie. Hobson sien hom as „a man of narrow, deep-set political convictions, who has helped to make the entire history of his nation”.⁷²⁾

Ook die geskiedskrywer, G. McC. Theal toon 'n redelik-objektiewe benadering as hy oor Kruger handel. In 'n werk wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog verskyn het,⁷³⁾ sê hy van Kruger: „In every important event in the history of his country (Transvaal) this determined, courageous, and highly intelligent, but illiterate man was an actor, even to the framing of the constitution, though he was ignorant of jurisprudence as a little child”.⁷⁴⁾ Kruger het altyd groot invloed onder die burgers gehad en was ook in alle opsigte „embodiment of their spirit”.⁷⁵⁾ Sy vrees vir Uitlander-oorheersing, waarin hy dan ook die gevoel van sy burgers vertolk het, het sy hele optrede teenoor hulle bepaal. „Unfortunately however, though he was possessed of many high qualities, he was not gifted with the wisdom and prudence so much needed in the difficult position he occupied”,⁷⁶⁾ en in plaas daarvan dat hy die vreemdelinge met sy regering probeer versoen het, het hy „in a

71) Hobson, a.w., Younghusband, a.w. (kyk bl. 125 voetnoot 30).

72) Hobson, a.w. bl. 15.

73) Theal, Progress of South Africa in the century.

74) Ibid., bl. 369.

75) Ibid., bl. 475.

76) Ibid.

high handed manner"⁷⁷⁾ teenoor hulle opgetree. Die ergste was nie dat hy die stemreg van hulle weerhou het nie, maar dat hy deur die monopolie- en spoorwegbeleid hul ekonomies benadeel het. Hier= deur moes die Uitlanders op die idee kom om deur politieke invloed te probeer om hierdie dinge uit die weg te ruim.

Theal toon heelwat begrip vir Kruger se persoon en probeer die redes vir sy optrede aantoon, wat egter nie wil sê dat hy sy Uitlanderbeleid kan goedkeur nie. In sy interpretasie van Kruger se beleid toon hy 'n onafhanklike en wetenskaplike uitkyk.

'n Besondere groep Engelstalige werke wat iets van Kruger meld, is die wat deur Amerikaners geskryf is. In die algemeen staan hierdie skrywers krities, maar redelik onbevooroordeeld teen= oor die toestand in Suid-Afrika en die optrede van Kruger. 'n Enkele skrywer probeer die Engelse beleid in Suid-Afrika verdedig,⁷⁸⁾ ander getuig egter van groot bewondering vir sy persoon. Dit blyk nie net uit geskifte van mense wat Kruger besoek het, soos dié van H.C. Hillegas en P. Bigelow⁷⁹⁾ nie, maar ook uit verskil= lende geskiedwerke oor Suid-Afrika wat in dié tyd in Amerika ver= skyn het. H.H. Beck beskryf Kruger as „a sturdy old fighter and a shrewd diplomat”,⁸⁰⁾ Suid-Afrika se „Grand Old Man”.⁸¹⁾ Hy is 'n versiene staatsman, meen L.R. Hooker,⁸²⁾ terwyl 'n ander skrywer hom selfs met die Amerikaanse vryheidsheld, George Washington ver= gelyk.⁸³⁾

77) Ibid.

78) Bv. Ireland, A., The Anglo-Boer conflict. Its history and causes. Boston, Small & Manyard, 1900; Harding, W., War in South Africa and the dark continent from savagery to civilization. Chicago, Dominion, (1899).

79) Vgl. bl. 125.

80) Beck, a.w., bl. 93.

81) Ibid., bl. 201.

82) Hooker, le R., The Afrianders. A century of Dutch-English feud in South Africa. Chicago, Rand & MacNally, 1900, bl. 190.

83) Fisher, S.G., The American revolution and the Boer war. Philadelphia, Sunday Times, 1902, bl. 20.

In 'n klein werkie, "Oom Paul" Kruger. The lion-hearted patriot,⁸⁴⁾ vergelyk C.F. Wingate hom met mense soos Cato die Ouere uit die Romeinse tyd en Stonewall Jackson — 'n figuur uit die eie, Amerikaanse geskiedenis. Kruger is "a type of the primitive man unspoilt by civilization".⁸⁵⁾ Wingate vertel 'n aantal staaltjies oor hom wat sy eenvoud, karaktervastheid en godsdienst illustreer. Kruger se beleid word simpatiek beskryf; hy is nie 'n outokraat nie, maar 'n konstitusionele regeerder, en sy beleid teenoor die Uitlanders is wel eng, maar opreg bedoel. Kruger is nie 'n fanatikus nie en baie vatbaar vir vriendelikgesinde invloed.

Dit is duidelik dat verskillende Amerikaners, al kan hul sy beleid nie direk verdedig nie, tog sy persoon bewonder: hy is 'n man uit een stuk, 'n ongekompliseerde karakter, 'n kleurryke figuur. In vele opsigte herinner hy hulle aan hul eie groot manne.

2. Nederlandstalige werke

Ook in hierdie tydperk is die meeste Nederlandstalige werke oor Transvaal en oor Kruger deur Nederlanders wat 'n tyd in Suid-Afrika vertoef het, of daar kom woon het, geskryf. Enkele Afrikaners het, ook in die Nederlandse taal, oor die gebeure van die eie tyd geskryf.

Die werke van Drr. H.P.N. Muller en E.J.P. Jorissen⁸⁶⁾ toon 'n krities-objektiewe maar nie onsimpatieke siening nie van Kruger se persoon en beleid. Soos reeds aangetoon,⁸⁷⁾ skilder Muller Kruger as 'n tipiese Boer, wat sy mense soos 'n ware vader regeer. Vir sy beleid toon hy groot waardering. Jorissen wys

84) Wingate, C.F., "Oom Paul" Kruger. The lion-hearted patriot. New York, Malkam, s.j.

85) Ibid., bl. 40.

86) Muller, H.P.N., Oom Paul; Jorissen, Transvaalsche herinneringen, 1876-1896.

87) Bl. 71-74.

op Kruger se ouderwetse Boere-uitkyk: „Voor hem draait de zon om de aarde. Het oude volk van God vindt in hem, in zijn stamgenoten, de geordineerde voortzetting, waarbij het Nieuwe Verbond geleidelijk het oude aanvult".⁸⁸⁾ Jorissen meen ook dat dit nie in Kruger se karakter lê om openhartig "n onreg te erken nie — hierdie stelling maak hy egter n.a.v. sy ontslag as staatsprokureur, van die Z.A.R. en is duidelik daardeur beïnvloed.⁸⁹⁾

Veral na die Jamesoninval het die belangstelling in Nederland in die lotgevalle van die Boere in Transvaal opgeleef. Kruger se „onaantastbare grootheid" en „kalme eenvoud",⁹⁰⁾ soos dit veral in hierdie krisis geblyk het, word geloof, en hy word geteken as „een zoon van het volk" vir wie dit niks ongewoon is om leeuus in die „oerwoud" te jag nie.⁹¹⁾ Oor die heldedade van die stamgenote in Suid-Afrika is in romans en jeugboeke soos die van L. Penning⁹²⁾ geskryf. In hierdie werke kom Kruger ook as agtergrondsfiguur voor as een van die stoere Boere-leiers, 'n „eenvoudige, ongeletterde Voortrekker".⁹³⁾ W. Brouwer het selfs 'n boek vir die jeug oor Kruger geskryf waarin hy as voorbeeld vir die jeug voorgelê word.⁹⁴⁾

Dit skyn asof dit veral die Calvinistiese volksdeel in Nederland was, waartoe Penning en Brouwer behoort het, wat groot bewondering vir Kruger gehad het. Hulle het nie, soos die meer liberaal-denkendes — waartoe H.P.N. Muller en E.J.P. Jorissen gereken kan word — Kruger se godsdienst verouderd gevind nie; die

88) Jorissen, Transvaalsche herinneringen, 1876-1896, bl. 17.

89) Ibid., bl. 131.

90) Oosterbaan, N., De Afrikaansche Boer. Kijkjes in zijn verleden en heden. Middelburg, Le Cointre, 1896, bl. 6. Vgl. ook Van Citters, W., Zuid-Afrika voor en na dr. Jameson's inval in de Transvaal. s'Gravenhage, Van Stockum, 1897, bl. 33-34.

91) Oosterbaan, a.w. bl. 6.

92) Vroeë werke van Penning oor Suid-Afrika is o.a.: De ruiters van Zuid-Afrika. Een verhaal uit de dagen van Jameson en Krugersdorp. Kaapstad, Dusseau, 1898; De scherpschutters van Zuid-Afrika. Een verhaal uit den Vrijheidsoorlog 1880-1881. Gorinchem, Duym, 1897.

93) Penning, De Ruiters van Zuid-Afrika, bl. 36.

94) Brouwer, a.w. (kyk bl. 87-88).

eenvoud van sy Calvinistiese geloof het juis tot hulle gesprek.

Die Jamesoninval het ook onder die Afrikaners as aanspooring gedien om na die pen te gryp. N.J. Hofmeyr het sy uitgebreide werk oor dié gebeurtenis opgedra aan Kruger „wiens edele grootheid op den donkeren afgrond van het verraderlijk komplot tegen den Staat, zoo helder te voorschijn trad, dat hij zijne vijanden zelfs eerbied afdwong”.⁹⁵⁾ Ook C.N.J. du Plessis laat hom in sy werk oor die Transvaalse geskiedenis nie anders as gunstig oor Kruger se optrede uit nie en loof sy houding in die Jamesoninval.⁹⁶⁾ Hy meen ook dat die Boere se verset teen die Britse anneksasie van 1877 nie sonder Kruger se leiding sou geslaag het nie; as Kruger nie daar was nie, dan was dié protes „aldaar gestorven en begraven”.⁹⁷⁾

Van Oordt se biografie van Kruger staan ook in die teken van die Jamesoninval. In hierdie eerste redelik uitgebreide geskiedenis van Kruger se lewe word sy beleid as president van die Z.A.R. geprys en sy edelheid en grootheid van karakter geroem. Toe met die Tweede Vryheidsoorlog veel oor die Boere en hul stryd geskryf is, is Kruger se geskiedenis behandel op grond van die gegewens deur Van Oordt meegedeel.⁹⁸⁾ Hy is ook deurgaans voorgestel as ’n stoere, edele figuur, die leier van die arme onderdrukte Boerevolk.⁹⁹⁾

95) Hofmeyr, N.J., De Afrikaner-Boer en de Jameson-inval. Kaapstad, Dusseau, 1896, bl. 8.

96) Du Plessis, C.N.J., Uit de geschiedenis van de Zuid-Afrikaansche Republiek en van de Afrikaanders. Amsterdam, De Bussey, 1898, bl. 88.

97) Ibid., bl. 16.

98) Vgl. bl. 138.

99) Sō ’n voorstelling kom o.m. voor in: Klok, a.w.; Kolstee, H.J., Transvaal album. Amsterdam, Boon, s.j.; Penning, L., Verdedigers en verdrukkers der Afrikaansche vrijheid. s^tGravenhage, Voorhoeve, (1902); Van der Loo, C.J., Om leven en vrijheid! Geschiedenis der oud-Hollandsche republieken in Zuid-Afrika. Arnhem, Cohen, 1901; Van Hesteren, J.N., Het land van Kruger en Steyn. Utrecht, Van der Stal, 1901.

Hoewel die meeste werke wat in Nederland oor die Tweede Vryheidsoorlog geskryf is, van meer populêre aard was en veral daarop gemik was om die heldedade van die Boere te prys, was daar ook enkele skrywers wat gepoog het om die Suid-Afrikaanse situasie dieper te ontleed. In die geskrifte van Abraham Kuyper — 'n groot leiersfiguur onder die Nederlandse Calviniste — en Charles Boissevain¹⁰⁰⁾ is die Engelse beleid teenoor Transvaal op 'n skerpsinnige wyse geanaliseer en aan die kaak gestel. C.K. Elout¹⁰¹⁾ het die situasie as 'n kultuurbotsing geïnterpreteer; hy meen dat Kruger in sy beleid veral kulturele oogmerke gehad het: hy wou die Boere se kultuur bewaar en hulle ook op 'n hoër kultuurvlak bring. Hoewel Kruger die Boere graag op die „gelukkige“ kultuurvlak¹⁰²⁾ waarop hulle hul bevind het, sou wil laat bly het, het hy besef dat dit nie moontlik was nie. Elout stel Kruger in sy optrede as vooruitstrewend en versierende voor. Ook N. Mansveld, voormalige superintendent van onderwys in die Z.A.R., verklaar dat Kruger sy republiek in 'n moderne kultuurstaat wou omskep.¹⁰³⁾ In 'n analise van die Suid-Afrikaanse situasie vanuit ekonomiese oogpunt¹⁰⁴⁾ sê H. Visscher dat Kruger se ekonomiese beleid te konserwatief was en dat hy as, „de slimme, sluwe, logisch denkende verpersoonliking van een deel zijner landgenoten, de takharen, de conservatieve Boeren“¹⁰⁵⁾ die wese van die ekonomiese probleem nie begryp het nie. Visscher meen dat Kruger om politieke redes teen die kapitalisme was, maar nie die arbeidsbeweging aan die Rand as sodanig simpatiek gesind was nie. Dit is dan ook veral uit die oogpunt van die arbeider en met 'n sosialistiese uitkyk,

100) Kuyper, A., La crise sud-africaine. Parys, Perrin, 1900; Boissevain, C., The struggle of the Dutch republics. Open letter to an American lady. Amsterdam, Handelsbladkantoor, 1900.

101) Elout, C.K., Der Kulturkampf in Süd-Afrika; ein Versuch zur Prüfung der Krüger'schen Kulturpolitik. Leipzig, Uhlig, 1901. (Vertaal uit Nederlands.)

102) Ibid., bl. 31.

103) Mansvelt, N., De betrekkingen tusschen Nederland en Zuid-Afrika sedert de verovering van de Kaapkolonie door de Engelschen. Utrecht, Breijer, 1902, bl. 135.

104) Visscher, J., De ondergang van een wereld. Historisch-ekonomiese studie over de oorzaken van de Anglo-Boer oorlog (1899-1902). Amsterdam, Wakker, (1903).

105) Ibid., bl. 111.

dat Visscher Kruger se beleid betrag. Dit gaan vir hom om die massa se welvaart; die persoon van Kruger boesem vir hom geen besondere simpatie in nie.¹⁰⁶⁾

Dit blyk dus dat verskil in denkrigting onder die Nederlanders ook in die interpretasie van Kruger en sy optrede deurge= werk het. Veral tussen die Calvinistiese volksdeel was daar groot begrip vir Kruger se godsdienstige oortuigings — iets wat nie die geval met die liberaal-gesindes was nie. Laasgenoemde groep staan egter ook baie simpatiek teenoor Kruger se stryd teen die Engelse, en dit was slegs by 'n sosialistiese skrywer soos Visscher dat daar nie vir sy persoon en sy strewe direk bewondering was nie; veral die Tweede Vryheidsoorlog, het die hele Nederlandse volk aangegryp en groot simpatie vir Kruger en sy Boere gewek.

Afrikaners het tydens die oorlog nie eintlik oor hul geskiedenis en die gebeure van die eie tyd geskryf nie, maar net na die stryd het sommige van die deelnemers hul oorlogsherinneringe opgeteken.¹⁰⁷⁾ In hierdie werke is egter nie veel oor Kruger gemeld nie, terwyl in die herinneringe van genl. Ben Viljoen nie veel simpatieks oor Kruger gesê word nie. Viljoen meen dat sowel Kruger as Rhodes die oorlog veroorsaak het en dat Kruger nog voor die oordeel van sy mense sal kom.¹⁰⁸⁾

Dit was egter eers etlike jare na die oorlog dat Afrikaners hul geskiedenis begin beskryf het en Kruger se rol daarin beoordeel het.

3. Duitse werke

Dit was veral na die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in 1886, toe Transvaal van ekonomiese belang geword het, dat werke in Duitse taal oor Suid-Afrika verskyn het.

106) Vgl. De Ru, a.w. (Hertzog-annale, Desember 1960).

107) O.m. het verskyn: Van Warmelo, a.w.; De Wet, C.R.; De strijd tussen Boer en Brit. Amsterdam, Hōveker, 1903; Viljoen, B., Mijn herinneringen uit den Anglo-Boeren oorlog. Amsterdam, Verstuys, 1902.

108) Viljoen, a.w., bl. 20-21.

Skrywers soos M. Klössel, F. Abraham en A. Wirth¹⁰⁹⁾ let dan ook veral op die ekonomiese situasie in Transvaal, waarby hul 'n kort oorsig van die Transvaalse geskiedenis gee. Kruger se beleid word krities, maar nie onsimpatiek nie, bekyk. Abraham beskryf Kruger as 'n „glühende Patriot“¹¹⁰⁾ en „ganz feine“¹¹¹⁾ politikus wat alles opgeoffer het in die vryheidstryd van sy volk. As president het hy egter onder invloed van „monopolistische Cliquen“¹¹²⁾ gekom. In sy ouderdom het hy tog nog die grondslae van die moderne staatshuishouding leer verstaan, en hy voer 'n harde stryd teen die konserwatiewe Volksraad om sy „liberalen Ideen“¹¹³⁾ te kan verwesenlik. A. Wirth meen dat Kruger se hoofoute „eine Masslose Rechthaberei“¹¹⁴⁾ en heerssug is. Tog wil hy steeds die beste hê vir sy mense. Hy het die kampvegter vir sy volk se leefwyse teen die vreemde invloed van die moderne beskawing geword: „Zäh und ausdauernd hält er fest an den alten Sitten“.¹¹⁵⁾ Hy is 'n energieke en vreeslose figuur en „ein frommer und gottesfürchtiger Mann“.¹¹⁶⁾ Die Duitse werke wat tydens en net na die Tweede Vryheidsoorlog verskyn het, toon ook deurgaans simpatie vir Kruger en sy strewe. Wilhelm Vallentin, wat 'n amptenaar van die republikeinse regering in Transvaal was, sê van Kruger se gestalte: „knorrig und hart erscheint die ganze Figur“.¹¹⁷⁾ Kruger sien sy amp as 'n taak deur God aan hom opgedra; hy is 'n vrome man wat

109) Klössel, M.H., Die Südafrikanischen Republiken: Burenfrei-
staaten. Leipzig, Mayer, 1888; Abraham, F., Die Südafri-
kanische Republik. Eine historische Skizze. Berlyn,
Goldminen-revue, 1896; Wirth, A., Geschichte Südafrikas.
Bonn, Georgi, 1897.

110) Abraham, a.w., bl. 28.

111) Ibid., bl. 24.

112) Ibid., bl. 39.

113) Ibid., bl. 50.

114) Wirth, a.w., bl. 64.

115) Ibid., bl. 65.

116) Ibid.

117) Vallentin, W., Die Geschichte der Südafrikanischen Republik:-
Transvaal. Berlyn, Paetel, 1902.

neig na „religiöser Schwärmerei“. ¹¹⁸⁾ Drr. Paul Liman en Haller von Ziegeler skryf in hulle werk oor die oorsake van die Vryheids-oorlog ¹¹⁹⁾ dat die groot verdienste van Kruger was dat hy die gevaar wat sy volk bedreig het tydig besef en stappe gedoen het om dit af te wend. Soos Vallentin onderskryf hul Kruger se beleid in hoofsaak. Liman en Von Ziegeler meen dat dit wel waar is dat Kruger 'n figuur is wat in die moderne tyd eintlik nie pas nie, maar dat dit hom nie 'n belaglike persoon maak nie: „Er mag der Repräsentant einer vergangener Zeit sein... aber seine Gestalt ist nicht sturvil sondern Ehrsucht gebietend, nicht komisch, sondern von Überwältigender Tragik ... die Zeit, an der er glaubt kann ihm nicht täuschen, weil er an ihr glaubt. Die Niederlage betrachtet er als Prüfung, das Elend als Strafe“. ¹²⁰⁾ Kruger, gehard deur 'n ruwe lewe en doelgerig in sy strewe, is 'n gestalte wat 'n mens aangryp, wie se lot „uns erschüttert“; ¹²¹⁾ „... sein ganzes Dasein ist ein lebendiger Protest gegen jene ihm fremde und verhasste Welt“. ¹²²⁾ In dit alles is Kruger die verpersoonliking van sy volk en vertoon hy ook „das Urbild des niederdeutschen Bauern“. ¹²³⁾

Soos in die Nederlandse is daar in die Duitse geskifte verskil in uitkyk op Kruger en sy opvattinge: mense soos Vallentin bekyk hom vanuit 'n meer liberale hoek; Liman en Von Ziegeler sien hom in sy oortuiginge en strewe as 'n tragiese figuur, wie se harde gestalte en vasberadenheid hulle herinner aan die Nederduitsch Boeremense van hul eie volk, en in die werkie Der Burenpräsident ¹²⁴⁾ word Kruger in sy eenvoudige, diep geloof as voorbeeld van die ware Christen geteken.

118) Ibid., bl. 47.

119) Kyk bl. 157 voetnoot 171.

120) Liman & Van Ziegeler, a.w., bl. 274.

121) Ibid.

122) Ibid., bl. 236.

123) Ibid.

124) Kyk bl. 75-76.

Ook in Duitsland het die Tweede Vryheidsoorlog groot simpatie vir die Boere onder die Duitse volk gewek en verskillende werke het die lig gesien waarin van Kruger, die leier van die Boerevolk, met simpatie en bewondering gepraat is.¹²⁵⁾

4. Franse werke

Soos die geval is met die Duitse werke, was dit veral ekonomiese redes wat ook by die Franse en Franse skrywers belangstelling in Transvaal en sy geskiedenis gewek het: in werke soos dié van E. Roels, G. Terrail en G. Aubert¹²⁶⁾ word dan ook groten=deels oor ekonomiese kwessies gehandel. Kruger se beleid word ook vanuit hierdie hoek bekyk en gekritiseer, wat nie beteken dat die Franse skrywers simpatiek teenoor die Uitlanderstrewe staan nie.

Terrail noem Kruger 'n „homme vénérable" en 'n „vieillard mystique"¹²⁷⁾ wat die Hand van God in sy denke en dade sien en glo dat hy in sy handeling deur die Heilige Gees geïnspireer word. Kruger voer onder sy mense 'n ware „dictature de persuasion".¹²⁸⁾ Sy maatreëls ten opsigte van ekonomiese hervorming is vir Terrail goed, maar onvoldoende, maar tog bewonder hy Kruger wat met sy maniere van 'n „sincère patriarche biblique"¹²⁹⁾ soos 'n rots is,

125) Dit blyk o.m. uit: Wenzelburger, a.w.; Seidel, A., Transvaal, die Südafrikanische Republik, historisch-geographisch, politisch, wirtschaftlich. Berlyn, Allgemeine Verein für Deutsche Literatur, 1900 (3de druk); Scheibert, J., Der Freiheitskampf der Buren und die Geschichte ihres Landes. Berlyn, Schröder, 1902; Kürschner, J. (red.), Die Buren und der südafrikanische Krieg. Charlottenburg, Deutscher Kunstverlag, (1902); Van Anrep-Elmt, M., Geschichte und selbsterlebtes aus Südafrika. München, Fischbacher, 1903; Von Lenk, H., Die Geschichte Transvaals. Leipzig, Reclam, (1903).

126) Roels, E., Boers et Anglais. Autour des mines d'or du Transvaal. Parys, Hennuyer, 1897; Terrail, G. (pseud.: Mermeix), Le Transvaal et la Chartered. La révolution de Johannesburg et les mines d'or. Parys, Ollendorf, 1897 (3de uitgawe); Aubert, G., Le Transvaal et l'Angleterre en Afrique du Sud. Parys, 1897.

127) Terrail, a.w., bl. 9.

128) Ibid., bl. 76.

129) Ibid., bl. 165.

'n rots waarop die Uitlanders klouter, maar wat hulle nie kan wegskuif nie. Terrail voorsien dat Kruger se beleid tot ernstige moeilikhede kan lei;¹³⁰⁾ tog bewonder hy sy standvastige optrede.

In die werk van G. Gilbert oor die Anglo-Boere-oorlog,¹³¹⁾ word Kruger se beleid geprys; die aanbou van die spoor na Delagoabaai word 'n *oeuvre géniale*¹³²⁾ van hom genoem. Kruger, die groot Boerepatriot het soos 'n wyse staatsman opgetree teenoor diegene wat die staat wou ondergrawe.

Onder die Franse was daar tydens die Tweede Vryheids-oorlog oor die algemeen groot simpatie met die Boere, al was daar ook skrywers wat die Engelse beleid in Suid-Afrika probeer verdedig het,¹³³⁾ en bewondering vir Kruger se karakter en strewe — soos ook blyk uit die entoesiastiese ontvangs wat hom in 1900 in Frankryk te beurt geval het,¹³⁴⁾ en die geskrifte uit dié tyd¹³⁵⁾ — ook al kon hulle sy godsdienst nie altyd begryp nie en het hulle 'n mistieke element daarin gesien.¹³⁶⁾

C. Latere geskiedskrywing

Die latere geskiedskrywing oor Paul Kruger word hier verdeel in drie groepe, nl. Afrikaanse, Engelse en ander werke. Omdat dit 'n bykans onbegonne taak is om die Engelse geskrifte wat in Suid-Afrika en dié wat in Groot-Brittanie ontstaan het, van mekaar te onderskei — veral omdat baie Suid-Afrikaanse werke in Brittanie uitgegee is — word dié geskrifte in een groep behandel.

130) Vgl. Ibid., bl. 165.

131) Gilbert, G., La guerre sud-africaine. Parys, Berger-Levrault, 1902.

132) Ibid., bl. 20.

133) Bv. Guyot, Y., Boer politics. Londen, Murray, 1900. (Vertaal uit Frans.)

134) Vgl. Daragon, a.w. en die bespreking daarvan op bl. 171.

135) Dit is interessant dat in die tyd selfs 'n Franse kinderboekie verskyn het waarin Kruger as verteller optree: De la Voie, J., Aventures de deux petits Boers contées par l'oncle Paul aux petits Français. Parys, Livre moderne, s.j.

136) Vgl. Syval, J., Le president Kruger en Europe (La vie illustrée, 16 November 1900).

1. Afrikaanse werke

Dat die Afrikaners in die eerste jare na die Tweede Vryheidsoorlog nie juis werke oor hul eie geskiedenis en ook oor Kruger se rol daarin, gelewer het nie, hoef nie te beteken dat Kruger en sy ideale in daardie tyd vergete was nie; intendeel, dit kan aangeneem word dat die gebeure van Kruger se presidentskap, wat aan die Tweede Vryheidsoorlog voorafgegaan het, nog vars in hul geheue was, en in 1909 is van Kruger geskryf: „In hem was vertegenwoordigd het konservatisme, de onafhankelijkheids-idē, de godsdienstige en politieke zienswijzen, de tradities, de taal, de zeden en de gewoonten, ja alles wat dat gedeelte van ons volk kenmerkt dat van de vroegste tijden af gestreefd heeft naar een zelfstandig en een onafhankelijk volksbestaan..... Is't Krugerisme door de oorlog vernietigd? Wij geloven niet. Het heeft zelfs al weer na de oorlog veel veld gewonnen, en het kan wezen dat hoewel tijdelijk gesmoord en onderdrukt, het toch later zal blijken dat het door de oorlog verscherpt geworden is, en uiteindelijk in Zuid-Afrika zal zegevieren”.¹³⁷⁾

In dieselfde jaar het J.H. Hofmeyr jr. en oud-president Reitz, 'n voormalige staatsekretaris van Kruger se regering, geskryf dat Kruger deur sy spoorweg- en Uitlanderbeleid onnodige vyande gemaak het en „een onaangename rol op het Afrikaansche toneel” gespeel het.¹³⁸⁾ Hulle verwyrt Kruger — op die vooraand van die unifikasie van 1910 — dat sy optrede nie 'n verenigde Suid-Afrika bevorder het nie.¹³⁹⁾

In ander geskrifte uit die jare net na die unifikasie word egter juis beweer dat Kruger hom beywer het vir 'n verenigde Suid-Afrika. J.A. Smith verklaar dat dit vir Kruger in al sy dade alleen daarom te doen was „om die vrede in Suid-Afrika en die wel-

137) Vorster, L.P., Onze kerk en ons volk (Lion Cachet, J. (red.), a.w., bl. 179).

138) Hofmeyr, J.H. & Reitz, F.W., Het leven van Jan Hendrik Hofmeyr (Onze Jan). Kaapstad, Van de Sandt de Villiers, 1913, bl. 378.

139) In 'n ander werk van J.H. Hofmeyr, South Africa. Londen, Benn, 1931, word Kruger se beleid ook gekritiseer omdat dit net met die Afrikanerement rekening sou gehou het en omdat hy nie 'n verenigde Suid-Afrika sou nagestreef het nie.

sijn van al haar inwoners te bevorder".¹⁴⁰⁾ 'n Ander skrywer het as Kruger se ideaal gesien „een eendrachtig sterk Zuid-Afrika",¹⁴¹⁾ en vir hom het Kruger die beliggaming geword van die groot Afrikaanse ideale „die niet sterven kunnen".¹⁴²⁾

Eric Stockenström het in 1923 in 'n lewenskets van Kruger,¹⁴³⁾ hoofsaaklik vir die jeug bedoel, gewys op verskillende lesse wat uit sy lewe gehaal kan word. Sy hoë ideale en sy heldemoed word as 'n voorbeeld voorgedou. Hy meen dat Kruger veral groot is omdat hy 'n man uit die volk was. Ook vertel Stockenström dat Kruger Suid-Afrika eerste gestel het en daarby vir 'n „eenstroom-politiek" gestry het.¹⁴⁴⁾ — Hierdie terme herinner sterk aan die wat in die Suid-Afrikaanse politiek van die dag gebruik is, veral in die geskilpunte tussen die Suid-Afrikaanse en die Nasionale Party, en Kruger se strewe word dus eintlik verbind aan dié van 'n bepaalde politieke rigting onder die Afrikaanse volk wateers na Kruger se tyd ontstaan het.

Met die 100-jarige herdenking van Kruger se geboortedag in 1925 het verskillende Afrikaanse werke oor hom verskyn. J.P. la G. Lombard het Kruger uitgebeeld as tipiese Afrikaner, 'n man uit die volk in alle opsigte, en ook beliggaming van die Afrikaanse vryheidstrewe.¹⁴⁵⁾ Gustav Preller het verklaar dat „Kruger se ideaal die grootheid en geluk van sy volk" was.¹⁴⁶⁾ Kruger het sy volk sien groei tot 'n gevestigde staat en het die krag van die nasionaliteitsbegrip geken; hy het gestreef om dit wat

140) Smith, J.A., Brit en Boer (Van Slachtersnek tot Jopie Fourie). Uit die geskiedenis van die laaste honderd jaar, 1814-1915. Kaapstad, Dusseau, 1917, bl. 123.

141) Anon., Paul Kruger. Levenschets (De Huisgenoot, Mei 1916).

142) Ibid.

143) Stockenström, E., Vername persone uit die geskiedenis van Hollands Suid-Afrika, dl. I. Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1923, bl. 162-180.

144) Ibid., bl. 173.

145) Kyk bl. 48-53.

146) Preller, G.S., President Kruger (Die Huisgenoot, 9 Oktober 1925).

bymekaar hoort op grond van godsdiens, taal en geskiedenis bymekaar te hou en ook ander daarvoor te wen. — Uit Lombard en Preller se uitlatinge blyk dat Kruger beliggaming geword het van die Afrikaanse nasionale strewe, van die vryheidsideaal wat ook na unie-wording nog bly voortleef het. Kruger is selfs geloof as die „allerhoogste verteenwoordiger van die Afrikaanse Volk" en as „daardie onbuigbare patriot, daardie arbeider van God, daardie liefhebber van vryheid vir sigself" — die beliggaming van alles wat edel van die Afrikaner is.¹⁴⁷⁾

Tog is daar in Afrikaanse geskiedwerke ook kritiek op Kruger se persoon en optrede uitgespreek: F.V. Engelenburg het Kruger nie as 'n bekwame boer of finansier beskou nie¹⁴⁸⁾ en Gustav Preller het getwyfel aan die kwaliteit van sy staatsmanskap, na aanleiding daarvan dat Kruger 'n Boervrou aangeraai het om haar gouddraende plaas vir 'n appel en 'n ei te verkoop. As Kruger regtig versierende was, sou hy dit nie gesê het nie, meen hy.¹⁴⁹⁾

In 'n werk oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis soos die van S.F.N. Gie,¹⁵⁰⁾ 'n geskoolde historikus, word egter deurgaans 'n gunstige oordeel oor Kruger se optrede gevel. Vir Gie is Kruger 'n ideale volksleier. Hy betreur dit dat Kruger nie reeds in 1872 president van die Z.A.R. geword het nie;¹⁵¹⁾ dan sou sake waarskynlik anders verloop het. Kruger is „die grootste verpersoonliking van die kragte en deugde en van die konserwatisme van die Calvinistiese veeboerpionier",¹⁵²⁾ wat ook na sy reise na Europa dieselfde Bybelvaste Afrikanerboer gebly het.

147) Moll, A.M., President Kruger. 'n Karakterskets. Pretoria, Noordelike Drukkers, (1926), bl. 6.

148) Engelenburg, 'n Onbekende Paul Kruger, bl. 18.

149) Preller, G.S., (red.), Ons Goudroman (Die Maraisdagboek 1849-65). Pietermaritzburg, Wallach, 1935, bl. 37, 164.

150) Gie, S.F.N., Geskiedenis van Suid-Afrika. Of ons verlede. 2 dele, Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1932 (2de druk). (1ste druk 1925.)

151) Ibid., dl. II, bl. 489.

152) Ibid., bl. 487.

Sy lewensideaal het geword om in 'n vrye republiek die tradisies, godsdiens en karakter van die Voortrekkers te handhaaf.¹⁵³⁾ Onverbiddelik het hy hom verset teen Cecil Rhodes en die syne ten einde die Boere-erfenis te bewaar. Daarom kon hy ook nie 'n ander beleid teenoor die Uitlanders volg nie. Hoewel sy regering geensins volmaak was nie, het hy tog goed daarin geslaag om al die ingewikkelde probleme die hoof te bied. Die oorlog wat gevolg het, was dan ook alleen te wyte aan die Britse imperialisme wat Transvaal opgeëis het — 'n eis waaraan Kruger nie kon toegee nie.

Die meeste wetenskaplike geskiedwerke van die dertiger=jare in Afrikaans was studies van sekere tydperke in of aspekte van die Suid-Afrikaanse geskiedenis waaruit nie soseer 'n beeld van Kruger na vore kom nie. Kruger se optrede is egter byna steeds met instemming beskryf, bv. in die verhandelinge van J.D. Naudé en A.G. Coetsee.¹⁵⁴⁾ In geskrifte van minder wetenskaplike aard is Kruger se lewe en strewe dikwels voorgehou met die doel om die Afrikaners van die eie tyd te besiel. Hy is vergelyk met die Bybelse Nabot wat gesterf het „ter wille van die erfenis van die vaders”,¹⁵⁵⁾ met die profeet Daniël wat geweier het om die spyse van die vreemde, Babiloniese hof te eet¹⁵⁶⁾ en met Moses wat sy volk na die beloofde land gelei het.¹⁵⁷⁾ In verskillende werke soos dié van F. Postma¹⁵⁸⁾ D.C. Postma¹⁵⁹⁾ en J.P.J. Coetzee¹⁶⁰⁾ is Kruger voorgestel as Calvinistiese Christen en vaderlander by

153) Ibid., bl. 489.

154) Kyk bl. 147, 148, 160, waar hierdie werke bespreek word.

155) Kritzinger, J.H., Die erfdeel van ons vaders. Die stryd van Kruger om dit te behou. s.p., s.j. (toespraak gelewer in die stadsaal Pretoria by geleentheid van die geboortedag van president Kruger), bl. 9.

156) Vgl. Oosthuizen, A.J.G., Paul Kruger as Godsman. Pretoria, Arnoldus, 1942. (Preek gelewer op 11 Oktober 1942, stadsaal Pretoria.)

157) Vgl. Postma, F., Paul Kruger. Die Christen-volksman en -staatsman en die bespreking daarvan op bl. 80-83.

158) Kyk bl. 80-83.

159) Kyk bl. 111-112.

160) Kyk bl. 101-103.

uitnemendheid. In hierdie geskrifte was die toestand van die eie tyd op die agtergrond in die interpretasie van Kruger se lewe en werk: soos Kruger vroeër gedoen het, het die Afrikaners van daardie tyd om die vryheid gestry; die teenstanders was dieselfde as in die dae van Kruger, nl. die Engelse regering en sy ondersteuners, en aan hulle is — sonder om dit direk te sê — die rol van Agab en Nebukadnesar toegeken. Die interpretasie van die geskiedenis en Kruger se aandeel is dus eensydig deur die Afrika=ner-ideale gerig.

Tydens die Tweede Wêreldoorlog is die Krugerfiguur in die strydperk van politieke onenighede binne Afrikanergeleedere gebring, en is verklaar dat Kruger in sy staatsopvattinge nie "n „meganisties-demokratiese" nie, maar „organiese" volksbegrip gehuldig het.¹⁶¹⁾

Dit is eintlik eers na die Tweede Wêreldoorlog dat Kruger se optrede as president baie krities beskou is. G.D. Scholtz het in 1947 verklaar dat Kruger verskillende „grootte mis=slae" in die uitvoering van sy beleid gemaak het.¹⁶²⁾ „Somtyds het Kruger, ten spyte van sy nugterheid, skimme nagejaag en som=tyds het hy sake verkeerd laat loop deur koppigheid en outokrasie — twee kenmerkende Afrikaner eienskappe. In die breë was sy beleid egter een met seënryke gevolge".¹⁶³⁾ Volgens Scholtz het dit vir Kruger hoofsaaklik daarom gegaan om Transvaal die sterk=ste faktor in die Suid-Afrikaanse politiek te maak en "n staat te skep wat "n volledige weerspieëling van die Afrikaanse volksaard was".¹⁶⁴⁾ In sy praktiese politiek het hy nie gestreef na "n verenigde Suid-Afrika nie; hy het hom bepaal by die uitbouing van Transvaalse belange en die bekamping van die Britse gesag in Suid=

161) Vgl. Coetzee, J.A. e.a., Ons Republiek. Bloemfontein, Nasio=nale Pers, 1941 (Tweede Trek reeks no. X), bl. 47, 48, 107; Coetzee, J.A., Oom Paul en die demokrasie. (Kyk ook bl. 133.)

162) Scholtz, Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902, dl. I, bl. II0.

163) Ibid.

164) Ibid.

Afrika; „Kruger het sy heil in isolasiepolitiek gesien”.¹⁶⁵⁾ Hy het belangrike werk gedoen in die ekonomiese opbou van sy land, hoewel sy konsessiebeleid beslis moeilikhede veroorsaak het. Ook was hy soms taktloos in sy optrede teenoor die Uitlanders en was sy kennis van die buitelandse politiek baie beperk. Ongetwyfeld was Kruger tog wel 'n goeie diplomaat.

F.A. van Jaarsveld meen dat Scholtz gehelp het om aan die „Krugerlegende en die vermeende onskuld van die Transvalers” afbreuk te doen.¹⁶⁶⁾ Scholtz het deur ook „foute” in Kruger se beleid te vind hom nie tot 'n onbelangrike figuur gedegradeer nie. Deur Kruger se feilbaarheid aan te toon, het hy egter juis gehelp om hom as gewone mens te sien en ook sy betekenis in suiwerder perspektief te plaas.

In verskillende later Afrikaanse geskiedwerke blyk 'n krities-objektiewe betragting van Kruger se optrede: kritiek word uitgespreek op sy sluiting van die driewe in 1895,¹⁶⁷⁾ die opkoming van Britse onderdane in die Malabochoorlog¹⁶⁸⁾ en die afsien van noordwaartse uitbreiding in ruil vir 'n vae belofte van 'n hawe aan die onherbergsame en afgesonderde ooskus.¹⁶⁹⁾ Hoewel uit hierdie werke nie direk 'n beeld van Kruger na vore kom nie, word sy optrede tog in duidelike perspektief van die politieke verhoudinge gestel. Sy beleid word wetenskaplik en objektief beskou en beoordeel vanuit die situasie van sy eie tyd. In die Krugerbioografie van D.W. Krüger blyk dieselfde benadering.¹⁷⁰⁾ Deur Kruger vanuit 'n Afrikaanse gesigspunt te bekyk, kon sy optrede goed begryp word, sonder dat dit egter goedgepraat is.

165) Ibid., dl. I, bl. 111.

166) Van Jaarsveld, Ou en nuwe weë, bl. 46.

167) Pelzer, A.N., Kruger en Rhodes (Van der Walt, A.J.H. e.a. Geskiedenis van Suid-Afrika. Nasou, 1965 (tweede uitgawe), bl. 372).

168) Du Plessis, J.S., Die Suid-Afrikaanse Republiek (Muller, C.F.J. (red.), Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis. Pretoria, Academica, 1968, bl. 254).

169) Van Zyl, M.C., State en kolonies in Suid-Afrika, 1854-1902 (Muller, C.F.J. (red.), a.w., bl. 282).

170) Kyk bl. 61-67 waar die werk bespreek word.

Met die verdere ontplooiing van die Suid-Afrikaanse geskiedenis kon Kruger se optrede in steeds groter perspektief bekyk word en sy betekenis as historiese figuur duideliker gesien word. Dit was veral namate die eindpunt van die Afrikaanse republikeinse strewe in sig gekom het dat Kruger se aandeel daarin duideliker na vore gekom het. In 1952 het D.W. Krüger verklaar dat Kruger se grootheid nie berus op „byna bomenslike gawes“ nie; hy het wel besondere leierseienskappe gehad, maar was tog 'n tipiese Boerefiguur, produk van sy tyd en omgewing. Sy opvattinge was soos dié van sy volksgenote „van die ou stempel“. As president probeer hy „nugter en saaklik die lesse van die ervaring en van die geskiedenis in praktiese toepassing bring“. ¹⁷¹⁾ Kruger het nie net sy mense op 'n kritieke tydstip gelei nie; hy was ook die mondstuk van die ideale van sy volk en het meer as enigiemand anders bygedra dat die ideale van die Groot Trek op die nageslag oorgaan. Hy het die republikeinse tradisie in 'n tyd van opkomende Britse imperialisme gehandhaaf en kampvegter vir die Afrikanerdom geword. ¹⁷²⁾ So het Kruger 'n belangrike invloed op die wese van die nuwe Suid-Afrika gehad: hy het gesorg dat die Afrikanerdom daarin 'n plek het en die diepere inhoud daarvan in 'n groot mate bepaal. ¹⁷³⁾

In Afrikaanse letterkundige werke van die jongste tyd, soos die van Anna M. Louw, ¹⁷⁴⁾ blyk nie terughouding uit piëteitsgevoel in die uitbeelding van Kruger se karakter soos bv. by S. Moerdyk ¹⁷⁵⁾ en D.C. Postma ¹⁷⁶⁾ voorkom nie; Kruger word nugter, in al sy swakhede en as gewone mens uitgebeeld. Hierdie verskil in benadering tot die Krugerfiguur tussen ouer en later Afrikaanse letterkundige werke, toon, benewens ontwikkeling in die Afri-

171) Krüger, D.W., Voorwoord tot du Plessis, J.S. (red.), Paul Kruger aan die woord, bl. 11.

172) Vgl. Krüger, D.W., Kruger, S-,J-,P- (De Kock, W.J.(red.), a.w., bl. 475).

173) Krüger, D.W., Paul Kruger en Cecil Rhodes (Koers, Oktober 1957).

174) Louw, Anna M., Die banneling - die lyfwag; Die groot gryse. (Kyk bl. 103-110 waar die twee werke bespreek word.)

175) Kyk bl. 111-112 vir 'n bespreking van die werk.

176) Kyk bl. 112-113 vir 'n bespreking van die werk.

kaanse letterkunde, verandering in die benadering tot die eie geskiedenis.

2. Engelse werke

In die jare na die Vryheidsoorlog het die imperiale uitkyk op die Suid-Afrikaanse geskiedenis naby aan 'n algemeen Suid-Afrikaanse gesigspunt gekom, veral weens die strewe tot unifikasie van die vier Britse gebiede in Suid-Afrika. Die idee van samewerking met die Afrikaners in die nuwe Suid-Afrika het ook na vore gekom,¹⁷⁷⁾ soos bv. blyk in die werk van F.R. Cana¹⁷⁸⁾ waarin veral die verenigingstrewe in die Suid-Afrikaanse geskiedenis belig word. Kruger se beleid kon Cana in die lig hiervan nie gunstig beoordeel word nie; sy optrede was juis 'n groot struikelblok op die weg na unifikasie: „his patriotism was of a very limited character. It was as rigid as his religion — and that was of an exaggerated Calvinistic type. Holding these views, he strove to keep the Transvaal the unspoilt inheritance of 'his people'".¹⁷⁹⁾ Daarby was Kruger se regering korrup en sy staatsstelsel verrot. Toe hy in 1900 Suid-Afrika verlaat het, was sy ideale ook daarmee heen; die meeste van die Boere was lankal reeds moeg vir die Krugerregime. Die Vryheidsoorlog het Krugerisme finaal vernietig; daarna eers was 'n verenigde Suid-Afrika moontlik. — Cana vertolk Kruger se strewe as dié van slegs 'n minderheid van die Afrikaners; die Afrikaanssprekendes wat saamwerk in die nuwe Suid-Afrika is geen voorstanders meer van sy ideale nie.

In verskillende ander van die groot hoeveelheid Engelse werke oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis kom hierdie interpretasie van Kruger se optrede na vore. Kruger „could not tolerate the idea of South African nationality” word o.a. verklaar;¹⁸⁰⁾ hy wou van Transvaal „a sanctuary for his chosen people” maak, skryf 'n Rhodesbiograaf.¹⁸¹⁾ In verskeie ander biografieë van Rhodes word

177) Van Jaarsveld, Ou en nuwe weë, bl. 15.

178) Cana, F.R., South Africa from the Great Trek to the Union. Londen, Chapman & Hall, 1909.

179) Ibid., bl. 133.

180) Fairbridge, Dorothea, A history of South Africa. Londen, Oxford University Press, (1918), bl. 275.

181) Williams, B., Cecil Rhodes. Londen, Constable, 1921, bl. 269.

Kruger se „narrow policy" veroordeel en word dit hom verwytdat hy in die weg van nouer eenwording van Suid-Afrikaanse state, wat Rhodes wou bewerkstellig, gestaan het.¹⁸²⁾ Sommige skrywers meen dat Kruger na 'n enkel „Dutch"-Suid-Afrika gestrewe het en in sy pogings om hierdie ideaal te bereik die onafhanklikheid van sy eie land weggegooi het.¹⁸³⁾ J.L. Garvin skryf in sy biografie van Joseph Chamberlain dat Kruger algehele onafhanklikheid vir sy republiek en uiteindelik oppergesag in Suid-Afrika beoog het.¹⁸⁴⁾ Daarenteen meen W. Plomer, ook 'n Rhodesbiograaf, dat Kruger net die onafhanklikheid van sy klein republiekie wou handhaaf en vry van Britse oppergesag hou. Kruger was egter nie 'n bekwame diplomaat nie, „he was a diehard, and a stranger to the useful art of compromise"¹⁸⁵⁾ en sy Uitlanderbeleid was „a triumph of stupidity".¹⁸⁶⁾ Kruger „had the downrightness of a pleasant and something of the impressiveness of a patriarch".¹⁸⁷⁾ Hoewel Plomer sy beleid nie kan goedkeur nie en hom nie 'n groot staatsman kan vind nie, is Kruger vir hom tog „rather a grandiose figure".¹⁸⁸⁾

Groter belangstelling en begrip vir Kruger se persoon en die leefwyse, die kultuur wat hy verteenwoordig het, blyk by verskillende skrywers wat probeer aantoon dat Kruger as kind van sy tyd en omgewing nie anders kon handel nie en wat sy standvastigheid in die stryd vir sy ideale bewonder — hy is gesien as

- 182) Vgl. Fuller, sir Thomas E., The right honourable Cecil John Rhodes. A monograph and a reminiscence. Londen, Longmans & Green, 1910, bl. 146; Michell, L., The life of Cecil John Rhodes, 1853-1902. Londen, Arnold, 1910, dl. I, bl. 238.
- 183) Vgl. Le Sueur, G., Cecil Rhodes. The man and his work. Londen, Murray, 1913, bl. 270; MacDonald, J.G., Rhodes. A life. Londen, Allan, 1927, bl. 367; Colvin, I., The life of Jameson. Londen, Arnold, 1922-1923, dl. I, bl. 84.
- 184) Garvin, a.w., dl. III, bl. 101, 131, 407.
- 185) Plomer, W., Cecil Rhodes. Londen, Davis, 1933, bl. 85.
- 186) Ibid., bl. 88.
- 187) Ibid., bl. 85.
- 188) Ibid., bl. 84.

tog 'n waardige teenstander van Rhodes. Iets van hierdie uitkyk op Kruger blyk in Sarah G. Millin se Rhodesbiografie (1933),¹⁸⁹⁾ en Marjorie Juta se werk oor Kruger.¹⁹⁰⁾ Soos Juta teken S. Cloete¹⁹¹⁾ Kruger as die verteenwoordiger en verpersoonliking van sy volk en kultuur wat in 'n onvermydelike botsing met die Engelse industriële beskawing gekom het. Na die stryd het daar 'n versoening en samesmelting tussen die kulture gekom en kon 'n verenigde Suid-Afrika gebou word. In hierdie beskouing word Kruger se ideaal dus nie gesien as vernietig deur die oorlog nie, maar as opgeneem in groter eenheid; van direkte voortsetting van sy ideale onder Afrikaners is daar nie gepraat nie, en Kruger se strewe en betekenis word primêr uit 'n algemeen-Suid-Afrikaanse oogpunt betrag.

Ook in wetenskaplike geskiedwerke blyk waardering en begrip vir Kruger se optrede. C.E. Vulliamy het in 1938 van Kruger gesê: „In whatever light we view him, it is clear that he stands above the obscure movements, the coming or going of lesser men. He appears with a massive solidity of purpose, unaffected by the mere commotion of politics or the gestures of a threatening power”.¹⁹²⁾ Sy optrede toon nie net „an extraordinary degree of honesty, genius, intelligence of loftiness of character” nie, maar ook „some degree of actual distinction”.¹⁹³⁾ Met verloop van tyd word sy gestalte groter, nie kleiner soos met vele ander figure uit dié tyd die geval is nie.¹⁹⁴⁾ Vulliamy meen dat Kruger steeds die uitbreiding van sy republiek in gedagte gehad het en prys sy optrede in dié verband. Ook sy stemregwette word nie veroordeel nie; Kruger was nie so konserwatief en gekant teen hervorming in sy optrede teenoor hulle soos ander skrywers beweër het nie. In die laaste jare van sy bewind het Kruger

189) Millin, Sarah G., Rhodes. Londen, Chatto & Windus, 1933.

190) Kyk bl. 53-56, waar die werk bespreek word.

191) Kyk bl. 83-87, waar die werk bespreek word.

192) Vulliamy, a.w., bl. 116.

193) Ibid.

194) Vgl. Ibid.

egter uit voeling met omstandighede geraak en bly vertrou op reeds afgedane beginsels. In die geheel staan Vulliamy egter simpatiek teenoor Kruger se optrede en baie krities teenoor dië van die Engelse regering.

In die geskiedwerke van C.W. de Kiewiet en E.A. Walker 195) word minder simpatie met Kruger en sy strewe getoon, hoewel dit tog met begrip behandel en histories gemotiveer word. Walker meen ook dat dit vir Kruger in hoofsaak daarom gegaan het om die onafhanklikheid van sy republiek te bewaar;¹⁹⁶⁾ sy stemregbeleid was egter onverstandig; „it made unnecessary enemies; it differentiated the Republic from all the other states of South Africa; ... it gave a weapon of unimpeachable strength to those who desired the removal of the Republic”,¹⁹⁷⁾ Kruger se „coquetting with Germany” was 'n gevaarlike spel.¹⁹⁸⁾ Soos De Kiewiet en Walker toon ook Manfred Nathan 'n gemagtigd liberale Suid-Afrikaanse uitkyk op Kruger se optrede — dit word begryp, maar kan tog nie goedgekeur word nie; 'n meer versoenende beleid teenoor die Uitlanders sou beter gewees het.¹⁹⁹⁾

Felix Gross toon groot begrip vir Kruger se strewe en teken hom in sy Rhodesbiografie (1956) as 'n eenvoudige, maar wyse man. Hy meen dat sowel Rhodes as Chamberlain daarop uit was om sy republiek te vernietig en sien in die geskiedenis van dië tyd „the tragedy of a great simple man and his heroic freedom

195) O.m.: De Kiewiet, C.A., A history of South Africa; social and economic. Osford, Clarendon Press, 1941; Walker, E.A. (red.), Cambridge history of the British empire, dl. VIII - South Africa, Rhodesia and the High Commission territories. Cambridge, University Press, 1936.

196) Vgl. Walker, E.A., Lord Milner and South Africa. Londen, Milford, 1942, bl. 8.

197) Walker, E.A., Lord de Villiers and his times. South Africa 1842-1914. Londen, Constable, 1925, bl. 220; vgl. De Kiewiet, A history of Southern Africa; social and economic, bl. 135.

198) Walker, E.A., W.P. Schreiner. A South African. Oxford, University Press, 1937; vgl. De Kiewiet, A history of South Africa; social and economic, bl. 128.

199) Vgl. bl. 57-61, waar die werk bespreek word.

loving people".²⁰⁰⁾ 'n Ander skrywer het die betekenis van Kruger se strewe goed besef deur te verklaar: „The central idea of his life was Afrikaner independence and more than anyone else he made a nation out of his people".²⁰¹⁾

In sy The fall of Kruger's republic beskryf J.S. Marais Kruger as „a man of law and order; a conciliator and a man of peace but not peace at any price"²⁰²⁾ — sō het hy hom reeds in die Transvaalse burgeroorlog getoon. In 1877 het die geleentheid vir Kruger gekom om hom as leier te bewys: „He handled the situation skilfully and with great patience".²⁰³⁾ As president is hy in alle opsigte leier van sy volk: „The impressiveness of the personality is no longer in doubt: the dauntless courage, iron will, and keen intelligence. But while Kruger stood out among his fellow Boers in character and ability, they recognized him as one of themselves. Therein lay his strength as compared with his predecessor Burgers".²⁰⁴⁾ Kruger is dus wel 'n tipiese Boer, maar „no ordinary specimen of the type";²⁰⁵⁾ dit het die Uitlanders juis nie besef nie en hulle het hul misreken deur te dink dat Kruger met sy Bybelvastheid en geloofsywer in die sewentiende eeu tuishoort, eintlik 'n anachronisme is.

Tog, verklaar Marais, het Kruger se wêreld- en mensekenenis defek gebly. Daarom was hy so agterdogtig teen die vreemdelinge wat hul in sy land gevestig het; daarom ook was hy maklik beïnvloedbaar deur allerlei fortuinsoekers. Ook was Kruger „a man of passionate temper, which he could not always control".²⁰⁶⁾ Veral in sy ouderdom was hy humeurig en het hy outokraties opgetree. Hy was egter beslis bekwaam genoeg om sy volk te lei in

200) Gross, F., Rhodes of Africa. Londen, Cassell, 1956, bl. 135.

201) Pegg, H.E., A history of Southern Africa. Londen, Longmans & Green, 1949, bl. 101.

202) Marais, J.S., a.w., bl. 5.

203) Ibid.

204) Ibid.

205) Ibid.

206) Ibid., bl. 9.

die transformasie van die Republiek in 'n moderne nywerheidstaat en ook in staat om die onafhanklikheid van sy republiek op alle moontlike wyse te verdedig toe dit bedreig is, want Chamberlain was beslis daarop uit om die onafhanklikheid van die Republiek te vernietig. As Kruger die gevaar egter vroeër besef het, sou hy nog meer kon gedoen het om die bedreiging van sy land se onafhanklikheid af te weer.²⁰⁷⁾ Marais sien Kruger nie slegs as tipe van sy volk nie, maar ook as 'n staatsman wat alle kwaliteite besit het om die moeilike taak te volbring waarvoor hy gestel is.

Dit is nie alle Engelse werke wat groter simpatie en begrip vir Kruger en sy optrede toon nie. In 1952 het 'n geskiedskrywer beweer dat Kruger „the British outlook of life” uit Suid-Afrika wou uitdryf.²⁰⁸⁾ In 'n Milnerbiografie word verklaar dat Kruger van die hele Suid-Afrika 'n Afrikanerrepubliek wou maak en dat hy met sy „bellicose ultimatum” die Tweede Vryheidsoorlog veroorsaak het.²⁰⁹⁾ 'n Onsimpatieke beskrywing van Kruger word ook in die Encyclopaedia Britannica gegee.²¹⁰⁾ Daarin word o.m. vertel dat Kruger tydens 'n ekspedisie gehelp het om die sendeling, Livingstone se huis te vernietig, dat hy alles in sy vermoë gedoen het om president Burgers se gesag te ondermyn en dat hy na die anneksasie van 1877 'n amp onder Britse bestuur aanvaar het. In 'n werk oor die geskiedenis van Afrika word verklaar: Kruger „wanted a South Africa dominated Boers, who would retain their own language... their old-fashioned way of life, and their refusal of political rights to the Bantu or other coloured peoples”.²¹¹⁾ — Dié beskrywings herinner sterk aan dié wat in die tyd van die Tweede Vryheidsoorlog van Kruger gegee is; dit skyn of hierdie

207) Kyk ook bl. 163.

208) Amery, J., Voorwoord tot Halpérin, V., Lord Milner and the empire. The evolution of British imperialism. Londen, Oldenham, 1952, bl. 10.

209) Wrench, J.E., Alfred lord Milner. The man of no illusions 1854-1925, Londen, Eyre & Spottiswoode, 1958, bl. 207.

210) Encyclopaedia Britannica. A new survey of universal knowledge, dl. XIII. Londen, Encyclopaedia Britannica, 1953, bl. 506-507.

211) Oliver, R. & Atmore, A., Africa since 1800. Cambridge, University Press, 1967, bl. 126.

beeld van Kruger in Brittanje self, anders as in Suid-Afrika, ook in wetenskaplike werke nog voortbestaan.

Ook in Suid-Afrika is daar in enkele resente geskrifte 'n ongunstige beeld van Kruger gegee, veral in politieke opsig, soos bv. White man boss. Footsteps to the South African Volk Republic,²¹²⁾ waarin Kruger se beleid as voorloper van dié van die Nasionale Party na 1948 gesien word. Kruger sou die weg voorberei het vir die apartheidsbeleid, 'n beleid waarteen die skrywer van White man boss duidelik gekant is. Die jongste geskiedenis van Suid-Afrika het dus ook sy invloed laat geld op die interpretasie van Paul Kruger se lewe en strewes.

3. Ander werke

Na die Tweede Vryheidsoorlog is daar deur buitelandse skrywers nie meer so veel oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis geskryf nie. Tydens die Eerste Wêreldoorlog het enkele werke verskyn waar Kruger se stryd in verband gebring is met dié van die eie tyd. Die Amerikaner, J.H. Hammond het in sy herinneringe aan die Jamesoninval beweer dat Kruger 'n komplot met die Duitse keiser Wilhelm II gesmee het,²¹³⁾ terwyl 'n Nederlander wat duidelik pro-Duits gesind was Kruger kritiseer omdat hy nie in 1896 die Duitse aanbod om hulp aanvaar het nie.²¹⁴⁾ Ook Carl Peters het in 1918 Kruger verwyt dat hy nie van Duitse steun gebruik gemaak het nie, en 'n anti-Engelse houding, wat waarskynlik deur die eietydse stryd aangewakker is, spreek uit sy geskrif.²¹⁵⁾

In Nederland het die belangstelling in Kruger nie gou verflou nie, en in 1925, met die herdenking van sy geboortedag 'n eeu tevore, het daar verskillende werke en artikels oor hom verskyn. H.J. Kiewiet de Jonge toon in sy kort lewenskets van

212) Adamstor (pseud.), White man boss. Footsteps to the South African Volk Republic. Londen, Gollancz, 1950.

213) Hammond, J.H., a.w., bl. 24.

214) Valter, M.P.C., Duitschland en de Hollandsche republieken in Zuid-Afrika. Amsterdam, Buitenlandsche post, (1918), bl. 54.

215) Kyk bl. 75-77 vir 'n bespreking van die werk.

Kruger²¹⁶⁾ groot simpatie met sy optrede en regverdig dit deur= gaans. De Jonge meen dat Kruger aan die Z.A.R. sy eenheid gegee het: hy „hy was de schepper van een volk”.²¹⁷⁾ Hy het steeds na vrede gestreef. Kruger was „een waren landsvader en een waren held”.²¹⁸⁾ In 'n ander beknopte lewenskets van Kruger²¹⁹⁾ skryf J.E. van Beynum, 'n voormalige Transvaalse onderwyser, dat Kruger 'n groot patriot en 'n diep gelowige Christen was wat altyd in die geskiedenis sal bly voortleef „omgeven door een stralenkrans van zielenadel en godsvertrouwen”.²²⁰⁾

Die Nederlandse historikus, P.J. van Winter beskryf Kruger as 'n egte voortrekkerseun, ongeletterd en gehard en met 'n vaste geloof in die Goddelike leiding van sy volk. Hy het ook geglo dat sy eie ideale reg moet wees omdat God hom in sy optrede gelei het. Hoewel Kruger se optrede in die tyd van president Burgers geensins die eendrag van sy volk ten goede gekom het nie, het hy as president die eenheid van sy volk steeds bevorder. Hy was 'n versierende staatsman wat geweet het wat die beste was vir sy volk en ook soos 'n ware vader sy volk gelei het. Sy oogmerk was om Transvaal die leier van die Afrikanerdom te maak en so te poog om Afrikanereenheid te probeer bewerkstellig. Van Winter toon, anders as die twee hiervoor gemelde skrywers, 'n objektiewe kyk op Kruger en sy strewe.²²¹⁾

In Duitsland is in 1934 in 'n werk van wetenskaplike gehalte oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis²²²⁾ verklaar dat Kruger as president die byna bomenslike taak gehad het om sy staat na die Eerste Vryheidsoorlog weer op te bou en verstewig — 'n taak waar=

216) Kiewiet de Jonge, H.J., Paul Kruger (Algemeen Nederlandsch verbond. Bestuur der groep „Nederland”, Voortrekkers van der Nederlandsche stam. Amsterdam, Maatschappij voor goede en geselecteerde lectuur, (1925), bl. 237-269).

217) Ibid., bl. 245.

218) Ibid., bl. 269.

219) Van Beynum, J.E., Paul Kruger 1825 - 10 October - 1925. Korte levensschets. Arnhem, Breijer, 1925. (30 bl.)

220) Ibid., bl. 27.

221) Van Winter, P.J., Onder Kruger's Hollanders... Kyk ook bl. 154.

222) Dietzel, a.w. (Kyk bl. 16 voetnoot 36.)

by hy van sy eie volk dikwels teenkanting ondervind het, want die Boere wou nie deelneem aan die groter ekonomiese ontwikkeling van hul land nie. Die skrywer, K.H. Dietzel meen dat dit 'n groot verdienste van Kruger was dat hy die noodsaaklikheid van ekonomiese onafhanklikheid van die Engelse gebiede in Suid-Afrika besef het. Hy het eers die idee gehad om deur verkryging van 'n eie hawe sý staat dominerend in Suid-Afrika te maak en so Boereleiding vir Suid-Afrika te verkry, maar toe dié ideaal nie meer verwesenlik kon word nie, het dit vir hom in hoofsaak om die verdediging van sy land gegaan. Dietzel verwyt Kruger dat hy nie die Duitse aanbod om hulp na die Jamesoninval aanvaar het nie en meen dat Kruger „mit dem ihm eigenen bäuerischen Egoismus“²²³⁾ nie toegewings aan Duitsland wou doen nie; hy het nie aanvaar dat alles in die politiek sy prys het nie. As Kruger gedink het dat hy Duitsland en Engeland teen mekaar kon afspeel, het hy hom misgis. Dietzel bekyk Kruger se optrede in verskillende opsigte dus vanuit 'n een-sydig-Duitse gesigspunt.

In enkele populêre Duitse werke uit die dertigerjare oor aspekte van die Suid-Afrikaanse geskiedenis is Kruger oor die algemeen simpatiek beskryf en as tipiese Boer geteken.²²⁴⁾

In die Tweede Wêreldoorlog het daar heelwat populêre werke oor Kruger in Duitsland verskyn wat 'n duidelik propagandistiese element toon.²²⁵⁾ Daarin is Kruger se persoon en stryd voorgehou om verset teen die Engelse aan te wakker en is elemente van die nasionaal-sosialisme in Kruger se beleid gesien; so sou hy 'n Jode-hater gewees het wat sy volk wou bewaar van besmetting deur vreemde en slegte elemente. Op Kruger se Duitse afkoms is

223) Ibid., bl. 126.

224) O.a.: Voigt, B., Die Buren. Südafrikanisches Grenzerbuch. Berlyn. Parey, 1930; Voigt, B., Fürs grössere Vaterland. Der Lebenstraum des Cecil Rhodes. Hamburg. Deutsches Leben & Sieben Stäbe, (1933); Von Mikusch, D., Cecil Rhodes: der Traum einer Weltherrschaft. Berlyn, Schleger, 1936.

225) O.m.: Froemberg, a.w. (kyk bl. 78-80); Hagen, a.w. (kyk bl. 95-97); Barckhausen, a.w. (kyk bl. 97-99); Schmidt-Pretoria, a.w. (kyk bl. 99-101); Freksa, a.w. (kyk bl. 70).

klem gelê, en Duitsland se rol in gebeure van Kruger se tyd is oordryf. In Kruger se karakter is „persoonlike moed, vryheidsin en godsvrug, ... onbuigsame selfvertroue, nederigheid, kinderlike geloof, betroubaarheid, onverskrokkenheid en deursettingsvermoë" 226) gesien. In dit alles was hy verpersoonliking van die heldhaftige Boerevolk.

Ook in Nederland het tydens die Tweede Wêreldoorlog geskrifte met 'n nasionaal-sosialistiese strekking oor Kruger verskyn. In 'n werkie, Krüger klaagt aan 227) gee D. Wouters enkele besonderhede oor Kruger se lewe en wy dan uit oor die gruweldade van die Engelse in die Vryheidsoorlog. Hy gebruik die Krugerfiguur slegs om sy idees te bevorder onder diegene wat nog in hul herinnering uit die tyd van die Vryheidsoorlog 'n simpatieke beeld van Kruger bewaar het. 'n Vroeëre amptenaar van die Z.A.R., C.G.S. Sandberg het tydens die oorlog sy herinneringe gepubliseer 228) waarin nasionaal-sosialistiese simpatieë duidelik blyk. Sandberg loof Kruger dan ook as „de groote Afrikaner", verteenwoordiger van „het zuiver gebleven Dietsche bloed" 229) en betreur dit dat Kruger se vroeëre volgeling, generaal Smuts deur die Engelse „besmet" is; juis teen die verderflike Engelse invloed het Kruger sy lewe lank gestry.

Hierdie hernude belangstelling in die Krugerfiguur was kunsmatig aangeblaas ter wille van 'n propagandistiese strewe, en dit is nie onmoontlik nie dat dit veral onder die volke wat onder die Nazi-regime moes ly eerder antipatie teen Kruger as bewondering vir hom opgewek het. 230)

Tog blyk in enkele Nederlandse geskrifte van na die oorlog nog 'n simpatieke houding teenoor Kruger: H. Hettema beskryf

226) Van Jaarsveld, Lewende Verlede, bl. 211.

227) Wouters, D., Krüger klaagt aan. s.p., s.j. (48 bl.)

228) Sandberg, Twintig jaren onder Krugers boeren in voor en tegen=spoed.

229) Ibid., bl. 143.

230) Vgl. Van Jaarsveld, F.A., Paul Kruger teen Suid-Afrika (Die Huisgenoot, 25 Mei 1951).

sy beleid met goedkeuring en noem hom „een streng Calvinist, een man van eenvoudige zeden en gewoonten, met een helder oordeel, afkerig van vertoon".²³¹⁾ J.G. de Zeeuw het Kruger se lewe vir die jeug beskryf,²³²⁾ terwyl die Nederlandse historikus, Van Winter hom selfs met die groot vryheidsheld, Willem van Oranje vergelyk.²³³⁾ 'n Duitse skrywer, O. Hintzinger laat hom ook waardeerend uit oor „der charakterfeste Bührenssohn", Paul Kruger.²³⁴⁾

In 'n Franse geskrif uit die vorige dekade word egter 'n minder simpatieke beeld van Kruger gegee en word hy beskryf as 'n taai, ruwe vryheidsvegter, 'n fanatikus wat alle vreemdelinge haat, 'n slinkse jakkals en 'n aggressiewe diplomaat.²³⁵⁾ 'n Amerikaanse skrywer het sy gebrek aan bewondering vir Kruger getoon deur na hom te verwys as „a stove pipe hatted Calvinist who had sixteen children by three wives and firmly believed the world was flat".²³⁶⁾

Uit hierdie skamele lektuur oor Kruger kan eintlik nie afgelei word dat hy nog met simpatie in die buiteland beskou word soos in die dae van die Tweede Vryheidsoorlog nie, maar ook nie dat 'n ongunstige Krugerbeeld oorheersend geword het nie. Dit skyn of sowel die „anti-" as die „pro-Kruger"-beeld wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog gevorm is nog tot in hierdie tyd in Europa en Amerika voortleef. Die karigheid van die geskrifte oor hom toon egter ook dat hy, ten spyte van die Tweede Wêreldoorlogse propagandalektuur, al meer 'n vergete figuur in die buiteland geword het.

231) Hettema, H., De Nederlandsche stam in Zuid-Afrika. Zutphen, Thieme, 1949, bl. 224.

232) Kyk bl. 91-92.

233) Van Winter, P.J., Paul Kruger - Willem van Oranje (Die Huisgenoot, 10 Oktober 1947).

234) Hintzinger, O., Geschichte von Südafrika. München, Oldenbourg, 1952, bl. 331.

235) Maurois, A., Cecil Rhodes. Londen, Collins, 1953. (Vertaal uit Frans.)

236) McClellan, G.S., South Africa. New York, Wilson, 1962, bl. 14-15.

D. Slot

Uit die voorgaande bespreking blyk dit dat die beeld wat van Kruger in die jare voor en tydens die Tweede Vryheidsoorlog gevorm is 'n sterk invloed op die latere uitbeelding van Kruger gehad het, veral onder Engelssprekendes en in die buiteland. Die Afrikaanse geskiedskrywing het eintlik eers in die jare na die Tweede Vryheidsoorlog tot ontwikkeling gekom, en daarin is 'n beeld gevorm wat berus op oorlewering en op wetenskaplike gegewens, maar wat ook sterk deur die Afrikaanse vryheidstrewe van hierdie eeu beïnvloed is.

Sowel onder die Afrikaanse as Engelssprekende historici het die kyk op Kruger met verloop van tyd veel verandering ondergaan, en is daar vanaf 'n eensydige simpatieke en antipatieke uitkyke beweeg na 'n objektief-kritiese beskouing van Kruger en sy optrede. Waar die vroeë Krugerbeeld oppervlakkig was en deur enkele dinge soos sy optrede teenoor die Uitlanders bepaal is, is Kruger se historiese betekenis steeds duideliker gesien; die beeld van Kruger in die geskiedskrywing het suiwerder en dieper geword.

'n Besondere element in die uitbeelding van Kruger is die propagandisme wat veral in die Engelse werke om die Tweede Vryheidsoorlog en die Duitse geskrifte van die Tweede Wêreldoorlog na vore kom. Waar e.g. groep 'n belangrike invloed op die latere uitbeelding van die Krugerfiguur gehad het en as reaksie uitgelok het 'n eensydige „pro-Kruger“-houding in Nederlandse, Duitse en Franse werke, het die Nazi-literatuur, na dié wil voorkom, nie so 'n diepgaande uitwerking op die beeld van Kruger in die geskiedskrywing gehad nie.

SLOT

Aan die einde van hierdie verhandeling moet nog 'n kort samevattende oorsig van die geskiedenis van die geskiedskrywing oor Paul Kruger gegee en 'n konkluderende waardering van die geskiedskrywing oor Paul Kruger gemaak word.

A. Geskiedenis van die geskiedskrywing oor Paul Kruger

Kronologies gesien, val die geskiedskrywing oor Paul Kruger duidelik in twee dele uiteen: die tydgenootlike en die latere. Reeds tydens sy lewe is daar veel oor Kruger geskryf, eintlik net soveel as in die latere jare saam. Aangesien die tydgenootlike geskifte hoofsaaklik oor die eie tyd handel en in die latere werke eers werklik die verlede beskryf word, is daar groot verskil in die aard van hierdie twee groepe werke. Daarby kom dat die ouer werke eintlik binne die sg. voorwetenskaplike tydperk in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing val, terwyl die latere werke gro-tendeels tot die wetenskaplike Suid-Afrikaanse geskiedskrywing be=hoort.

1. Die tydgenootlike geskiedskrywing

Die oorgrote meerderheid van die 19de-eeuse werke wat oor Kruger handel se ontstaansoorsaak lê direk in die gebeure van die eie tyd: die Eerste Vryheidsoorlog, die ontdekking van die Witwatersrandse goudvelde, die wrywing tussen die Uitlanders en die regering van die Z.A.R. en die Tweede Vryheidsoorlog. Al hierdie dinge het belangstelling in Transvaal en sy president ge=wek, nie net in Suid-Afrika en Brittanje nie, maar in die hele beskaafde wêreld van dié tyd.

Hierdie vroeë werke is dus primêr geleentheidswerke: hulle moes inligting verskaf, 'n standpunt propageer of 'n optrede regverdig. Dat hulle groot subjektiwiteit in die uitkyk op ge=beure en so ook op Kruger se optrede en persoon sou toon, is dus begryplik. Hierdie werke is dan ook nie gelewer deur wetenskap=lik opgeleide historici nie en het nie op argiefnavorsing berus nie, maar slegs op gepubliseerde dokumente en/of eie indrukke.

Aangesien daar oor Kruger se optrede in die laaste twee dekades van die vorige eeu heelwat in koerante geskryf is, verskillende dokumente i.v.m. sy optrede bekend gemaak is en hy dikwels in die openbaar opgetree en besoekers te woord gestaan het, was die materiaal binne die bereik van die tydgenootlike geskiedskrywers oor Paul Kruger geensins onaansienlik nie.

Die meeste van dié werke is geskryf deur Engelstaliges, van wie verskillendes inwoners van die Z.A.R. was. Ook Nederlanders, Franse en Duitsers het oor Kruger geskryf, hoofsaaklik mense wat Transvaal besoek het. Veral tydens die Tweede Vryheidsoorlog het daar egter ook verskillende werke verskyn van persone wat nie self in Suid-Afrika was nie en hul werke dus net op dokumente en/of ander geskrifte gegrond het. Van Afrikaners het daar in hierdie tyd nie veel verskyn waarin oor Kruger gehandel word nie; hulle het die meeste gebeure van naby meegemaak en kon daarvan in koerante lees, terwyl hul standpunt ook reeds deur buitelanders gestel en in Europa bekend gemaak is.

Die vroegste werke waarin oor Kruger gehandel word, dateer uit die periode van die eerste Britse anneksasie van Transvaal en net daarna. Hierdie geskrifte het dan ook meesal oor Kruger se optrede in dié tydperk gehandel en was ook van die hand van mense wat self van die gebeure meegemaak het. Enkele werke van Nederlanders wat medestanders van president Burgers was, toon 'n onsimpatieke voorstelling van Kruger se persoon en optrede. In ander Nederlandstalige geskrifte word egter met groot lof van hom gepraat. Terwyl sommige Engelse skrywers in ongunstige sin na hom verwys en hom bestempel as opstoker teen die Britse bestuur en verdrukker van die naturelle, is daar ook ander wat 'n meer simpatieke houding teenoor hom aanneem.

Dit is eers na 1890 dat baie oor Kruger geskryf is, veral oor sy presidentsoptrede en sy persoon. Belangstelling in die vroeëre geskiedenis van die Z.A.R. het wel geleidelike kort beskrywings daaroor, veral op grond van die geskiedwerke van Theal, maar benewens lg. geskrifte was enkele staaltjies wat Kruger self oor sy verlede vertel het die basis vir die kennis oor Kruger se vroeë loopbaan, en oor sy optrede voor 1877.

was in die 19de eeu dan ook nooit veel bekend nie. Kruger se optrede as president is egter ook onvolledig behandel — die skrywers het hierby meesal gekonsentreer op die Uitlanderkwessie.

In die groot aantal vroeë Engelstalige werke waarin oor Kruger gehandel word, is meesal 'n onsimpatieke beskrywing van hom gegee. Dië geskifte toon ook dikwels 'n Brits-imperiale uitkyk, waarby die optrede van die Reformerbeweging onder die Uitlanders en van Rhodes en Milner geprys word. 'n Propagandistiese element is duidelik daarin te vinde; die optrede van Kruger word verdoem en sy persoon so ongunstig as moontlik voorgestel om steun vir die Uitlanders en vir die Britse beleid te verkry. Kruger is geteken as dom, onbeskaaf en wars van alle vooruitgang. Hy is voorgedhou as bekrompe, soms ook as 'n hipokriet en fanatikus, en sy bestuur as diktatoriaal en korrupt. Kruger se vroeë loopbaan is beskryf veral met die doel om hierdie beeld van hom verder te illustreer; sy optrede in die tyd van president M.W. Pretorius se pogings om die O.V.S. met Transvaal te verenig en sy houding teenoor die Britse bestuur oor Transvaal na 1877 is veral hiervoor aangegryp. Dikwels is sy beleid as president geïnterpreteer as die gevolg van 'n Afrikanersameswering om Britse invloed uit Suid-Afrika te weer en dit 'n enkele Afrikaanse republiek te maak. F.A. MacKenzie se biografietjie van Kruger is 'n goeie voorbeeld van hierdie Brits-propagandistiese uitkyk op Kruger.

Uit verskillende ander Engelstalige geskifte blyk 'n meer objektiewe uitkyk op Kruger se beleid, terwyl teenstanders van die Britse optrede teenoor Transvaal Kruger verdedig het. Die biografie van F.R. Statham is, hoewel dit nie 'n heeltemal onkritiese benadering toon nie, feitlik 'n apologie vir Kruger en die Boere. Dit is slegs op enkele dokumente en sekondêre werke gebaseer en gee 'n onvolledige en vae beeld van Kruger, en, al toon dit 'n goeie insig in die geskiedenis, bevat dit heelwat wat nie direk met Kruger in verband staan nie.

In die werke van Nederlanders wat 'n tyd in Suid-Afrika was, blyk meesal 'n simpatieke maar ook nugtere oordeel oor Kruger en sy optrede, bv. in die kort lewensbeskrywing van Kruger deur H.P.N. Müller (1896), hoewel daarin maar weinig oor Kruger en sy

optrede meegedeel word. Die omvangryke biografie van J.F. van Oordt, die mees omvattende werk wat in die vorige eeu oor Kruger geskryf is, is gegrond op heelwat navorsing, maar gee geensins 'n volledige beeld van Kruger nie. Ook bevat dit 'n massa gegewens wat nie direk met Kruger in verband staan nie, en daarby is die interpretasie grotendeels subjektief en eensydig; Kruger word in alle opsigte as held voorgedou. Dië werk het groot invloed gehad op die beeld wat in verskillende Nederlandse en Duitse werke oor Transvaal en die Tweede Vryheidsoorlog van Kruger gegee is. Van Oordt se biografie is beslis die belangrikste werk oor Paul Kruger in die Nederlandse en die (hoofsaaklik Nederlandstalige) Afrikaanse geskiedskrywing van dië tyd.

Soos in Nederland was daar in Frankryk en Duitsland groot simpatie vir die Boere in die jare van die Tweede Vryheidsoorlog, waarvan verskillende geskifte getuig. Tydens Kruger se reis deur Europa is daar veral veel oor hom geskryf; en in hierdie tyd was Kruger 'n bekende figuur in dië lande. Hy is byna steeds beskryf as verpersoonlikende die eienskappe van sy volk, as 'n moedige, vryheidsliewende, karaktervaste en edel mens. Sy godsdienst is dikwels, veral deur nie-Calvinistiese skrywers, nie goed begryp nie, hoewel besef is dat dit 'n kardinale element van Kruger se persoon en optrede vorm. Net so min as in die Engelstalige werke die geval is, het Nederlandse, Duitse en Franse skrywers Kruger se persoonlikheid goed beskryf; die tipiese Boerekenmerke daarvan het in hul werke voorop gestaan.

Net na die Tweede Vryheidsoorlog het die Gedenkschriften van Paul Kruger verskyn, 'n weergawe van Kruger se herinneringe, alhoewel nie 'n presiese diktaat nie. Dit bevat nie besonder veel nuwe inligting oor Kruger nie en gee ook nie 'n duidelike beeld van sy lewe nie, maar toon tog Kruger se eie uitkyk op seker sake goed aan. In dië tyd, toe die belangstelling in die Boere en in die Vryheidsoorlog nog baie groot was, is dit veel gelees, en later was dit steeds 'n belangrike bron vir die geskiedskrywers oor Paul Kruger.

Ten slotte kan gesê word dat in die tydgenootlike werke slegs die belangrikste aspekte van Kruger se persoon en optrede

behandel is, wat ook eensydig geïnterpreteer is. As geleentheids= werke is hul nie van hoë wetenskaplike gehalte nie, maar het tog die basis vir die geskiedskrywing oor Kruger gevorm en, meer as die latere werke, die beeld van Kruger in die buiteland beïnvloed.

2. Die latere geskiedskrywing

In die eerste dekades na die Tweede Vryheidsoorlog is eintlik nie veel oor Kruger geskryf nie; daar het immers reeds 'n massa lektuur oor hom bestaan, en daarby was die Tweede Vryheids= oorlog en die gebeure wat dit vooraf gegaan het nog vars in die geheue. In die werke van die begin van hierdie eeu het die unifi= kisasie van Suid-Afrika dikwels voorop gestaan en veral in Engel= se werke is Kruger as teenstander van die unifikasie voorgestel, wie se strewe eers vernietig moes word voor die vereniging werk= likheid kon word.

Met die 100-jarige herdenking van Kruger se geboorte in 1925 het daar verskillende geleentheidsgeskrifte oor hom verskyn, waaronder J.P. la G. Lombard se Krugerbiografie. Dit is nie op oorspronklike navorsing gegrond nie en is nie soseer 'n bydrae tot feitekennis oor Kruger nie, maar gee 'n duideliker beeld as vorige biografieë, veral van hom as persoon en as Afrikaner in sy leefwyse. Ook word hy voorgelou as simbool van die Afrikaner se vryheidstrewe — 'n motief wat in verskillende ander geskrifte na vore sou kom. Terwyl in populêre geskrifte en tydskrifartikels Kruger se daad as jagter en krygsman en sy staatsmanswysheid ge= loof is, is hy in verskillende werke ook geteken as tipe van die Christen-Afrikaner, die verpersoonliking van die goeie eienskappe van die Afrikanervolk. Hiermee was daar dus 'n didaktiese stre= we in die uitbeelding van Kruger.

Die wetenskaplike geskiedskrywing oor Paul Kruger in Afrikaans het met die ontginning van die argiewe vanaf ongeveer die twintigerjare groot vordering gemaak. Verskillende aspekte van die geskiedenis waarin Kruger 'n belangrike rol gespeel het, is in wetenskaplike verhandelinge op grond van navorsing van oor= spronklike dokumente behandel. 'n Duidelike kritiese kyk op Kruger se optrede was daar in die tyd voor die Tweede Wêreldoor= log egter eintlik nie — Kruger se daad is byna steeds met instem=

ming beskryf. 'n Wetenskaplike werk wat 'n geheelbeeld van Kruger se lewe en werk gee, het in dié tyd ook nie verskyn nie — dié taak was blykbaar te omvattend vir die wetenskaplikes wat nog besig was om die verskillende aspekte van die geskiedenis deeglik te analiseer.

Van Engelse kant het daar ook heelwat wetenskaplike werke oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis van die 19de eeu verskyn, waarin veral die Britse beleid t.o.v. Suid-Afrika behandel is. Hierdeur kon Kruger se optrede ook in groter perspektief geplaas word. Hoewel Kruger se beleid ook baie krities beskou is, toon die meeste werke tog veel meer begrip daarvoor as die Engelse werke uit die vorige eeu. Ook in meer populêre beskrywings blyk dikwels simpatie vir Kruger. In die „vie romancëe“ van Marjorie Juta oor Kruger word hy uitgebeeld as beliggaming van die 19de-eeuse landelike kultuur en ideale van die Boere wat met die vreemde Engelse kultuur en die industrialisasie gekonfronteer word — 'n tema wat ook in die werk van Stuart Cloete aangetref word. M. Nathan gee in sy biografie van Kruger (1914) 'n duidelike oorsig van sy lewe en werk, hoewel dit geensins op volledige navorsing gegrond is nie. Nathan motiveer Kruger se optrede dikwels goed en beoordeel dit krities. 'n Algemeen gematigd liberale uitkyk bepaal egter in 'n groot mate Nathan se benadering tot Kruger se optrede. Dat daar in hierdie jare in Engels selfs beter biografieë van Kruger geskryf is as in Afrikaans, is bewys van die groot belangstelling in die Krugerfiguur ook by die Engelsprekende inwoners van Suid-Afrika.

In die buiteland daarenteen het die belangstelling in die Krugerfiguur na die Tweede Vryheidsoorlog sterk afgeneem. In Nederland het daar in 1925 tog heelwat artikels en geskrifte oor Kruger verskyn en is later 'n paar jeugboeke oor hom geskryf. Enekele wetenskaplikes in die buiteland het die Suid-Afrikaanse gebeure in die laaste dekades van die vorige eeu beskryf, veral teen die agtergrond van internasionale verhoudinge, en daarby ook Kruger se optrede objektief behandel.

In Duitsland het daar voor die Tweede Wêreldoorlog nie veel geskiedwerke oor Kruger en Suid-Afrika verskyn nie, en in

enkeles wat wel geskryf is, word Kruger gekritiseer omdat hy nie genoeg van Duitse steun gebruik gemaak het nie. Tydens die Tweede Wêreldoorlog egter is daar 'n groot aantal lewensbeskrywings van Kruger in Duits gepubliseer, hoofsaaklik van populêr-literêre aard. Hierdie geskrifte het veral gespruit uit die begeerte van die Duitse Nazibewind om 'n anti-Engelse gevoel in Duitsland en in die besette Nederland aan te wakker; simpatie vir die Krugerfiguur wat daar nog vanaf die dae van die Tweede Vryheidsoorlog oorgebly het, moes weer aangeblaas word. Hierdie nuwe belangstelling in Kruger in die buiteland is dus grotendeels kunsmatig opgewek. Die beskrywing van Kruger is dan ook baie tendensieus; hy word voorgestel as eintlik huldigende die nasionaal-sosialistiese volks- en staatsbegrip en as anti-Joods gesind. Terwyl 'n werk soos dié van W. Schmidt-Pretoria se openlike propagandisme die beeld van Kruger beslis nie ten goede kom nie, gee 'n skrywer soos J. Barckhausen tog 'n interessante uitbeelding van hom, vry van direkte propagandisme. Hierdie geskrifte is egter geeneen belangrike bydraes tot die interpretasie van die Krugerfiguur nie.

Na die Tweede Wêreldoorlog het daar in die buiteland nie veel geskrifte verskyn waaruit groot belangstelling vir Kruger blyk nie. In Suid-Afrika egter het juis in die na-oorlogse jare die belangrikste geskrifte wat nog oor hom geskryf is, verskyn. Van Afrikaanse kant het, nadat Kruger se staatsopvattinge tydens die Tweede Wêreldoorlog weens politieke geskille belangstelling gewek het, verskillende geskrifte oor Kruger se beginsels en opvattinge, veral t.o.v. staatkundige sake, verskyn. Oor verskeie aspekte van Kruger se openbare optrede is ook wetenskaplike studies gelewer wat ouer werke daaroor grotendeels vervang het deur hul uitgebreider navorsing en beter interpretasie. 'n Meer kritiese instelling teenoor Kruger se optrede kom duidelik in Afrikaanse geskiedwerke na vore; dit kon nou in groter perspektief gesien en die betekenis daarvan beter besef word. Hiervoor was behalwe die groter tydsafstand ook die verwesenliking van die Afrikaanse vryheidsideale verantwoordelik.

In 1961-63 het eindelijk die eerste wetenskaplike biografie van Kruger, van die hand van die historikus, D.W. Krüger, verskyn. Hierin word op grond van deeglike en uitgebreide navorsing

'n omvattende en helder beeld van Kruger gegee. Kruger se optrede word histories gemotiveer, in perspektief geplaas en krities en objektief beskryf. In vergelyking met vorige Krugerbioografieë is hierdie werk van besonder hoë gehalte; dit is die beste beskrywing van Kruger se lewe en werk in byna al sy fasette, hoewel dit geen= sins alles bevat wat daar oor hom te sê is nie.

'n Kritiese uitkyk op die Krugerfiguur blyk ook in letterkundige werke oor Kruger. Anders as voor die Tweede Wêreld= oorlog het daar nou werke van hoë literêre gehalte oor Kruger verskyn, waaronder veral dié van Anna M. Louw, wat teweens 'n groot mate van historiese juistheid toon en 'n belangrike bydrae is tot die interpretasie van Kruger se persoonlikheid.

Engelse wetenskaplike werke van die afgelope paar dekades het heelwat bygedra tot kennis en interpretasie van Kruger se openbare optrede, veral ook deurdat hulle met 'n kritiese, objektiewe instelling geskryf is. Daar het ook Engelstalige werke verskyn waarin 'n onsimpatieke beeld van Kruger gegee word, wat sterk herinner aan die 19de-eeuse Engelse propagandistiese voorstelling van Kruger — 'n voorstelling wat, na dit wil voorkom, nuwe lewe verkry het na die sukses van die Afrikaanse onafhanklikheidstrewes en deur die rassebeleid van die Suid-Afrikaanse regering.

Tog kan in die algemeen van die latere geskiedskrywing oor Kruger gesê word dat dit in veel geringer mate as die tydgenootlike werke subjektiwiteit as gevolg van eietydse omstandighede toon. In hierdie tyd is geleidelik vordering gemaak in die wetenskaplike beskrywing van Kruger se optrede deur Suid-Afrikaanse geskiedskrywers, Afrikaans- sowel as Engelssprekend; en is die beeld van Kruger verdiep en verhelder. Met die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing het daar ook vooruitgang in die geskiedskrywing oor Paul Kruger gekom.

B. Konkluderende waardering van die geskiedskrywing oor Paul Kruger

Wat is die waarde van die tydgenootlike geskiedskrywing oor Kruger? Beskou in die lig van die beperkende faktore in die geskiedskrywing van dié tyd is sommige werke van heelwat waarde.

Geskrifte van groot belang weens die navorsingsmateriaal wat daar= in verwerk is, is veral die biografie van Van Oordt en die werke van Theal. Wat insig en interpretasie betref, munt o.m. die bio= grafieë van Muller en Statham uit.

Die waarde van die tydgenootlike werke vir vandag berus veral daarop dat persoonlike indrukke daarin verwerk is en 'n tyd= genootlike uitkyk op Kruger daarin gegee word. Eintlik is hier= die werke eerder as bronnemateriaal dan as geskiedskrywing oor Kruger van belang. As geskiedwerke oor Kruger is hulle bykans geheel en al deur latere geskrifte vervang.

Wat die latere geskiedskrywing betref, is daar talle ge= skrifte wat vandag nog van groot waarde is vir die beskrywing wat dit van bepaalde aspekte van Kruger se lewe en werk bied — hier= oor is reeds in hoofstuk IV heelwat gesê. Verskillende werke van voor die Tweede Wêreldoorlog wat beslis van wetenskaplike gehalte is, het egter hul belang vir die geskiedskrywing oor Paul Kruger in 'n groot mate verloor deurdat later werke oor dieselfde onder= werp geskryf is.

Die individuele indrukke van Kruger wat in verskillende geskiedwerke weergegee is, bly hul waarde behou. Dieselfde geld in 'n groot mate vir die interpretasies van Kruger en sy optrede; daar is soveel fasette in die interpretasie dat dit nie in enkele werke volledig weergegee kan word nie. Veral die biografiese en letterkundige werke oor Kruger is in hierdie opsig steeds van be= lang.

Dit kan ook nie gesê word dat die vernaamste bydraes tot die interpretasie van die Krugerfiguur reeds gelewer is nie; die geskiedinterpretasie is immers wisselend met tyd en omgewing. Veral waar daar in die huidige tyd veel gebeur het wat verande= ring in die kyk op die posisie van die blanke in Suid-Afrika mee= bring, kan dit die beskouing van die Suid-Afrikaanse geskiedenis en die plek van Paul Kruger daarin heel moontlik beïnvloed.

Wat die verwerking van navorsingsmateriaal oor Kruger betref, kan miskien wel verklaar word dat die taak van die geskied= skrywer reeds in belangrike mate voltooi is. Dit het uit die be=

handeling van die geskiedskrywing oor aspekte van Kruger se lewe en werk geblyk dat veral t.o.v. sy vroeë loopbaan, sy beskouinge en sy kerklike aktiwiteite navorsing nog nie juis volledig gedoen is nie. Natuurlik is daar ook steeds ruimte vir verbetering in die beskrywing van Kruger in al sy fasette, ook waar deeglike werk reeds gedoen is.

Ten slotte kan gesê word dat daar oor Paul Kruger veel geskryf is, sowel in sy eie tyd as daarna, miskien meer as oor enige ander figuur in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Dié feit dui daarop dat Kruger 'n figuur van groot betekenis veral in Suid-Afrika is en sal bly.

BIBLIOGRAFIE

Hierdie bibliografie bevat slegs werke wat geraadpleeg sowel as aangehaal is. Dit was ongelukkig nie moontlik om hier 'n indeling te volg waarby geskifte wat deel van die geskiedskrywing oor Paul Kruger vorm van ander geraadpleegde werke geskei is nie, veral omdat verskillendes nie slegs in een van die groepe val nie. Hierdie bibliografie kan dus nie sonder meer as 'n bibliografie van Paul Kruger beskou word nie.

A. Gepubliseerde werke

- ABRAHAM, F., Die Südafrikanische Republik. Eine historische Skizze. Berlyn, Goldminen-Revue, 1896.
- ADAMASTOR (pseud.), White man boss. Footsteps to the South African Volk Republic. Londen, Gollancz, 1950.
- AFRIKANER-PERSONEREGISTER, DIE 1964. Johannesburg, Voortrekkerpers.
- AGAR-HAMILTON, J.A.I., The road to the north. South Africa 1852-1886. Londen, Longmans & Green, 1937.
- ALGEMEEN NEDERLANDSCH VERBOND. Bestuur der groep „Nederland“, Voortrekkers van den Nederlandschen stam. Amsterdam, Maatschappij voor goede en geleerde lectuur, (1925).
- AMERY, L.S. (red.), The Times history of the war in South Africa. 7 dele, Londen, Sampson Low & Marston, 1900-1909.
- ANDRIESSEN, W.F., Gedenkboek van den oorlog in Zuid-Afrika. Amsterdam, H.A.U.M., 1904.
- ANON., Der Burenpräsident, Stephanus Johannes Paulus Krüger. Gütersloh, Vertelsmann, 1902.
- Een eeuw van onrecht. Bloemfontein, Het Volksblad, 1899.
- ATCHERLEY, R.J., A trip to Boërland. Londen, Pentley, 1879.
- AUBERT, G., Le Transvaal et l'Angleterre en Afrique du Sud. Parys, 1897.
- AYLWARD, A., The Transvaal of to-day. War witchcraft, sport and spoils in South Africa. Edinburgh, Blackwood, 1881.

- BARCKHAUSEN, J., Oom Paul. Johannesburg, A.P.B., 1964. (Vertaling van: Ohm Krüger. Berlyn, Blanvalet, 1941.)
- BARRINGTON, viscountess Charlotte, Through eighty years (1855-1935). The reminiscences of ... Londen, 1936.
- BATTS, H.J., Pretoria from within during the war 1899-1900. Londen, Shaw, 1900.
- BECK, H.H., History of South Africa and the Boer-British war: Blood and gold in Africa. Philadelphia, Globe Bible Publishing, (1900).
- BELL, F.W., The South African conspiracy. Or the aims of Afrikanerdom. Londen, Heinemann, 1900.
- BESSELAAR, G., Zuid-Afrika in de letterkunde. Amsterdam, De Bussy, 1914.
- BEUKES, G.J., Laat die kerse brand! en ander eenbedrywe. Pretoria, Van Schaik, 1945.
- BEYERS, C., Laaste jare en heengaan van president Kruger (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, Kaapstad, 1941, dl. I).
- BEZUIDENHOUT, C.P., De geschiedenis van het Afrikaansche geslacht van 1688 tot 1882. Vergeleken met psalm 80. Vers 9 tot 16. Bloemfontein, Borckhagen, 1883.
- BIGELOW, P., White man's Africa. Londen, Harper, 1900.
- BIXLER, R.W., Anglo-German imperialism in South Africa, 1880-1900. Baltimore, Warwick & York, 1932.
- BLELOCH, W., The new South Africa. Its value and development. Londen, Heinemann, 1902.
- BLOK, T., Die Adendorfftrek. Bloemfontein, Nasionale Pers, (1927).
- BOEY, M., Paul Kruger, Thielt, Lannoo, s.j.
- BOISSEVAIN, C., The struggle for the Dutch republics. Open letter to an American lady. Amsterdam, Handelsbladkantoor, 1900.
- BOSMAN, I.D., Dr. George McCall Theal as die geskiedskrywer van Suid-Afrika. Amsterdam, Swets & Zeitlinger, 1932.
- BOTHA, P.R., Die staatkundige ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Republiek onder Krüger en Leyds. Transvaal 1844-1899. Amsterdam, Swets & Zeitlinger, 1925.

- BREYTENBACH, J.H., Die Tweede Vryheidsoorlog. 2 dele, Kaapstad, Nasionale Pers, 1948-49.
- BROUWER, W., Paul Kruger. Amsterdam, Veen, (1899)
- BRYCE, J., Impressions of South Africa. Londen, MacMillan, 1898.
- BUNCE, C.T., e.a. The real Kruger and the Transvaal. The Briton's side, the Boer's side. New York, Street & Smith, (1900).
- BUNGE, R., Burenlieder, den Heldevolke und seinem würdigen Staatspräsidenten gewidmet. Dresden, Pierson, 1901.
- BUTTERFIELD, H., Man on his past. Cambridge, University Press, 1955.
- BUTTERY, J.A., Why Kruger made war. Or behind the Boer scenes. Londen, Heinemann, 1900.
- CANA, F.R., South Africa from the Great Trek to the Union. Londen, Chapman & Hall, 1909.
- CARTER, T.F., A narrative of the Boer war. Its cause and results. Londen, Macqueen, 1896 (2de uitgawe).
- CHURCHILL, Lord Randolph S., Men, mines and animals in South Africa. Londen, Sampson Low & Marston, 1892.
- CLOS (pseud.), Life in Afrikanerland as viewed by an Afrikaner. Londen, Digby & Long, 1897.
- CLOETE, S., African portraits. A biography of Paul Kruger, Cecil Rhodes and Lobengula, last king of the Matabele. Londen, 1946. (Amerikaanse uitgawe onder titel: Against these three: A biography of.... New York, Garden City Publishing, (1945).
- COETZEE, D.J., Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1872-1899. Kaapstad, Nasionale Pers, 1940.
- COETZEE, J.A., e.a. Ons republiek. Bloemfontein, Nasionale Pers, 1941. (Tweede trekreeks no. X.)
- COETZEE, J.P.J., Die lamp op die staander. Bloemfontein, Nasionale Pers, 1949.
- COLVIN, I., The life of Jameson. 2 dele, Londen, Arnold, 1922-23.
- COOK, E.T., Edmund Garrett. A memoir. Londen, Arnold, 1909.

- Rights and wrongs of the Transvaal war. London, Arnold, 1901.
- CRESWICKE, I., South Africa and the Transvaal war. 7 dele. Edinburgh, Jack, 1900-1902.
- CRONJÉ, G. (red.), Aspekte van die Suid-Afrikaanse historiografie. Pretoria, Van Schaik, 1967.
- CRONWRIGHT-SCHREINER, S.C., The life of Olive Schreiner. London, Fisher Unwin, 1924.
- CUMBERLAND, S., What I think of South Africa, its people and its politics. London, Chapman & Hall, 1896.
- DARAGON, H., Le président Kruger en France. Marseille, Dijon, Paris (22 Novembre - 1er Décembre 1900). Parys, Daragon, 1901.
- DE BEAUFORT, A.A.H., Vijftig jaren uit onze geschiedenis, 1868-1918. Amsterdam, Van Kampen, 1928.
- DEKKER, G., Afrikaanse literatuurgeskiedenis. s.p., Nasou, s.j. (7de om- en bygewerkte druk).
- DE KIEWIET, C.W., A history of South Africa; social and economic. Oxford, Clarendon, 1941.
- The imperial factor in South Africa. A study in politics and economics. Cambridge, University Press, 1937.
- DEVEREUX, Roy, Side lights on South Africa. Sampson Low & Marston, 1900.
- DE VILLIERS, C.C., Geslacht-register der oude Kaapsche familiën. 3 dele, Kaapstad, Van de Sandt de Villiers, 1893-1895.
- DE VRIES, M., Die geskiedenis van die Transvaal, of, die Suid-Afrikaanse Republiek van die laaste tien jaare. Gevertel door Klaas Waarsegger aan zijn neef Martinus in Holland, in die eige Boere sijn taal. Leiden, Sijthoff, 1881.
- DE VRIES, P., Het beeld van Lodewijk XIV in de Franse geschiedschrijving. Amsterdam, Querido, 1948.
- DE WET, C.R., De strijd tusschen Boer en Brit. Amsterdam, Höveker, 1902.
- DE ZEEUW, P., Paul Kruger. De leeuw van Zuid-Afrika. s'Gravenhage, Van Goor, 1951 (6de druk). (Serie oud goud no. X.)
- DIETZEL, K.H., Die Südafrikanische Union. Ihre Entstehung und ihr Wesen. Berlyn, Kolonialen Rundschau, 1934.

- DISTANT, W.L.A., A naturalist in the Transvaal. Londen, Porter, 1892.
- DOYLE, sir Arthur C., The Great Boer War. Londen, Bell, 1901 (4de druk).
- DRESDEN, S., De structuur van de biografie. Den Haag, Bakker, 1956.
- DU PLESSIS, C.N.J., Uit de geschiedenis van de Zuid-Afrikaansche Republiek en van de Afrikaanders. Amsterdam, De Bussy, 1898.
- DU PLESSIS, J.S., Die ontstaan en ontwikkeling van die amp van die staatspresident in die Zuid-Afrikaansche Republiek (1858-1902) (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, Kaapstad, 1955, dl. I).
- (red.), President Kruger aan die woord. Bloemfontein, Sacum, 1952.
- DU TOIT, S.J., Alweer op reis, di slag as lid van di Transvaalse deputasi in 1883-1884. Paarl, Du Toit, 1886.
- De Bechuanalandsche kwestie; historisch toegelicht. Paarl, Du Toit, 1885.
- ELK, H., Die Buren. Der Deutsche Bruderstamm in Südafrika. Bielefeld, 1899 (2de uitgawe).
- ELOUT, C.K., Der Kulturkampf in Südafrika. Ein Versuch zur Prüfung der Krügerschen Kulturpolitik. Leipzig, Uhlig, 1901. (Vertaal uit Nederlands.)
- ENCYCLOPAEDIA BRITTANNICA. A new survey of universal knowledge, dl. 13, Londen, Encyclopaedia Britannica, 1953.
- ENGELBRECHT, S.P. (red.), Paul Kruger's amptelike briewe. Pretoria, Suid-Afrikaanse akademie vir Wetenskap en Kuns, 1925.
- ENGELBRECHT, S.P., Thomas Francois Burgers. 'n Lewenskets. Pretoria, De Bussy, 1933.
- ENGELBURG, F.V., 'n Onbekende Paul Kruger. Pretoria, Volkstem, 1925.
- ENGELBURG, F.V. & PRELLER, G.S., Paul Kruger's afkomst en familie. Pretoria, Volkstem, 1904.
- FAIRBRIDGE, Dorothea, A history of South Africa. Londen, Oxford University Press, (1918).
- FAURE, D.P., My life and times. Kaapstad, Juta, 1907.

- FITZPATRICK, sir J. Percy, South African memoirs. Londen, Cassell, (1932).
- FITZPATRICK, J.P., The Transvaal from within. Londen, Heinemann, 1899.
- FRASER, sir J.G., Episodes in my life. Kaapstad, Juta, 1922.
- FREKSA, F., Ohm Krüger. Sein Leben ein Kampf gegen Eng=
land. 1941.
- FROEMBGEN, J., Wissmann, Peters, Krüger. Stuttgart, Franckh'sche Verlag, (1941).
- FULLER, sir Thomas E., The right honourable Cecil John Rhodes. A
menograph and a reminiscence. Londen, Longmans & Green, 1910.
- GARSON, N.G., The Swaziland question and a road to the sea,
1887-1895 (Afrgiefjaarboek vir Suid-Afri-
kaanse geskiedenis, Kaapstad, 1957, dl. II).
- GARVIN, J.L. &
AMERY, J., The life of Joseph Chamberlain. 4 dele, Lon= den, Macmillan, 1933-51.
- GEYL, P., Napoleon. For and against. Londen, Cape, 1949.
(Vertaal uit Nederlands.)
- GIBBS, E.J., England and South Africa. Londen, Green, 1889.
- GIE, S.F.N., Geskiedenis vir Suid-Afrika. Of ons verlede.
2 dele, Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1932
(2de druk).
- GILBERT, G., La guerre sud-africaine. Parys, Berger-Levrault, 1902.
- GLUCKSTEIN, S.M., Queen or president? An indictment of Paul Kru=
ger. Londen, Grant & Richards, 1900.
- GOLDMAN, P.L.A., Beredeneerde inventarissen van de oudste ar=
chiefgroepen in de Zuid-Afrikaansche Repu=
blik. Pretoria, Staatsdrukkerij, 1927.
- GOOCH, G.P., History and historians in the nineteenth cen=
tury. Londen. Longmans, 1961 (2de uitgawe,
4de druk).
- GOODFELLOW, C.F., Great Britain and South African confederation.
Kaapstad, Osford University Press, 1966.
- GREEN, J.E.S., Rhodes goes north. Londen, Bell, 1936.
- GROSS, F., Rhodes of Africa. Londen, Cassell, 1956.
- GUYOT, Y., Boer politics. Londen, Murray, 1900. (Vertaal
uit Frans.)

- HAGEN, P., Buren-tragödie. Ohm Krügers letzte Reise. Praag, Kaiser, 1940.
- HAGGARD, H.R., Cetywayo and his white neighbours. Londen, Paul, Trench & Trübner, 1902 (nuwe uitgawe).
- HALPERIN, V., Lord Milner and the empire. The evolution of British imperialism. Londen, Oldhams, 1952.
- HAMMOND, J.H., The truth about the Jameson Raid. Boston, Marshall Jones, 1918.
- HAMMOND, mev. J.H., A woman's part in a revolution. Londen, Longmans Green, 1897.
- HANCOCK, W.K., Smuts. 2dele, Cambridge, University Press, 1962-68.
- HARDING, W., War in South Africa and the dark continent from savagery to civilization. Chicago, Dominion, (1899).
- HETTEMA, H., De Nederlandsche stam in Zuid-Afrika. Zutphen, Thieme, 1949.
- HILLEGAS, H.C., Oom Paul's people. New York, Appleton, 1899.
- HINTRAGER, O., Geschichte von Südafrika. München, Oldenbourg, 1952.
- HOBSON, J.A., The war in South Africa. Its causes and effects. Londen, Misbet, 1900 (2de uitgawe).
- HOFMEYR, J.H., South Africa. Londen, Benn, 1931.
- HOFMEYR, J.H. & REITZ, F.W., Het leven van Jan Hendrik Hofmeyr (Onze Jan). Kaapstad, Van de Sandt de Villiers, 1913.
- HOFMEYR, N.J., De Afrikaner-Boer en de Jameson-inval. Kaapstad, Dusseau, 1896.
- HOFMEYR, S., Twintig jaren in Zoutpansberg. Kaapstad, Rose, 1890.
- HOLMES, P., Paul Kruger: The life story of the president of the Transvaal. Philadelphia, Altemus, 1900.
- HOOKER, Ie R., The Afrianders. A century of Dutch-English feud in South Africa. Chicago, Rand & McNally, 1900.
- HUGO, Maria J., Die Kruger-ultimatum. Vier maande van spanning (Historiese studies, Oktober-Desember 1943).
- Die stemregvraagstuk in die Zuid-Afrikaanse Republiek (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, Kaapstad, 1947).

- IRELAND, A., The Anglo-Boer conflict. Its history and causes. Boston, Small & Maynard, 1900.
- IWAN-MÜLLER, E.B., Lord Milner and South Africa. Londen, Heinemann, 1902.
- JEPPE, C., The caleidoscopic Transvaal. Londen, Chapman & Hall, 1906.
- JORISSEN, E.J.P., Transvaalsche herinneringen, 1876-1896. Amsterdam, De Bussy, 1897.
- JUTA, Marjorie, The pace of the ox. The life of Paul Kruger. Londen, Constable, 1936.
- JUTA, Marjorie & MORTLAKE, H., Die president. Pretoria, Van Schaik, 1939. (Vertaal uit Engels.)
- KLOK, J., De Boerenrepublieken in Zuid-Afrika. Hun ontstaan, geschiedenis en vrijheidsoorlogen. Utrecht, De Liefde, 1901.
- KLÖSSEL, M.H., Die Südafrikanischen Republiken Burenfreistaaten. Leipzig, Mayer, 1888.
- KNIGHT, Brigid, The sun climbs slowly. Londen, Cassell, 1942.
- KOLSTEE, H.J., Transvaal album. Amsterdam, Boon, s.j.
- KOTZE, sir John G., Biographical memoirs and reminiscences. 2 dele, Kaapstad, Maskew Miller, 1934 en s.j.
- KRUGER, B.R., Die ontstaan van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Pretoria, 1957.
- KRÜGER, D.W., Paul Kruger. 2 dele, Johannesburg, Dagbreek, A.P.B., 1961-63.
- KRUGER, S.J.P. e.a. Gedenkschriften van Paul Kruger. (Gedigteerd aan H.C. Bredell en Piet Grobler). Amsterdam, Nijhoff, 1902. (Vertalings onder die vlg. titels: The memoirs of Paul Kruger, four times president of the South African Republic. 2 dele, Londen, Fisher & Unwin, 1902; Im Kampf um Südafrika. Lebenserinnerungen des Präsidenten Paul Kruger. München, Lehmanns, 1902; Gedenkskrifte van Paul Kruger. Pretoria, Van Schaik, 1947.
- KUIT, A., Transvaalse verskeidenheid. Pretoria, Van Schaik, 1940.
- KÜRSCHNER, J.(ned.), Die Buren und der Südafrikanische Krieg. Charlottenburg, Deutscher Kunstverlag, (1902).
- KUYPER, A., La crise sud-africaine. Parys, Perrin, 1900.

- KUYPERS, K., Theorie der geschiedenis voornamelijk met betrekking tot de cultuur. Amsterdam, Paris, 1931.
- LE SUEUR, G., Cecil Rhodes. The man and his work. Londen, Murray, 1913.
- LEWINSOHN, R., Barney Barnato. From Whitechapel clown to diamond king. Londen, Routledge, 1937.
- LEYDS, W.J., De eerste aanexatie van de Transvaal. Amsterdam, De Lange, 1906.
- Het insluiten van de Boerenrepublieken. Amsterdam, De Lange, 1914.
- (LEYDS, W.J.), Onze eerste jaren in Zuid-Afrika, 1884-1889. Dordrecht, Geuze, 1939.
- LEYDS, W.J. (red.), Vierde verzameling (Correspondentie 1900-1902). Dordrecht, Geuze, 1934.
- LIMAN, P. & VON ZIEGELAR, H., Der Burenkrieg. Seine Ursachen und seine Entstehung. Leipzig, Historisch-politischer Verlag, 1902.
- LION CACHET, F., Vijftien jaar in Zuid-Afrika. Leeuwarden, Bokma, 1875.
- De worstelstrijd der Transvalers aan het volk van Nederland verhaald. Amsterdam, Kruyt, 1882.
- LION CACHET, J. (red.), Gedenkboek van het 50-jarig bestaan der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika. A.D. 1859-1909. Potchefstroom, Kooymans, 1909.
- LITTLE, W.J.K., Sketches and studies in South Africa. Kaapstad, Juta, 1899.
- LOMBARD, J.P. 1a G., Paul Kruger. Die Volksman. Pretoria, Van Schaik, 1925.
- LOUW, Anna M., Die banneling-die lyfwag. Kaapstad, Tafelberg, 1964.
- Die groot gryse. Kaapstad, Tafelberg, 1968.
- LOUW, N.P. v.W., Kruger breek die pad oop en ander hoorspele. Kaapstad, Human & Rousseau, 1964.
- LOVELL, R.I., The struggle for South Africa, 1875-1899. A study in economic imperialism. New York, MacMillan, 1934.
- MacCLELLAN, G.S., South Africa. New York, Wilson, 1962.
- MacDONALD, J.G., Rhodes. A life. Londen, Allan, 1927.

- MackENZIE, F.A., Paul Kruger. His life story. Londen, Bowden, 1899.
- MackENZIE, J., Austral Africa: losing it or ruling it. Londen, Sampson Low & Marston, 1887.
- MackENZIE, W.D., South Africa. Its history, heroes and wars. Londen, Marshall, 1899.
- MAGUIRE, J.R. (pseud.), Imperialist, Cecil Rhodes: A biography and appreciation. Londen, MacMillan, 1897.
- MALAN, J.H., Die opkoms van die republiek. Bloemfontein, Nasionale Pers, 1929.
- MANN, A.M., The truth from Johannesburg: A vindication of the people. Londen, Hutchinson, 1896.
- MANSVELT, N., De betrekkingen tusschen Nederland en Zuid-Afrika sedert de verovering van de Kaapkolonie door de Engelschen. Utrecht, Breijer, 1902.
- MARAIS, J.S., The fall of Kruger's republic. Oxford, Clarendon, 1961.
- MARKHAM, Violet R., South Africa past en present. An account of its history, politics and native affairs. Londen, Smith & Elder, 1900.
- MAURICE, F. & GRANT, W.H., History of the war in South Africa. 4 dele, Londen, Hurst & Blackett, 1906-1910.
- MAUROIS, A., Aspects of biography. Cambridge, University Press, 1929.
- Cecil Rhodes. Londen, Collins, 1953. (Vertaal uit Frans.)
- MENDELSSOHN, S., South African bibliography. 2 dele, Londen, 1910. (Fassimilee-uitgawe 1957.)
- MICHELL, L., The life of the rt.hon. Cecil John Rhodes, 1853-1902. 2 dele, Londen, Arnold, 1910.
- MILLIN, Sarah G., Rhodes. Londen, Chatto & Windus, 1933.
- MOERDYK, Sylva H., Paul Kruger. Geskiedkundige tonele uit die lewe van die president van die Suid-Afrikaanse Republiek. Kaapstad, Nasionale Pers, 1930.
- MOSSOP, E.E., Lives of the earlier Krugers told in a revised genealogical table (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, Kaapstad, 1947).
- MULLER, C.F.J. (red.), Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis. Pretoria, Academica, 1968.

- MULLER, H.P.N., Oom Paul (Mannen en vrouwen van beteekenis in onze dagen, afl. 6, Haarlem, Tjeenk Willink, 1896).
- Zuid-Afrika. Reisherinneringen. Leiden, Sijthoff, (1889).
- NATHAN, M., Not heaven itself. An autobiography. Durban, Knox, 1944.
- Paul Kruger. His life and times. Durban, Knox, 1941.
- NIENABER, P.J., D'Arbez as skrywer. Pretoria, De Bussy, 1936.
- Hier is ons skrywers. Johannesburg, A.P.B., 1949.
- NIXON, J., The complete story of the Transvaal from the "Great Trek" to the Convention of London. Londen, 1885.
- NORRIS-NEWMAN, C.L., With the Boers in the Transvaal and Orange Free State in 1880-1881. Londen, Abbott & James, 1882.
- OLIVER, R. & ATMORE, A., Africa since 1800. Cambridge, University Press, 1967.
- OMOND, G.W.I., The Boers in Europe. A sidelight on history. Londen, Black, 1903.
- OOSTERBAAN, N., De Afrikaansche Boer. Kijkjes in zijn verleden en heden. Middelburg, Le Cointre, 1896.
- OPPERMAN, D.J., Groot verseboek. Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1960.
- ORPEN, J.M., Reminiscences of life in South Africa from 1846 to the present day. Durban, 1908. (Fassimile-uitgawe 1964.)
- OTTEN, J.F., De moderne biographie. Maastricht, Stols, 1932.
- PAKENHAM, E., Jameson's raid. Londen, Weidenfeld & Nicholson, 1960.
- PEGG, H.E., A history of Southern Africa. Londen, Longmans & Green, 1949.
- PELZER, A.N., Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, dl. I. Wordingsjare. Kaapstad, Balkema, 1950.
- PENNING, L., De ruiters van Zuid-Afrika. Een verhaal uit de dagen van Jameson en Krugersdorp. Kaapstad, Dusseau, 1898.

- De scherpschutters van Zuid-Afrika. Een verhaal uit den Vrijheidsoorlog 1880-1881. Gorinchem, Duyn, 1897.
- Verdedigers en verdrukkers der Afrikaansche vrijheid. s'Gravenhage, Voorhoeve, (1902).
- PETERS, C., Afrikanische Köpfe. Charakterskizzen aus der neueren Geschichte Afrikas. Berlin, Ullstein, 1915.
- PHILIPS, L., Some reminiscences. Londen, Hutchinson, s.j.
- PIETERSE, D.J., Transvaal en Britse suwereniteit, 1881-1884. (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, Kaapstad, 1940, dl. I).
- PLOEGER, J., Onderwys en onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt (1881-1900). (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, Kaapstad, 1952, dl. I).
- PLOMER, W., Cecil Rhodes. Londen, Davies, 1933.
- POSTMA, D.C., Oom Paul. Bloemfontein, Nasionale Pers, 1935.
- POSTMA, F., Paul Kruger. Die Christen-volksman en -staatsman. Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1944. (Ossewareeks no. 5.)
- POULTNEY, Dora O., Dawn to dusk. Londen, Cassell, 1936.
- PRELLER, G.S., Die Groblermoord. 2 dele; Pretoria, Noorde-
like Drukkers, 1930.
- (red.), Ons goudroman. (Die Maraisdagboek 1849-1865). Pietermaritzburg, Wallach, 1935.
- Ou Pretoria. Saaklike verhaal van die stad se Voortrekkerperiode. Pretoria, Afrikaanse kultuurraad, 1938.
- Piet Retief. Lewensgeskiedenis van die grote Voortrekker. Pretoria, Volkstem, 1927 (8ste druk).
- PRESSER, J., Napoleon. Historie en legende. 2 dele, Amsterdam, Elzevier, 1963.
- RADEMEYER, J.I., Die land noord van die Limpopo in die ekspansiebeleid van die Suid-Afrikaanse Republiek. Kaapstad, Balkema, 1949.
- Paul Kruger. Johannesburg, Afrikaanse pers, 1962.
- RADZIWILL, prinses Catherine, Cecil Rhodes. Man and empire-maker. Londen, Cassell, 1918.

- REGAN, W.F., Boer and Uitlander. The true history of the late events in South Africa. Londen, Digby & Long, 1896.
- ROELS, E., Boers et Anglais. Autour des mines d'or du Transvaal. Parys, Hennuyer, 1897.
- ROMEIN, J., De biografie. Amsterdam, Querido, 1951.
- ROMPEL, F., Uit den Tweeden Vrijheidsoorlog. Schetsen en portretten. Amsterdam, Van Holkema & Warendorf, s.j.
- ROORDA-SMIT, J.A., Het goed recht der Transvaalsche Boeren. Utrecht, Van der Post, 1881.
- ROSENTHAL, E. (red.), South African dictionary of national biography. Londen, 1966.
- RÖSSLER, H. & GÜNTHER, F., Biographisches Wörterbuch zur Deutschen Geschichte. München, Oldenbourg, 1953.
- SANDBERG, C.G.S., Twintig jaren onder Krugers boeren in voor en tegenspoed. Amsterdam, Keurkamer, (1943).
- SAUER, H., Ex Africa. Londen, Bles, 1937.
- SCHEIBERT, J., Der Freiheitskampf der Buren und die Geschichte ihres Landes. 2 dele, Berlyn, Schröder, 1902.
- SCHMIDT-PRETORIA, W., Een president. De roman van Paul Kruger. Amsterdam, Westland, 1942. (Vertaling van: Ein Präsident. Der Roman Paul Krügers. Berlyn, Renier, 1942.)
- SCHOLTZ, G.D., Europa en die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1939.
- Die geskiedenis van die Nederduits-Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, 1842-1885. 2 dele, Kaapstad, N.G. Kerkuittewers, 1955-60.
- Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902. 2 dele, Johannesburg, Voortrekkerpers, (1947).
- SCHOONEES, P.C., Die prosa van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging. Pretoria, De Bussy, 1939.
- SCHREINER, Olive, An English-South African's view of the situation. Londen, Hodder & Stoughton, (1899).
- SCOBLE, J. & ABERCROMBIE, H.R., The rise and fall of Krugerism. Londen, Heinemann, 1900.

- SEIDEL, A., Transvaal, die Sudafrikanische Republik, historisch, geographisch, politisch, wirtschaftlich. Berlyn, Allgemeine Verein für Deutsche Literatur, 1900. (3de druk.)
- SMIT, F.P., Die staatsopvattinge van Paul Kruger. Pretoria, Van Schaik, 1951.
- SMITH, J.A., Brit en Boer (Van Slagtersnek tot Jopie Fourie). Uit die geskiedenis van die laaste honderd jaar, 1814-1915. Kaapstad, Dusseau, 1917.
- SPIES, F.J. du T. (red.), Briewe van G.A.A. Middelberg uit Transvaal, 1896-99 (Hertzog-annale, Julie 1953).
 — Reisbriewe van dr. H.P.N. Muller, 1898 (Hertzog-annale, Desember 1955).
- SPOELSTRA, B., Die „Doppers“ in Suid-Afrika, 1760-1899. Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1963.
- STANLEY, H.M., Through South Africa. Londen, Sampson Low & Marston, 1898.
- STATHAM, F.R., Blacks, Boers and British. A three-cornered problem. Londen, MacMillan, 1881.
 — My life's record. A fight for justice. Londen, Gilby, 1901.
 — Paul Kruger and his times. Londen, Fisher Unwin, 1898.
 — South Africa as it is. Londen, Fisher Unwin, 1897.
- STEAD, W.T., The candidates of Cain. A catechism for the constituencies. Londen, Stop-the-war committee, (1900).
- STOCKENSTRÖM, E., Vername persone uit die geskiedenis van Holland Suid-Afrika, dl. I. Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1923.
- STRUBEN, H.W., Recollections of adventures, pioneering and development in South Africa (1850-1911). Kaapstad, Maskew Miller, 1920.
- SWART, M.J., Geloftedag. Kaapstad, H.A.U.M., (1961).
- TANGYE, H.L., In new South Africa. Travels in Transvaal and Rhodesia. Londen, Simpkin, Marshall, Hamilton & Kent, 1896.
- TAYLOR, J.B., A pioneer looks back. Londen, Hutchinson, 1939.
- TERRAIL, G. (pseud.:Mermeix), Le Transvaal et la Chartered. La révolution de Johannesburg et les mines d'or. Parys, Ollendorff, 1897, 3de uitgawe).

- THEAL, G. McC., History of South Africa from 1795 to 1872.
5 dele, Londen, Allen & Unwin, 1889-1908.
- History of South Africa from 1873 to 1884.
Twelve eventful years. 2dele, Londen, Allen
& Unwin, 1919.
- Progress of South Africa in the century, Lon=
den, Linshot, 1900.
- THEISSEN, J.S., De prins van Oranje in de Nederlandsche ge=
schiedschrijving (Prins Willem van Oranje
(1533-1933) gedenkboek. Haarlem, Tjeenk Wil=
link, 1933).
- THOMAS, G.H., Origin of the Anglo-Boer War revealed. Londen,
Hodder & Stoughton, 1900.
- TROMP, T.M., Herinneringen uit Zuid-Afrika ten tijde der
annexatie van de Transvaal. Leiden, Brill,
1879.
- UNGER (pseud.), With "Bobs" and Kruger. Experiences of an
American war correspondent in the field with
both armies. Philadelphia, Coates, 1901.
- UYS, C.J., In the era of Shepstone; being a study of
British expansion in South Africa; 1842- 1877.
Lovedale, Lovedale Press, 1933.
- Paul Kruger. Van die wieg tot die graf. Kaap=
stad, Balkema, 1955.
- VALLENTIN, W., Die Geschichte der Südafrikanischen Republik.
Transvaal, Berlyn, Paetel, 1902.
- VALTER, M.P.C., Duitschland en de Hollandsche republieken in
Zuid-Afrika. Amsterdam, Buitenlandsche Post,
(1918).
- VAN ANREP-ELMT, N., Geschichte und Selbsterlebtes aus Südafrika.
München, Fischbacher, 1903.
- VAN CITTERS, W., Zuid-Afrika voor en na dr. Jameson's inval
in de Transvaal. s'Gravenhage, Van Stockum,
1897.
- VAN DER LOO, C.J., Om leven en vrijheid! Geschiedenis der oud-
Hollandsche republieken in Zuid-Afrika.
Arnhem, Cohen, (1901).
- VAN DER MERWE, N.J., Marthinus Theunis Steyn. 'n Lewensbeskrywing.
2 dele, Kaapstad, Nasionale pers, 1921.
- VAN DER POEL, Jean, The Jameson Raid. Londen, Oxford University
Press, 1951.
- Railway and customs policies in South Africa,
1885-1910. Londen, Longmans & Green, 1933.

- VAN DER WALT, A.J.H. e.a., Geskiedenis van Suid-Afrika. 2de uitgawe, verwerk en bygewerk deur D.W. Krüger, Kaapstad, Nasou, 1965.
- VAN DER WALT, H.R., Die Suid-Afrikaanse Republiek in die Britse buitelandse en koloniale beleid (1881-1899) (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, Kaapstad, 1963, dl. I).
- VAN HEERDEN, J.J., Die kommandant-generaal in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, Kaapstad, 1964, dl. II).
- VAN HESTEREN, J.N., Het land van Kruger en Steyn. Utrecht, Van der Stal, 1901.
- VAN HOEK, K., Gesprekke met dr. W.J. Leyds. Pretoria, Van Schaik, 1939.
- VAN JAARSVELD, F.A., Die Afrikaner en sy geskiedenis. Kaapstad, 1959.
- Die beeld van die Groot-Trek in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing, 1843-1899. Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika C42, Pretoria, 1963.
- Die eenheidstrewe van die republikeinse Afrikaners dt. I. Pioniershartstogte (1836-1864). Johannesburg, Impala Opvoedkundige Diens, 1951.
- Lewende verlede. Johannesburg, A.P.B., 1962.
- Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1957.
- Ou en nuwe weë in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing. Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika A16, Pretoria, 1961.
- Die tydgenootlike beoordeling van die Groot Trek, 1836-1842. Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika C36, Pretoria, 1962.
- e.a., Die hervertolking van ons geskiedenis. Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika B19, Pretoria, 1963.
- VAN OORDT, J.F., Paul Kruger en de opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek. Kaapstad, Dusseau, 1898.
- (pseud.: D'Arbez), Van Schaapwachter tot president. Het leven van Paul Kruger. Kaapstad, Dusseau, 1904.
- VAN OORDT, J.W.G., De Transvaalsche gebeurtenissen en de toekomst van Zuid-Afrika. s^t Gravenhage, Stenberg, 1881.
- VAN WARMELO, D.S., Mijn commando en guerilla-commando leven. Amsterdam, Versluys, 1901.

- VAN WINTER, P.J., Onder Kruger's Hollanders. Geschiedenis van de Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-maatschappij. 2-dele, Amsterdam, De Bussy, 1937-1938.
- VERSCHOYLE, F. (pseud.: Vindex), Cecil Rhodes. His political life and speeches, 1881-1900. Londen, Bell, 1900.
- VETH, P.J., Onze Transvaalsche broeders. Amsterdam, Van Kampen, 1881.
- VILJOEN, B., Mijn herinneringen uit den Anglo-Boeren oorlog. Amsterdam, Versluys, 1902.
- VISSCHER, J., De ondergang van een wereld. Historisch-economische studie over de oorzaken van den Anglo-Boer oorlog (1899-1902). Rotterdam, Wakker, (1902).
- VOIGT, B., Die Buren. Südafrikanisches Grenzerbuch. Berlin, Parey, 1930.
- Fürs grössere Vaterland. Der Lebensraum Cecil Rhodes. Hamburg, Deutsches Leben & Sieben Stäbe, (1933).
- VON LENK, H., Die Geschichte Transvaals. Leipzig, Reclam, (1903).
- VON MIKUSCH, D., Cecil Rhodes. Der Traum einer Weltherrschaft. Berlin, Schlegel, 1936.
- VULLIAMY, C.E., Outlanders. A study of imperial expansion in South Africa, 1877-1902. Londen, Cape, 1938.
- WALKER, E.A. (red.), The Cambridge history of the British empire, dl. VIII, South Africa, Rhodesia and the High Commission territories. Cambridge, University Press, 1936.
- WALKER, E.A., A history of Southern Africa. Londen, Longmans & Green, 1965, (3de hersiene uitgawe).
- Lord de Villiers and his times. South Africa 1842-1914. Londen, Constable, 1925.
- W.P. Schreiner. A South African. Oxford, University Press, 1937.
- WASZKLEWICS-VAN SCHILFGAARDE, mev. B., Paul Kruger's tocht. Getrouwe beschrijving van Oom Paul's bezoek aan Frankrijk, de Rijn provincie en Nederland. s'Gravenhage, Abrahams, (1900).
- WEILBACH, J.D. & DU PLESSIS, C.N.J., Geschiedenis van die Emigranten-Boeren en van den Vrijheidsoorlog, Kaapstad, Solomon, 1882.
- WEINTHAL, L. (red.), Sir Joseph B. Robinson. Londen, Simpkin & Marshall, 1929.

- WENZELBURGER, K.T. (red.), Die Geschichte der Buren. Neurenberg, Backwitz, 1902.
- WICHMANN, F.A.F., Die Therons van Groenkloof. Pretoria, Unie-Boekhandel, 1946.
- Die wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1838-1860 (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, Kaapstad, 1941, dl. I).
- WIID, J.A., Die Rolle der Burenrepubliken in der auswärtigen und kolonialen Politik des Deutschen Reiches in den Jahren 1883-1900. Neurenberg, Ubler, 1927.
- WILDE, R.H., Joseph Chamberlain and the South African republics, 1895-1899. A study in the formulation of imperial policy (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, Kaapstad, 1956, dl. I).
- WILLIAMS, B., Cecil Rhodes. Londen, Constable, 1921.
- WILMOT, A., The history of our own times in South Africa. 3 dele, Londen, Juta, 1897-99.
- The history of South Africa. Londen; Kegan Paul, 1901 (hersiene uitgawe).
- WILSON, D.M., Behind the scenes in the Transvaal. Londen, Cassell, 1901.
- WIRTH, A., Geschichte Südafrikas. Bonn, Georgi, 1897.
- WITHERS, H., The English and Dutch in South Africa. Londen, Wilson, 1896.
- WORSFOLD, W.B., Lord Milner's work in South Africa from its commencement in 1897 to the peace of Vereeniging in 1902. Londen, Murray, 1906.
- WRENCH, J.E., Alfred lord Milner. The man of no illusions. Londen, Eyre & Spottiswoode, 1958.
- YOUNG, F.B., The city of gold. Londen, Heinemann, (1939).
- YOUNGHUSBAND, F., South Africa of to-day. Londen, MacMillan, 1899.

B. Pamflette, brosjures en artikels

- ADENDORFF, O., Hy moes Oom Paul se glas volhou, maar die president het net water gedrink en geen druppel wyn nie (Die Huisgenoot, 12 Oktober 1951).
- ANON., Charactersketch: Paul Kruger, president of the South African Republic (Review of reviews, 1896, bl. 204-218).

- Hulde aan Paul Kruger. Kaapstad, Ons Land, 1905.
- Op hierdie plaas is geskiedenis gemaak: Waterkloof, die plaas wat die jeugdige Paul Kruger vir hom uitgesoek het (Landbouweekblad, 26 Maart 1952).
- Paul Kruger in ballingschap: Met Paul Kruger in Europa. Zijne laatste dagen. Pretoria, Land en Volk, s.j.
- Paul Kruger. Levenschets (De Huisgenoot, Mei 1916).
- ANTONISSEN, R., Historiese en ander didaktiek (Standpunte, Februarie 1965).
- B., T. Heroïese figuur van Paul Kruger (Die Brandwag, 10 Oktober 1941).
- BAARSLAG, J., Aan Paul Kruger. Amsterdam, 1900.
- BEHRENS, H.P.H., Paul Kruger-wildbeskerm. Aspek wat selfs sy biograwe vergeet (Die Huisgenoot, 12 Oktober 1951).
- BEYERS, C., Hoe het president Kruger sy laaste jaar in Transvaal deurgebring? (Die Huisgenoot, 15 Oktober 1954).
- Nuwe lig op Paul Kruger se lewensaad (Die Brandwag, 3 Oktober 1937).
- President Kruger as balling (Die Huisgenoot, 17 & 24 Desember 1954).
- President Kruger se laaste boodskap (Die Huisgenoot, 22 Januarie 1943).
- BOONZAAIER, W.A., Wat het van president Kruger se nakomelinge geword? (Die Huisgenoot, 15 Oktober 1954).
- BREDELL, H.C., Laaste lewensjare van Paul Kruger (Die Burger, 10 Oktober 1925).
- COETZEE, J.A., Oom Paul en die demokrasie. Johannesburg, Voor-trekkerpers, 1942.
- President Kruger se laaste boodskap (Die Huisgenoot, 11 Desember 1942).
- COETZEE, P.C., 'n Paar boeke oor president Kruger (Historiese studies, Oktober-Desember 1943).
- DE KOCK, W.J., Dag na dag by Paul Kruger. Herinneringe van kol. H.C. Bredell (Die Huisgenoot, 15 & 22 Desember 1944).
- Krugerdag: kanonne het gepraat op president se verjaardag (Die Brandwag, 12 Oktober 1956).
- Die Krügerhuis, Pretoria. 'n Aandenkingsbrosjüre. Pretoria, Raad van kuratore Transvaalse museum, 1949.

- DE LA VOIE, J., Adventures de deux petits Boers, contées par l'Oncle Paul. Parys, Livre moderne, s.j.
- DE RU, Annemarie, Het beeld van de Zuid-Afrikaansche geschiedenis in Nederland van 1899-1956 (Hertzog-annale, Desember 1960).
- DE WET, H.C., Kruger's last home (South African panorama, Desember 1957).
- DU PLESSIS, J.S., Die ere-orde van president Kruger (Dagbreek, Oktober 1960).
- S.J.P. Kruger en die Gereformeerde Kerk (Almanak van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1959).
- DU PLESSIS, M., President Kruger se verjaardae in Nederland (Die Huisgenoot, 10 Oktober 1955).
- (EALES, C.H.,) Interessante kykie in die lewe van Oom Paul. Een van sy lyfwagte vertel (Die Burger, 29 September 1945).
- ENGELBRECHT, S.P., Paul Kruger vertel hy was eenkeer byna deur sy eie manne doodgeskiet (Die Huisgenoot, 16 Oktober 1953).
- (red.), Onbekende herinneringe van dr. E.J.P. Jorissen aan die Eerste Vryheidsoorlog. Pretoria, Volkstem, s.j.
- Was Kruger 'n amptenaar van Shepstone? (Nuwe Brandwag, September 1932).
- FISHER, S.G., The American Revolution and the Boer War. Philadelphia, Sunday Times, 1902.
- GALBRAITH, J.S., The pamphlet campaign on the Boer War (Journal of modern history, Junie 1952).
- GARRETT, F.E., Paul Kruger. Some scenes and traits (Fortnightly review, Junie 1900).
- GROBBELAAR, J.J.G., Paul Kruger en die Vrystaat (Die Huisgenoot, 25 Augustus 1944).
- HEYER, A., Facts of the attempted assassination of president Kruger in February 1898. Kaapstad, Taylor, 1900.
- HOLTZ, L., Paul Kruger en die Jode (Joodse gedagte, Desember 1962).
- HUBERTINO (pseud.), Aan Kruger en zijn helden: Dithyrambische huldezang. Antwerpen, 1902.
- JONKMAN, H.F., De Transvaalsche deputatie. Amsterdam, De Amsterdammer, 1884.

- JORDAAN, J., Waar 'n president gebore is (Ruiter, 10 Oktober 1947).
- (KOOYKER, L.,) Hoe 'n meestertjie die president "geskiet" het (Die Huisgenoot, 10 Oktober 1958).
- KRIEL, L., Waar is al Kruger se besittings? (Die Brandwag, 8 November 1946).
- KRITZINGER, J.H., Die erfdeel van ons vaders. Die stryd van Kruger om dit te behou, sp., s.j. (Toespraak gelewer in die stadsaal Pretoria...)
- KRÜGER, D.W., Bronne vir die studie van die Transvaalse geschiedenis (Die Huisgenoot, 26 Junie 1936).
- Gustav Preller as geskiedskrywer (Koers, Junie 1944).
- Paul Krüger en Cecil Rhodes (Koers, Oktober 1957).
- President Kruger en die Jode (Die Huisgenoot, 28 November 1955).
- Die relatiwiteit van die geskiedbeskouing (Koers, April 1946).
- KRYNAUW, D.W., Oom Paul se verjaardag (Ruiter, 10 Oktober 1947).
- LEYDS, W.J., Herinneringen aan Paul Kruger (Dietsche stemmen, Mei-Junie 1918).
- Paul Kruger, s.p., s.j. (Herdenkingsrede op 10 Oktober 1925 te Utrecht uitgesproken.)
- Paul Kruger (Neerlandia, Okt. 1925).
- Perzoonlijke herinneringen. Dordrecht, Geuze, 1925. (Toespraak in de Aula, universiteit van Leiden, 13 Oktober 1925.)
- President Kruger. Dordrecht, Geuze, 1923. (Toespraak gehouden op 10 Oktober 1923 te Utrecht.)
- LOS, S.O., Kruger te Mentone (Neerlandia, Oktober 1925).
- MARÉ, J., Schoemansdal. Het verlaten van die plaats in 1865 (Die Brandwag, 15 Julie 1912).
- MARSHALL, D., Villa Dubochet no. 17 (Die Huisgenoot, 14 Oktober 1966).
- MAYER, A., Exile of the villa Dubochet (Pretoriana, September 1954).
- MOLL, A.M., President Kruger. 'n Karakterskets. Pretoria Noordelike Drukpers, (1926).
- OOSTHUIZEN, A.J.G., Paul Kruger as Godsman. Pretoria, Arnoldus, 1942. (Preek gelewer op 11 Oktober 1942 stad=saal Pretoria.)

- P., Paul Kruger se tyd (Die Brandwag, 25 Februarie 1921).
- PAUL, H.W., The conservatism of president Kruger (Contemporary Review, Julie 1899).
- PELZER, A.N., Paul Kruger: boodskap van sy lewe (Inspan, Oktober 1949).
- Probleme i.v.m. navorsing oor die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (Tydskrif vir wetenskap en kuns, April 1956).
- POSTMA, P., In memoriam wijlen president S.J.P. Kruger (Almanak van de Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, 1906).
- PRELLER, G.S., President Kruger (Die Huisgenoot, 9 Oktober 1925).
- PRETORIUS, H.S., Afkoms van Paul Kruger (Historiese studies, Oktober-Desember 1943).
- PUNT, W., Waar president Kruger in 1895 en 1900 in Lourenco Marques tuis was (Pretoriana, 24 April 1954).
- PIJNACKER HORDIJK, A., Voor Wilhelmina en voor Kruger. Naaldwijk, Begen, 1900.
- RABIE, J.S., President Kruger en die waarsegster Julia (Die Brandwag, 15 Oktober 1954).
- Tsaar sou Transvaal kom red (Die Huisgenoot, 17 Oktober 1955).
- REITZ, F.W., Nog 'n paar anekdotes oor Paul Kruger (Die Huisgenoot, Julie 1922).
- REX, H.M., Kruger-huis op Boekenhout no. 336, distrik Rustenburg (Historia, Junie 1956).
- ROODT, A.G., President Kruger se koets. Herinneringe van die man wat dit moes herstel (Die Huisgenoot, 6 Oktober 1939).
- ROSENTHAL, E., President Kruger's link with Hawaii (Outspan, 27 Maart 1942).
- When Paul Kruger went electioneering (Trek, 18 Oktober 1946).
- ROTHMAN, M.E., 'n Kaaplander in die dae van die Republiek (Die Huisgenoot, 9 Oktober 1925).
- SANDBERG, C.G.S., Een herinnering aan president Kruger (Haagsch maandblad, Junie 1932).

- SCHOLTZ, G.D., Die lewensaand van president Kruger. Johannesburg, F.A.K., 1954.
- Die ontwikkeling en huidige stand van die Afrikaanse historiografie (Tydskrif vir wetenskap en kuns, November 1946).
- Suid-Afrikaanse kroniek (Bijdragen voor de geschiedenis der Nederlanden, 1953).
- SMITH, Anna H., Kruger besoek Johannesburg (News bulletin Johannesburg employee's association, Junie 1955).
- SPIES, F.J. du T., Kruger of Krüger, hoe moet die president se naam geskryf word? (Historia, Oktober 1955).
- Die uitwerking van enkele Europese geestesstrominge op ons geskiedskrywing (Historia, Desember 1960).
- STATHAM, F.R., Paul Kruger: an apology and a defence (Fortnightly review, 1898, bl. 468-478).
- Paul Kruger and his contemporaries (English illustrated magazine, 22 November 1899).
- STEYN, Rachel I., Boere-presidente se laaste ontmoeting. Uit die skat van my herinnering (Ruiter, 1 Augustus 1947).
- STRYDOM, J.S., Boekenhoutfontein: die woonplaas van president Paul Kruger (Landbouweekblad, 16 September 1953).
- SWART, M.J., Al ons presidente het so gemaak (Die Huisgenoot, 2 Junie 1961).
- Presidentstryd in Transvaal (Die Huisgenoot, 25 Maart 1962).
- Sy gees trek voort (Die Taalgenoot, Desember 1964).
- SWARTZ, J., President se droom (Die Brandwag, 8 Oktober 1948).
- SYRVAL, J., Le president Kruger en Europe (La vie illustreé, 16 November 1900).
- TÖNSING, E.H.(red.), Briewe uit die tyd van president Paul Kruger se ballingskap (Historiese studies, Januarie 1948).
- UYS, C.J., Die huidige stand van die geskiedskrywing in Suid-Afrika (Historia, September 1957).
- Once again the Kruger controversy (Outspan, 30 Maart 1930).
- Republiek se hoogtepunt. Merkwaardige rede van Kruger na sy laaste verkiesing (Die Huisgenoot, 28 November 1947).
- VAN DER MERWE, H.A., Oom Paul se spore in die Goudstad (Die Brandwag, 18 Oktober 1946).

- VAN DER WALT, A.J.H., Burgers en Kruger (Die Huisgenoot, 5 Oktober 1934).
- VAN DER WALT, J.G.H., President Kruger as hoorder (Almanak van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1957).
- VAN HAMEL, A.G., Paul Kruger (De Gids, 1904, bl. 358-66).
- VAN JAARSVELD, F.A., Africana-lektuur van die Tweede Wêreldoorlog (Tydskrif vir wetenskap en kunst, April 1951).
- Kruger se eerste pennestryd (Die Huisgenoot, 10 Oktober 1947).
- Last president of the Transvaal Republic (Jewish affairs, 4-6 Julie 1961).
- Paul Kruger teen Suid-Afrika (Die Huisgenoot, 25 Mei 1951).
- Suid-Afrikaanse kroniek (Bijdragen voor de geschiedenis der Nederlanden, 1956).
- Die Transvaalse presidentsverkiesing van 1871-72 (Tydskrif vir wetenskap en kunst, April 1957).
- Transvaal en die Tweede Basoeto-oorlog (Historia, Junie 1956).
- VAN SCHOOR, M.C.E., Die biografie in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing (Historia, Maart 1959).
- Paul Kruger se laaste skof (Die Taalgenoot, Julie 1956).
- VAN WINTER, P.J., Paul Kruger - Willem van Oranje (Die Huisgenoot, 10 Oktober 1947).
- VAN WYK, E., Kinderhulde aan president Kruger (Die Huisgenoot, 29 Desember 1944).
- VENTER, D.G., Waar is president Kruger gebore? (Die Huisgenoot, 23 Desember 1932).
- VERCUIEL, S., Dogter onthou (Naweekpos, Oktober 1960).
- President en koningin (Naweekpos, Augustus 1961).
- WALKER, E.A., Lord Milner and South Africa. Londen, Milford, 1942.
- WEINTHAL, L., Kruger Africanus: the president at home (Review of reviews, 24 April 1900).
- WILMOT, A., South African men of mark. 3de reeks, Londen South Africa, s.j.
- WINGATE, C.F., „Doom Paul" Kruger. The lion-hearted patriot. New York, Macam, s.j.
- WOUTERS, D., Kruger klaagt aan, s.p., s.j.

C. Boekbesprekings

Die Brandwag, 27 Februarie 1937, 1 Maart 1946.

Die Burger, 25 Oktober 1930.

Historia, Mei 1965.

Die Huisgenoot, 22 Augustus 1930, 2 Februarie 1945, 19 April 1946,
7 September 1951, 29 September 1961, 15 Desember
1961, 27 November 1964.

Die Kerkblad, 15 September 1961.

Die Kerkbode, 30 Januarie 1935, 22 April 1936.

Koers, Oktober 1935, Oktober 1939, Desember 1944, Januarie-Febru-
arie 1965.

Ons eie boek, Julie-September 1935, Desember 1939, Desember 1944,
Maart 1946, 1950.

Sarie Marais, 11 Oktober 1961, 27 Mei 1964, 23 Desember 1964,
6 November 1968.

Die Staatsamptenaar, Februarie 1956.

Die Taalgenoot, Desember 1945.

Die Transvaler, 4 November 1968.

Tydskrif vir geesteswetenskappe, Desember 1961, September 1964,
Junie 1966.

Die Vaderland, 18 Maart 1939.

Die Volksblad, 13 Maart 1930.

Die Volkstem, 22 Maart 1930.

D. Ongepubliseerde verhandelinge

BADENHORST, W.J., Die geskiedenis van die Nederduits-Gerefor-
meerde Kerk in die Transvaal, 1942-1885.
D.Litt-proefskrif, 1951, P.U.

COETSEE, A.G., Die beleid van president Kruger (1897-1899)
met betrekking tot die onafhanklikheid van
Transvaal. M.A.-verh., Unisa (P.U.K. vir
C.H.O.), 1940.

DE JAGER, N.J., Die werksaamhede van die koninklike kommissie
van 1881 in Transvaal. M.A.-verh., P.U. vir
C.H.O., 1959.

- DE KOCK, Naomi M., Die geskiedskrywing van die Eerste Vryheids-oorlog (1880-1881) in Transvaal. M.A.-verh., U.P., 1962.
- DIRKS, J.C., Die juridiese stryd tussen hoofregter Kotze en die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1897-1898. M.A.-verh., Unisa (P.U.K.), 1933.
- DU PLESSIS, J.S., Dr. Gustav Preller as historikus van die Groot Trek. M.A.-verh., Unisa (P.U.K. vir C.H.O.), 1946.
- HEYNEKE, C.R., Boere-reaksie teen die anneksasie van die Transvaal, 1877-1880. M.A.-verh., U.W., 1961.
- HEYNS, M., Die Eerste Vryheidsoorlog. D.Litt-proefskrif, U.P., 1941.
- JORDAAN, D.G., Spoorwegpolitiek in die Suid-Afrikaanse Republiek. M.A.-verh., Unisa, 1936.
- KRÜGER, J.H., Die nouere verhouding tussen die republieke in die tyd van president Steyn. M.A.-verh., Unisa (U.K.O.V.S.), 1947.
- MacGILL, D.C., A history of the Transvaal 1853-1864, with a new interpretation of the Transvaal-Zulu War of 1879. Ph.D.-proefskrif, U.K., 1943.
- MONSTER, R., Die Industriële Kommissie van Onderzoek in 1897 en sy politieke betekenis. M.A.-verh., P.U. vir C.H.O., 1966.
- NAUDÉ, J.D., Paul Kruger en die eerste anneksasie van die Transvaal, 1877-1881. M.A.-verh., Unisa (P.U.K. vir C.H.O.), 1937.
- OBERHOLSTER, J.J., Die neerslag van die romantiek op ons geskiedskrywing - Gustav S. Preller. (Intreerede gehou op 6 Mei 1965, U.O.V.S. Bloemfontein.)
- PRELLER, G.S. & WETHERELL, M.A., Synopsis for a film, Kruger the Man. (In Openbare biblioteek, Johannesburg.)
- SMIT, P.C., Die benoeming van Francis William Reitz as staatssekretaris van die Suid-Afrikaanse Republiek. M.A.-verh., U.P., 1953.
- STEYN, J.J.P., Die historiese biografie in Afrikaans tot 1957. 'n Oorsig. M.A.-verh., P.U. vir C.H.O., 1960.
- TÖNSING, E.H., Die eerste fase van die stryd tussen Kruger en Milner. M.A.-verh., U.P., 1947.
- VAN DER MERWE, D.C.S., Oom Paul. 'n Waaragtige drama of kinderagtige speelstuk? Amsterdam, 1938. (In Openbare biblioteek, Johannesburg.)

- VAN DER MERWE, J., Die algemene verhouding tussen die Oranje-Vry=
staat en die Suid-Afrikaanse Republiek in die
tyd van president J.H. Brand, 1864-1888.
M.A.-verh., Unisa, 1934.
- VAN DER SCHYFF, W.G., Die Gereformeerde beginsel in die onderwys in
Transvaal, met besondere verwysing na president
Kruger se aandeel en invloed. M.Ed.-verh.,
P.U. vir C.H.O., 1953.
- VAN DER VYVER, G.C.P., Die Gereformeerde Kerk, Pretoria, 1859-1904.
Th.M.-verh., P.U. vir C.H.O., 1952.
- VAN DER WALT, N., Die dinamietmonopolie: sy ontstaan en ontwikke=
ling vanaf 1881 tot 1892. M.A.-verh., U.P.,
1944.
- VAN DYK, J.H., Die burgeroorlog in die Suid-Afrikaanse Repu=
bliek, 1860-1864. M.A.-verh., Unisa (P.U.K.),
1932.
- VENTER, N., Die Suid-Afrikaanse Republiek en Khosibaaï,
1887-1895. M.A.-verh., Unisa (P.U.K. vir
C.H.O.), 1936.